

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Een eksemplaar van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n **elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is. Vanaf **1 September 2026** geld die volgende voorskrif: Alle artikels sal NÁ KEURING EN HERSIENING na 'n professionele taalversorger, wat deur die redakteur geïdentifiseer word, gestuur word. Die faktuur van die taalversorger sal aan die skrywer(s) gestuur word. TGW hef geen bladgeld nie, maar onversorgde artikels sal nie geplaas word nie.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.
 - 1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.
 - 1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genoem word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...
OF: ... (Swan, 1996:45) ...
OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC's) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive one complimentary copy of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**. From **1 September 2026** the following guideline applies:
All articles will be sent AFTER REVIEW AND REVISION to a professional language editor, identified by the editor-in-chief. The invoice from the language editor will be sent to the author(s). TGW does not charge a page fee, but unedited articles will not be published.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.
 - 1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.
 - 1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- McFarlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...
OR: ... (Swan, 1996:45) ...
OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

No Page Fees or APC's (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities*.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Rikie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Rikie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



1

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Maart/March 2026

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

HJ (Nerina) Bosman – Afrikaanse taalkunde/Afrikaans Linguistics (Universiteit van Pretoria, Pretoria)/(University of Pretoria, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cilliers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/
Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit
Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University,
Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije
Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University,
Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/
(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap
en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly
in March, June, September and December.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: tgw@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Jaargang 66 Nommer 1, Maart 2026 / Volume 66 Number 1, March 2026

Inhoudsopgawe

UIT DIE REDAKTEURSKANTOOR

Oproep tot bydraes	1
--------------------------	---

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

WALDO KRUGELL, DIETER VON FINTEL, CHRISTINE TALJAARD-KRUGELL EN INARIE JACOBS

Ontleding van inkomstemobiliteit, oorgewig, en vetsug in Suid-Afrika / <i>Analysis of income mobility, overweight, and obesity in South Africa</i>	3
--	---

ANDRÉ DUVENHAGE

Die post-2024-verkiesingsomgewing – 'n politieke omgewingsverkenning en strategiese perspektief / <i>The post-2024 election environment – a political environmental and strategic perspective</i>	20
---	----

ANNERIE KRUGER, DORITA DU TOIT, CHANELLE KEMP EN NICO VAN DER MERWE

Beste praktyke vir Liggaamlike Opvoedingonderwysersopleiding in afstandsonderrigmodus: 'n Sistematiese literatuuroorsig / <i>Best practices for Physical Education Teacher Education (PETE) in distance education mode: A systematic literature review</i>	51
--	----

MARNÉ PIENAAR

Kaaps en Nathan Trantraal se vertaalhabitus in <i>Lang pad onnetoe</i> / <i>Kaaps and Nathan Trantraal's translation habitus in Lang pad onnetoe</i>	77
--	----

CASPER LÖTTER

Die Zondo-kommissie van Onderzoek na Staatskaping: Wat is die redes vir die nie-implementering van sy vervolgingsaanbevelings? / <i>The Zondo Commission of Inquiry into State Capture: What can explain the absence of prosecutions based on its recommendations?</i>	95
--	----

DEON LIEBENBERG

Van marmer tot kleurglas: die simboliese funksie van die medium in Leo Theron se gewyde glaskuns / <i>From marble to stained glass: the symbolic function of the medium in Leo Theron's sacred art in glass</i>	112
---	-----

MARISA KEURIS

Uys Krige se <i>Magdalena Retief</i> (1938): Volksmoeder en vrou / <i>Uys Krige's Magdalena Retief (1938): Mother of the Nation and woman</i>	137
---	-----

KOOS MALAN

Afrikaans het wesenlik as amptelike taal verval / <i>Afrikaans has essentially lapsed as an official language</i>	158
---	-----

INLIGTINGSTUK

STEPHANUS MULLER

Musiek en die verbeelding van kultuur: Afrikaanse en Suid-Afrikaanse perspektiewe / *Music and the imaging of culture: Afrikaans and South African perspectives* 179

TAAL EN TONGVAL

ERNST KOTZÉ

Die beiteltyes van Afrikaans 1 190

VARIA

EPP FRANCKEN

Antjie en de anderen 199

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 205

Uit die redakteurskantoor

'n Nuwe jaar en 'n nuwe jaargang van die tydskrif het aangebreek. Soos wat gewoonlik die geval is in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* dek hierdie eerste uitgawe van die jaar 'n spektrum van vakgebiede.

'n Nuwe rubriek met die titel "Taal en Tongval" sien ook die lig met as eerste bydraer prof. Ernst Kotzé.

Ook Eep Francken lewer weer 'n bydrae in *Varia*.

Ure se leesgenot word u toegewens.

Voornemende outeurs moet asseblief die webwerf van die tydskrif (tgwsak.co.za) gereeld besoek. Daar is reeds een wysiging aan die tydskrif se "Voorskrifte aan skrywers" en meer wysigings gaan volg.

Oproep tot bydraes

Die redaksie van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* nooi belangstellendes uit om by te dra tot 'n spesiale uitgawe wat fokus op die transformerende rol van kunsmatige intelligensie (KI) op menswees, met 'n sterk klem op navorsing wat wesenlike en onverrekenbare gapings in die veld ter bespreking stel.

KI ontwikkel teen 'n merkwaardige tempo en herskep hoe mense leer, werk, kennis produseer en innoveer; tog bly die akademiese landskap wetenskaplik oningelig oor hoe KI ons menswees kan en gaan verander. Daar is 'n behoefte aan empiriese, konseptuele en toegepaste navorsing wat ons begrip in hierdie verband verbreed en waarop ons in hierdie spesiale uitgawe wil fokus. Die fokus is dus nie op artikels wat uitbrei op etiese kwessies of akademiese integriteit/plagiaat nie. Die bestaande literatuur dek hierdie temas reeds voldoende.

Skryf gerus aan die gasredakteurs: prof. Anné Verhoef (anne.verhoef@nwu.ac.za) en prof. Tobie van Dyk (tobie.vandyk@nwu.ac.za) sou u 'n artikel wou voorlê.

NERINA BOSMAN

Ontleding van inkomstemobiliteit, oorgewig, en vetsug in Suid-Afrika

Analysis of income mobility, overweight, and obesity in South Africa

WALDO KRUGELL

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)
Suid-Afrika
E-pos: Waldo.Krugell@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-7815-6529>



Waldo Krugell



Dieter von Fintel

DIETER VON FINTEL

Departement Ekonomie
Universiteit van Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: dieter2@sun.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-6771-1315>



Christine
Taljaard-Krugell



Inarie Jacobs

CHRISTINE TALJAARD-KRUGELL

Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding
Noordwes-Universiteit,
Suid-Afrika
E-pos: christine.taljaard@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-9109-269X>

INARIE JACOBS

Internasionale Agentskap vir Navorsing oor Kanker
Frankryk
E-pos: inarie.jacobs@gmail.com
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-5989-5414>

PROF. WALDO KRUGELL is 'n professor in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus. Hy het al kursusse in Makro-ekonomie, Mikro-ekonomie, Fiskale en Monetêre Beleid, Ontwikkelingsekonomie, Ekonomiese Analise en Navorsingsmetodes aangebied. Sy navorsingsbelangstellings is in makro- en mikrowessies en

PROF. WALDO KRUGELL is a Professor in the School of Economic Sciences at the North-West University's Potchefstroom campus. He has taught courses in Macroeconomics, Microeconomics, Fiscal and Monetary Policy, Development Economics, Economic Analysis and Research Methods. His research interests are in macro and micro issues and what they mean for households

Datums:

Ontvang: 2025-03-03

Goedgekeur: 2025-10-23

Gepubliseer: Maart 2026

wat dit vir huishoudings en besighede beteken. Hy is die skrywer en mede-outeur van referate, joernaalartikels, navorsingsverslae, hoofstukke in boeke sowel as hoofstukke in 'n handboek. Hy deel sy beste idees op 'n podsending genaamd <i>Die Ekonomie Minuut</i>.	and businesses. He has authored and co-authored working papers, journal articles, research reports, chapters in books as well as chapters in a textbook. He shares his best ideas on a podcast called <i>The Economics Minute</i>.
PROF. DIETER VON FINTEL is die visedekaan vir Navorsing, Internasionalisering en Nagraadse Sake in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is 'n ontwikkelingsekonoom en ekonomiese historikus, verbonde aan die Research on Socio-economic Policy (ReSEP) en die Laboratory for the Economics of Africa's Past (LEAP). Sy navorsing ondersoek die langtermyn-impakte van historiese en hedendaagse beleid op arbeid, landbou, voedselsekerheid en gesondheid in Sub-Sahara-Afrika, deur middel van toegepaste mikro-ekonometrie en diverse databronne.	PROF. DIETER VON FINTEL is the Vice Dean for Research, Internationalisation, and Post-graduate Affairs in the Faculty of Economic and Management Sciences at Stellenbosch University. He is a development economist and economic historian, affiliated with the Research on Socio-economic Policy (ReSEP) and the Laboratory for the Economics of Africa's Past (LEAP). His research examines the long-term impacts of historical and contemporary policies on labour, agriculture, food security and health in Sub-Saharan Africa, using applied micro-econometrics and diverse data sources
PROF. CHRISTINE TALJAARD-KRUGELL is 'n senior lektor verbonde aan die Noordwes-Universiteit in Suid-Afrika, met voeding en openbare gesondheid as hoofokus. Met 'n PhD in Voeding strek haar navorsing oor temas soos mikronutriënt-verryking, borskankerrisiko en bewysgebaseerde openbare gesondheidsvoeding. Sy het meer as 'n dekade se ervaring in onderrig, navorsing en nagraadse studieleiding. Dr. Taljaard-Krugell het as president van die Assosiasie vir Dieetkunde in Suid-Afrika gedien (2018–2021) en was die voorsitter van die plaaslike reëlingskomitee vir die Internasionale Kongres van Dieetkunde in 2020. Sy is ook die algemene bestuurder van die African Nutrition Leadership Programme (ANLP) en het bygedra tot internasionale kapasiteitsbou-inisiatiewe regoor Afrika en elders, deur samewerking met verskeie belanghebbendes. Haar akademiese bydraes sluit talle eweknie-geëvalueerde publikasies en konferensie-aanbiedings in. As 'n voorstander van sosiale verantwoordbaarheid, het sy wyd gereis en in Afrika-lande gewerk om wanvoeding te bekamp en gesondheidsuitkomst te verbeter. Haar toewyding aan onderrig is bekroon met toekennings, wat haar verbintenis tot die ontwikkeling van toekomstige professionele persone beklemtoon.	PROF. CHRISTINE TALJAARD-KRUGELL is a senior lecturer at the North-West University in South Africa, specialising in nutrition and public health. With a PhD in Nutrition, her research spans topics such as micronutrient fortification, breast cancer risk, and evidence-based public health nutrition. She has over a decade of experience in teaching, research and postgraduate supervision. Dr. Taljaard-Krugell has served as President of the Association for Dietetics in South Africa (2018 - 2021) and was the Chair person of the local organising committee for the International Congress of Dietetics in 2020. She is also the general manager of the African Nutrition Leadership Programme (ANLP) and has contributed to international capacity-building initiatives across Africa and beyond, collaborating with diverse stakeholders. Her academic contributions include numerous peer-reviewed publications and conference presentations. An advocate for social responsiveness, she has worked and traveled extensively across African countries to address malnutrition and improve health outcomes. Her dedication to teaching has been recognised with awards, reflecting her commitment to fostering future professionals.

DR. INARIE JACOBS is 'n diëetkundige met 'n PhD in Voeding en het 'n belangstelling in kanker-etologie. Haar PhD-tesis het gefokus op die rol van voeding in borskanker by swart Suid-Afrikaanse vroue deur gebruik te maak van die voedingsdata van die Suid-Afrikaanse Borskankerstudie. Sy is tans 'n nadoktorale wetenskaplike by die Internasionale Agentskap vir Kankernavorsing in Lyon, Frankryk. Sy is ook 'n Akademiese Genoot van die World Cancer Research Fund / American Institute for Cancer Research International.	DR. INARIE JACOBS is a dietitian with a PhD in Nutrition and has a interest in cancer etiology. Her PhD thesis focused on the role of nutrition in breast cancer in black South African women using the nutritional data from the South African Breast Cancer study. She is currently a post-doctoral scientist at the International Agency for Research on Cancer in Lyon, France. She is also an Academic Fellow of the World Cancer Research Fund / American Institute for Cancer Research International.
---	--

ABSTRACT

Analysis of income mobility and overweight and obesity in South Africa

The interplay between income inequality, health outcomes and the nutrition transition is a significant concern in South Africa, a country marked by extreme disparities. This article investigates the relationship between upward social mobility and changes in body mass index (BMI) categories, exploring how economic development influences overweight and obesity trends. Using panel data from the first three waves of the National Income Dynamics Survey (NIDS), the study evaluates transitions in BMI and social class over the period 2008–2012. BMI was categorised into underweight, normal weight, overweight, and obese groups, and social mobility was assessed through transitions across poverty thresholds.

The findings confirm the existence of a nutrition transition in South Africa, characterised by a dietary shift from traditional, nutrient-dense foods to processed, energy-dense foods. This transition has increased the prevalence of overweight and obesity, disproportionately affecting women and those transitioning out of poverty. Descriptive statistics reveal that while poverty rates declined during the study period, women were more likely than men to remain in poverty or experience downward social mobility. BMI trends varied by gender and poverty status, with non-poor women exhibiting higher rates of overweight and obesity compared to their poorer counterparts.

Ordinal logistic regression models show a strong association between sustained upward mobility and increases in BMI. Specifically, individuals who consistently moved out of poverty or remained non-poor were more likely to transition to higher BMI categories, while those experiencing persistent poverty were more likely to remain underweight or transition downward in BMI. The relationship between socioeconomic mobility and BMI was more pronounced among women, who exhibited higher probabilities of gaining weight as they improved their socioeconomic status.

The study highlights the persistent correlation between economic mobility and obesity and underscores the complex health trade-offs associated with alleviating poverty. Rising obesity rates are linked to increased risks of non-communicable diseases such as hypertension and diabetes, posing significant challenges for public and private healthcare systems.

This research contributes to the literature by combining longitudinal data and advanced statistical modelling to assess how individual and household-level socioeconomic dynamics influence health outcomes. The findings emphasise the need for integrated policy approaches that address both poverty alleviation and the rising prevalence of obesity, fostering equitable and sustainable health improvements in South Africa.

KEYWORDS: income mobility, overweight, obesity, nutrition transition, South Africa

TREFWOORDE: inkomste-mobiliteit, oorgewig, vetsug, voedingsoorgang, Suid-Afrika

OPSOMMING

Suid-Afrika word gekenmerk deur beduidende ongelijkheid in inkomste en gesondheidsuitkomst. Heelwat huishoudings staan voor 'n dubbele las van wanvoeding, waar oor- en ondervoeding saam voorkom. Hoewel die voorkoms van hongerte die nuus haal, is die grootste bedreiging vir gesondheid in Suid-Afrika nie-oordraagbare siektes wat met vetsug geassosieer word, naamlik hipertensie, koronêre hartsiekte, beroerte en diabetes. Hierdie artikel poog om veranderinge in oorgewig en vetsug, en sosiale mobiliteit in Suid-Afrika te ondersoek. Die ontleding gebruik data van die gebalanseerde paneel van die eerste drie golwe van die National Income Dynamics Survey (NIDS). Ordinale logistiese regressiemodelle en oorgangsmatrikse is gebruik om die bewegings tussen liggaamsmassa-indeks-kategorieë en sosiale klasse te beskryf. Die resultate toon dat daar 'n waargenome positiewe verband is tussen respondente wat van 'n laer sosiale klas na 'n hoër sosiale klas beweeg het, en 'n toename in liggaamsmassa-indeks.

1. Inleiding

In die boek *The Health Gap* skryf Michael Marmot: “If we want to understand why health and disease are distributed the way they are, we have to understand the social causes” (Marmot, 2016:10). Hy voer aan dat “the conditions in which people are born, grow, live, work and age, have a profound influence on health and inequalities in health in childhood, working age and older age” (Marmot, 2016:22). Hierdie siening is van toepassing op Suid-Afrika wat gekenmerk word deur aansienlike ongelijkheid in inkomste en gesondheidsuitkomst.

Met die eerste oogopslag sal die verband tussen inkomsteongelykheid en gesondheidsuitkomst die voorkoms van hongersnood wees, gegewe die land se inkomstevlak. Die Wêreldhongerte-indeks (Our World in Data, 2024) meet die voorkoms van hongersnood as 'n telling uit 100, waar 0 geen hongerte aandui nie en 100 die slegste moontlike uitkomst van hongersnood aandui. Suid-Afrika se telling het afgeneem vanaf 18,1 in 2000 tot 12,9 in 2021. Vir 'n land met 'n bruto binnelandse produk (BBP) van \$6 253 per capita in 2023 (in huidige Amerikaanse dollar waardes) (World Bank, 2024) is dit steeds hoog. Vir gewone Suid-Afrikaners is hierdie probleem in meer reliëf gebring deur mense wat in lang rye gestaan en wag het vir kospakkies tydens die inperking van die Suid-Afrikaanse ekonomie vanweë Covid-19 in 2020. Spaull *et al.* (2021) toon aan dat arm huishoudings gerapporteer het dat hulle geld om kos te koop opgeraak het. In April 2020 was dit 47% van huishoudings en teen Maart 2021 was dit 35%. Die persentasie huishoudings wat gerapporteer het dat 'n kind ten minste een keer in die week voor die opname honger was, was 15% in Mei en Junie 2021. Daarna het die voorkoms van hongerte geval tot 12% in Julie en Augustus, maar weer toegeneem tot 16% in November en Desember 2021. Daarna het die voedselgebrek weer afgeneem tot 14% in April en Mei 2022 toe die National Income Dynamics Survey – Coronavirus Rapid Mobile Survey, (NIDS CRAM-opname) geëindig het (Spaull *et al.*, 2021).

Dit is egter net een deel van 'n veel groter gesondheidsuitdaging, aangesien vele huishoudings voor 'n dubbele las van wanvoeding staan, waar oor- en ondervoeding saam voorkom. Byvoorbeeld, in dieselfde huishouding ly kinders soms honger, terwyl volwassenes aan die vele gesondheidsrisiko's verbonde aan oorgewig en vetsug ly. So ook kan dieselfde persoon wat aan oorgewig en vetsug ly terselfdertyd ook aan ysterarmoede ly (WGO, 2024).

Hierdie dubbele las van wanvoeding is 'n gevolg van die sogenaamde voedingsoorgang. Die voedingsoorgang is die proses waardeur ekonomiese ontwikkeling gepaard gaan met verstedeliking en 'n gevolglike verandering in dieetpatrone van tradisionele diëte (vars en ongeprosesseerde kosse) na geprosesseerde kosse (hoër in energie maar laer in nutriënte) (Hawkes, 2006; Popkin & Gordon-Larsen, 2004). Die resultaat is dikwels vetsug. Popkin *et al.* (2012:2) skryf dat die toenemende voorkoms van vetsug onder die arm mense belangrike implikasies vir die verspreiding van gesondheidsongelykhede het. Ardington en Gasealahwe (2012:3) voer aan dat nie-oordraagbare siektes wat met vetsug geassosieer word, naamlik hipertensie, koronêre hartsiekte, beroerte en diabetes, naas HIV en VIGS die grootste bedreiging vir gesondheid in Suid-Afrika inhou.

Hierdie artikel poog om veranderinge in oorgewig en vetsug, en sosiale mobiliteit in Suid-Afrika te ondersoek. Daar is sowel bestaande navorsing oor die voedingsoorgang (Wentzel-Viljoen *et al.*, 2018) en bewyse van sosiale mobiliteit en 'n effense afname in inkomste-ongelykheid in Suid-Afrika (Schotte *et al.*, 2022). Daar is egter nie navorsing wat die vraagstukke saam ondersoek nie.

Die ontleding gebruik data van die gebalanseerde paneel van die eerste drie golwe van die NIDS om veranderinge in oorgewig en vetsug en sosiale mobiliteit in Suid-Afrika te beskryf. Oorgewig en vetsug word gemeet aan die hand van persone se liggaamsmassa-indeks (LMI). Mobiliteit tussen sosiale klasse word gemeet deur gebruik te maak van totale besteding. Ordinale logistiese regressiemodelle en oorgangsmatrikse word aangewend om die bewegings tussen LMI-kategorieë en sosiale klasse te beskryf. Ons resultate hier onder toon dat daar 'n positiewe verband is tussen respondente wat van 'n laer sosiale klas na 'n hoër sosiale klas beweeg het, en 'n toename in LMI.

Die res van die artikel is soos volg gestruktureer: Afdeling 2 gee 'n kort oorsig van die Suid-Afrikaanse literatuur wat die verband tussen inkomste-mobiliteit en gesondheidsuitkomst ondersoek. Afdeling 3 behels die ontleding van die data. Afdeling 4 is 'n bespreking van die resultate. Afdeling 5 sluit die artikel af en bevat die gevolgtrekkings.

2. Oorsig van die literatuur

In 2012 skryf Popkin *et al.* dat tot en met drie dekades gelede enige sprake van 'n wêreldwye pandemie van oorgewig en vetsug as kettery in voedingskringe beskou sou word – navorsers het hulle immers op hongerte en ekonomiese onderontwikkeling in die “Derdewêreldlande” toegespits. Tog was daar in hierdie kort tydperk 'n drastiese verskuiwing in die wêreld se eet- en drinkgewoontes en hoe mense beweeg, wat volgens die outeurs tot 'n wanaanpassing tussen ons biologie en die moderne samelewing gelei het (Popkin *et al.*, 2012:2). Die resultaat was 'n groot toename in die voorkoms van oorgewig en vetsug onder arm persone.

Jones-Smith *et al.* (2011) toon aan dat die voedingsoorgang aan die ekonomie gekoppel is. Hulle ontleding ondersoek dié wêreldwye tendens deur nasionale data uit demografiese en gesondheidsopnames in 39 laerinkomstelende saam te voeg en oor die tydperk 1989 tot 2007 te ontleed. LMI is gebruik as aanwyser van persone wat oorgewig is en daar is ondersoek ingestel na die voorkoms van en toename in oorgewig, terwyl verskille in welvaart en geskooldeheidsvlakke ook in ag geneem is. Die ondersoekers vind 'n toename in die voorkoms van oorgewig oor tyd. Hierdie toename was groter onder groepe met lae welvaart- en lae geskooldeheidsvlakke in vergelyking met hoë welvaart- en hoë geskooldeheidsgroepe. Die bruto binnelandse produk (BBP) per capita het 'n Pearson-korrelasiekoëffisiënt van 0,45 met 'n hoër groeikoers in die voorkoms van oorgewig vir laewelvaartgroepe in vergelyking met hoewelvaartgroepe.

Die Prospective Urban Rural Epidemiology- (PURE-)studie is die toonaangewende projek wat die verwantskappe tussen sosiale, gedrags-, genetiese en omgewingsfaktore ondersoek en wat internasionaal bewys lewer van die voedingsoorgang. Dié voortgaande projek van die Population Health Research Institute (PHRI) by MacMaster Universiteit in Kanada behels 'n studie van meer as 20 jaar en betrek 225 000 deelnemers in 27 lande, waaronder Suid-Afrika. Die projek wil die impak van verstedeliking op risikofaktore soos fisiese aktiwiteit en veranderinge in voeding bepaal, wat weer met primêre risikofaktore soos vetsug en hipertensie geassosieer word.

Die belangrikste samevattende bevindings van die PURE-studie is die volgende (PHRI, 2024): Namate verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling toeneem het, was daar 'n toename in mense se verbruik van verwerkte voedsel, suikerversoete drankies en kos wat ryk is aan vet en suiker. Meer tradisionele diëte wat meer vrugte, groente en volgraankosse insluit, is met meer Westerse diëte vervang. Geriefkos en kitskos het meer toeganklik en bekostigbaar geword, wat gelei het tot 'n verminderde inname van voedselsoorte wat dig is in nutriënte, soos vrugte en peulgroentes. Die oorgang verskil wel tussen wêrelddele. Plaaslike kulturele en sosiale faktore lei daartoe dat die verandering in voeding anders lyk in Suid-Asië en Sub-Sahara-Afrika as in Latyns-Amerika en Oos-Europa. Die gevolg is dat daar wêreldwyd 'n toename is in die risiko vir vetsug, kardiovaskulêre siektes, diabetes en ander nieoordraagbare siektes.

Suid-Afrikaanse bewyse van die toename in voedingsverwante nieoordraagbare siektes kom uit verskeie bronne. Die belangrikste databronne is die South African National Health and Nutrition Examination (SANHANES, vanaf 2012), die SA Demographic and Health Survey (DHS 2016), en die Suid-Afrikaanse been van die PURE-studie (PURE-NWU-SA, vanaf 2005). Veelvuldige studies ontleed hierdie bronne.¹

Die ontleding van die SANHANES deur Shisana *et al.* (2012) het onder meer bevind dat die voorkoms van oorgewig en vetsug hoër is onder vroue as onder mans. Daar is vasgestel dat ongeveer 24% vroue oorgewig is, in vergelyking met 20% mans. Daarbenewens is bevind dat 39% vroue vetsugtig is, in vergelyking met ongeveer 10% mans. Die opname het ook fisieke aktiwiteit gemeet en bevind dat byna twee derdes van die manlike deelnemers fisies fiks was, terwyl slegs 42% vroulike deelnemers fisies fiks was. Die SANHANES het ook bevind dat vroue aansienlik hoër selfgerapporteerde syfers vir hoë bloeddruk, hoë bloedsuiker en hartsiekte gehad het. Die syfers vir selfgerapporteerde hoë bloedcholesterol en hoë bloedsuiker vir mans in stedelike formele omgewings was aansienlik hoër as vir mans in stedelike informele of landelike informele omgewings.

'n Ontleding van die DHS deur die Nasionale Departement van Gesondheid (2016) bevind dat ongeveer een derde van die vroue in die opname 'n LMI in die normale waarde het, terwyl 27% oorgewig en 41% vetsugtig was. Die ontleding vir mans het tot 'n heel ander bevinding gelei, naamlik dat 59% mans 'n LMI in die normale kategorie gehad het, 20% oorgewig en 11% vetsugtig was. Die opname het ook dieetdata ingesamel en die resultate het die volgende getoon: 'n Derde van die volwassenes het aangedui dat hulle suiker-versoete drankies die dag of nag voor die opname gedrink het. Die gemiddelde hoeveelheid verbruik was ongeveer 600 ml. Op 'n daaglikse basis het 14% van die respondente hoogs geprosesseerde vleis geëet, 14% het soutversnaperinge geëet, 10% het diepgebraaide kosse gehad en 2% het kitskos geëet.

¹ Kyk onder andere Abrahams *et al.*, 2011; Bourne *et al.*, 2002; Joubert *et al.*, 2007; Kruger *et al.*, 2005; MacIntyre *et al.*, 2012; Mchiza *et al.*, 2015; Ronquest-Ross *et al.*, 2014; Schönfeldt, 2013; Steyn & Mchiza, 2014; Vorster *et al.*, 2014; en Wentzel-Viljoen *et al.*, 2018a.

Puoane *et al.* (2002) ontleed 'n vroeëre weergawe van die DHS-opname en fokus op voorspellers van LMI en middelomtrek. Vir mans word 19% van die variasie in LMI en 34% van die variasie in middelomtrek deur hulle ouderdom, onderwysvlak, bevolkingsgroep en woonarea verklaar. Die aanwysers van vetsug is hoër as die mans ouer is, meer jare opleiding het en in 'n stedelike gebied woon. Ouer vroue in stedelike gebiede het ook 'n groter risiko vir vetsug gehad. Wittenberg (2013) gebruik die DHS-data en bevind dat LMI 'n growwe maatstaf is van hoe welaf mense is. Vir die meeste Suid-Afrikaners neem LMI toe tesame met toegang tot ekonomiese hulpbronne. Daar is ook 'n positiewe verband tussen LMI en indiensname, asook onderwysvlak. Hy vind soortgelyke resultate in die eerste golf van die NIDS-data in 2008.

Die hoë voorkoms van oorgewig en vetsug word verder beklemtoon in die onlangse resultate van die nasionale voedsel- en voedselsekerheidvraelys van 2024, waar bevind is dat 67,9% vroue oorgewig of vetsugtig is (26,6% oorgewig; 41,3% vetsugtig). By mans is 39,2% oorgewig of vetsugtig (22,9% oorgewig; 15,3% vetsugtig) (Simelane *et al.*, 2023).

Wentzel-Viljoen *et al.* (2018) het die resultate van die PURE-NWP-SA kohortstudie aangebied. Die doelwit was om veranderinge in voedingsinname van stedelike en landelike Suid-Afrikaners oor tyd te meet. Hulle het bewyse gevind van die voedingsoorgang oor die tydperk 2005 tot 2010: mediaanenergie-inname het toegeneem en dit is veroorsaak deur toenames in die persentasie energie wat verkry is uit bygevoegde suiker, diereproteïene, totale vet (landelike mans en vroue), versadigde vet (niestedelike vroue) en mono-onversadigde vet. Die ondersoekers het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie hoër energie-inname ten koste van laer inname van plantproteïene en styselagtige kosse geskied het, en dat dit die risiko van nieoordraagbare siektes kan verhoog.

Ten slotte is daar 'n aantal artikels wat gesondheidsaspekte in die NIDS-data ondersoek het. Die NIDS is 'n paneelstudie wat die lewens van 28 000 Suid-Afrikaners tussen 2008 en 2017 ondersoek het. Dit is 'n projek van die Nasionale Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie in samewerking met die South African Labour and Development Research Unit (SALDRU) aan die Universiteit van Kaapstad. Die projek was hoofsaaklik op armoede en die arbeidsmark gerig, maar die vraelys bevat ook 'n module oor gesondheid, en daardie data is deur verskillende navorsers ontleed.

Die sleutelbydrae is dié van Ardington en Gasealahwe (2012) wat 'n ontleding van die gesondheidsmodule van die eerste rondte van die opname voorgelê het. Hulle het bevind dat ongeveer 60% vroue as óf oorgewig óf vetsugtig geklassifiseer is, vergeleke met 31% mans. Ongeveer 12% mans is as ondergewig geklassifiseer, in vergelyking met minder as 5% vroue. Die ondersoekers het ook veranderinge in oorgewig en vetsug ondersoek deur die eerste golf NIDS-data van 2008 met die DHS-opname van 1998 te vergelyk. Daar is toenemende voorkomste van vetsug onder mans en vroue in elke ouderdomsgroep gevind. Die ontleding het getoon dat daar positiewe assosiasies is tussen vetsug en individuele opleidingsvlakke, die ligging in 'n stedelike gebied en die aantal bates wat deur die huishouding besit word. Vir vroue het elke bykomende bate 'n groter waarskynlikheid van vetsug gehad. Die effek van opleiding was slegs beduidend vir mans.

Ataguba *et al.* (2015) het die derde golf NIDS-data gebruik om die faktore te ondersoek wat die ongelykhede in gesondheidsuitkomstes in Suid-Afrika verklaar. Individuele eie assessering van hulle gesondheid as goed of sleg is verklaar aan die hand van 'n konsentrasie-indeks van inkomsteverwante ongelykheid in gesondheidsuitkomstes en ander sosio-ekonomiese faktore. Die outeurs het verder bevind dat meer welaf persone se gesondheid beter as dié van armer persone is. Beter gesondheid is positief verwant aan 'n werk, 'n hoër onderwysvlak, en

beter behuising en infrastruktuur. Sosiale ondersteuning, in die vorm van 'n regeringstoelaag, is ook positief verwant aan beter gesondheid.

Cois en Erlich (2014) het die sosio-ekonomiese voorspellers van hipertensie ondersoek met data uit die eerste golf van die NIDS-opname. Hulle vertrekpunt was dat in hoëinkomste-lande 'n hoër sosio-ekonomiese status met 'n laer voorkoms van hoë bloeddruk en hartsiektes geassosieer word, maar in Sub-Sahara Afrika-lande is die strekking van die verwantskap nie so duidelik nie en daar is ook 'n verskil tussen dié van mans en vroue. In hierdie Suid-Afrikaanse studie is daar bevind dat, sover dit mans betref, hoër opleidingsvlakke en hoër inkomstevlakke geassosieer word met hoër diastoliese bloeddruk wanneer ouderdom, ras, en die gebruik van bloeddrukmedikasie in ag geneem word. Vir vroue is 'n hoër opleidingsvlak geassosieer met laer diastoliese en sistoliese bloeddruk. Hoër inkomste word geassosieer met laer sistoliese bloeddruk. Vir mans en vroue was 'n hoër LMI-syfer 'n beduidende voorspeller van die negatiewe indirekte invloed wat sosio-ekonomiese status op bloeddruk het.

Multimorbiditeit is die term wat gebruik word wanneer primêre risikofaktore soos vetsug en hipertensie saam voorkom. Weiman *et al.* (2016) het 'n paneelsteekproef uit NIDS-golwe een tot drie geneem om die assosiasie tussen sosio-ekonomiese agterstand en die voorkoms van multi-morbiditeit te ondersoek. Die voorkoms daarvan het tussen 2008 en 2012 toegeneem vanaf 2,73% tot 2,84% vir volwassenes. Die toename is geassosieer met ouderdom, sosio-ekonomiese agterstand en verstedeliking. Hipertensie en diabetes het gereeld saam voorgekom. Die ontleding het ook in ag geneem waar mense bly, en bevind dat daar op distriksraadvlak 'n hoër voorkoms van multimorbiditeit in KwaZulu/Natal en die Oos-Kaap was.

Rich en Von Fintel (2024) ondersoek die meganisme waardeur ekonomiese ontwikkeling lei tot wat hulle die vetsugoorgang noem. Hulle kyk na mense se sosio-ekonomiese status tydens hulle kinderdae. Sosio-ekonomiese status word gemeet deur te bepaal of die respondent se moeder graad 12 voltooi het. Opwaartse sosiale mobiliteit oor 'n individu se lewe, of oor 'n enkele generasie, word geassosieer met 'n hoër LMI in vergelyking met individue wie se sosiale status onveranderd gebly het. As iemand se sosio-ekonomiese status reeds hoog was en dan hoog gebly het, is die risiko vir vetsug kleiner. Die gevolgtrekking is dat die vetsugoorgang deur langtermynfaktore gedryf word.

In die geheel beskou, het hierdie kort oorsig bewyse van die voedingsoorgang internasionaal en in Suid-Afrika getoon. Daar is duidelike bewyse dat die voedingsoorgang voortduur en dat die gevolge daarvan in gesondheidsuitkomst sigbaar is. Tog is dit moontlik om 'n bydrae tot die literatuur te maak. Die meerderheid studies gebruik kruissnitdata en ondersoek verskille tussen groepe op 'n spesifieke tydstip. Die heterogeniteit wat nie in die ontleding gekorrigeer kan word nie, beteken dat daar net na assosiasie verwys kan word en nie na oorsaaklikheid nie. Daar is ook uiteenlopende maatstawwe van sosiale mobiliteit wat relatief eenvoudige plaasvervangers is vir “die wanpassing tussen ons biologie en moderne samelewing”.

Ons artikel maak gebruik van die NIDS-paneel. Dit beteken dat dieselfde individue en huishoudings se veranderinge in oorgewig en vetsug en sosiale klas oor tyd waargeneem word. Dit skakel die rol van individuele spesifieke eienskappe uit, wat dalk die verwantskappe beïnvloed, en maak dit moontlik om sterker gevolgtrekkings te maak. Die ontleding gebruik ordinale logistiese regressietegnieke om die oorgang tussen LMI-groepe en sosiale klasse saam te ondersoek. Die volgende afdeling verduidelik die metode.

3. Data-ontleding en metode

Die empiriese ontleding is uitgevoer deur gebruik te maak van die NIDS-paneel met data van die eerste drie golwe wat die tydperk 2008 tot 2012 dek. Respondente wat in die ontleding ingesluit is, is volwassenes tussen die ouderdom van 19 en 70 jaar. Swanger vroue is uitgesluit. Respondente word slegs in die ontleding ingesluit indien hulle oor al drie golwe waargeneem kon word. Ons het die eerste drie golwe van die opname bestudeer, omdat daar aansienlike veranderinge in sosio-ekonomiese omstandighede tydens hierdie tyd plaasgevind het. NIDS het 'n gestratifiseerde tweevlaktrossteekproef gebruik, gebaseer op Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) se 2003 *Master Sample*. Vir vlak 1 is 400 primêre steekprofeenhede binne distriksrade gekies. Vir vlak 2 is daar binne elke steekprofeenheid twee groepe van 12 wooneenhede getrek. Die finale steekproef het ongeveer 7 296 huishoudings ingesluit. Daar is aan 10 642 deure geklop en 7 305 onderhoude is voltooi, wat 'n reaksiekoers van sowat 69% verteenwoordig. Daar is proporsionele dekking oor alle distriksrade verseker. Daarna is die data gestratifiseer en gewoeg sodat ouderdom-, geslag- en rasprofiel met Stats SA se *Mid-year population estimates* (2025) ooreenstem. Die steekproef het in die daaropvolgende rondtes beduidend verander, omdat dit moeilik was om dieselfde persone tussen opnames weer op te spoor. Plaasvervangers is ook ingebring om die steekproefgetalle aanvaarbaar te hou. Ontledings gebruik dus gewigte wat verseker dat die respondente in die steekproef die bevolking as 'n geheel weerspieël volgens 'n reeks demografiese en geografiese dimensies, en ook om aan te pas by die feit dat persone selektief die studie verlaat het. Vir meer besonderhede, kyk SALDRU (2008).

Vetsug is gemeet deur respondente in LMI-kategorieë te klassifiseer. LMI-waardes is bereken deur die volgende formule te gebruik:

$$LMI = \frac{\text{gewig in kilogram}}{(\text{lengte in meter})^2}$$

LMI-waardes word soos volg in kategorieë verdeel en geïnterpreteer. Waardes kleiner as 18,5 is ondergewig. Waardes tussen 18,5 en 24,9 word beskou as dié van 'n persoon van normale of gesonde gewig. LMI-waardes van 25 tot 30 word beskou as iemand wat oorgewig is en waardes bo 30 dui op vetsug. Vetsug kan in drie kategorieë onderverdeel word, naamlik klas 1 (LMI van 30 tot <35), klas 2 (LMI van 35 tot <40) en klas 3 (LMI van 40 en hoër) (National Center for Chronic Disease Prevention and Health Promotion, 2020). Die ontleding wat volg berus op die eenvoudige definisie van vetsug gedefinieer as 'n LMI van 30 en meer.

Dieselfde respondente is ook eenvoudig as arm en nie-arm volgens Statistieke Suid-Afrika se armoedelyne (Stats SA, 2024) geklassifiseer. Dit laat die fynere punte van die afsnypunte vir die middelklas en elite eenkant sodat die klem op die oorgang van arm na nie-arm oor 'n spesifieke tydperk kan val. Ons volg individue oor die 3 tydperke en meet gelyktydig of hulle LMI-kategorieë oorsteek namate hulle tussen die onderskeie armoede-vlakke beweeg.

Die ontleding begin met beskrywende statistiek. Daarna word 'n ordinale logistiese model beraam om LMI-oorgangskoerse aan die hand van 'n aantal veranderlikes (Jung, 2022) te voorspel. Die voorspelde waardes neem die aanvanklike LMI, ouderdomsverskille en skuiwe tussen landelike en stedelike gebiede in ag, en gee "tipiese" koerse vir hierdie groepe in plaas van spesifieke afwykings van die norm. Jung (2022) het bevind dat oorgange na sekere gesondheidsuitkomstes sydig geskat word as daar nie eksplisiete modellering plaasvind nie. Die modelle word afsonderlik geskat vir mans en vroue volgens die spesifikasie:

$$\Delta LMI_{it} = \beta_0 + \beta_1 LMI_{i,t-1} + \gamma' x_{it} + \lambda_t + \varepsilon_{it}$$

waar ΔLMI_{it} of 'n styging van een LMI-kategorie na 'n ander (bv. van normale gewig na oorgewig), 'n daling (bv. van oorgewig na normale gewig), of geen verandering nie voorstel. $LMI_{i,t-1}$ is die vorige periode se LMI-kategorie, terwyl die x_{it} vektor ouderdomsverskille en veranderinge in ligging in ag neem. Die λ_i term neem algehele tydsverskille in ag. Die skatting van β_1 word gebruik om die waarskynlikheid te voorspel na 'n laer of hoër LMI-kategorie skuif.

4. Verslagdoening van die resultate

4.1 Beskrywende statistiek

Voor die ontleding bespreek word, word algehele beskrywende tendense in die data weergegee. Tabel 1 wys dat die voorkoms van armoede onder huishoudings afgeneem het ten spyte van die wêreldwye finansiële krisis wat in 2009 ook Suid-Afrika se arbeidsmark getref het. Volgens die data in tabel 1 het vroue 'n groter waarskynlikheid om in arm huishoudings te wees as mans. Die uitbreiding van sosiale toelaes het 'n rol gespeel om huishoudings op die grens van die armoedelyn onder hierdie moeilike ekonomiese omstandighede te beskerm (Maisonave *et al.*, 2015). Daar was dus by implikasie beduidende opwaartse inkomstemobiliteit onder 'n aansienlike groep huishoudings wat tot die dalende armoede bygedra het. Ons verwag egter ook dat die krisis 'n beduidende aantal huishoudings tot armoede gedryf het en die armste huishoudings negatief beïnvloed het. Die data maak dit gevolglik moontlik om die verskillende groepe te volg en vas te stel hoe hulle LMI oor 'n spesifieke tydperk in ooreenstemming met die wisselvallige ekonomiese klimaat verander het.

TABEL 1: Die waarskynlikheid (%) vir mans en vroue om in 'n arm huishouding te wees.

	VROUE	MANS
2008	56.61	41.16
2010	54.67	41.88
2012	48.21	35.19
Totaal	52.79	39.00

Tabel 2 hierna gee 'n diepteoorsig van die veranderinge deur die oorgange oor die armoedelyn volgens geslag aan te dui. Dit is duidelik dat vroue meer waarskynlik in huishoudings is wat arm bly of arm word. Ongeveer 'n driekwart van die vroue wat voorheen in arm huishoudings geleef het, bly steeds in armoede, teenoor 65% mans wat in twee opeenvolgende opnames in arm huishoudings geleef het. Die syfers wys ook dat 20% van die vroue in huishoudings geleef het wat voorheen bo die armoedelyn was, maar in armoede verval het. Daarenteen het slegs 15% van voorheen nie-arm mans in armoede verval. Alhoewel 'n aansienlike proporsie huishoudings in dié tydperk verarm het, het opwaartse mobiliteit hierdie afwaartse bewegings oorheers. Dit verduidelik hoekom algehele armoede in tabel 1 afgeneem het.

TABEL 2: Armoede-oorgang (%) volgens geslag van 2008 tot 2012

	VROUE			MANS		
	Arm (2012)	Nie-arm (2012)	Totaal	Arm (2012)	Nie-arm (2012)	Totaal
Arm (2008)	75.61	24.39	100.00	64.49	35.51	100.00
Nie-arm (2008)	19.95	80.05	100.00	15.24	84.76	100.00
Totaal	51.85	48.15	100.00	36.21	63.79	100.00

Die mobiliteit, of gebrek daaraan, stem ooreen met die oorgang tussen die LMI-groepe. Hierdie waarneming is die kern van die voedingsoorgang wat ons ondersoek. Tabel 3 wys die sameval van armoede en verskillende LMI-groepe vir mans en vroue afsonderlik.

TABEL 3: Armoede en liggaamsmassa-indeks volgens geslag (%), (t = 2012)

	VROUE					MANS				
	Onder-gewig	Normaal	Oor-gewig	Vetsug-tig	Totaal	Onder-gewig	Normaal	Oor-gewig	Vetsug-tig	Totaal
Arm	4.50	35.53	26.35	33.62	100.00	10.23	59.61	18.99	11.17	100.00
Nie-arm	2.38	28.20	27.93	41.48	100.00	6.06	46.31	28.83	18.80	100.00
Totaal	3.50	32.07	27.10	37.33	100.00	7.69	51.50	24.99	15.82	100.00

Tabel 3 toon dat vroue in arm huishoudings 'n groter waarskynlikheid het om ondergewig te wees of normale gewig te hê as dié in nie-arm huishoudings. Vroue in nie-arm huishoudings het 'n groter waarskynlikheid om met oorgewig of vetsug te leef as diegene in arm huishoudings. Dieselfde patrone geld vir mans, hoewel mans meer geneig is om normale gewig of ondergewig te wees.


4.2 Die oorvleueling tussen die oorgang in LMI en armoede oor tyd

Die ontleding gebruik 'n ordinale logistiese regressiemodel om die verhouding tussen LMI-veranderinge met oorgange oor die armoedelyn te koppel.

Die volledige regressiemodelle word in tabel A1 en A2 in die aanhangsel aangetoon. Kortliks dui die modelle aan dat sowel ouer mans as vroue, asook persone wat aanvanklik ondergewig was, meer geneig is om 'n LMI-kategorie te klim as ander persone, en dat persone wat met oorgewig en vetsug leef meer geneig is om 'n kategorie te sak. Behalwe hierdie faktore het verstedeliking geen addisionele statisties beduidende verklarings gebied nie, en addisionele

kontroles beïnvloed nie die hoof tendense nie. Die ontleding gaan dus voort met 'n eenvoudige model wat slegs ouderdom in ag neem.

Die hoofbevindings word die beste opgesom in die visuele voorstelling in figuur 1. Dit toon die voorspelde waarskynlikhede aan dat mans en vroue tussen LMI-kategorieë skuif namate hulle tussen die onderskeie armoedevlakke beweeg.



Figuur 1: Armoede-oorgange en LMI-oorgange

Die resultate wys dat daar 'n groter waarskynlikheid is dat arm mans uit die ondergewig-kategorie uitskuif as nie-arm mans. Vir vroue is die oorgang vanuit armoede van groter belang. Vroue wat aanvanklik 'n normale gewig het, het 'n groter kans as mans om 'n LMI-kategorie op te skuif, ongeag of hulle aanvanklik arm of nie-arm was. Opwaartse of afwaartse sosio-ekonomiese mobiliteit blyk dus van minder belang te wees as ander faktore in hierdie opwaartse LMI-skuif. Mans en vroue wat aanvanklik oorgewig en vetsugtig was, toon 'n duideliker verwantskap met sosiale mobiliteit. As hulle aanvanklik nie-arm was, is die kans klein dat hulle 'n LMI-kategorie sal afskuif. Dit is waarskynliker dat hulle 'n kategorie op sal skuif. As hulle in opeenvolgende tydperke nie-arm was, is die kans die grootste dat hulle 'n kategorie sal opskuif en die kleinste dat hulle 'n kategorie sal afskuif. 'n Volgehoue status bo die armoedelyn is dus 'n sterk voorspeller van stygings in LMI wat neig na oorgewig of vetsug, terwyl dalings in LMI meer geneig is om voor te kom onder persone (veral mans) wat volgehoue armoede ervaar. Hierdie bevindings dui daarop dat verhogering steeds kan plaasvind indien armoede voortduur, maar dat vetsug meer permanent raak (veral onder vroue) terwyl welvaart voortduur.

Die resultate dui op 'n duidelike, maar geslagspesifieke verband tussen sosio-ekonomiese mobiliteit en veranderinge in LMI. Mans wat in armoede begin, toon groter waarskynlikheid om uit die ondergewig-kategorie te beweeg, wat daarop dui dat selfs beperkte verbeterings in ekonomiese omstandighede 'n direkte invloed op voedingsinname en energiebesikbaarheid kan hê. Hierdie bevinding stem ooreen met Wittenberg (2013) se argument dat LMI 'n growwe

maar nuttige maatstaf van ekonomiese welstand is, en dat 'n styging in inkomste of hulpbronbeskikbaarheid dikwels met 'n toename in LMI gepaard gaan. Vir vroue blyk die oorgang uit armoede egter van groter belang te wees – dit dui op strukturele en gedragsverskille in hoe geslagte op ekonomiese veranderinge reageer. Puoane *et al.* (2002) het reeds daarop gewys dat vroue in stedelike gebiede met hoër ouderdoms- en onderwysvlakke 'n groter risiko vir vetsug toon, wat aansluit by die waarneming dat vroue met hoër ekonomiese status meer geneig is om 'n hoër LMI te hê.

Verder suggereer die huidige resultate dat 'n volgehoue nie-arm status sterker verband hou met opwaartse LMI-skuiwe as enige korttermynmobiliteit. Hierdie bevinding ondersteun die argument van Rich en Von Fintel (2024) dat hulle “vetsugoorgang” hoofsaaklik deur langtermynfaktore gedryf word. Die ondersoekers wys dat persone wat oor hul leeftyd of oor generasies heen sosio-ekonomies vorder 'n hoër LMI vertoon as dié met onveranderde status. Die huidige resultate sluit daarby aan deur te toon dat persone wat konsekwent bo die armoedelyn bly, geneig is om verder op te skuif in LMI-kategorieë, dikwels tot by oorgewig of vetsug.

Ardington en Gasealahwe (2012) se bevindings dat opvoedingsvlak, stedelike ligging en huishoudelike bates positief met vetsug geassosieer word, versterk hierdie patroon. In Ardington en Gasealahwe se studie, asook die huidige studie, blyk ekonomiese voorspoed 'n tweesnydende swaard te wees: Terwyl dit mense uit ondervoeding en ondergewig verlos, verhoog dit ook die risiko vir oormatige gewigstoename. Die feit dat aanhoudende armoede egter steeds met laer LMI of selfs ondergewig geassosieer word, herinner ons daaraan dat ondervoeding in sekere bevolkingsgroepe steeds aanwesig is.

In geheel weerspieël die resultate die tipiese tweeledige aard van die voedingsoorgang in ontwikkelende lande: Volgehoue armoede hou verband met energie- en proteïentekorte, terwyl volgehoue welvaart die waarskynlikheid van oormatige energie-inname verhoog. Dit beklemtoon die behoefte aan beleid wat beide uiterstes van wanvoeding aanspreek – die voorkoming van honger sowel as die voorkoming van vetsug – binne die raamwerk van Suid-Afrika se voortgesette sosio-ekonomiese ongelykhede.

5. Gevolgtrekking

Die voedingsoorgang wat tans gebeur, word sterk geassosieer met ekonomiese ontwikkeling; met ander woorde, om uit armoede te ontsnap. Ons almal kan saamstem dat om mense uit armoede te kry een van die belangrikste uitdagings is wat ons as 'n samelewing in die gesig staar. Dit kom egter teen 'n prys, en een aspek daarvan is 'n hoër voorkoms van vetsug, met die geassosieerde risikofaktore soos hipertensie en diabetes. Hierdie uitdagings in openbare gesondheidsorg is iets wat via openbare én privaat gesondheidsorgstelsels aangepak moet word.

BIBLIOGRAFIE

- Abrahams, Z., Mchiza, Z. & Steyn, N.P. 2011. Diet and mortality rates in Sub-Saharan Africa: stages in the nutrition transition. *BMC Public Health*, 11:1-12.
- Ardington, C. & Gasealahwe, B. 2012. *Health: Analysis of the NIDS Wave 1 and 2 datasets* (no. 80). Southern Africa Labour and Development Research Unit, University of Cape Town. <https://www.opensaldru.uct.ac.za/handle/11090/173> [date of access: June 2024].
- Ataguba, J.E.O., Day, C. & McIntyre, D. 2015. Explaining the role of the social determinants of health on health inequality in South Africa. *Global Health Action*, 8(1):28865.

- Bourne, L.T., Lambert, E.V. & Steyn, K. 2002. Where does the black population of South Africa stand on the nutrition transition? *Public Health Nutrition*, 5(1a):157-162.
- Global Hunger Index. 2024. Concern Worldwide and Welthungerhilfe – processed by Our World in Data <https://ourworldindata.org/grapher/global-hunger-index-vs-gdp-per-capita?time=2000..2021&country=~ZAF> [date of access: July 2024].
- Hawkes, C. 2006. Uneven dietary development: linking the policies and processes of globalization with the nutrition, transition, obesity and diet-related chronic diseases. *Globalization and Health*, 2:1-18.
- Jones-Smith, J.C., Gordon-Larsen, P., Siddiqi, A., Popkin, B.M. 2011. Is the burden of overweight shifting to the poor across the globe? Time trends among women in 39 low- and middle-income countries (1991–2008). *International Journal of Obesity*. 36(8).
- Joubert, J., Norman, R., Lambert, E.V., Groenewald, P., Schneider, M., Bull, F. & Bradshaw, D. 2007. Estimating the burden of disease attributable to physical inactivity in South Africa in 2000. *South African Medical Journal*, 97(8):725-731.
- Jung, J. 2022. Estimating transition probabilities between health states using US longitudinal survey data. *Empirical Economics* 63:901-943.
- Kruger, H.S., Puoane, T., Senekal, M. & Van Der Merwe, M.T. 2005. Obesity in South Africa: challenges for government and health professionals. *Public Health Nutrition*, 8(5):491-500.
- MacIntyre, U.E., Venter, C.S., Kruger, A. & Serfontein, M. 2012. Measuring micronutrient intakes at different levels of sugar consumption in a population in transition: the Transition and Health during Urbanisation in South Africa (THUSA) study. *South African Journal of Clinical Nutrition*, 25(3):122-130.
- Marmot, M.G. 2016. *The Health Gap: The challenge of an unequal world*. London: Bloomsbury paperbacks.
- Maisonave, H., Chitiga, M., Decaluwé, B., Mabugu, R., Robichaud, V., Shepherd, D., Van der Berg, S. & Von Fintel, D. 2015. The impact of the international economic crisis on child poverty in South Africa. *Poverty and Public Policy*, 7(20):176-199.
- Mchiza, Z.J., Steyn, N.P., Hill, J., Kruger, A., Schönfeldt, H., Nel, J. & Wentzel-Viljoen, E. 2015. A review of dietary surveys in the adult South African population from 2000 to 2015. *Nutrients*, 7(9):8227-8250.
- National Department of Health, Statistics South Africa (Stats SA), South African Medical Research Council. 2019. *South Africa Demographic and Health Survey 2016*. Pretoria, South Africa.
- Population Health Research Institute (PHRI). 2024. Prospective Urban and Rural Epidemiological (PURE) study <https://www.phri.ca/research/pure/> [Date of Access: May 2024].
- Popkin, B.M. & Gordon-Larsen, P. 2004. The nutrition transition: worldwide obesity dynamics and their determinants. *International Journal of Obesity*, 28(3):S2-S9.
- Popkin, B.M., Adair, L.S. & Ng, S.W. 2012. Global nutrition transition and the pandemic of obesity in developing countries. *Nutrition Reviews*, 70(1): 3-21.
- Puoane, T., Steyn, K., Bradshaw, D., Laubscher, R., Fourie, J., Lambert, V. & Mbananga, N. 2002. Obesity in South Africa: the South African demographic and health survey. *Obesity Research*, 10(10):1038-1048.
- Rich, K. & Von Fintel, D. 2024. Childhood circumstances, social mobility and the obesity transition: Evidence from South Africa. *Economics & Human Biology*, 52.
- Ronquest-Ross, L.C., Vink, N. & Sigge, G.O. 2015. Food consumption changes in South Africa since 1994. *South African Journal of Science*, 111(9-10):1-12.
- Schotte, S., Zizzamia, R. and Leibbrandt, M. 2022. Snakes and ladders and loaded dice: poverty dynamics and inequality in South Africa between 2008 and 2017. *South African Journal of Economics*, 90(2): 214-242.
- Shisana, O., Labadarios, D., Rehle T., Simbayi, L., Zuma, K., Dhansay, A., Reddy, P., Parker, W., Hoosain, E., Naidoo, P., Hongoro C., Mchiza, Z., Steyn, N.P., Dwane, N., Makoae, M., Maluleke, T., Ramlagan, S., Zungu, N., Evans, M.G., Jacobs, L., Faber, M. & the SANHANES-1 Team. 2014. *South African National Health and Nutrition Examination Survey (SANHANES-1)*: 2014 Edition. Cape Town: HSRC Press.

- Spaull, N., Daniels, R.C., Ardington, C., Benhura, M., Bridgman, G., Brophy, T., Burger, R.(Ronelle), Burger, R. (Rulof), Buittenheim, A., Casale, D. & English, R. 2021. NIDS-CRAM wave 5 synthesis report. *Southern Africa Labour and Development Research Unit*.
- Southern Africa Labour and Development Research Unit & National Income Dynamics Study (2008). *Original survey information, South Africa 2008 (Wave 1)*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Statistics South Africa. 2024 National poverty lines. <https://www.statssa.gov.za/publications/P03101/P031012024.pdf> [Date of Access: September 2024].
- Steyn, N.P. & Mchiza, Z.J. 2014. Obesity and the nutrition transition in Sub-Saharan Africa. *Annals of the New York Academy of Sciences*, 1311(1):88-101.
- Vorster, H.H., Kruger, A., Wentzel-Viljoen, E., Kruger, H.S. & Margetts, B.M. 2014. Added sugar intake in South Africa: findings from the Adult Prospective Urban and Rural Epidemiology cohort study. *The American Journal of Clinical Nutrition*, 99(6):1479-1486.
- Weimann, A., Dai, D. & Oni, T. 2016. A cross-sectional and spatial analysis of the prevalence of multimorbidity and its association with socioeconomic disadvantage in South Africa: a comparison between 2008 and 2012. *Social Science & Medicine*, 163:144-156.
- Wentzel-Viljoen, E., Lee, S., Laubscher, R. & Vorster, H.H. 2018. Accelerated nutrition transition in the North West Province of South Africa: results from the Prospective Urban and Rural Epidemiology (PURE-NWP-SA) cohort study, 2005 to 2010. *Public Health Nutrition*, 21(14):2630-2641.
- Wittenberg, M. 2013. The weight of success: The body mass index and economic well-being in Southern Africa. *The Review of Income and Wealth*, 59(51):S62-S83.
- World Bank. 2024. GDP per capita. World Development Indicators. <https://databank.worldbank.org/indicator/NY.GDP.PCAP.CD/1ff4a498/Popular-Indicators> [date of access: October 2024].

A. AANHANGSEL

TABEL A1: Ordinale logistiese regressie vir mans met drie modelle wat die verhouding tussen onafhanklike faktore en die verandering in liggaamsmassa-indeks-kategorieë beïnvloed.

VERANDERING IN LMI-KATEGORIE	MODEL 1	MODEL 2	MODEL 3
Ondergewig _{t-2}	1.665*** (0.151)	1.691*** (0.153)	
Oorgewig _{t-2}	-1.268*** (0.142)	-1.304*** (0.141)	
Vetsugtig _{t-2}	-2.710*** (0.129)	-2.754*** (0.128)	
Ouderdom	0.054*** (0.021)	0.046** (0.021)	0.046** (0.021)
Ouderdom ²	-0.000* (0.000)	-0.000 (0.000)	-0.000 (0.000)
Stedelik _t	0.331 (0.653)	0.203 (0.645)	0.213 (0.655)
Stedelik _{t-1}	-0.144 (0.171)	-0.212 (0.177)	-0.192 (0.180)
Stedelik _t x Stedelik _{t-1}	-0.052 (0.675)	0.056 (0.672)	0.006 (0.683)
Jaar = 2012	-0.080 (0.087)	-0.080 (0.088)	-0.055 (0.087)
Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t		0.312*** (0.097)	
Normaal _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			-1.745*** (0.195)
Oorgewig _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			-2.646*** (0.254)
Vetsugtig _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			
N	6661	6661	6661

Standaardfoute tussen hakies

* $p < 0.1$, ** $p < 0.05$, *** $p < 0.01$

TABEL A2: Ordinale logistiese regressie vir vroue met drie modelle wat die verhouding tussen onafhanklike faktore en die verandering in liggaamsmassa-indeks-kategorieë beïnvloed.

VERANDERING IN LMI-KATEGORIE	MODEL 1	MODEL 2	MODEL 3
Ondergewig _{t-2}	1.594*** (0.201)	1.630*** (0.201)	
Oorgewig _{t-2}	-1.005*** (0.111)	-1.018*** (0.111)	
Vetsugtig _{t-2}	-2.311*** (0.077)	-2.327*** (0.078)	
Ouderdom	0.079*** (0.017)	0.077*** (0.017)	0.078*** (0.017)
Ouderdom ²	-0.001*** (0.000)	-0.001*** (0.000)	-0.001*** (0.000)
Stedelik _t	-0.086 (0.372)	-0.142 (0.387)	-0.108 (0.383)
Stedelik _{t-1}	0.167 (0.214)	0.133 (0.221)	0.113 (0.222)
Stedelik _t x Stedelik _{t-1}	0.001 (0.432)	-0.002 (0.452)	-0.016 (0.448)
Jaar = 2012	-0.060 (0.066)	-0.070 (0.066)	-0.070 (0.066)
Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t		0.284*** (0.082)	
Normaal _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			-1.611*** (0.276)
Oorgewig _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			-2.416*** (0.302)
Vetsugtig _{t-2} x Nie-arm _{t-2} x Nie-arm _t			-3.786*** (0.254)
N	9504	9504	9504

Standaardfoute tussen hakies

* $p < 0.1$, ** $p < 0.05$, *** $p < 0.01$

Die post-2024-verkiesingsomgewing – ’n politieke omgewingsverkenning en strategiese perspektief

The post-2024 election environment – a political environmental and strategic perspective

ANDRÉ DUVENHAGE

Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: andre.duvenhage@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-0255-2602>



André Duvenhage

ANDRÉ DUVENHAGE is ’n navorsingsprofessor aan die NWU en ’n politieke wetenskaplike, en spesialiseer in die veld van politieke verandering met as toepassing die Suid-Afrikaanse verband. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die UVS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

ANDRÉ DUVENHAGE is a research Professor at the NWU and a political scientist, and specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often heard as political commentator. He has been attached for longer than 35 years to academic institutions like the UFS and the NWU. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis.

ABSTRACT

The post-2024 election environment – a political environmental and strategic perspective
2024 was a year of elections and electoral changes throughout the world. Elections took place in countries like the USA, Britain, Russia, Malaysia, India and many other states, including several African and Southern African States. After 30 years of democracy (and democratic elections) South Africa held its seventh national and provincial elections. With the ANC support declining since 2004 and receiving only 57,9% (down from 69,7% nationally in the 2019 elections and only 47,5% in the local elections measured on a national level), questions were asked about the ANC’s ability to achieve an outright majority on a national level as well as concerns about majorities in two of the biggest provinces in the country, namely Gauteng and KwaZulu-Natal (KZN).

The 2024 election in South Africa took place against the backdrop of major political, economic and social challenges as well as strong trends of endemic corruption and state capture, implicating senior ANC and government elites. Service delivery was at an all-time

Datums:

Ontvang: 2025-08-06

Goedgekeur: 2026-02-03

Gepubliseer: Maart 2026

low and major challenges regarding the provision of electricity were experienced. Major reconfigurations within the political spectrum also took place with, amongst others, the establishment of the MK under the leadership of former president Jacob Zuma.

Electoral surveys, predictions and forecasts differed, with many analysts believing that the ANC would achieve a small but outright majority. However, some electoral surveys and other analysts referred to strong evidence suggesting that the ANC would lose an outright majority and that ANC support could be as low as beneath 40% support on a national level. When the election results were announced at the beginning of June 2024, it sent shock waves throughout the political establishment, with the ANC receiving only 40,13% of the national support and losing their majorities in both Gauteng and KZN, with the Northern Cape a border case.

The main aim of this article is to analyse the 2024 election and establish its impact on the political environment and the changes that have taken place since. With an ANC one-party government ruling since 1994 coming to an end, the outcome of the election saw the establishment of a Government of National Unity (GNU) accommodating 10 parties (more than 70% of the national support), representative of the broad political spectrum – but excluding the anti-system MK of Jacob Zuma as well as the radical EFF. By making use of a qualitative approach, a contextual and political environmental analysis will be done by focusing on:

- The political, economic and social environment in the build-up to the 2024 national and provincial elections.
- Elections in South Africa and the build-up to the 2024 elections.
- An analysis of the 2024 elections.
- The political outcomes of a changing political environment.
- Conclusions and future perspectives.

A major conclusion of this research is that South Africa has entered a new phase in its political development, with new rules and challenges, both nationally and internationally. The GNU is currently facing major challenges, and the success or failure of coalition politics is going to be critical for the successful consolidation of democratic practices against the backdrop of fundamental changes nationally, but also on a regional as well as on an international level.

KEYWORDS: South Africa; 2024 national and provincial elections; democracy; coalition politics; a changing political environment; Government of National Unity

TREFWOORDE: Suid-Afrika; 2024- nasionale en provinsiale verkiesings; demokrasie; koalisiëpolitiek; 'n veranderende politieke omgewing; Regering van Nasionale Eenheid

OPSOMMING

Tydens 2024 het talle verkiesings wêreldwyd in talle toonaangewende state plaasgevind, inbegrepe die VSA, Indië, Rusland, Maleisië, Verenigde Koninkryk en talle Afrikastate, waaronder Suid-Afrika. Ongeag voorspellings tot die teendeel het die 2024-verkiesing as 'n reuseskok vir die ANC-regering gekom – toe reeds 30 jaar aan bewind met meerderhede in alle provinsies met die uitsondering van die Wes-Kaap. Met net 40,13%-steun op nasionale vlak was dit duidelik dat 'n nuwe fase in die Suid-Afrikaanse politiek betree word. Die sentrale doelstelling van hierdie navorsing is om 'n politieke omgewingsverkenning te doen van strategiese faktore, in die besonder die impak van die 2024-verkiesingsuitslag op die huidige

bestel in Suid-Afrika, en om dit af te sluit met enkele toekomsgerigte perspektiewe. Die studie is kwalitatief van aard, maak gebruik van konteksanalise en interpretasie (op grond van 'n breë analitiese raamwerk), met as brandpunt die aanloop tot, en die verloop en afloop van die verkiesing en die implikasies daarvan vir die huidige politieke bestel in Suid-Afrika.

Inleiding

Hoewel nie heeltemal onverwags nie, en selfs deur sommige meningspeilings min of meer voorspel, is die uitslag van die 2024-verkiesing (nasionaal en provinsiaal) met skok, verbasing en soms selfs ontnugtering begroet. Die uitkoms was duidelik, naamlik dat Suid-Afrika nooit weer dieselfde sal wees nie en dat die polities-staatkundige bedeling vorentoe op 'n nuwe trajek geplaas sou word (Akinwotu & Bartlett, 2024:1). Terwyl politici in skok die uitkomste hiervan verwerk en talle analiste effens verdwaas toegekyk het, het 'n nuwe stel politieke werklikhede die toneel oorheers, wat dringende aandag verdien het en spoedeisend hanteer moes word.

Die uitkoms van die 2024-verkiesing is die produk van 'n proses wat reeds etlike jare gelede begin het met wat as 'n paleisrevolusie binne die ANC (2017–2019) beskou kan word, ondersteun deur 'n kompleksiteit van polities-staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en internasionale faktore. Die samehang van bogenoemde faktore het myns insiens 'n kantelpunt geskep waarvan partypolitieke hergroeperings die uitkoms was. Dit het ten dele reeds gemanifesteer in die 2019- nasionale en provinsiale verkiesings, asook en veral na afloop van die 2021- plaaslike verkiesing.¹

Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse politiek tans in 'n fase is wat soms as onderbroke ewewig beskryf word. Hierdie fase het verreikende politieke, ekonomiese en maatskaplike implikasies (vergelyk Human, 1998:1-6, 9-13). Dit is trouens nie vergesog om te argumenteer dat Suid-Afrika teen bogenoemde agtergrond 'n kritieke drempelpunt bereik het deur die konsolidasie van die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel nie; dat demokratiese spelreëls moontlik hersien en uitgebou sal moet word; en dat maatskaplike en ekonomiese hervorming ter ondersteuning van die demokratiese bestel tans uiters noodsaaklik geword het. Vandaar die totstandbrenging van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) en pogings om 'n Nasionale Dialoog te inisieer om dringende groter politieke, ekonomiese en maatskaplike vraagstukke onder die loop te neem.

Die doel van hierdie navorsing is om 'n politieke omgewingsverkenning van strategiese faktore uit te voer, veral rakende die impak van die 2024-verkiesingsuitslag op die huidige bestel in Suid-Afrika, en om dit met enkele toekomsgerigte perspektiewe af te sluit. Die studie is kwalitatief van aard, met 'n verkennende en ontledende inslag. Konteksanalise en interpretasie op grond van 'n makro-analitiese raamwerk is belangrik ten opsigte van hierdie navorsing. Konsepte en terme word geïntegreerd hanteer. Die navorsing is op die volgende aspekte toegespits:

- Politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede op die vooraand van die verkiesing
- Verkiesings in Suid-Afrika en die aanloop tot die 2024-verkiesing

¹ Vergelyk Duvenhage (2020a:241-268) se artikel *Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak-scenario?*, en *Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomspektiewe* (2020b:137-162) vir die agtergrond en perspektief ten opsigte van die genoemde kantelpunt en die uitspeel daarvan.

- Die 2024-verkiesing
- Politieke uitkomst van 'n veranderende omgewing
- Gevolgtrekkings en toekomsgerigte perspektiewe

Politieke, ekonomiese en maatskaplike omstandighede aan die vooraand van die verkiesing²

Politieke, ekonomiese, maatskaplike en internasionale omstandighede het in sekere opsigte drasties verander of telkens versleg en kan kortliks soos volg saamgevat word:

1. **Polities/Staatkundig:** Op die terrein van die politiek bestaan 'n gevestigde patroon van toenemende en telkens eskalerende politieke onstabiliteit en verhoogde veiligheidsrisiko's, wat saamhang met die toepassing van 'n verswakkende staat en die verval van staats- en semistaatsinstellings (Duvenhage, 2023c:1-32; Anoniem, 2019; Gumede, 2021:2:2022c; Greffrath, 2015).³ Die oorsprong van hierdie onstabiliteit is telkens ekonomies, maatskaplik of dienslewering georiënteerd, maar manifesteer polities betreffende diensleweringssproteste, arbeidsonrus en xenofobiese tendense. (Vergelyk ook Anoniem, 2019; Bloomberg, 2020; Erasmus & Hlangu, 2021 vir patrone en tendense van politieke onstabiliteit in Suid-Afrika.) Die politieke en institusionele verval en wanfunksionaliteit is uitgebreid en beteken dat die staat heel dikwels kernfunksies nie meer suksesvol kan uitvoer nie. Die onvermoë van die staat om hierdie kernfunksies (soos sakebeveiliging, infrastruktuur-instandhouding, dienslewering, ens.) uit te voer lei tot 'n patroon van stelseluitwyking en die totstandkoming van soms parallelle strukture op talle terreine, inbegrepe onderwys, gesondheid, infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding, veiligheid en dienslewering.
2. Die ANC se steunvlakke voor die 2024-verkiesing het sy grootste laagtepunt getoon, met die potensiaal vir toenemende konflik en geweld in die opbou tot (en ook ten opsigte van die afloop van) die genoemde verkiesing. (Vergelyk Du Toit en De Jager, 2015 vir die dalende steunvlakke van die ANC sedert 2004.) Die totstandkoming van die MK en 'n baie radikale EFF het die grondslag vir patrone van onstabiliteit gelê. Teenvoeters vir steunverliese, soos geïnisieer deur die ANC, het ingesluit populistiese wetgewing, rasedrewe politiek, en die uitbouing en konsolidasie van patronaatskappolitiiek waarin uitgebreide en verhoogde maatskaplike toelae 'n belangrike instrument was.⁴
3. 'n Ekonomie wat nie groei nie as gevolg van 'n gekompliseerde groep redes was kenmerkend op die vooraand van die verkiesing. Oor die laaste dekade het die ekonomie dikwels minder as 1% per jaar gegroei, met as uitkoms hoë werkloosheid, 'n beperkte belastingbasis met steeds groterwordende verpligtinge ten opsigte van die staatskas as

² Na hierdie aspekte word daar net baie oorsigtelik verwys ter wille van noodsaaklike agtergrond. Vir meer volledige besonderhede in hierdie verband kan Duvenhage (2020a:241-268; 2020b:137-162; 2023a:116-148; 2023c:1-32) en Johnson (2019a; 2019b; 2020a; 2020b; 2020c, 2021; 2023) geraadpleeg word.

³ Vir meer besonderhede oor die gekompliseerde en gedetailleerde aard van konflik en geweld, asook die verval van orde en stabiliteit in Suid-Afrika, kan Bloomberg (2020), Daily Investor (2022), Duvenhage (2023c), Eunomix (2020), Harding (2021), Vhumbunu (2021), Majoozi (2023), en Malan (2023) geraadpleeg word.

⁴ Hier word spesifiek verwys na pogings om artikel 25 van die Grondwet te wysig, Nasionale Gesondheidsversekering, die BELA-wet en die beoogde wetlike beheer en regulering van water.


uitkoms van populisties gedrewe inisiatiewe. Die oorsprong hiervan is grootliks ideologies, regulatief en beleidmatig van aard. Verswakkende infrastruktuur, redes wat met veiligheid en sekuriteit verband hou, verhoogde en eskalerende staatskuld, asook die ineenstorting van plaaslike regerings is verder ook grondliggend aan hierdie problematiek en kon moeilik oor die kort termyn omgekeer word. (Ongeag omgekeerde verwagtinge het die ekonomiese situasie nie tydens die Ramaphosa-era verbeter nie, maar eerder in meeste opsigte versleg.) Hiervan getuig sake soos 'n kleinerwordende persoonlike belastingbasis, eskalerende staatskuld (bereken as *per capita* van die bruto binnelandse produk); lae ekonomiese groei en laer vlakke van finansiële investering.)

4. Daar is maatskaplike uitdagings, waaronder die verbrokkeling van sosiale strukture (gesin, familie, ens.), armoede, werkloosheid en ongelykheid wat besig is om toe te neem, tesame met dienslewering, waaronder die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitasie wat in talle omgewings besig is om te verval of selfs reeds in duie gestort het. Nieteenstaande hierdie uitdagings het die regering op 'n populistiese wyse beloftes gemaak rakende maatskaplike toelae, om dit te vermeerder en/of te vergroot ten spyte van finansiële beperkinge, ekonomiese inkrimping en die verval van strukture en dienslewering.
5. 'n Veranderende internasionale konteks met groot politieke risiko's en uitdagings: Suid-Afrika se anti-Westerse houding en belyning met state soos Iran, Rusland, China en 'n uitgebreide BRICS-konteks is hier belangrik.⁵
6. Die postkantelpuntkonteks in die Suid-Afrikaanse politiek beteken die hersamestelling en -plasing van die politieke spektrum; die werklikheid van koalisiepolitiek met gepaardgaande veranderende politieke spelreëls wat in ag geneem moet word, met implikasies vir demokratiese prosesse, stabiliteit, doeltreffende besluitneming en dienslewering. Laasgenoemde was prominent op plaaslike regeringsvlak ná afloop van die 2021-verkiesing met die uitkoms van sowat 70 "hangrade" (Duvenhage, 2020a:241-268; 2022:187-214).

Om saam te vat het Suid-Afrika op die vooraand van die 2024-verkiesing gestaan voor sy grootste uitdagings sedert 1994, met talle onsekerhede ten opsigte van die pad vorentoe. Die status quo was nie meer volhoubaar nie en die vraag was nie of daar verandering sou wees nie, maar eerder watter vorm dit sou aanneem, watter tydraamwerk hier ter sprake is, en veral wat die regerende elite se reaksie op 'n potensieel verswakkende situasie sou wees. Dit het die 2024-verkiesing die belangrikste verkiesing sedert die totstandkoming van 'n nuwe grondwetlike bedeling gemaak, met groot risiko's vir veral die regerende ANC en wat polities gesproke daaruit kan voortspruit.

Vergelyk die volgende diagrammatiese voorstelling (die samehang van die kompleksiteit van faktore as samevatting van omstandighede) op die vooraand van die verkiesing:

⁵ Suid-Afrika word ook toenemend (ten minste vanuit die Weste en in besonder die VSA) beskou as 'n staat wat met terreurorganisasies saamwerk en hulle finansier, of terreurgelde binne sy finansiële stelsels het, en is ook onlangs op die sogenaamde grys lys geplaas (Burger, 2023).



Drie scenario's het die potensiele uitspeel van die verkiesing aangedui, naamlik 1) 'n status quo in 'n veranderende omgewing, 2) koalisiëpolitiek en nuwe spelreëls, of 3) 'n Suid-Afrikaanse Lente.⁶ Waar eersgenoemde verminderde steun, maar steeds 'n volstrekte meerderheid vir die ANC voorsien het, het koalisiëpolitiek 'n ANC-minderheid (hetsy bo of onder 45%) in die vooruitsig gestel. Laasgenoemde het die moontlikheid van 'n onsuksesvolle verkiesing en politieke onstabiliteit en praetoriaanse politiek⁷ in die vooruitsig gestel. Nieteenstaande die beklemtoning van verandering binne al drie die genoemde scenario's was die finale uitkomst steeds 'n groot verrassing en skok. Dit het nietemin deel gevorm van 'n groter patroon van steunverlies wat reeds sedert 2004 aan die orde was, maar tans teen 'n versnelde tempo, met sommige meningspeilings wat wel die kol in hierdie verband getref het.

Verkiesings in Suid-Afrika en die aanloop tot die 2024-verkiesing

Verkiesingspatrone en -tendense: Sedert 1994 het verkiesings nasionaal, provinsiaal en plaaslik betreklik konstant, patroonmatig en in 'n omgewing van relatiewe politieke stabiliteit plaasgevind. Verkiesings was in die algemeen vry en regverdig (kleiner insidente is wel aangemeld), en die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) het onder omstandighede goeie werk gedoen. Stabiliteit was gesetel in 'n dominante partystelsel waarin die ANC bykans alle politieke instellings (Wes-Kaap en enkele plaaslike regerings uitgesonder) oorheers en politieke gedomineer het. Kenmerkend van verkiesings (ten minste in die eerste twee dekades) was 'n patroon van ras- en kultuurgebaseerde sensusse, toenemende politieke apatie, eskalerende interne konflikte binne die ANC en die gepaardgaande verlaagde steun vir die ANC (Duvenhage, 2023:8-10). Stabiliteit en patroonmatigheid het nietemin geleidelik plek gemaak vir groter en vinniger verandering, met die 2021-verkiesing van plaaslike regerings

⁶ Vergelyk Duvenhage (2023b) vir besonderhede oor hierdie scenario's en die uitkomst wat daarvolgens in die vooruitsig gestel is.

⁷ *Praetoriaanse politiek* verwys na die intervensie van veiligheidsinstellings op die terrein van die politiek om sodoende orde, stabiliteit en sekerheid te bewerkstellig (Huntington, 1968:237-261).

(27 jaar later) wat as 'n historiese baken aangedui kan word (vergelyk Jonas (2021) se perspektief op die beëindiging van die ANC-hegemonie). Bestudeer die volgende diagrammatiese voorstelling van verlaagde steunvlakke van die ANC as motivering vir bogenoemde:

TABEL 1: Verlaagde steunvlakke van die ANC

DATUM	ANC-STEUN (PERSENTASIE)
1994	62,50%
1999	66,35%
2004	69,69%
2009	65,90%
2014	62,15%
2019	57,50%

(Du Toit & De Jager, 2015)

Die 2019-verkiesing (en veral die 2021- plaaslike verkiesing) het egter in die teken gestaan van groter en meer fundamentele politieke verandering, herposisionering en hersamestelling van die politieke spektrum. Gedryf deur politieke, ekonomiese en maatskaplike faktore het die Suid-Afrikaanse politiek 'n kantelpunt bereik soos vroeër aangedui en gemotiveer (Duvenhage, 2020a:241-268).⁸

Koalisieregering op plaaslike vlak: Aanvanklik meer geleidelik en later heelwat vinniger het 'n politieke era van eenpartydominansie sy einde bereik. Nêrens was die aanduidings sterker as juis met die uitkoms van die 2021- plaaslike verkiesings nie. Vir die eerste keer het die ANC-steun tot onder 50% (47,5% nasionaal gesproke) gedaal en was daar tot soveel as 70 hangrade op plaaslike vlak direk ná afloop van die verkiesing. Wat sedert 2016 'n beperkte politieke werklikheid was, het oornag 'n groot en harde werklikheid geword en **koalisiepolitiek** 'n noodsaaklikheid in sekere omgewings. Veral in die metropole waar die ANC-meerderhede in minderhede verander het (met groot implikasies vir magsverhoudings – konflikerend en/ of samewerkend – tussen partye en ook tussen regimes en partye), het dit letterlik oornag in sommige gevalle 'n uiters destabiliserende werklikheid geword.⁹ Hoewel nie beperk tot net

⁸ Die werk van Malcolm Gladwell, *The tipping point: How little things can make a big difference* (2000) het die teoretiese grondslag vir hierdie akademiese perspektief gelê. 'n Kantelpunt verwys na 'n kleiner krag of gebeurtenis (of kombinasies van faktore) wat 'n reeds onstabiele situasie verby 'n drempelpunt neem, met meestal verreikende verandering en onvoorspelbaarheid as uitkoms. In sy artikel *Foreseeing the unforeseeable* (2013:20-25) wys Andrew Nathan daarop dat dit baie moeilik is om kantelpunte by voorbaat te antisipeer. Hierdie argument is op Suid-Afrika toegepas (vergelyk Duvenhage, 2020a).

⁹ Heywood (2002:264) beskryf koalisies as “[...] a grouping of actors brought together either through the perception of a common threat, or through the recognition that their goals cannot be achieved by working seperately.” Soms word hierna in politiek verwys as “the partnership of unequals”. Waar alliansies geassosieer word met samewerking voor verkiesings, word koalisies gekenmerk deur samewerking ná afloop van verkiesings (Kadima, 2006).

die metropole nie, is koalisies in stedelike omgewings soos die Tshwane-, die Johannesburg-, die Ekurhuleni- en Nelson Mandela-metropool gekenmerk deur patrone van politieke onstabieliteit, wisselende regerings, gebrekkige tot beperkte besluitnemingsvermoëns, wat reeds gevestigde swak diensleweringspatrone vererger het (Duvenhage, 2022; 2023; 2023c). 'n Waardestelsel, insluitende die plasing van algemene belang bo eie belang, samewerking en verdraagsaamheid eerder as konflik, en konsensus eerder as magspolitië binne koalisie-omgewings was duidelik afwesig en het die gebrekkige aard van demokratiese konsolidasie niteenstaande dertig jaar van demokratiese stelsels, prosesse en verkiesings beklemtoon.

Kiesstelsel en 'n gewysigde die Kieswet 73 van 1998: Op nasionale en provinsiale vlak word daar van 'n proporsionele kiesstelsel as kiesstelsel gebruik gemaak. (Plaaslik is dit 'n gemengde kiesstelsel met 50% proporsioneel en die ander 50% verkies vanuit plaaslike wyke.) Kandidaatlyste word ooreenkomstig die Kieswet volgens prioriteitsorde voorgelê aan die OVK vir goedkeuring. Na afloop van die verkiesing verwerf kandidate posisies in wetgewende instellings (wetgewers of die Nasionale Vergadering), ooreenkomstig die persentasie steun van 'n bepaalde politieke party, met lyste as riglyn vir verteenwoordiging.

Hoewel die stelsel talle voordele het, is daar veral drie nadele wat ten opsigte van die bestaande kiesstelsel uitgewys kan word, naamlik party-elite wat bepalend is in die aanwys van kandidate op partylyste. Tweedens is individue op grond van goedgekeurde lyste (die lysproporsionele kiesstelsel), anders as die enkellidkiesafdelings, nie op 'n geografiese basis (setel, ensovoorts.) verkies nie, daarom is dit moeiliker om verantwoordbaarheid (burgers na verteenwoordiger wat 'n belangrike demokratiese norm is) van toepassing te maak. Derdens dra die lys proporsionele stelsel (wat in die geval van Suid-Afrika 'n lae drempelwaarde vereis vir verteenwoordiging, soos bepaal deur die Grondwet en Kieswet) daartoe by dat groot getalle partye deelneem, volstreekte meerderhede soms moeilik bereik word en 'n fragmentasie van die politieke proses soms onafwendbaar is. Laasgenoemde lei dikwels (soos wat die geval was in sowat 70 plaaslike regerings tydens die 2021- plaaslike verkiesing) tot die noodwendigheid van koalisiepolitiek.

Ná afloop van die 2019-verkiesing het die New Nations Movement in die Konstitusionele Hof nietemin die grondwetlikheid van die Kieswet en lysproporsionele kiesstelsel bevraagteken. Die kernargument was dat individue verhoed word om direk aan die politiek te kan deelneem, aangesien net partye nasionale en provinsiale verteenwoordiging geniet. Bogenoemde groepering het die saak gewen en 'n ministeriële advieskomitee is aangewys om die Kieswet te wysig. Die gestelde doeldatum is twee kere oorskry, en 'n gewysigde Kieswet is uiteindelik vir goedkeuring voorgelê. Teen April 2023 is die Kieswysigingswet 1 van 2023 gepromulgeer. Die gewysigde Kieswet het nietemin verskeie besware na die oppervlak gebring, naamlik:

1. Verskillende en selfs botsende reëls geld vir politieke partye enersyds en individue andersyds ten opsigte van reg tot verteenwoordiging. (Individue mag net staan vir 50% oftewel 200 lede van die Nasionale Vergadering en moet persentasiegewys meer handtekeninge werf as bewys van ondersteuning.)
2. Hier is sprake van 'n ongelyke politieke speelveld, wat partye ten koste van individue bevoordeel.
3. Uitgebragte stemme onder of bo die kwota vir individue bevoordeel politieke partye. (Wanneer individuele kandidate meer stemme as die bepaalde kwota verdien, gaan die stemme verlore, moet herbereken word of op 'n ander basis verdiskonteer word. Hierna word verwys as die sogenaamde “overhang seats”).

4. Die proporsionele stelsel (wat reeds 'n groot aantal partye moet akkommodeer) word baie gekompliseer met die toevoeging van individuele name, wat die stelsel ingewikkeld en ook moeilik bestuurbaar kan maak.

(Vergelyk die Electoral Commission of South Africa (2024) en die Wysigingskieswet (2023) vir besonderhede oor bogenoemde asook die voorafgaande gedeelte.)

Enkele maande voor die 2024-verkiezing op 29 Augustus 2023, het die Vereniging vir Onafhanklike Kandidate en die One South Africa Movement die voorgestelde wysigingswetsontwerp (soos onlangs deur die president onderteken) op 'n dringende basis voor die Grondwetlike Hof geplaas in 'n poging om die grondwetlikheid daarvan te toets. 'n Brandpunt van kritiek was die ongelyke politieke speelveld waarop individuele kandidate teen partye moes meeding. Talle instellings, waaronder die *Helen Suzman Stigting*, die *Inclusive Society Institute* en ander akademiese dinkskrums, het in die aanloop tot die verkiesing nog voorleggings en/of aanbevelings gemaak ten opsigte van 'n verbeterde kiesstelsel en/of 'n verbeterde belyning met die oorspronklike besluit van die Grondwetlike Hof. Nieteenstaande bogenoemde inisiatief is die bestaande gewysigde kieswet bykans onveranderd behou met die oog op die 2024-verkiezing.¹⁰

Met die aanvang van die 2024-verkiezing was daar 'n gewysigde kieswet, met as uitkoms 'n meer gekompliseerde toepassingsplan en ook vraagtekens oor die aard van wysigings aangebring, en of dit voldoende uitdrukking gee aan die vroeëre besluit van die Grondwetlike Hof.

Meningspeilings in die aanloop tot die verkiesing: Verskeie organisasies het in die aanloop tot die verkiesing meningspeilings uitgevoer, met wisselende akkuraatheid. *IPSOS-Markinor* het die ANC se steun op 27 Oktober 2023 op 43% geplaas; tydens 6 Februarie 2024 op 40,5%; en op 40,2%, soos gemeet op 27 April 2024. Die DA het in dieselfde tydgleuwe steunbasisse van onderskeidelik 20%, 20,5% en 21,9% aangedui, met die EFF op 18%, 19,6% en 11,5%. Die MK het tydens die 27 April-peiling 8,4% politieke steun weerspieël. Die *Social Research Foundation* het tydens April 2024 (gebaseer op 'n 60% stempersentasie) die ANC se steun op 38% geplaas, die DA op 25%, die EFF op 11%, terwyl die MK se steun op 14% bereken is. Die *Brenthurst Foundation* het tydens Februarie 2024 die ANC se steun op 39% geplaas, die DA op 27%, die EFF met 10%, en die MK op 13% (Duvenhage, 2024:1-30).¹¹

Op die vooraand van die belangrike verkiesing van 2024 was die volgende duidelik:

- Suid-Afrika ervaar van die grootste politieke-staatskundige, ekonomiese en maatskaplike uitdagings sedert die aanvang van demokrasie in Suid-Afrika.
- ANC-steunbasisse toon 'n konstante afwaartse trajek, met die DA wat sy steunbasis gekonsolideer het; die EFF wat stewig in peilings vertoon het; die IVP op 'n groeiende trajek, en talle nuwe partye wat onbekende faktore was, en soms te klein om steun vanuit talle peilings akkuraat te kon bepaal.
- Dit was duidelik dat 'n politieke hergroepering van kragte te wagte was, met die ANC

¹⁰ Myns insiens het die gewysigde kieswet en die implementering van die kiesstelsel in 'n gewysigde vorm nie 'n gelyke speelveld as uitkoms nie. Vorentoe kan verdere wysigings aan die kieswet nie uitgesluit word nie.

¹¹ Raadpleeg ook Duvenhage (2024a:1-30) se aanbieding *Suid-Afrika se belangrikste verkiesing sedert 1994* voor 'n byeenkoms van die SAAWK te Potchefstroom vir meer besonderhede oor die meningspeilings.

wat duidelik steun verloor en die MK (net enkele maande oud) wat dubbelsyfers in sommige peilings behaal het.

- Akademici en verkiesingspesialiste was skepties teenoor meningspeilings en het veral gewys op die vermoë van die ANC om kort voor verkiesings die bordjies te verhang. Kortom, die meerderheid politieke analiste het 'n 50% steunbasis of meer vir die ANC voorsien; baie beperkte steun vir die MK, en net 'n beperkte-gewysigde *status quo* as algemene uitkoms van die verkiesing.
- Die gewysigde kiesstelsel en die rol van individuele kandidate is nie as strategies belangrik geag nie, hoewel kommer bestaan het oor die uitvoering van 'n meer gekompliseerde kiesmodel en die logistieke eise daaraan verbonde.
- Koalisiepolitiek is as moontlikheid genoem op 'n nasionale vlak en ook ten opsigte van provinsies soos KZN en Gauteng indien die ANC nie die 50% steunbasis kon bereik nie.

Met bogenoemde as agtergrond het die langverwagte, en deeglik beoordeelde verkiesing, teen die agtergrond van groot politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings plaasgevind.¹²

Die 2024-verkiesing

Ten spyte van kommer oor logistieke aspekte van die verkiesing (organisatoriese sake; die groot getal partye wat deelneem; meer stembriewe as gevolg van 'n gewysigde kiesstelsel; asook begrotingskwessies) het die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) hul gereedheid vir die verkiesing vooraf beklemtoon. Daar was 27,79 miljoen geregistreerde stemgeregtigdes met 14 889 kandidate wat vir 887 setels meegeding het, beide nasionaal en in die nege provinsies. Sowat 70 politieke partye en 11 onafhanklikes is deur die OVK geakkrediteer om aan die verkiesing deel te neem. Daar was 23 292 stempunte, met die meeste in KZN (9 740), die Oos-Kaap (4 868) en Limpopo (3 216). Net 15 partye het beide nasionaal en in al nege provinsies deelgeneem. Drie stembriewe, naamlik 'n nasionale stembrief (net vir 200 lede van die Nasionale Vergadering); provinsiaal na nasionale stembrief (die ander 200 lede van die Nasionale Vergadering), en 'n provinsiale stembrief sou vir die eerste keer gebruik word¹³ (IEC.2024. 1-4; Duvenhage, 2024:1-20).

Inaggenome die omvang van organisatoriese en logistieke reëlings asook die uitvoering van 'n reuseverkiesingsproses (met boonop 'n gewysigde kiesstelsel), het die verkiesing bo die algemene verwagting vlot verloop.¹⁴ Politieke stabiliteit was meestal aan die orde van die dag; kleiner logistieke probleme het wel opgeduik en is hanteer, terwyl kiesers kon stem in 'n vry en funksionerende omgewing. Op 3 Junie 2024 word die 7de nasionale en provinsiale

¹² As deelnemer aan talle akademiese ontledings, gesprekke en diskoerse ten opsigte van die 2024-verkiesing, kon waargeeem word dat baie min akademici gereken het dat die ANC onder 50% steun sou kry. Met uitsondering van enkele meningspeilings (en moontlik sommige analiste) was die nasionale uitslag van 40,18% 'n totale verrassing en was skok en verbasing aan die orde van die dag toe die uitslag bekend gemaak is.

¹³ Vroeër is net twee stembriewe gebruik, maar die wysiging aan die kieswet, soos vroeër aangedui waarvolgens ruimte gemaak moes word vir onafhanklike kandidate, het 'n derde stembrief genoodsaak.

¹⁴ Met die voltooiing van die 2024-verkiesing (voordat die uitslag bekendgemaak is) is daar reeds 579 klagtes geregistreer. Hierdie klagtes was meestal nie substantief van aard nie, en die verkiesing is uiteindelik vry en regverdig verklaar (SABC:2024:1-7). Dit was die MK wat uiters ontevrede was, maar hulle was onsuksesvol om die uitslag se geldigheid juridies te kon betwis.

verkiesing as vry en regverdig verklaar, nieteenstaande kleiner uitdagings, onder meer persoonlike aanvalle op OVK-werknemers, ondermyning van instellings, disinformasieveldtogte en intimidasie. Dit was veral die MK wat die uitslag bevraagteken het en met regstappe gedreig het, en selfs regsprosesse teen die uitslag begin het. Die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Election Satisfaction Survey* het nietemin getoon dat sowat 92% stemgeregtigdes positief gereageer het op die bestuur en hantering van die verkiesing deur die OVK, en het bevind dat “Overall, the results of the 2024 survey indicate the ongoing integrity of the election process and the Commission” (Roberts, Muller & Struwig, 2024;17). Die verwysde opname het 13 155 onderhoude gevoer (50 elk uit 300 verteenwoordigend geselekteerde stempunte) waarin aspekte van die verkiesing ondersoek is. Hierdie aspekte het ingesluit die *vryheid* en *regverdigheid* ten opsigte van die stemproses; mate van *dienslewering* en *ondersteuning* deur die OVK; die *vertroue* in die stemproses; die *ondersteuning* vir kwesbare groepe; mate van *geheimhouding* en *tydsduur* om te stem. Oor die algemeen was die uitslae positief en het dit die uitkoms van ’n vrye en regverdigde verkiesing beklemtoon.¹⁵

Die uitslag van die verkiesing en setels toegewys op onderskeidelik nasionale en provinsiale vlakke (in vergelyking met die 2019-verkiesing) kan volledig in bylaag B bestudeer word.¹⁶

Uitstaande kenmerke van die verkiesing het ingesluit:

1. Die ANC het as dominante hegemonie oor die laaste 30 jaar (Wes-Kaap en enkele plaaslike regerings uitgesluit) sy meerderheid nasionaal, asook provinsiaal in Gauteng en KZN verloor. In die Noord-Kaap het die ANC ’n bykans volstrekte meerderheid verwerf, maar veiligheidshalwe steun van buite (VF Plus) gebruik om politieke stabiliteit te verseker. Met ’n steunverlies van meer as 17% op nasionale vlak en minderheidsregerings in KZN en Gauteng, het hierdie verkiesing ’n daadwerklike draaipunt verteenwoordig en bewys gelewer van die politieke kantelpunt wat reeds sedert 2019 begin vorm aanneem het.
2. Koalisiepolitiek is na dese nie net beperk tot talle plaaslike regerings (in besonder metropole) nie, maar ook nou nasionaal en in die bogenoemde twee provinsies ’n realiteit om mee rekening te hou. Koalisiepolitiek blyk nou ook ’n meer permanente kenmerk van die politieke landskap op alle vlakke te wees, met ’n nuwe stel politieke vereistes, waardegrondslag en meer gekompliseerde toepassings van demokratiese norms soos aanspreeklikheid, verantwoordbaarheid, deursigtigheid, onderhandeling en skikking in die aanloop tot besluitneming.
3. ’n Regering van Nasionale Eenheid (RNE)¹⁷ wat uit tien partye saamgestel is en funksioneer ingevolge samewerking (soos verwoord in ’n verklaring van voorneme) wat van toepassing is op beide die uitvoerende en wetgewende terreine.
4. Die MK met ’n radikale anti-stelsel-oriëntasie sal voortaan die amptelike opposisie vorm. Uitgaande van ’n ideologie van Marxisme-Leninisme asook Pan-Afrikanisme word beslag gegee aan ’n revolusionêre denkpatoon waarin die grondwet, die Romeins-Hollandse Reg en die Britse Gemenereg (Common Law) verwerp word

¹⁵ Kritiek is wel uitgespreek ten opsigte van die partydigheid van amptenare, soos in die genoemde verslag weerspieël (Roberts, Muller & Struwig, 2024:1-18).

¹⁶ Sien Bylaag B aan die einde van die teks.

¹⁷ Verskeie voorbeelde van RNE’s word histories aangetref. ’n RNE verwys na ’n uitgebreide koalisieregering wat tydens ’n nasionale krisis of na afloop van byvoorbeeld ’n oorlog eenheid en stabiliteit ingevolge uitgebreide samewerking van partye binne die groter politieke spektrum wil bevorder en bewerkstellig. In essensie gaan dit hier oor uitgebreide samewerking met as uitkoms gesamentlike besluitneming en konsensus.

(MK Party, 2024.)¹⁸ Die implikasie hiervan is dat die sentrum van die debat nou links is waar die sentrum voorheen regs was.

5. Politieke apatie, oftewel die gebrek aan deelname van burgers aan politieke prosesse, was veral baie opvallend tydens die 2024-verkiesing. Van die 27,7 miljoen geregistreerde stemgeregtigdes het slegs 16,2 miljoen of 58,6% stemgeregtigdes gestem. Dit beteken dat meer as 11 miljoen mense nie gestem het nie. Dit is in skerp kontras met byvoorbeeld die 89,3% wat aan die 1999-verkiesing deelgeneem het. Bereken as persentasie van alle stemgeregtigdes het net 41% deelgeneem aan die verkiesing – sowat 15% laer as die gemiddeld bereken vir 173 state oor die wêreld heen. Politieke apatie is 'n dekade-oue tendens tydens verkiesings in Suid-Afrika – 'n patroon wat oor die jare heen vererger het (vergelyk HSRC, 2024:1-11; Mbete, 2024:1-2).¹⁹ As barometer vir 'n suksesvolle demokrasie beklemtoon hierdie patroon dat die Suid-Afrikaanse demokrasie nie so gesond is as wat sommige mag voorhou nie.
6. Hoewel dit nie 'n nuwe tendens is nie, het die 2024-verkiesing weer eens die rol van identiteit (ras, klas, kultuur en gender) betreffende stemgedrag geïllustreer. Wat wel interessant is, is dat kleiner identiteite, dus meer partye en nou ook individue, deelneem aan verkiesings, soos bevestig deur die sowat sewentig partye wat deur die OVK geakkrediteer is om aan die verkiesing deel te neem. Effektief het slegs 52 partye uiteindelik deelgeneem (vergelyk Mbete, 2024:1).
7. Die diep verdeelde aard van die Suid-Afrikaanse politiek word toenemend in die politieke proses weerspieël, en het as uitkoms eskalerende konflik, koalisiëpolitiek en heel dikwels patrone van onstabiliteit.

Daar kan min twyfel wees dat die 2024-verkiesing 'n waterskeidingsverkiesing was met verreikende implikasies vir alle partye, in besonder die ANC, wat reeds 30 jaar aan bewind was. Die uitkomst van die verkiesing was verreikend en het 'n veranderende politieke omgewing daargestel waar daar vervolgens en ten slotte op gekonsentreer word.

'n Veranderende politieke omgewing

Kontekstuele perspektiewe

Gedurende 2024 het verkiesings in meer as 60 state wêreldwyd plaasgevind. Talle verkiesings het gestaan in die teken van verandering en ontwigting – telkens vir bestaande bewinde waarvan sommige lank in die tuig was. Buite Afrika was daar verkiesings in onder meer Bangladesj, Indonesië, Indië, die Europese Parlement, Frankryk, Sri Lanka, Japan, Finland,

¹⁸ Die grondwet van die MK beklemtoon sy radikale en anti-stelsel oriëntasie deur die verwerping van die grondwet en die beginsels waarop die bestaande regsorde gebou is; die vereniging van alle progressiewe kragte nasionaal en internasionaal om doelwitte te bereik; die radikale verdeling van natuurlike en ekonomiese hulpbronne vir almal; demokratiese sentralisme soos geassosieer met kommunistiese state, en gedekoloniseerde onderwys – om na enkele belangrike aspekte te verwys. Lesers word verwys na die Grondwet van die MK (2024:1-62).

¹⁹ Lae vlakke van registrasie word veral by jeuggroepen aangetref. Vir 'n gedetailleerde ontleding van patrone en tendense ten opsigte van apatie onder kiesers kan Mbete se *Making sense of voter turnout in the 2024 South African National and Provincial elections* (2024:117-149) geraadpleeg word.

Portugal, Suid-Korea, Panama, Meksiko, die Verenigde Koninkryk, Uruguay, die VSA en Roemenië. Bewindsveranderinge en verliese aan steun vir bestaande regerende partye (wat soms aan koalisieregerings beslag gegee het) het voorgekom in die VSA, Brittanje, Suid-Korea en Japan (Pew Research, 2024:1-7).²⁰

In Afrika het talle verkiesings plaasgevind, met bewindsveranderinge in Senegal en Botswana, verlaagde steunvlakke vir SWAPO in Namibië, en politieke onstabieleit in Mosambiek na afloop van die verkiesing daar. Dit is duidelik dat die winde van verandering (soos ook in ander dele van die wêreld) ook hier aan die orde is. Verkiesings in Afrika, soms in teenstelling met sommige ander dele van die wêreld, het telkens teen die agtergrond van korrupsie, nie-vrye en nie-regverdige verkiesings, diensleweringssuitdagings, politieke konflik en wantroue in leierskap plaasgevind (Mpani, 2024:P1-8.) Hoewel Suid-Afrika allermins losstaan van laasgenoemde, kan daar wel aanspraak gemaak word op 'n betreklik vrye en regverdige verkiesing. Soos in ander dele van die wêreld moet dit nietemin beoordeel word teen die agtergrond van verandering, en in die geval van Suid-Afrika met selfs fundamentele verandering, met as brandpunt die oudste bevrydingsbeweging op die vasteland, te wete die ANC.

'n Verlies aan mag en die hantering daarvan

Met 'n verlies aan steun vanaf 57,5% in 2019 tot net 40,13% in 2024, is die ANC-regime (meer as net die regering) tot in sy fundamente geskud. Die party wat onoorwinlik was en in die woorde van Jacob Zuma "tot die wederkoms sou regeer" het klaaglik misluk.²¹ Dit was terug na die tekenbord, koalisiengesprekke het begin en in 'n periode van enkele weke is 'n regering van nasionale eenheid op die been gebring. Die strategiese besluit ten gunste van 'n RNE waarin tien partye uiteindelik betrokke sou wees (eerder as net een of twee partye), was 'n waarborg dat die ANC sy magsbasis kon konsolideer op die grondslag van verdeel en heers. Dit was duidelik 'n poging om die ANC se magsbasis te verskans binne die beperkinge wat 'n post-verkiesingsomgewing grondwetlik/polities gestel het, en om strategiese vennote soos die SAKP en COSATU steeds aan boord te probeer hou.

Die verdeling van kabinetsportefeuljes het die ANC dan ook proporsioneel bevoordeel; kleiner partye is bemagtig met kabinetsposisies, en die grootste opposisieparty, naamlik die DA, se mag is weer relatief gesproke beperk op grond van getalle (proporsioneel gesproke) asook invloed – verwysend na die minder invloedryke posisies in veral die kabinet. Kortom, die ANC mag die verkiesing verloor het, maar het die onderhandelinge binne die raamwerk van die RNE gewen en so min as moontlik van mag afstand gedoen. Die meerderheid strategiese posisies in die presidensie en die kabinet was nog steeds in die hande van die ANC, met die formele opposisie myns insiens ietwat verswak rakende die uitkomst van die onderhandelings.

²⁰ Die verkiesing wat in Rusland plaasgevind het, was nie demokraties van aard nie. In beide Duitsland en Kanada het die bestaande regerings onlangs tot 'n val gekom en is 'n verkiesing in eersgenoemde vir Februarie 2025 geskeduleer, met laasgenoemde wat voor einde Oktober 2025 na die stembus moet gaan. In beide gevalle is die kans goed dat konserwatiewe en regsgerigte bewinde in die onderskeie state kan oorneem, wat deel vorm van 'n gevestigde patroon in hierdie verband in Westerse state met inbegrip van die VSA, Nederland, Oostenryk en Frankryk, met Engeland 'n effense uitsondering.

²¹ Dit is nogal ironies dat juis Jacob Zuma se MK die grootste enkele rede was vir die groot verlies aan steun vir die regerende ANC.

Regering van Nasionale Eenheid

As 'n breë koalisie van partye verteenwoordigend van die spektrum van partye, is 'n RNE ooreenkomstig grondwetlike riglyne binne enkele weke na die 2024-verkiezing tot stand gebring. Tien partye is hier verteenwoordig, naamlik die ANC (40,18%/159 lede); DA (21,8%/87 lede); IVP (3,85%/17 lede); PA (2,05%/8 lede); VF Plus (1,36%/6 lede); UDM (0,49%/3 lede); Rise Mzansi (0,42%/2 lede); PAC (0,23%/1 lid); AL Jama-ah (0,2%/2 lede); en GOOD (0,18%/1 lid) (PMG:2024:1-2).²² Die grondslag van samewerking is gelê in 'n *Verklaring van Voorneme*. Kernbrandpunte van die ooreenkoms (in navolging van die *Grondwet* asook die *Handves van Menseregte*) het ingesluit:

- Inklusiewe groei en werkskepping;
- die vermindering van armoede en die aanpak van hoë lewenskoste, en
- die bou en ontwikkeling van 'n sterk en etiese staat met 'n ontwikkelingsgerigtheid en -grondslag.

(The GNU's Founding Statement of Intent – ANC/DA, 2024:1-3).

Dit was reeds vroeg duidelik dat fundamentele verskille tussen partye (veral die twee grootste vennote, naamlik die DA en die ANC) bestaan oor kwessies soos omstrede wetgewing soos die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (BELA-Onderwyswet); Nasionale Gesondheidsversekering; die sogenaamde Onteieningswet, en voorgestelde wetgewing ten opsigte van Waterbeheer; buitelandse beleid op talle vlakke en ten opsigte van talle kwessies; bestaande en reeds gevestigde wetgewing soos Swart Ekonomiese Bemagtiging en Ekwiteite; transformasie en kader ontplooiings; die toepassing van die bevindinge van die Zondokommissie en ander verslae wat korrupsie en ander wanpraktyke impliseer, asook ekonomiese en maatskaplike prioriteite in die algemeen, en in besonder hoe hierdie sake aangepak behoort te word in belang van groei en werkskepping. Artikel 19 van die *Verklaring van Voorneme* bepaal dat konsensus gesoek moet word en dat 60% steun as genoegsame konsensus (Artikel 19,3) geag sal word.

Die president se onlangse ondertekening van beide die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (BELA) sowel as die Onteieningswet het tans 'n krisis binne die RNE veroorsaak, met president Ramaphosa wat toenemend onder druk van radikale groeperinge binne sy eie geledere verkeer (lees die Gautengse ANC, SAKP, Cosatu en andere), met boonop 'n plaaslike verkiesing wat wink in 2026. Tans wankel die RNE op 'n afgrond; bestaan daar geen sterk leierskap nie, en is ekonomiese, maatskaplike en internasionale kwessies besig om eerder te versleg. Hoewel 'n RNE waarskynlik die beste scenario binne die huidige omgewing is (ten minste beter as voortgesette konflik en stryd), kan Suid-Afrika ook nie die onstabiliteit en besluiteloosheid van die huidige situasie verder hanteer nie. Soos ook vroeër reeds bewys, definieer koalisiepolitiek nuwe spelreëls, wat groot aanpassing verg vir beide regerings- en opposisie-groepe – sommige voormalige opponente met diep ideologiese verskille.

Koalisiepolitiek en veranderende politieke spelreëls

Koalises is nie heeltemal onbekend binne die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel nie. Sedert 2016 en veral na die 2021-plaaslike verkiesings het talle koalises, veral in die sogenaamde metropole, tot stand gekom. Met die 2024-nasionale en provinsiale verkiesings is koalisiepolitiek ook op nasionale vlak (die RNE) en in twee provinsies, Gauteng en KZN, tot stand gebring. In die verlede (op enkele uitsonderings na) was gewone demokratiese meerderhede nodig om politieke besluite te neem. ANC-eenparty dominansie was aan die orde, maar hierdie

scenario het sedertdien drasties verander, met nuwe politieke spelreëls wat gevolg moet word. Koalisiepolitiek gaan myns insiens 'n permanente deel van die politieke landskap in Suid-Afrika word, en kan volgens aanduidings en tendense selfs nog meer uitgebreid voorkom in die toekoms.²³

Koalisiepolitiek word geassosieer met konstitusionele demokrasie waarin gereelde en vrye verkiesings gehou word en waarin geen enkele party na afloop van die verkiesing 'n volstreekte meerderheid verwerf nie. Dit veronderstel samewerking tussen partye op die een of ander wyse, en daar moet institusioneel hieraan beslag gegee word. Met koalisiepolitiek, anders as eenparty-dominante partystelsels, bestaan die noodsaak om soms talle partye bymekaar te bring ingevolge die een of ander vorm van ooreenkoms/handves/verklaring van voorneme waarvolgens daar dan regeer sal word. Die suksesvolle funksionering van koalisiepolitiek appelleer sterk op 'n pakket van waardes onderliggend aan 'n demokratiese bedeling wat die volgroeiende aard van die demokrasie (al dan nie) aantoon. Hierdie waardes sluit in grondwetlike regering; verantwoordbare en deelnemende regering; die handhawing van die oppergesag van die reg; politieke en administratiewe aanspreeklikheid, asook politieke verdraagsaamheid. Die afwesigheid hiervan, soos onder meer in Suid-Afrika ervaar word, het reeds gelei tot talle mislukte eksperimente betreffende koalisiepolitiek en het saamgeval met uiters negatiewe politieke en regeerkundige gevolge in verskeie omgewings.²⁴

Suksesvolle koalisiepolitiek is afhanklik van faktore soos betreklike politieke stabiliteit binne die staatsbestel; die gekonsolideerdheid van demokratiese waardes en praktyke; sosiale samehangendheid binne die samelewing of komponent ter sprake; elite-inkoop en politieke leierskap wat hiermee gepaard gaan, asook suksesvol funksionerende stelsels om aan algemene eise en verwagtinge te voldoen (Duvenhage, 2022:187-214; 2023:99-121).

Waar koalisiepolitiek ter sprake is, is 'n spesifieke etos en waardestelsel as onderbou vir die bedryf van politiek noodsaaklik. Dit sluit verdraagsaamheid in ten opsigte van ander politieke standpunte/oriëntasies; 'n ingesteldheid tot onderhandeling en gesprek in die algemeen; 'n "winner-lose-it-all"-beskouing (die belangrikheid van ooreenkomste en die handhawing daarvan), en elite-konsensus as 'n grondslag vir wedersydse vertroue. Talle van hierdie aspekte is bloot beperk ontwikkel en toegepas. Vandaar die talle uitdagings waarmee koalisiepolitiek in hedendaagse Suid-Afrika gekonfronteer word (vergelyk Booysen, 2021).

Binne die RNE ('n uitgebreide koalisie van partye oor die politieke spektrum heen) bestaan daar tans verskeie groot uitdagings wat nie net konflik genereer nie, maar selfs die voortbestaan van die instelling in gevaar stel. Die aanvaarding en toepassing van omstrede wetgewing (BELA; Onteining; NGV en andere); optrede en handeling teen korrupsie en staatskaping (of telkens die afwesigheid daarvan), en internasionale kwessies (Israel voor die Internasionale Strafhof; politieke belyning met Rusland en Iran ten opsigte van internasionale konflikte; standpunte vir en teen Donald Trump) is bloot enkele van die belangrike kwessies waaroor daar tans nie konsensus bestaan nie, wat vererger word deur die ANC wat op dieselfde wyse wil regeer as tydens die vorige administrasie, waar 'n volstreekte meerderheid aan die orde was.

²² Sonder die steun van die DA en die VF-Plus is die totaal slegs 193 lede in die Nasionale Vergadering, wat nie 'n volstreekte meerderheid van 200 plus 1 is nie.

²³ Hierdie perspektief het as grondslag die waarskynlike uitkomst van die 2026-plaaslike verkiesing asook die 2029-nasionale en provinsiale verkiesing, inaggenome bestaande tendense en patrone, histories vasgelê.

²⁴ Raadpleeg Duvenhage (2023:99-121) se artikel *Koalisiepolitiek: die kuns van die (on)moontlike*, vir besonderhede oor die konsep, sy toepassing en uitdagings hiervan binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Die onvermoë om hierdie faktore suksesvol aan te pak en die vermoë om die politiek volgens nuwe spelreëls te hanteer kan in die uiterste geval tot die val van die RNE en ook provinsiale regerings in veral KZN en Gauteng lei – ’n praktyk wat welbekend is op plaaslike regeringsvlak in verskeie omgewings.²⁵ Die bemeestering asook suksesvolle toepassing van nuwe spelreëls kan die sukses (al dan nie) van koalisiëpolitiek tydens die sewende administrasie op beide nasionale en sekere provinsiale vlakke bepaal.

Die hergroeperings van die politieke spektrum

Verlaagde steunvlakke vir die ANC, die verskyning van nuwe politieke akteurs en die onderprestering van andere het politieke magsbasisse herdefinieer en die hergroeperings van die politieke spektrum genoodsaak. Na afloop van die 2019-nasionale en provinsiale verkiesings en die 2021-plaaslike verkiesing het hierdie tendens momentum gekry met die 2024-nasionale en provinsiale verkiesings en die totstandkoming van die RNE, wat ’n nuwe tydvak ingelui het. Die noodsaak van politieke samewerking (alliansiesluiting voor verkiesings en koalisievorming na afloop van verkiesings) het uitdrukking gegee aan ’n spektrum van hergroepering. Kenmerke van die hergroepering sluit onder meer in:

- Konteksgebondenheid van samewerking tussen partye (met ander woorde die aard van samewerking verskil van een konteks/omgewing na die ander). Hierdie aspek bring politieke inkonsekwentheid en konflikterende samehange na vore.
- In samehang met die voorafgaande punte is asimmetriese koalisieformasies aan die orde. Daarvolgens werk bepaalde partye op een vlak en binne een konteks saam, net om mekaar weer in ander kontekste te opponeer. Individuele belange ten koste van groter partybelange is dikwels hier aan die orde en was waarneembaar by verskeie partye, ingegrepe die EFF, die IVP, Action South Africa, en VF Plus.²⁶
- Individue wat een party verlaat om by ’n ander party aan te sluit, met dikwels persoonlike voordeel in die oog, of sodanige besluit word gemotiveer deur interne partykonflik en/of die herposisionering van politieke partye.
- Na afloop van die 2024-verkiesing het die MK, wat links van die stelsel is met ’n sterk anti-stelseloriëntasie, die rol van amptelike opposisie oorgeneem, met die voormalige formele opposisie (die DA met ’n sentrum-konserwatiewe oriëntasie) wat nou deel van die RNE geword het.
- Algemene rolverandering van ander partye (benewens die DA) wat tans deel van die RNE is. Hierdie partye is nog besig om hul plek in ’n nuwe omgewing te vind.
- Die formalisering van ’n sogenaamde Progressiewe Alliansie (links van sentrum) wat ten minste in naam en/of per ooreenkoms bestaan. Afhangend van die dinamika wat vorentoe binne die ANC kan uitspeel (lees die opvolgstryd; interne konflikte;

²⁵ Die DA het na die ondertekening van die omstrede Onteieningswet Klousule 19,3 van die *Verklaring van Voorneme* waarop die RNE tot stand gekom het, geaktiveer waarvolgens ’n 60% inkoop van deelnemende partye as grondslag vir besluitneming moet dien. Dit dui op die kwesbaarheid van die RNE op hierdie oomblik, veral en indien die DA, VF-Plus en moontlik andere sou besluit om te onttrek of teen “RNE-besluite” in die Nasionale Vergadering te stem.

²⁶ Optrede is onlangs geloods teen Francois du Rand van die VF-Plus wat die ANC ondersteun het in die verwydering van ’n DA-burgermeester te Swellendam. Laasgenoemde het ’n mosie van die ANC om die DA-burgermeester te verwyder ondersteun, en implisiet met eersgenoemde party (die ANC) belyn (Groenewald, 2025 se verklaring in hierdie verband).

die sukses of mislukking van die RNE; die rol van die MK, asook die suksesse/mislukkings van die RNE in die opbou na die 2026-verkiesing), kan dit 'n groot impak hê op die toekoms van die ANC en partye en groeperings links van die sentrum.

Hergroeperings en die herplasing van partye op die politieke spektrum is meestal 'n proses van onstabiliteit wat nog nie volledig voltrek het, of tot die punt van 'n nuwe ewilibrum beweeg het nie. Hiervoor is die RNE te onvoorspelbaar, leierskapskwessies binne die ANC te gekompliseerd, die impak van die MK op onder meer die ANC te dinamies, en bestaan daar te veel onsekerheid oor wie gaan onder watter vlag aan die 2026-plaaslike verkiesing deelneem.²⁷

Gevolgtrekkings en toekomsperspektiewe

Veranderinge in die makro-internasionale omgewing, insluitend eskalerende konflikte (Rusland vs. Oekraïne; die konflikte in die Midde-Ooste en andere), met selfs die potensiaal vir 'n wêreldkonflik; ekonomiese en handelsoorloë; verskuivende magsbasisse; nuwe tegnologieë; veranderde demografiese patrone, en demokratiese verkiesings met nuwe leierskap en ideologiese oriëntasies, gee tans beslag aan 'n nuwe wêreldorde met eiesoortige en nuwe uitdagings. Binne hierdie veranderende omgewing het Suid-Afrika tydens 2024 'n waterskeidingsverkiesing ervaar, wat die staat op 'n nuwe politieke trajek geplaas het te midde van 'n plaaslike omgewing met groterwordende politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings. Hierdie omgewing is 'n omgewing van groot onsekerheid, soos beskryf in die bekende woorde van Antonio Gramsci: "The old world is dying and the new world struggles to be born; now is the time of monsters". Daar kan met reg gevra word wat die toekoms met verwysing na veral die termyn van die sewende administrasie 2024-2029 vir Suid-Afrika en die politieke bestel hier mag inhou, wat gedoen moet word, en watter risiko's en uitdagings in hierdie verband bestaan.

Gegewe die groepering van politieke kragte na afloop van die 2024-verkiesing is 'n stabiele en werkende RNE kernbelangrik vir algemene politieke stabiliteit in die land en die vermoë om bindende en gesaghebbende besluite te neem wat nie net groterwordende uitdagings kan aanpak nie, maar ook leiding kan neem en rigting kan aandui in die onseker tye soos wat hier aangetoon word. 'n Onstabiele RNE, soos tans aan die orde is (gegewe die ondertekening van die BELA-wet asook die Onteieningswet sonder behoorlike konsultasie met ander veral leidende partye), is 'n resep vir onstabiliteit. Anders as om te regeer soos wat die geval was tydens die sesde administrasie (toe die ANC nasionaal 'n volstrekte meerderheid gehad het) sal die werklikheid van nuwe spelreëls, inbegrepe konsultasie, erkenning van mekaar se bona fides en die onttrekking van partye soos die DA, VF Plus en moontlik andere (met verrekening dat die MK en EFF steeds buite die groepering bly), die RNE in 'n krisis dompel deurdat volstrekte meerderhede vir noodsaaklike besluitneming (lees begroting ens.) nie voltrek sal kan word nie. Dit kan 'n regeringskrisis in die hand werk en lei tot konflik eerder as samewerking op die pad vorentoe. Daar bestaan tans 'n aantal risiko's wat die RNE sal moet bestuur ten einde suksesvol te wees, indien dit wel moontlik is:

- Indien Ramaphosa van binne, van buite of in kombinasie verwyder sou word, beteken dit mees waarskynlik die einde van die RNE in sy huidige formaat. Dit is daarom

²⁷ Die SAKP het onlangs aangedui dat hulle afsonderlik van die ANC aan die 2026-plaaslike verkiesings kan deelneem.

belangrik dat sy posisie, hoewel soms uiters kwesbaar, in hierdie opsig beskerm moet word. Hierdie perspektief is wel net geldig tot die mate waartoe Ramaphosa die nodige leierskap kan voorsien in hierdie moeilike en uitdagende tye – iets wat tot dusver nie aan verwagtinge voldoen het nie.

- Indien die RNE tot 'n val sou kom, is 'n minderheidsregering en selfs 'n vervroegde verkiesing moontlikhede. Beide sal myns insiens patrone van politieke onstabiliteit laat toeneem.
- Die onttrekking van bogenoemde partye (DA, VF Plus en andere) aan die RNE kan ook 'n oorname van progressiewe kragte binne die ANC en samewerking met die MKP en EFF bevorder. Dit is tans meer onwaarskynlik, veral omdat die MKP sal aandring op die verwydering van Ramaphosa voordat samewerking kan plaasvind.
- Die ANC se voortsetting om die Nasionaal Demokratiese Rewolusie-idee en die prioriteite wat hiermee geassosieer word, ten koste van samewerking eensydig uit te voer, sal myns insiens uiteindelik lei tot die onttrekking van partye soos die DA en die VF Plus.
- Asimetrieëse opposisie (soos voorheen bespreek) hou ook groot risiko's in vir stabiele koalisies op alle vlakke. Myns insiens word stukke wetgewing benodig om koalisies en ook alliansies te reguleer, om groter orde en stabiliteit binne hierdie omgewing te verseker. Dit sluit moontlike registrasie by die OVK in, indien dit sou kon help om stabiliteit, noodsaaklik vir goeie regeerkundige praktyke, te kan help verseker.
- Suksesvolle regering ingevolge die hantering van belangrike kwessies, waaronder ekonomiese groei, maatskaplike uitdagings, wet-en-orde-aangeleenthede; die suksesvolle navigering van internasionale verhoudinge, en ander uitstaande sake is krities belangrik. In samehang met laasgenoemde sal die prestasie van RNE-vennote tydens die komende 2026-verkiesing uiters belangrik wees vir die stabiliteit en voortbestaan van hierdie instelling. Trajekte voorspel op hierdie tydstip min positief vir veral die ANC.

Die wyse hoe bogenoemde uitspeel of voltrek word, kan bepaal of Suid-Afrika 'n slegte of goeie scenario tydens die sewende administrasie gaan hê. Die vermoë om suksesvolle fundamentele hervorming in hierdie tyd ooreenkomstig die Nasionale Forum-idee aan te bring, kan van kernbelang wees.

Dit is van die uiterste belang dat die RNE nie net met homself gemoeid bly nie, maar daadwerklik die land staatkundig, polities en ook regeerkundig vorentoe neem in 'n tyd van groot onsekerheid. Myns insiens is dit wat nodig is, die fundamentele hervorming van die oorhoofse politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel, met prioriteite wat insluit:

- Staatsbou en nasiebou-inisiatiewe in die breedste sin van die woord.
- Die heropbou en vernuwing van infrastruktuur en instellings gemoeid met dienslewering.
- Die fundamentele hersiening van transformasie (en die veronderstellings waarop dit gebou is) ingevolge geïntegreerde ontwikkeling (polities, ekonomies en maatskaplik).
- 'n Beleidsomgewing wat bevorderlik is vir ekonomiese groei en ontwikkeling, en waarin veral van die oormatige regulatiewe beheer ontslae geraak word.
- 'n Belastingraamwerk wat inklusief en breër is, waarin koerse van so 'n aard is dat dit investering sal bevorder.

- Internasionale betrekkings en vennootskappe wat Suid-Afrika se belang politiek, ekonomies en maatskaplik kan bevorder.²⁸
- Die herstel van wet en orde en die heropbou van instellings wat op talle vlakke hieraan uitdrukking moet gee. (Dit sluit in die stryd teen korrupsie en ander wanpraktyke, waaronder georganiseerde misdaad en sluipmoorde.)

Met Suid-Afrika op 'n nuwe trajek, met nuwe en selfs meer gekompliseerde uitdagings op talle vlakke, sal die RNE nie net 'n nuwe grondslag moet lê nie, maar daadwerklik hierop moet bou. Die politieke kantelpunt, waarna vroeër verwys is, het homself nog nie volledig voltrek nie en in samehang met van die grootste internasionale politieke grondverskuiwings sedert 1991 (met die val van die Berlynse muur) kan talle mure gebou word en skanse afgebreek word. Dit is 'n ope vraag of Suid-Afrika met die RNE (soos sake tans staan) gereed is vir die uitdagings op die pad vorentoe.

BIBLIOGRAFIE


- Akinwotu, E. & Bartlett, K. 2024. *In a historic election, South Africa's ANC loses majority for the first time*. <https://www.npr.org/2024/06/01/nx-s1-4987616/south-africa-election-results-anc-loses-majority-for-the-first-time-npr> (27 September 2024 geraadpleeg).
- African National Congress. 2017. *Strategy and tactics – as adapted by conference*. <https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress> (1 November geraadpleeg).
- Anoniem. 2019. South Africa is one of the least safe countries in the world. *Businesstech*, 24 November. <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of-the-least-safe-countries-in-the-world> (30 Oktober 2023 geraadpleeg).
- Bartlett, B. 2024. *Voter turnout in the 2024 South African elections*. <https://math.sun.ac.za/bbartlett/assets/2024turnout.html> (8 Oktober 2024 geraadpleeg).
- Bloomberg. 2020. *Advisory group puts a date to South Africa's collapse*. *BusinessTech*, 10 September. <https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse> (20 Oktober 2020 geraadpleeg).
- Booyesen, S. 2021. *Disunited we stand: Coalition politics in South Africa is jinxed when politicians behave badly in pursuit of power*. *Daily Maverick*, 7 Julie. <https://www.dailymaverick.co.za/author> (23 Junie 2024 geraadpleeg).
- Burger, P. 2023. *South Africa has been grey listed for not stopping money laundering and terrorism funding. What it means*. *The Conversation*, 26 Februarie. <https://theconversation.com/south-africa-has-been-grey-listed-for-not-stopping-money-laundering-and-terrorism-funding-what-it-means-200696> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Daily Investor. 2022. *South Africa on the verge of collapse – economist*. <https://dailyinvestor.com/south-africa/5825/south-africa-on-the-verge-of-collapse-economist> (6 November 2023 geraadpleeg).
- Du Toit, A. 2023. *Russia could cost South Africa's car industry R435 billion and 112 000 jobs this week*. *TopAuto*, 12 Julie. <https://topauto.co.za/news/81461/russia-could-cost-south-africas-car-industry-r435-billion-and-112000-jobs-this-week> (26 Julie 2023 geraadpleeg).
- Du Toit, P. & De Jager, N. 2015. South Africa's dominant-party system – Comparative perspectives. *Taiwan Journal of Democracy* 10(2):93-113. https://www.researchgate.net/figure/South-African-National-Election-Results-1994-2014_tbl1_292972130 (8 Junie 2023 geraadpleeg).
- Duvenhage, A. 2020a. Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak-scenario? *Litnet Akademies* 17(3):241-68. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/12/LitNet_Akademies_17-3_Duvenhage_241-268.pdf.



²⁸ Die huidige konflik met die Trump-administrasie in die VSA is geensins in Suid-Afrika se belang nie.



- Duvenhage, A. 2020b. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 56(3/4):137-62.
- Duvenhage, A. 2022. The role of political parties in coalition building at the local government level. In Reddy, P. Wissink, H. & Karriuki, P. (reds.). *Coalition building and municipal leadership and service delivery*. Johannesburg: UJ Press:187-214.)
- Duvenhage, A. 2023. Koalisiepolitiek: die kuns van die (on)moontlike? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63 (1):99-121. <https://doi-org/10.17159/2224-7912/2023/v63nla6> (25 Januarie 2025 geraadpleeg)
- Duvenhage, A. 2023a. Sal die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef? *LitNet Akademies* 20(1):116-48. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2023/05/LitNet_Akademies_j20n1b5_Duvenhage.pdf.
- Duvenhage, A. 2023b. Die 2024-verkiesing: is 'n Suid-Afrikaanse Lente op pad? *Litnet* 25 Oktober. <https://www.litnet.co.za/die-2024-verkiesing-is-'n-suid-afrikaanse-lente-op-pad> (24 Januarie 2024 geraadpleeg).
- Duvenhage, A. 2023c. Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(4):1-32.
- Duvenhage, A. 2024. Suid-Afrika se belangrikste verkiesing nog. Potchefstroom. Referaat gelewer by die Potchefstroomse Werkgroep van die SA-Akademie vir Wetenskap en Kuns. (NWU April 2024). Electoral Amendment Act 1 of 2023. https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Acts/2023/Act_1_of_2023_Electoral_Amendment_Act.pdf (7 Februarie 2025 geraadpleeg).
- Electoral Commission of South Africa. 2024. What is new in the 2024 elections? <https://www.elections.org.za/pw/elections/whats-new-in-the-2024-elections-electoral-amendment-act>. (20 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Erasmus, D. & L. Hlangu. 2021. Phoenix massacre: What really happened in the deadly collision of brutalized communities. *Daily Maverick*, 28 Julie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-07-28-phoenix-massacre-what-really-happened-in-the-deadly-collision-of-brutalised-communities> (30 Oktober 2023 geraadpleeg).
- Eunomix. 2020. South Africa heading towards becoming a failed state. *Al Jazeera*, 10 September. <https://www.aljazeera.com/economy/2020/9/10/south-africa-heading-towards-becoming-a-failed-state-report> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Gladwell, M. *The tipping point: How little things can make a big difference*. New York. Little Brown.
- Grefrath, W.N. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Groenewald, P. 2025. VF Plus ondersoek besluit van raadslid op Swellendam om ANC-mosie te steun. <https://www.vfplus.org.za/af/jongste-nuus/vf-plus-ondersoek-besluit-van-raadslid-op-swellendam-om-anc-mosie-te-steun/> (30 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Gumede, W. 2021. We are going down, the Mexican way. *Sunday Times*, 21 Februarie, p. 2.
- Harding, A. 2021. South Africa riots: The inside story of Durban's week of anarchy. *BBC News*. <https://www.bbc.com/news/world-africa-57996373> (4 April 2023 geraadpleeg).
- Heywood, A. 2002. *Politics*. 2de uitgawe. New York: Palgrave Foundations.
- HSRC. 2024. Elections 2024: The big no-vote: over 11 million registered voters did not cast ballots in 2024 polls. <https://hsrc.ac.za/news/latest-news/elections-2024-the-big-no-vote-over-11-million-registered-voters-did-not-cast-ballots-in-2024-polls> (21 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Human, P.1998. *Yenza: a blueprint for transformation*. Cape Town: Oxford University Press.
- Huntington, S.P.1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.
- IEC. 2024. Electoral Commission updates the nation on progress in preparation for the 2024 National and Provincial elections. <https://www.elections.org.za/pw/News-And-Media/News-List/News-Article/Electoral-Commission-updates-the-nation-on-progress-in-preparation-for-the-2024-National-and-Provincial-Elections> (26/09/2024 geraadpleeg).
- IEC. 2024a. NPE Results Dashboard 2024. <https://results.elections.org.za/dashboards/npe-results-dashboard-2024> (17 Oktober 2024 geraadpleeg).
- IEC. 2024c.Detailed Results. <https://results.elections.org.za/home/NPEPublic=reports/1335/Results-Report/National.pdf> (26 September 2024 geraadpleeg).
- IEC. 2024. IEC results:2024 election results in Kwazulu-Natal (KZN). <https://gauteng.net/news/iec-results-2024-election-results-in-kzn> (25 September 2024 geraadpleeg).



- Jackson, R. 1993. *Quasi-states: Sovereignty, international relations and the Third World*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Kaapstad: Jonathan Ball.
- Johnson, RW. 2019a. Our coming train crash. *Politicsweb*, 1 Augustus. https://www.reddit.com/r/southafrica/comments/ckmkc7/our_coming_train_crash_opinion_rw_johnson/?rdt=35348 (3 November 2023 geraadpleeg).
- Johnson, RW. 2019b. Ramaphosa's losing strategy. *Politicsweb*, 28 Augustus. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/ramaphosas-losing-strategy> (8 Maart 2021 geraadpleeg).
- Johnson, RW. 2020a. *How the end will come (ii)*. *Politicsweb*, 19 Julie. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/how-the-end-will-come-ii> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Johnson, RW. 2020b. *Ineenstorting wag op ANC*. *Rapport Weekliks*, 27 September, p. 7.
- Johnson, RW. 2020c. *Who can lead us back to the promised land?* *Politicsweb*, 28 Desember. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/who-can-lead-us-back-to-the-promised-land> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Johnson, RW. 2021. *Face up to ANC failure*. *Politicsweb*, 28 September 2020. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/face-up-to-anc-failure> (21 Maart 2023 geraadpleeg).
- Johnson, RW. 2023. Erratic ANC's crazy laws show SA approaching end of an era. *BizNews*, 26 Julie 2023. (Dokument is van die web verwyder, maar in skrywer se besit.)
- Kadima, D. 2006. The study of party coalitions in Africa: Importance, scope, theory and research methodology. In D. Kadema [red]. *The politics of Party Coalitions in Africa*. Johannesburg: Konrad Adenauer Stiftung and EISA.
- Majozi, P. 2023. *SA's problem of lawlessness and disorder*. *Politicsweb*, 10 Julie. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/south-africas-problem-of-lawlessness-and-disorder> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Malan, K. 2023. *The disintegration of the South African order*. *Politicsweb*, 7 Januarie. <https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-disintegration-of-the-south-african-order> (27 Julie 2023 geraadpleeg).
- Mbete, S. 2024. Making sense of voter turnout in the 2024 South African National and Provincial elections. *Journal of African Elections* 23(2):117-149. DOI:10.20940/JAE/2024/v23i2a6.
- Migdal, J.S. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the third world*. Princeton: Princeton University Press.
- MK-Party. 2024. MK-party constitution. <https://mkparty.org.za/wp-content/uploads/2024/10/mk-booklet.pdf> (21 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Mpani, N. 2024. Democracy tested: What the 2024 African election scorecard reveals about progress and problems. *Mail & Guardian*, 12 Desember. <https://mg.co.za/thought-leader/opinion/2024-12-12-democracy-tested-what-the-african-election-scorecard-reveals-about-progress-and-problems/> (21 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Nathan, A. 2013. China at a tipping point? Foreseeing the unforeseeable. *Journal of Democracy*, 24(1):20-25.
- Pew Research Center. 2024. Global elections in 2024: What we learned in a year of Political disruption. <https://www.pewresearch.org/global/2024/12/11/global-elections-in-2024-what-we-learned-in-a-year-of-political-disruption> (22 Januarie 2025 geraadpleeg).
- PMG. 2024. Election results and Allocation of Seats in Parliament (National Assembly) and Provincial Legislators: 2024. [https://pmg.org.za/blog/Election%20Resultsand%20Allocation%](https://pmg.org.za/blog/Election%20Resultsand%20Allocation%20). (28 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Republic of South Africa: South African government. 2023. <https://www.gov.za/documents/acts/electoral-amendment-act-2003-english-afrikaans-17-april-2023>. (25 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Roberts, B. Bohler-Muller, N. & Struwig, J. 2024. 30 years of electoral democracy in SA: HSRC survey captures voter experiences and inform electoral processes. <https://hsrc.ac.za/news/30-years-of-electoral-democracy-in-sa-hsrc-survey-captures-voter-experiences-and-informs-electoral-processes> (15 Oktober 2024 geraadpleeg).
- Rotberg, R. 2002. The new state of nation-state failure. *The Washington Quarterly*, 25(3):85-96.
- SA News. 2024. 2024 election results a victory for democracy. <https://sanews.gov.za/south-africa/2024-election-results-a-victory-for-democracy/SA-news> (17 Oktober 2024 geraadpleeg).
- SABC News. 2024. *IEC receives 579 complaints*, 1 Junie. <https://elections.sabc.co.za/elections2024/news/iec-receives-579-complaints> (21 Januarie 2025 geraadpleeg).



- The GNU's founding statement of intent- ANC/DA. 2024. <https://www.politicsweb.co.za/documents/the-gnus-founding-statement-of-intent-anc/da-documents> (28 Januarie 2025 geraadpleeg).
- Vhumbunu, C.H. 2021. The July 2021 protests and socio-political unrest in South Africa. Accord, 10 Desember. <https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-2021-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa> (1 November 2023 geraadpleeg).
- Zartman, W. (red.). 1995. *Collapsed states: The disintegration and restoration of legitimate authority*. Boulder: Lynne Reiner Publishers.
















RESULTS 2019

ANC ■ DA ■ EFF ■ UDM ■ FF+ ■ ATM ■ IFF ■ ACDP ■ NFP ■ MF ■ GOOD ■ AL JAMA



RESULTS 2024

ANC DA EFF UDM MK FF+ ATM IFP ACDDP NFP MF GOOD AL JAMA PA ACT ACTION SA RISE NCC



Beste praktyke vir Liggaamlike Opvoeding- onderwysersopleiding in afstandsonderrigmodus: 'n Sistematiese literatuuroorsig

Best practices for Physical Education Teacher Education (PETE) in distance education mode: A systematic literature review

ANNERIE KRUGER

Doktorale student
Skool vir Psigososiale Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Annerie.Kruger@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-9633-0175>



Annerie Kruger



Dorita du Toit

DORITA DU TOIT

Skool vir Psigososiale Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Dorita.duToit@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-8845-2711>



Chanelle Kemp



Nico van der
Merwe

CHANELLE KEMP

Skool vir Psigososiale Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Chanelle.Kemp@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-4212-8902>

NICO VAN DER MERWE

Skool vir Psigososiale Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Niekie.VanderMerwe@nwu.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-4138-0559>

Datums:

Ontvang: 2025-08-15

Goedgekeur: 2026-01-28

Gepubliseer: Maart 2026

ANNERIE KRUGER (BA [MBW & Sielk], NGOS, BEdHons, MEd) is dosent in Bewegings-onderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Haar navorsing fokus op Liggaamlike Opvoeding se afleweringsmodus via afstandsonderrig. Sy het 'n artikel aangebied as eerste outeur by 'n internasionale kongres via Zoom: Towards the Next Epoch of Education BCES Conference Books, 2022, Volume 20. Sofia: Bulgarian Comparative Education Society. "Education students' and lecturers' experiences of the effectiveness of Physical Education teacher training in distance education mode". Sy het voorts 'n voorlegging getiteld: "Physical Education Teacher Training in Distance Education Mode" by die Physical Education South Africa Conference in 2022 in Kaapstad aangebied. As mede-outeur dra sy 'n hoofstuk by tot <i>Scaffolding work-integrated learning excursions: Enhancing intercultural competence, equity and inclusion</i>, Volume 15, in die NWU Self-Directed Learning Series soos uitgegee deur AOSIS (2024): CHAPTER 8: Facilitators as co-constructors of equity and inclusivity in online WIL excursions. Haar proefskrif ter verwerwing van die graad PhD in Bewegingsonderwys word vanjaar voorgelê.	ANNERIE KRUGER (BA [HMS & Psych], PGCE, BEdHons, MEd) is a lecturer in Physical Education in the Faculty of Education at North-West University. Her research focuses on the delivery mode of Physical Education through distance learning. She presented a paper as the first author at an international conference via Zoom: Towards the Next Epoch of Education, BCES Conference Books, 2022, Volume 20. Sofia: Bulgarian Comparative Education Society. The paper was titled: "Education Students' and Lecturers' Experiences of the Effectiveness of Physical Education Teacher Training in Distance Education Mode." Furthermore, she delivered a presentation entitled "Physical Education Teacher Training in Distance Education Mode" at the Physical Education South Africa Conference in 2022, held in Cape Town. She co-authored a chapter in an AOSIS publication (2024) titled <i>Scaffolding work-integrated learning excursions: Enhancing intercultural competence, equity and inclusion</i>, Volume 15, in the NWU Self-Directed Learning Series: Chapter 8: Facilitators as co-constructors of equity and inclusivity in online WIL excursions. Her doctoral thesis on Physical Education is scheduled for submission this year.
DORITA DU TOIT is medeprofessor verbonde aan die Skool vir Psigososiale Onderwys aan die Noordwes-Universiteit. Sy behaal die grade BA Menslike Bewegingskunde (1992), Honneurs in Menslike Bewegingskunde (1993), MA in Menslike Bewegingskunde (1996) en PhD in Menslike Bewegingskunde (2002) aan die NWU. Sy behaal ook haar nagraadse onderwysertifikaat (2003) aan die NWU. Sy is sedert 2002 aan die NWU verbonde. Haar onderrigtaak by die NWU sluit die aanbieding van modules op beide voor- en nagraadse vlak asook studieleiding aan verskeie M- en D-studente in die veld van Bewegingsonderwys in. Sy speel 'n leidende rol in verskeie navorsingsprojekte wat handel oor Liggaamlike Opvoeding. Haar navorsing-belangstellings sluit Liggaamlike Opvoeding, motoriese leer en motoriese ontwikkeling in.	DORITA DU TOIT is an associate Professor in the School of Psycho-Social Education at the North-West University³³. At the NWU, she obtained the following degrees: BA Human Movement Science (1992), Honours in Human Movement Science (1993), MA in Human Movement Science (1996) and PhD in Human Movement Science (2002). She also obtained her post-graduate Certificate in Education (2003) at the NWU. In 2002 she joined the academic staff of the NWU, where her academic responsibilities include modules on both undergraduate and post-graduate levels as well as guidance to several master's and doctoral students in the field of Physical Education. She plays a leading role in various research projects dealing with Physical Education. Her research interests include Physical Education, motor learning and motor development.
CHANELLE KEMP is dosent in die Skool vir Psigososiale Onderwys aan die Noordwes-Universiteit (NWU), Potchefstroom-kampus. Aan die NWU behaal sy die volgende grade: BSc Menslike Bewegingskunde en Voeding (2005), Honneurs in Kinderkinetika (2006), MSc in	CHANELLE KEMP is a lecturer in the School of Psycho-Social Education at the North-West University (NWU), Potchefstroom Campus. At the NWU she obtained the following degrees: BSc Human Movement Science and Nutrition (2005), Honours in Kinderkinetics (2006), MSc

Menslike Bewegingskunde (2009) en PhD in Menslike Bewegingskunde (2013). Sy behaal haar nagraadse onderwysertifikaat (2018) aan Unisa. Sy is sedert 2021 aan die NWU verbonde waar sy verskeie modules op voorgraadse vlak doseer en sy is ook betrokke by studieleiding aan verskeie M- en D-studente. Sy was vir 10 jaar onderwyser by verskeie laerskole in die veld van Liggaamlike Opvoeding. Haar navorsingsbelangstelling sluit in motoriese ontwikkeling, leerverwante probleme, fisieke aktiwiteit, obesiteit by kinders, liggaamlike opvoeding en voeding en vroeë intervensie.	in Human Movement Science (2009) and PhD in Human Movement Science (2013). She obtained a Post-Graduate Certificate in Education (2018) at Unisa. In 2021 she joined the academic staff of the NWU, where her academic responsibilities include offering modules at undergraduate level as well as guidance to several master's and doctoral students in the field of Physical Education. She was for a period of 10 years a teacher at various primary schools in the field of Physical Education. Her research interests include motor development, learning-related problems, physical activity, obesity in children, physical education and nutrition and early intervention.
NICO (NIEKIE) VD MERWE (Post 65) was voorheen senior lektor in die Skool vir Psigososiale Onderwys aan die Noordwes-Universiteit (NWU), Potchefstroom-kampus. Hy was hoofsaaklik betrokke by afstandsonderrig in die Fakulteit Opvoedkunde. Hy was voorts betrokke by verskeie navorsingsprojekte en is steeds betrokke by die studieleiding van M- en D-studente. Sy spesialisingsveld is Liggaamlike Opvoeding in verskeie programme aan die Universiteit, met die fokus op beide in- en voordiens-opleiding in Liggaamlike Opvoeding sowel as sportbestuur. Hy het by 'n aantal nasionale en internasionale konferensies aanbiedings gelewer, was mede-outeur van boekhoofstukke en gepubliseerde artikels in geakkrediteerde joernale en het verskeie portuur-resensies van akademiese artikels behartig.	NICO (NIEKIE) VD MERWE (Post 65) was formerly a senior lecturer in the School of Psycho-Social Education at the North-West University (NWU), Potchefstroom Campus. He was mainly involved in distance learning in the Faculty of Education. He was moreover involved in several research projects and is currently still involved in the supervision of master's and doctoral students. His specialisation is Physical Education in different programmes at the University, focusing on in-service and pre-service training of Physical Education as well as sports management. He presented at various national and international conferences, co-authored book chapters and articles published in accredited journals, and peer-reviewed several academic articles.

ABSTRACT

Best practices for Physical Education teacher education in distance education mode: A systematic literature review

In recent years, technological integration has led to new directions in innovative teaching modes, which have also brought about remarkable changes in the pedagogy of teacher education. A change that has been particularly noted due to technology in Physical Education teacher education, is the increasing use of distance and online teaching. Studies show, however, that shortcomings persist in this mode of training. This study aimed to investigate best practices and challenges in the distance and online training of teachers in Physical Education, by means of a qualitative systematic literature review. Within the framework of the Theory of Transactional Distance and social-constructivism, the review was conducted according to the guidelines of the Preferred Reporting Items for Systematic reviews and Meta-Analyses (PRISMA) declaration, and included searches in 11 selected sub-databases within the EBSCOhost group of databases, as well as Scopus en Google Scholar. The reference lists of included studies were also screened to identify further articles. The keywords and eligibility criteria for inclusion were focused on studies that investigated the experiences of students or lecturers in distance

or online Physical Education teacher education courses at tertiary institutions, and were published in English between 2002 and 2024. The Critical Appraisal Skills Programme (CASP) checklist was used to assess methodological quality of individual studies, and the data were thematically synthesised. A total of 17 studies were included, from which two themes (Benefits and good practices, and Challenges) and several sub-themes (Time and independent learning process, Effectiveness of technology as a teaching channel, Quality videos within the first theme; and The practical component of the training, Technological barriers during lectures, Insufficient practical teaching (work-integrated learning) and Limited contact with fellow students within the second theme) emerged. The findings show that the students and lecturers in the different studies had positive experiences of the benefits of distance learning, namely that they could work at their own pace and in their own time, as well as easy access to study material. The effective use of technology, especially with a view to effective communication between lecturers and students as well as between students, and the use of quality videos for the practical training component, were also reported as good practices. In terms of challenges, the participants experienced the practical training (which includes students' performance and practice of movements and the feedback on them), problems in the use of technology, insufficient practicals, little to no contact with fellow students, and ineffective feedback from lecturers and fellow students, negatively.

In the context of the Theory of Transactional Distance, it is evident that participants' positive experiences with the principles of self-paced learning, flexibility, and accessible learning materials align with the theory's component of autonomy, as students' levels of personal responsibility for their own learning have increased. The effective use of technology, along with the composition and utilisation of quality videos, further contributes to the dialogue and structure components of the theory, as technology has facilitated communication between lecturers and students and the videos have enhanced the practical training of students. The challenges of insufficient practical training and issues with technology also correlate with the components of autonomy (students could not sufficiently learn, practice, and apply practical movements and skills on their own) and structure (the course design was such that students could not adequately manage the practical aspects and technology). The challenges of ineffective contact with peers and feedback from lecturers and fellow students connect back to the dialogue component, as communication between students and lecturers was negatively affected.

The conclusions drawn from various studies agree that it remains the lecturer's responsibility to provide quality planning, implementation, feedback, and assessment in Physical Education teacher education in distance mode. Recommendations that arise from the findings of this study include comprehensive planning by lecturers regarding the types and content of practical movement skills and lessons to be taught and executed, even in unsuitable home environments of students; thorough training for lecturers and students concerning the specific technology used in the course; innovative and quality video technology planning and usage; and timely, specific, and individualised feedback from lecturers. Future studies should focus on developing modules specifically designed for Physical Education that not only promote content but also provide comprehensive practical experiences for students.

KEYWORDS: Physical Education, teacher education, distance education, best practices, challenges, Theory of Transactional Distance (TTD).

TREFWOORDE: Liggaamlike Opvoeding, onderwysersopleiding, afstandsonderrig, beste praktyke, uitdagings, Teorie van Transaksionele Afstand (TTA).

OPSOMMING

Die toenemende integrasie van digitale tegnologie het die afgelope dekades beduidende verskuiwings in onderrig- en leerpraktyke in hoër onderwys teweeggebring, insluitend in die opleiding van onderwysers. In Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding het hierdie ontwikkeling veral gemanifesteer in 'n groeiende fokus op afstands- en aanlyn onderrig. Ten spyte van die potensiaal van hierdie onderrigvorm, dui bestaande navorsing daarop dat daar steeds pedagogiese en praktiese uitdagings bestaan. Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n kwalitatiewe sistematiese literatuuroorsig beste praktyke en kernuitdagings in afstands- en aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding te identifiseer en te interpreteer. Die studie is teoreties begrond in die Transaksionele Afstandsteorie, in samehang met 'n sosiaal-konstruktivistiese perspektief. Die oorsig is uitgevoer volgens die PRISMA-riglyne en het sistematiese soektogte in geselekteerde EBSCOhost-databasisse asook Scopus en Google Scholar ingesluit. Studies wat tussen 2002 en 2024 gepubliseer is en gefokus het op die ervarings van studente en dosente in tersiêre afstands- of aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding, is in ag geneem. Metodologiese gehalte is beoordeel aan die hand van die CASP-kontrolelys waarna 'n tematiese sintese gevolg het. Uiteindelik is 17 studies wat aan die seleksiekriteria voldoen het, ingesluit. Twee oorhoofse temas het na vore gekom, naamlik die voordele en goeie praktyke van afstands-onderrig, asook die uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Bevindinge dui daarop dat buigsaamheid, selfgerigte leer en toeganklikheid van leerinhoud positief ervaar word, terwyl effektiewe tegnologiegebruik en die doelgerigte aanwending van kwaliteitvideo's as betekenisvolle pedagogiese praktyke geïdentifiseer is. Daarteenoor het onvoldoende praktiese blootstelling, tegnologiese beperkings, beperkte sosiale interaksie en gebrekkige terugvoer die leerervaring negatief beïnvloed. Die studie bevestig dat doelbewuste kursusontwerp, pedagogiese beplanning en sinvolle dialoog steeds sentraal staan tot Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding van goeie gehalte in afstandsmodus. Die studie bied ook riglyne vir toekomstige module-ontwikkeling in hierdie konteks.

1. Inleiding

Die afgelope paar jaar het tegnologiese integrasie tot nuwe rigtings vir innoverende onderrigmodusse gelei en ook merkwaardige veranderinge in die pedagogie van onderwysersopleiding teweeggebring. 'n Noemenswaardige verandering wat veral weens tegnologie in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding opgemerk is, is die toenemende gebruik van afstands- en aanlyn onderrig (Tagimaucia *et al.*, 2024:128).

Afstands- en aanlyn onderrig as onderrigmodus se toename in gewildheid kan toegeskryf word aan instellings wat nie net kostes wil bespaar nie, maar ook daarna streef om die tradisionele onderrigmodus sonder bykomende fasiliteite uit te brei (Saba, 2005:258). Daum en Buschner (2014:207) wys egter daarop dat nie alle dissiplines afstands- en aanlyn onderrig verwelkom het nie, en dat daar 'n besliste huiwering was om Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in dié modus te ondersteun. McCullick (2021:77) beaam dat Liggaamlike Opvoeding uitgesonder kan word as een van die moeilikste leerareas om volkome in aanlyn onderrigmodus aan te bied. In 'n studie oor die ervarings van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers werksaam by hoërskole in Fiji tydens die COVID-19-pandemie, kom Tagimaucia *et al.* (2024:127) tot die gevolgtrekking dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding by tersiêre instellings meer opleiding in hedendaagse tegnologiese aanpassings en toepassings in Liggaamlike Opvoeding moet inkorporeer. Die redes hiervoor, volgens Tagimaucia *et al.* (2024:127), is eerstens dat aspirant-onderwysers steeds die integrasie van tegnologie in

Liggaamlike Opvoeding as 'n uitdaging ervaar, en tweedens dat die integrasie van tegnologie nodig is om aan indiens-onderwysers verdere opleiding te kan voorsien. Die aanbevelings van studente in die studie van Duc en Manh (2023:8) oor die effektiwiteit van aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in Viëtnam het ook ingesluit dat dosente gereeld hulle onderrigmetodes moet vernuwe deur meer tegnologiese vaardighede in onderrig toe te pas sodat Liggaamlike Opvoeding-studente aktief aan aanlyn interaksies kan deelneem.

Een van die uitdagings van Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in afstandsmodus wat deur navorsing uitgewys is, is dié van die praktiese opleidingsgedeelte daarvan. In Healy *et al.* (2014:14) se studie, waarby 400 Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in 29 Noord-Amerikaanse state betrek is, was die gebrek aan praktiese ervaring een van die drie grootste uitdagings wat die deelnemers uitgelik het. Die onderwysers was ook van mening dat die praktiese opleiding nie outentiek genoeg was nie aangesien daar geen plaasvervanger vir praktiese ervaring is nie en dat direkte kontak of toesig oor studente gedurende praktiese opleiding noodsaaklik is (Healy *et al.*, 2014:15). Hulle het verder aangedui dat pedagogiese aanlyn kursusse wat meer as net kennis vereis en praktiese ervaring insluit, nie aanlyn so suksesvol was nie aangesien Liggaamlike Opvoeding ten beste aangeleer word waar studente self die bewegings probeer uitvoer, in teenstelling daarmee om bloot agter 'n rekenarskerm te sit (Healy *et al.*, 2014:15). In ooreenstemming hiermee het Lu *et al.* (2020:14) tot die gevolgtrekking gekom dat die tweedimensionele weergawe van die praktiese komponente in Liggaamlike Opvoeding in die aanlyn omgewing studente die realistiese ervarings van spasie, apparaat en beweging ontnem. Markelj *et al.* (2021:187) dui voorts daarop dat Liggaamlike Opvoeding-studente in die afstandsonderrigmodus dikwels nie al die nodige sportapparaat tuis tot hul beskikking het nie. Dit perk die aanleer van praktiese sportvaardighede in en kan studente ongemotiveerd en onbevoeg laat voel om leerders spesifieke sportvaardighede aan te leer of te onderrig.

In die lig van die behoefte aan Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in afstandsonderrigmodus ontstaan die navorsingsvraag watter goeie praktyke en uitdagings tans in hierdie tipe onderwysersopleiding bestaan. Die doel van hierdie studie was derhalwe om 'n sistematiese literatuuroorsig met betrekking tot goeie praktyke en uitdagings in die afstands- en aanlyn opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding uit te voer, met die oog daarop om aanbevelings te maak vir beste praktyke in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in afstandsonderrigmodus. Om hierdie doel te bereik, is literatuur met betrekking tot onderrigmetodes wat toepassing vind in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in die afstands- of aanlyn onderrigmodus ondersoek – insluitend goeie praktyke en uitdagings, asook studente en dosente se persepsies en ervarings.

2. Metode

2.1 Teoretiese raamwerk, paradigma en navorsingsontwerp

Die huidige studie is teoreties begrond in Moore se Teorie van Transaksionele Afstand (TTA) (Moore, 1972; 1980; 1993) wat postuleer dat die sielkundige en kommunikasieruimte die “transaksionele afstand” tussen leerders en dosente aansienlik beïnvloed en bepaal word deur die drie komponente *dialog*, *struktuur* en *outonomie*. *Dialog* behels die uitruil van inligting en idees tussen leerders en instruktors en is die noodsaaklike brug wat hierdie afstand oorspan en verminder of vergroot (Moore, 1993). *Struktuur* behels die volledigheid, organisasie en deursigtigheid van die kursusstruktuur, terwyl *outonomie* dui op leerders se selfgerigtheid in

hulle leer, wat alles die transaksionele afstand en dus die leerervaring beïnvloed (Moore, 1993). Die studie is verder deur die lens van die sosiaal-konstruktivisme (Vygotsky, 1978) uitgevoer. Die vaders van konstruktivisme, te wete Dewey (1916) en Vygotsky (1978), het veronderstel dat leerders deur dialoog en sosiale interaksie kennis opbou, en dat leer dus plaasvind deur middel van 'n eksterne proses wat sosiale stimulasie insluit en wat lei tot die ontwikkeling van kennis as 'n interne proses. Die sosiaal-konstruktivistiese perspektief sluit dus interaksie in 'n klaskamer-bespreking, of aanlyn, in (Palincsar, 1998:349). In die konteks van afstandsonderrig beveel navorsers (Huang, 2002:28; Swan *et al.*, 2009:49) aan dat konstruktivistiese beginsels en strategieë op aanlyn onderrig van toepassing gemaak moet word om daardeur die doeltreffendheid van die afleveringsmodel te bevorder. Die studie behels ook kwalitatiewe navorsing, wat volgens Niewenhuis (2019:59) en Polkinghorne (1989:43) beskou word as 'n navorsingsmetodologie wat fokus op die verkenning van komplekse verskynsels en die betekenis wat deur individue of groepe daaraan toegeskryf word, met die klem op die dieper betekenis van data.

2.2 Metode

Vir die doel van hierdie studie is 'n kwalitatiewe sistematiese literatuuroorsig uitgevoer. Volgens Fink (2019:105) en Page *et al.* (2021:4) is 'n sistematiese literatuuroorsig 'n sistematiese, beskrywende en herhaalbare metode om bestaande gepubliseerde inhoud van navorsers te identifiseer, te evalueer en te sintetiseer.

Die huidige sistematiese oorsigstudie is uitgevoer volgens die riglyne van die *Preferred Reporting Items for Systematic reviews and Meta-Analyses* (PRISMA)-verklaring (Page *et al.*, 2021:5), 'n stel riglyne wat oorspronklik ontwikkel is om deursigtige en volledige rapportering van sistematiese literatuuroorsigte te vergemaklik en later opgedateer is na PRISMA 2020 (2013 en verder) om vordering in sistematiese oorsigmetodologie en terminologie te weerspieël (Page *et al.*, 2021:6). Stappe wat deur die PRISMA-verklaring (Page *et al.*, 2021:5) aanbeveel word vir sistematiese oorsig van hoë gehalte sluit in dat die doelwitte en navorsingsvrae vir die studie eerstens bepaal word, 'n protokol ontwikkel word, literatuur doeltreffend nagevors word, geskiktheidskriteria daargestel word wat tot die verkose studie lei, data onttrek word, die wyse waarin die partydigheidsrisiko van ingesamelde data geassesseer en hanteer is asook hoe data gesintetiseer is, gerapporteer word, en dat die bevindings deursigtig aangebied word.

2.2.1 Soekstrategie

Die oorhoofse navorsingsdatabasis EBSCOhost met die geselekteerde subdatabasisse Academic Search Complete, African-Wide Information, APA PsycInfo, CINAHL with Full Text, E-Journals, ERIC, Health Source: Consumer Edition, MasterFILE Premier, SPORTDiscus with Full Text en Teacher Reference Center, is in die aanvanklike soektog gebruik. Daarna het die navorsingsdatabasisse Scopus en Google Scholar aan die beurt gekom. In die geselekteerde artikels is die bronnelyste ook nagegaan wat verdere bruikbare artikels uitgewys het. Die opsommings van die gekose artikels is gevolglik deurgelees en al die artikels wat as potensiële bronne beskou is, is by die lys gevoeg en daarna volledig deurgelees. Saam met die eerste outeur het 'n onafhanklike resensent titels en abstrakte gekeur en toe volledige tekste met betrekking tot geskiktheidskriteria beoordeel. Gereelde vergaderings is deur die twee resensente gehou om konsensus te bereik, en 'n derde resensent is geraadpleeg om enkele meningsverskille op te los.

Tabel 1 toon die databasisse en sleutelwoorde wat in die navorsingsoektog gebruik is. Die sleutelwoorde soos in Tabel 1 weergegee, moes in die artikels se titel of opsommings verskyn het.

TABEL 1: Databasisse en sleutelwoorde wat in die navorsingsoektog gebruik is

Databasisse	Sleutelwoorde
EBSCOhost Academic Search Complete African-Wide Information APA PsycInfo CINAHL with Full Text E-Journals ERIC Health Source: Consumer Edition MasterFILE Premier SPORTDiscus with Full Text Teacher Reference Center	“Physical Education” EN “teacher education” OF “teacher training” OF “PETE” EN “e-learning”, OF “online instruction”, OF “online learning”, OF “distance education” OF “OLPE” (oftewel <i>Online Physical Education</i>)
Scopus	
Google Scholar	

2.2.2 Seleksiekriteria


Seleksiekriteria vir studies om ingesluit te word in die oorsig het behels dat studies wat i) onderwysstudente en/of -dosente by tersiêre instansies wat Liggaamlike Opvoeding *via* afstandsonderrig studeer of aanbied as ’n module betrek (al vorm dit deel van Lewensvaardigheid, Lewensoriëntering of watter skoolvak ook al in ander lande); ii) portuur-geëvalueerde navorsingstudies in Engels of Afrikaans was; iii) die studie dit nie slegs het oor afstandsonderrig in Liggaamlike Opvoeding vir skoliere op skoolvlak nie, maar spesifiek vir studente in onderwysersopleiding op tersiêre vlak; iv) tussen Januarie 2002 en Julie 2024 gepubliseer en in vol-teks beskikbaar was; v) ook na aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding en uitdagings tydens COVID-19, wat normaalweg in kontakmodus onderrig word, kon verwys het; en vi) kwalitatiewe metodologie gebruik het (studies met gemengde metodes of kwantitatiewe studies wat ’n komponent van kwalitatiewe data-insameling soos oop-einde vrae of onderhoude ingesluit het, is ook ingesluit). Uitsluitingskriteria is toegepas waar studies op indiensonderwysersopleiding en niertersiêre studente fokus, en waar die navorsingsmetode net kwantitatief van aard was.

’n Diepgaande studie van die hieruitspruitende (voorfinale) lys van artikels is gemaak vir feitelikheid en toepassing met betrekking tot die oorspronklike navorsingsvraag, om aldus ’n

daaropvolgende finale seleksie te kon uitvoer en die oorblywende artikels vir die data-ontledingsproses te gebruik.

3. Studieseleksie, data-onttrekking, kritiese beoordeling, data-analise en sintese

Die PRISMA-verklaring se spesifikasies met betrekking tot die identifikasie- en seleksieproses van artikels in hierdie sistematiese oorsig, soos dit in hierdie studie toegepas is (Page *et al.*, 2021:5; Sarkis-Onofre *et al.*, 2021:2), word in Figuur 1 geïllustreer. Die PRISMA 2020-kontrolelys se 12 punte is deurlopend as basis vir die data-onttrekking, data-analise en sintese gebruik (Page *et al.*, 2021:3).



Figuur 1: Die identifikasie- en seleksieproses van artikels in die sistematiese oorsig (Aangepas uit Page *et al.*, 2021:5).

Soos in Figuur 1 aangedui word, is oorspronklik 711 artikels gevind uit die soektogte waar die gekose databasisse, soos aangedui in Tabel 1, gebruik is. 'n Totaal van 118 artikels is met behulp van EBSCOhost geïdentifiseer, terwyl 'n totaal van 541 artikels met behulp van Google Scholar en 52 artikels met behulp van Scopus geïdentifiseer is. Nadat die insluitings- en uitsluitingskriteria toegepas is, is 693 artikels as irrelevant vir die studie beskou. Toegang tot slegs vier artikels is geweier. Duplikaat-artikels wat verwyder is, het 29 beloop. Sewentien artikels was nie in Afrikaans of Engels beskikbaar nie. 'n Verdere 312 artikels is hierna geëlimineer, omrede hulle nie verband gehou het met onderwysstudente se opleiding aan tersiêre instellings in Liggaamlike Opvoeding in die afstand- of aanlyn onderrigmodus nie, of na Liggaamlike Opvoeding slegs as kortkursus vir indiens-onderwysers verwys het wat nie verband gehou het met onderwysersopleiding nie. Artikels wat na aanlyn Liggaamlike Opvoeding-opleiding vir leerders op skoolvlak (Graad R tot Graad 12) verwys het, het 174 beloop en is geëlimineer volgens die uitsluitingskriteria. Agt-en-veertig artikels het nie oor studente nie, maar oor indiensopleiding van onderwysers gehandel. Sewe-en-twintig artikels het slegs oor die gebruik van tegnologie in Liggaamlike Opvoeding gehandel. Daar was 78 artikels wat verband gehou het met Liggaamlike Opvoeding-opleiding, maar met geen verwysing na afstand- of aanlyn onderrig nie. Drie artikels wat andersyds as relevant geag is, is uitgesluit omdat daarin slegs van kwantitatiewe studies gebruik gemaak is. Twee artikels het net op Liggaamlike Opvoeding-dosente se ervarings met aanlyn onderrig gedurende COVID-19 gefokus en is om daardie rede buite rekening gelaat.

Om die kwaliteit en toepaslikheid van die navorsingsartikels te beoordeel, is gebruik gemaak van die *Critical Appraisal Skills Programme* (CASP) (CASP UK, 2026), soos aanbeveel deur Batten en Bracket (2021:615). Die resensente het die CASP se 10 vrae met betrekking tot die geldigheid, inhoud en toepaslikheid (CASP UK, 2026) van elke artikel se bevindings beantwoord. Slegs artikels met ses tot 10 "ja" antwoorde, wat dui op bogemiddelde- tot hoëkwaliteitstudies, is ingesluit (CASP UK, 2026).

Tabel 2 bevat 17 artikels wat voldoen het aan die insluitingskriteria.

4. Bevindings

Uit die data-analise het die volgende temas en subtemas met betrekking tot Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in die afstandsonderrigmodus na vore gekom: *Voordele en goeie praktyke* met die subtemas *Tyd en onafhanklike leerproseses*, *Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal*, en *Kwaliteitvideo's*. Die tweede tema wat geïdentifiseer is, is *Uitdagings*, met die subtemas *Die praktiese komponent van die opleiding*, *Tegnologiese hindernisse tydens lesings*, *Onvoldoende praktiese onderwys (werkgeïntegreerde leer)* en *Beperkte kontak met medestudente*.

4.1 Voordele en goeie praktyke

Williams (2013:1) vergelyk die voordele van innoverende onderrigmetodes in afstandsonderrig met 'n lokaal waar die ligte heeltid brand, waar tyd nie deur periodes vasgevang word nie en waar studente 24 uur, sewe dae in 'n week toegang tot die inhoud van hul leerwerk het. Die voordele en goeie praktyke wat deur die meeste van die studente en dosente in die geselekteerde studies uitgewys is, het *Tyd en onafhanklike leerproseses*, *Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal*, en *Kwaliteitvideo's* ingesluit. Hierdie voordele en praktyke word vervolgens bespreek.

TABEL 2: Studies wat uiteindelik in die sistematiese literatuuroorsig ingesluit is

Outeur/s	Jaar	Land	Deelhemers aan studie	Type studie en data-insamelingsmetode	Sluitelbevindings
Hyndman	2017	Australië	<i>n</i> = 30 voordiens- Liggaamlike Opvoeding-studente	Kwalitatiewe studie: vraelyste	Deelhemers het die gebruik van GoPro-videotegnologie nuttig en bruikbaar gevind en gemeen die gaping tussen kontak- en aanlyn klasse is rasioneel gevul.
Jung & Gilson	2014	VSA	<i>n</i> = 1 dosent	Kwalitatiewe literatuur-oorsigstudie en evaluasie van nuwe onderrigmetode by een universiteit	Die gebruik van "online threaded discussion" (OTD) in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleidingskursus in afstandsonderrigmodus by een universiteit is geëvalueer. Wenke is deur die evalueerders gegee vir die effektiewe aanbieding en bestuur van aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleidingskursusse.
Kirbas	2020	Turkye	<i>n</i> = 63 dosente verbonde aan 21 universiteite in Turkye	Kwalitatiewe studie: gestruktureerde onderhoude	'n Totaal van 79% van die akademiese het getoon dat kursusse soos Liggaamlike Opvoeding met 'n praktiese komponent oneffektief en onvoldoende aanlyn aangebied word en aanlyn of afstandsonderrig slegs in noodtoestande geïmplementeer behoort te word.
Kwon	2020	VSA: Texas	11 503 studies wat verband hou met "aanlyn onderrig," 12 359 studies met "afstands-onderrig" en 2 934 met "e-leer".	Kwalitatiewe literatuuroorsig	Talle aspekte moet in gedagte gehou word met betrekking tot kurrikulumontwikkeling, ondersteuning van studente, dosente-opleiding, en deeglike praktiese ervarings vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding.
Markelj <i>et al.</i>	2021	Slowenië	<i>n</i> = 46 Meestersgraadstudente in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding (voordiens-onderwysers)	Gemengde metodes: Aanlyn vraelyste met oop en geslote vrae, asook Likert-skaal-vrae	Onderwysstudente is nie gerat vir afstandsonderrig nie en oorwegings om vaardighede vir afstandsonderrig in die toekoms aan te pas om Liggaamlike Opvoedingsprogramme aan te vul, moet oorweeg word. Kontakmodus Liggaamlike Opvoeding-onderwysstudente moet so opgelei word dat hulle leerders in noodsituasies aanlyn kan onderrig.
Mocanu <i>et al.</i>	2021	Romenië	<i>n</i> = 147 eerstejaarstudente	Kwalitatiewe studie: Vraelyste met oop vrae	Voordele (meer vrye tyd, lae finansiële kostes, persoonlike leerpas) en nadele (tegniese probleme, lae konsentrasie, swak sosialisering) is geïdentifiseer. Aanbevelings behels die verhoogde gebruik van video's en studentebetrekking.
Murtagh <i>et al.</i>	2023	N.v.t.	<i>n</i> = 361 studies geïdentifiseer en <i>n</i> = 14 studies as geskik gevind	Literatuuroorsig van gemengde studies	Weinige inligting oor die ontwikkeling en aanbieding van aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding was beskikbaar. Aanlyn onderrig sal sekere studente kan pas en onafhanklike leer kan bevorder.

Nota: n = aantal; N.v.t. = nie van toepassing

TABEL 2: Studies wat uiteindelik in die sistematiese literatuuroorsig ingesluit is (*vervolg*)

Outeur/s	Jaar	Land	Deelnemers aan studie	Tipe studie en data-insamelingsmetode	Sluitbevestigings
Hyndman	2017	Australië	<i>n</i> = 30 voordiens-Liggaamlike Opvoeding-studente	Kwalitatiewe studie: vraelyste	Deelnemers het die gebruik van GoPro-videotegnologie nuttig en bruikbaar gevind en gemeen die gaping tussen kontak- en aanlyn klasse is rasioneel gevul.
Jung & Gilson	2014	VSA	<i>n</i> = 1 dosent	Kwalitatiewe literatuur-oorsigstudie en evaluasie van nuwe onderrigmetode by een universiteit	Die gebruik van "online threaded discussion" (OTD) in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleidingskursus in afstandsonderrigmodus by een universiteit is geëvalueer. Wenke is deur die evalueerders gegee vir die effektiewe aanbieding en bestuur van aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleidingskursusse.
Kirbas	2020	Turkye	<i>n</i> = 63 dosente verbonde aan 21 universiteite in Turkye	Kwalitatiewe studie: gestruktureerde onderhoude	'n Totaal van 79% van die akademici het getoon dat kursusse soos Liggaamlike Opvoeding met 'n praktiese komponent oneffektief en onvoldoende aanlyn aangebied word en aanlyn of afstandsonderrig slegs in noodtoestande geïmplementeer behoort te word.
Kwon	2020	VSA: Texas	11 503 studies wat verband hou met "aanlyn onderrig", 12 359 studies met "afstands-onderrig" en 2 934 met "e-leer".	Kwalitatiewe literatuuroorsig	Talle aspekte moet in gedagte gehou word met betrekking tot kurrikulumontwikkeling, ondersteuning van studente, dosente-opleiding, en deeglike praktiese ervarings vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding.
Markelj <i>et al.</i>	2021	Slowenië	<i>n</i> = 46 Meestersgraadstudente in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding (voordiens-onderwysers)	Gemengde metodes: Aanlyn vraelyste met oop en geslote vrae, asook Likert-skaal-vrae	Onderwysstudente is nie gerat vir afstandsonderrig nie en oorwegings om vaardighede vir afstandsonderrig in die toekoms aan te pas om Liggaamlike Opvoedingsprogramme aan te vul, moet oorweeg word. Kontakmodus Liggaamlike Opvoeding-onderwysstudente moet so opgelei word dat hulle leerders in noodsituasies aanlyn kan onderrig.
Mocanu <i>et al.</i>	2021	Romenië	<i>n</i> = 147 eerstejaarstudente	Kwalitatiewe studie: Vraelyste met oop vrae	Voordele (meer vrye tyd, lae finansiële kostes, persoonlike leerpas) en nadele (tegniese probleme, lae konsentrasie, swak sosialisering) is geïdentifiseer. Aanbevelings behels die verhoogde gebruik van video's en studentebetrekking.
Murtagh <i>et al.</i>	2023	N.v.t.	<i>n</i> = 361 studies geïdentifiseer en <i>n</i> = 14 studies as geskik gevind	Literatuuroorsig van gemengde studies	Weinige inligting oor die ontwikkeling en aanbieding van aanlyn Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding was beskikbaar. Aanlyn onderrig sal sekere studente kan pas en onafhanklike leer kan bevorder.

Nota: n = aantal; N.v.t. = nie van toepassing

TABEL 2: Studies wat uiteindelik in die sistematiese literatuuroorsig ingesluit is (vervolg)

Outeur/s	Jaar	Land	Deelnemers aan studie	Tipe studie en data-insamelingsmetode	Sleutelbevindings
Nyberg <i>et al.</i>	2022		<i>n</i> = 10 voordiens- Liggaamlike Opvoeding-onderwysers	Kwalitatiewe navorsing met semi-gestruktureerde, aanlyn onderhoude	Bewegingsvermoëns verswak wanneer studente nie binne 'n kontak-omgewing met ander studente kommunikeer nie; daarteenoor verhoog studente se bewegingsvermoëns as spesifieke bewegings sonder medestudente geleer en uitgevoer word.
O'Brien <i>et al.</i>	2020	Engeland, Finland, Portugal, Ierland en Griekeland	<i>n</i> = 12 Liggaamlike Opvoeding-onderwysdosente van al vyf lande (Engeland, Finland, Portugal, Ierland en Griekeland)	Kwalitatiewe studie: verkennende veelvuldige gevallestudie-ontwerp	Tegnologie in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in afstandsmodus is belangrik, maar studente se praktikum moet van aangesig tot aangesig geskied en kontak met dosente is onmisbaar. Die dosente by die verskeie instansies was nie almal gerat vir aanlyn Liggaamlike Opvoeding nie. Institusionele ondersteuning vir die aflewering van die onderrig by tersiêre instansies was uitstaande in al vyf lande. Aanbevelings vir nuwe metodes om studente sinvol by aanlyn onderrig in Liggaamlike Opvoeding te betrek.
Putri	2021	Indonesië	<i>n</i> = 118, 21-jarige Liggaamlike Opvoeding-universiteits studente	Gemengde metodes Vraelys met oop en geslote vrae via 'n Google-vorm opgestel en via WhatsApp versprei	Vier probleme (internetdata, internetsnetwerke, tegniese probleme en omgewingsprobleme) wat Liggaamlike Opvoeding-studente se leerervarings gekelder het, het ontstaan gedurende die bywoning van gesinchroniseerde onderrigssesies.
Varea & González-Calvo	2021	Spanje	<i>n</i> = 12 finalejaar Liggaamlike Opvoeding-studente	Kwalitatiewe studie: transkripsies en tekeninge	Deelnemers het die praktiese aanlyn klasse negatief ervaar, het gevoel Liggaamlike Opvoeding verloor identiteit oor hul geen kontakpraktikum gehad het nie, en het kontakklasse gemis.
Yaman	2009	Turkye	<i>n</i> = 330 eerste-, tweede-, derde- en vierdejaar Liggaamlike Opvoeding-studente	Kwalitatiewe navorsing: Vraelyste	Die studente se grootste bekommernis was dat terugvoer wat bewegingsfoute onmiddellik korregeer gedurende praktiese klasse ontbreek.

Nota: *n* = aantal; N.v.t. = nie van toepassing

4.1.1 Tyd en onafhanklike leerproses

Studente in verskeie studies (Calderón *et al.*, 2021:570; Markelj *et al.*, 2021:180; Mocanu *et al.*, 2021:17; Murtagh *et al.*, 2023:380; Nyberg *et al.*, 2022:365; Qi, 2023:1; Yaman, 2009:8) het aangedui dat hulle 'n groter mate van vrye tyd tot hul beskikking, die geleentheid om teen hul eie pas te leer, en die moeiteelose toegang tot leermateriaal, as positief ervaar het, hoewel die onus op die studente was om hul leerproses te laat slaag. 'n Student in Yaman (2009:8) se studie het genoem: "Getting an education free from time and place increases my performance" (Yaman, 2009:8). Daar is baie meer tyd vir besprekings, vir oorweging en besinning en vir kommunikasie in die aanlyn omgewing, het die studente in Nyberg *et al.* (2022:365) se studie rakende aanlyn Liggaamlike Opvoeding tydens COVID-19 verder uitgewys. Twee studente het byvoorbeeld genoem: "Many of us [preservice teachers] have liked to have lectures and the theoretical stuff online. It's comfortable to be able to sit home and concentrate" (Nyberg *et al.*, 2022:365).

Die resultate verkry uit Duc en Manh (2023:8) se kwantatiewe studie het aangetoon dat selfleer beduidend by aanlyn Liggaamlike Opvoeding-studente uitgestaan het.

Studente het dus die ervaring van Liggaamlike Opvoeding via afstandsonderrig in die aanlyn omgewing as positief beleef en besef dat hul tyd en leerproses in hul eie hande was (Calderón *et al.*, 2021:570; Markelj *et al.*, 2021:188; Mocanu *et al.*, 2021:17; Murtagh *et al.*, 2023:380; Nyberg *et al.*, 2022:36; Yaman, 2009:8).

4.1.2 Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal

Verskillende vorme van tegnologie is as effektiewe onderriginstrumente gebruik in die geselekteerde studies. Die meerderheid dosente het aangedui dat hul gebruik maak van Microsoft PowerPoint met stemopnames, YouTube-video's, blogs en mobiele toestelle om Liggaamlike Opvoeding aanlyn te onderrig (Fletcher & Hordvik, 2022:3; Goad & Jones, 2017:9; O'Brien *et al.*, 2020:515; Varea & González-Calvo, 2021:831; Yaman, 2009:8). In verskeie studies was die doel met die gebruik van die onderriginstrumente om die leermateriaal en terugvoer op die beste moontlike manier weer te gee aan studente, en ook om hulle aan te spoor om die tegnologie self eendag in die klaskamer of aanlyn (soos in 'n noodsituasie soos beleef tydens COVID-19) te gebruik (Fletcher & Hordvik, 2022:3; Goad & Jones, 2017:9; O'Brien *et al.*, 2020:503; Varea & González-Calvo, 2021:831; Yaman, 2009:8). Volgens Fletcher en Hordvik (2022:3), Goad en Jones (2017:9), O'Brien *et al.* (2020:515), Varea en González-Calvo (2021:831) en Yaman (2009:8), is die beste benadering of onderrigtegniek om studente van tegnologie te leer die "omgekeerde klaskamer"-model (oftewel die *flipped classroom model*), waar die student die klas moet waarneem en medestudente moet "onderrig". MS Teams en Zoom was die twee dominante kommunikasiekanale tussen studente en dosente in die aanlyn onderrigomgewing (Beard & Konukman, 2020:50; Markelj *et al.*, 2021:187). Ander afstandsonderrig-kommunikasiekanale by universiteite sluit Panopto, Whiteboard en universiteite se leerbestuursisteme (LBS) in, bykomend tot MS Teams en Zoom (Kruger *et al.*, 2022:75). In die studies van Calderón *et al.* (2021:572), Markelj *et al.* (2021:180), Mocanu *et al.* (2021:16), Murtagh *et al.* (2023:379) Nyberg *et al.* (2022) en Yaman (2009:8) is die doeltreffende kommunikasie tussen dosente en studente deur middel van tegnologie as een van die redes vir die positiewe ervarings van studente genoem.

In die studie van Calderón *et al.* (2021:573) het studente ook inligting via blogs gedurende COVID-19 ontvang om hul met toekomstige aangesig-tot-aangesig-praktika te help, soos een student vertel het:

The blogs provided me with an excellent opportunity to both reflect on my experiences of teaching practice last year and look forward to my school placement next year. The structure was very helpful, as it incorporated both literature and practical tips. (Calderón *et al.*, 2021:573)

Een aspek van die gebruik van tegnologie wat telkens in die geselekteerde studies sou figureer, is die prominente rol wat kwaliteitvideo's in die effektiwiteit van die afstandsonderrigmodus gespeel het, en daarom is hierdie aspek as 'n aparte subtema geklassifiseer.

4.1.3 *Kwaliteitvideo's*

In Goad en Jones (2017:8) se studie stem die studente saam dat video's in aanlyn Liggaamlike Opvoeding-opleiding van kardinale belang is: "I don't think you can have a very good online program if you do not use video ... I think that that's very important. I don't think that an online course is just reading."

Video's is hoofsaaklik op twee maniere gebruik in Liggaamlike Opvoeding-afstands-onderrig en aanlyn programme, veral met betrekking tot die praktiese opleiding. Eerstens is video's gebruik om inligting en instruksies van dosente aan studente oor te dra. Hierdie gebruik behels dikwels óf video's wat beskikbaar is vir die publiek op webtuistes soos YouTube, byvoorbeeld video's wat die tegniese uitvoering en analise van spesifieke bewegingsvaardighede, taktiese aspekte van 'n sport, of die uitvoering van 'n Liggaamlike Opvoeding-les demonstreer (Beard & Konukman, 2020:50; Calderón *et al.*, 2021:572; Fletcher & Hordvik, 2022:3; Goad & Jones, 2017:8; Hyndman, 2017:92; Lu *et al.*, 2020:15), óf video's wat deur die dosent self saamgestel is, byvoorbeeld van 'n praktiese beweging wat die dosent of 'n student uitvoer en verduidelik, of van 'n praktiese lesing wat hy of sy aan studente gee in die kontakmodus (Beard & Konukman, 2020:50; Lu *et al.*, 2020:15). Die tweede tipe video wat dikwels gebruik word en deur Beard en Konukman (2020:50), Kwon (2020:3564) en Mocanu *et al.* (2021:16) aanbeveel word, is video's wat studente van hulself laat neem om aan medestudente of aan die dosent beskikbaar te stel vir assessering.

Beard en Konukman (2020:50) en Lu *et al.* (2020:15) beveel die gebruik van self-saamgestelde video's deur dosente vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysstudente sterk aan, aangesien doelgerigte onderrig en leer in meer realistiese Liggaamlike Opvoeding-klasse uitgebeeld word. Die beginsel van die skep van realistiese en outentieke praktiese opleidings-ervarings deur middel van kwaliteitvideo's word ook ondersteun deur Beard en Konukman (2020:50), Hyndman (2017:95) en Lu *et al.* (2020:15). In Hyndman (2017:95) se studie is GoPro-tegnologie byvoorbeeld gebruik om praktiese Liggaamlike Opvoeding-leerervarings aan afstandstudente te bied vanuit die oogpunt van die student, waar die GoPro-kameratjie aan kontakstudente se bors geheg is en die video dan die praktiese opleidingsessies vanuit die student se oogpunt gewys het. Afstandstudente in Hyndman (2017:95) se studie het positief op hierdie gebruik van video's gereageer deur te sê: "For students like myself who are not able to attend lessons, it gives us an insight to what is being done at these sessions", en voorts "[I found the videos] very useful for my learning. It provided a visual demonstration of what was being taught in the lessons, especially for Assignment 1 of lesson planning."

Volgens Hyndman (2017:92) het sy bevindings in die GoPro-studie getoon dat die gebruik van video-opnames met behulp van GoPro die studente se visuele leerstyl aangevul het en sodoende waarde tot hulle leer toegevoeg het. Deelnemers in 'n studie deur Goad en Jones (2017:9) het soortgelyke ervarings gedeel met verwysing na 'n videotoepte (Coach's Eye), soos een student dit gestel het:

One of the things that I learned...from this course, [is] this thing called ‘Coach’s Eye’ where you can videotape whatever you’re doing and you can actually send it to whoever you want. So, for example, if I have an athlete that’s videotaping themselves shooting a basketball, they could actually send it to me through the Coach’s Eye [app]...and I could evaluate what they’re doing in slow motion and give them instant feedback. And actually, I could voice record in it and give them feedback to help them correct [their performance] without me being there. So yeah, I have used that at my school. (Goad & Jones, 2017:9)

In verskeie van die studies was die dosente van mening dat die studente met tevredenheid op die video’s en klasopnames gereageer het, omrede hul oor en oor en in hul eie tyd na die video’s kon kyk (Calderón *et al.*, 2021:571; Fletcher & Hordvik, 2022:3; Hyndman, 2017:92). Ook video’s waarin Liggaamlike Opvoeding-bewegings deur die studente self uitgevoer en opgelaai moes word vir groep- of portuurassessering, is deur studente as nuttig en leersaam ervaar met betrekking tot die assessering van en terugvoer vir leerders in toekomstige Liggaamlike Opvoeding-klasse (Beard & Konukman, 2020:49; Kwon, 2020:3565; Mocanu *et al.*, 2021:2).

Etlke navorsers uit die geselekteerde studies (Kwon, 2020:3564; Varea & González-Calvo, 2021:843) wys daarop dat, hoewel kursusse met ’n hoë vlak van interaksie tussen student en dosent dikwels nie vir afstandsonderrig aanbeveel word nie, die deeglike beplanning van die gebruik van tegnologie soos video’s in die kurrikulum ’n geskikte leeromgewing vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding kan skep.

Ofskoon die gebruik van video’s dus ’n uitdaging is, wys die data (Fletcher & Hordvik, 2022:3; Hyndman, 2017:85; Kwon, 2020:3565; Mocanu *et al.*, 2021:14; Varea & González-Calvo, 2021:834) dat genoegsame praktiese leer in Liggaamlike Opvoeding via kwaliteitvideo’s kan plaasvind.

Die tema *Uitdagings* wat deur studente en dosente in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding via die afstandsonderrigmodus ervaar is, word vervolgens bespreek.

4.2 *Uitdagings*

Die subtemas wat onder *Uitdagings* deur verskeie van die studente en dosente in die geselekteerde studies uitgewys is, was;

- Die praktiese opleidingskomponent
- Die gebruik van tegnologie
- Onvoldoende praktikum
- Gebrek aan kontak met medestudente
- Gebrek aan doeltreffende terugvoer.

Hierdie subtemas word vervolgens bespreek.

4.2.1 *Uitdagings met die praktiese opleidingskomponent*

Die praktiese komponent in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in kontakmodus sluit gewoonlik in dat dosente praktiese bewegingsvaardighede of lesse aan studente demonstreer, dat studente die bewegings aanleer en oefen, en dat die dosente en/of medestudente terugvoer gee (ook in die vorm van formatiewe en summatiewe assessering) oor die uitvoering van die bewegings deur die studente (Fletcher & Hordvik, 2022:3; Hyndman, 2017:88; Jung & Gilson, 2014:245; Kwon, 2020:3565; Mocanu *et al.*, 2021:17; Varea & González-Calvo, 2021:834). Die praktiese komponent in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding is een

van die grootste uitdagings wat deur die literatuur uitgewys is (Fletcher & Hordvik, 2022:3; Hyndman, 2017:85; Kwon, 2020:3565; Mocanu *et al.*, 2021:11; Varea & González-Calvo, 2021:831). Die uitdaging is veral deur studente uitgewys omdat afstandstudente nie fisies die bewegings kan uitvoer met toerusting of saam met medestudente nie. Een student het die afstandsonderrig soos ontvang tydens COVID-19 vergelyk met die kontakklasse voor die pandemie, en het byvoorbeeld opgemerk: “But on campus, it was a whole lot easier because it’s about interaction within a space, interaction with people in that space, and listening to the teacher who is telling you what they know.” (Nyberg *et al.*, 2022:364)

’n Verdere rede waarom Liggaamlike Opvoeding-studente en -dosente nie die praktiese klasse waardeur het nie, was dat oombliklike terugvoer en korreksies van dosente en medestudente om bewegings akkuraat uit te voer, ontbreek het (Kirbas, 2020:196; Varea & González-Calvo, 2021:831; Yaman, 2009:8).

’n Dosent in die studie van González-Calvo *et al.* (2022:214) het dit soos volg gestel: “The direct contact has been lost and it is much more difficult to carry out an effective assessment of the students, as well as a self-assessment of the learning units.”

Ook dosente, soos dié een in Calderón *et al.* (2021:571) se studie, het die aspek van onmiddellike interaksie as ’n uitdaging getipeer:

You are expecting the students to watch that video but there’s no real interaction. So, I think it’s totally different because, you know, I can record a video and upload a video but when you are lecturing face-to-face, you see the students, you can ask them questions and give immediate feedback. (Calderón *et al.*, 2021:571)

Die noodsaaklikheid van geskikte oppervlaktes, spasie en apparaat vir praktiese bewegings- en sportvaardighede wat deur studente aangeleer en onderrig moet word, was ’n verdere uitdaging vir studente, veral dié wat vanaf afgeleë plekke moes leer (Goad & Jones, 2017:2; Hyndman, 2017:85; Lu *et al.*, 2020:15). ’n Student het in hierdie verband opgemerk: “It is hard meeting the needs of those based in remote locations because it is usually difficult to undertake and engage in practical classes in rural areas away from the campus” (Hyndman, 2017:90).

In verskeie studies het die studente ervaar dat hul persoonlike omgewing nie hul praktiese leerproses via afstandsonderrig ondersteun nie (Goad & Jones, 2017:2; Kirbas, 2020:196; Lu *et al.*, 2020; Markelj *et al.*, 2021:187; Putri, 2021:72). Markelj *et al.* (2021:187) het selfs gevind dat dosente tydens COVID-19 die praktiese inhoud van die sportvaardighede moes aanpas, omrede studente nie die nodige sporttoerusting tuis tot hul beskikking gehad het nie, en dat van die doelstellings van die opleidingskursus, veral dié wat verband gehou het met die aanleer van sportvaardighede, moeilik was om te bereik.

Nyberg *et al.* (2022:364) wys voorts op die nadeel dat praktiese bewegingskennis soms heeltemal in teoretiese bewegingskennis omskep word wanneer dit aanlyn onderrig word, wat die integrasie van teoretiese en praktiese bewegingskennis by die student ondermyn. Tegniese bewegingsvaardighede wat spesifieke tegnieke behels om suksesvol uitgevoer te word, benodig die perspektief van die beweging (student) en kan nie bloot net praktiese of teoretiese aangeleer word nie, maar vereis ’n samehorige kombinasie van beide praktiese en teorie (Lu *et al.*, 2020:15; Nyberg *et al.*, 2022:365). Studente wat in hierdie verband nie ’n sterk onderbou of agtergrond in Liggaamlike Opvoeding of sport het nie, sukkel gewoonlik meer met aanlyn onderrig van praktiese bewegings- of sportvaardighede, omdat hulle nie praktiese ervaring het waarop hulle kan steun nie (Goad & Jones, 2017:7), soos in die woorde van een student:

They have to have a pretty good background in their content. You know, the unfortunate thing within online physical education ... is you know immediately if they know their

content ... if they do not ... they cannot teach. That's just the fact of the matter. (Goad & Jones, 2017:7)

'n Verdere uitdaging, wat met tegnologie verband hou, word vervolgens bespreek.

4.2.2 *Uitdagings met die gebruik van tegnologie*

Dit blyk uit die geselekteerde studies dat deeglike opleiding van beide dosente en studente om tegnologie tot hul eie voordeel aan te wend of om nuwe tegnologie te implementeer, dikwels ontbreek (González-Calvo *et al.*, 2022:214; Hyndman, 2017:89; Konukman *et al.*, 2024:305; O'Brien *et al.*, 2020:516; Varea & González-Calvo, 2021:831). In González-Calvo *et al.* (2022:212) se studie noem twee dosente dat die gebruik van tegnologie uitputtend kan wees: "I feel exhausted. It is exhausting to have to be so attentive to technologies, to make videos and edit them for students, to learn on the fly how technologies work in order to make learning proposals" (González-Calvo *et al.*, 2022:212). En voorts:

It's easy to get burned out as a distance education teacher, since you may spend more time in front of a screen sending individual emails, resolving doubts, making explanatory videos, which may require editing, feeling frustration at not reaching some students because they don't have a computer, among other things. (González-Calvo *et al.*, 2022:213)


Ander uitdagings wat verband hou met tegnologie en wat na vore gekom het, al het studente toegang tot rekenaars gehad, was tegniese probleme met die mikrofoon of videokamera wat veroorsaak dat studente se deelname en begrip van die inhoud gekelder is (Lu *et al.*, 2020:14; Mocanu *et al.*, 2021:17; Putri, 2021:71). Netwerkdekking was ook vir menige studente problematies, veral gedurende COVID-19 toe studente hoë dataverbruik ervaar het, al het die meeste van die studente data ontvang (Lu *et al.*, 2020:14; Mocanu *et al.*, 2021:18; Putri, 2021:71). Aldus een student: "Those with greater resources can access all the facilities for a good education from home and those who do not have to search for them to be able to access it." (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:76)

4.2.3 *Onvoldoende praktikum*

Een van die grondliggende komponente van Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding is die praktikum of werksgeïntegreerde leer, dus praktiese onderrig-ervaring by 'n skool of met 'n groep leerders, waarin die vaardighede en onderrigstrategieë wat in die Liggaamlike Opvoeding-lesings geleer is, toegepas word (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:70; O'Brien *et al.*, 2020:515). Die bevindings van O'Brien *et al.* (2020:518) in hulle navorsing onder dosente in vyf uiteenlopende lande (Engeland, Finland, Portugal, Ierland en Griekeland), toon dat daar in dié lande 'n behoefte was aan die gebruik van aanlyn tegnologie in Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding. Die deelnemers van al die lande was egter eens daaroor dat dit noodsaaklik is dat die praktikum via kontak moet plaasvind. Liggaamlike Opvoeding-onderwysstudente in verskeie studies (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:78; González-Calvo *et al.*, 2022:213; O'Brien *et al.*, 2020:518; Varea & González-Calvo, 2021:831) het verder aangedui dat hul praktikum van aangesig tot aangesig moet geskied, want die vak verloor waarde en identiteit as dit aanlyn geïmproviseer moet word. Studente in Varea en González-Calvo (2021:835) se studie het neerslagtige emosies teenoor aanlyn pratikum gedurende COVID-19 gerapporteer, en aangedui dat hulle die kontak met die kinders gemis het, en dat Liggaamlike Opvoeding sy identiteit weens dié omstandighede verloor het. Een student het

haar gevoelens oor die gebrek aan persoonlike kontak met leerders in haar praktikum tydens COVID-19 met behulp van 'n tekening (Figuur 2) uitgebeeld:

Online teaching doesn't allow me to create empathy with students, or that individualised attention that is possible in face-to-face teaching. In the second drawing I don't represent myself as happy because I don't like this type of teaching. (Varea & González-Calvo, 2021:835)



Figuur 2: Student se veranderde gemoedstoestand in tekening uitgebeeld (Varea & González-Calvo, 2021:835).

'n Student in 'n ander studie (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:72) het die nadele van die praktiese opleiding in afstandsonderrigmodus gedurende COVID-19 soos volg opgesom:

... in our case that we have always been used to face-to-face, interacting with students doing activities, so it didn't seem quite right to me. In the end I finished, but I didn't learn much. (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:72)

Liggaamlike Opvoeding-onderwysstudente in ander studies het ook hulle misnoeë met aanlyn praktikum uitgespreek: "There is a continuous feeling of frustration for not being able to practise in the way I would like to or to carry out some of the didactic proposals that could make me more enthusiastic" (González-Calvo *et al.*, 2022:211) en voorts "For physical education teachers it can be even more frustrating not to have that freedom of movement, our profession requires body 'movement'." (González-Calvo *et al.*, 2022:213).

Fisiese kontak en aangesig-tot-aangesig-onderrig bly dus 'n vereiste in Liggaamlike Opvoeding-studente se praktikum en studente het 'n behoefte daaraan selfs in die afstandsonderrigmodus (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:79; Calderón & MacPhail, 2023:169; González-Calvo *et al.*, 2022:213; Hyndman, 2017:95; Jung & Gilson, 2014:241; O'Brien *et al.*, 2020:518).

'n Gebrek aan kontak met medestudente is eweneens as 'n uitdaging ervaar, soos uit die volgende subtema blyk.

4.2.4 Kontak met medestudente

Die meerderheid studies het aangetoon dat dit moontlik is om Liggaamlike Opvoeding via die aanlyn modus te onderrig, maar dat daar by studente 'n hunkering na kontak en aangesig-tot-aangesig-sessies met medestudente is (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:79; Calderón & MacPhail, 2023:169; González-Calvo *et al.*, 2022:212; Hyndman, 2017:89; Jung & Gilson, 2014:244; Kirbas, 2020:196; O'Brien *et al.*, 2020:515; Markelj *et al.*, 2021:188; Nyberg *et al.*, 2022; Qi, 2023:1; Varea & González, 2021:835).

In die studie van Nyberg *et al.* (2022:364) het Sweedse studente onderskeidelik aangedui dat:

...you don't see anything on Zoom. You see yourself or the small boxes with the images of your friends. If it's live, then you see them for real and can actually, yes, engage in a completely different way than what you can do through the screen. (Nyberg *et al.*, 2022:364)

I would choose to meet them live every time, simply from the perspective of learning. On Zoom, there isn't any kind of dynamic in a discussion. ... you need to be able to read each other in some way. (Nyberg *et al.*, 2022:364)

Hoewel interaksie tussen studente moontlik gemaak word met behulp van aanlyn programme soos Zoom, Microsoft Teams en tersiêre instellings se LBS-sisteme (O'Brien *et al.*, 2020:505), het verskeie studies (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:79; Fletcher & Hordvik, 2022:3; Hyndman, 2017:90; Jung & Gilson, 2014:244; Kirbas, 2020:196; Markelj *et al.*, 2021:188; Nyberg *et al.*, 2022:364; Varea & González-Calvo, 2021:835) ook aangedui dat studente kontakklasse met medestudente steeds bo aanlyn klasse in Liggaamlike Opvoeding verkies of steeds 'n groot behoefte daaraan het.

'n Verdere subtema wat geïdentifiseer is, is doeltreffende terugvoer van dosente en terugvoer tussen studente.

4.2.5 Doeltreffende terugvoer

In etlike studies het studente aangetoon dat doeltreffende, kwaliteit-terugvoer deur dosente hul in die aanlyn onderrig-milieu laat volhard het, maar as daar nie kwaliteit-terugvoer gegee is nie, het dit die studente krities gestem (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:78; Beard & Konukman, 2020:49; Calderón *et al.*, 2021:572; Goad & Jones, 2017:8; Jung & Gilson, 2014:245; Yaman, 2009:8).

Die beginsel van terugvoer was ook van toepassing waar waarnemende onderwysers gedurende studente se praktikum terugvoer moes verskaf met betrekking tot opdragte, soos deur een student opgemerk is:

I had to request feedback and if I did not do so, they would not give it to me. I could not understand myself with the teacher of the establishment, there was little communication and I lacked feedback, in short, support. (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:73)

In die navorsing van Almonacid-Fierro *et al.* (2021:73), González-Calvo *et al.* (2022:213) en Yaman (2009:8) het die minderheid van die studente saamgestem dat hul via afstandsonderrig genoegsame terugvoer ontvang het vir hul praktiese vaardighede en ander praktiese komponente. Dit behoeft geen betoog nie dat wanneer dit by Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding kom, terugvoer uiters belangrik is om studente suksesvol op te lei deur

middel van aanlyn en afstandsonderrig (McMullen *et al.*, 2022:74; Yaman, 2009:8). Dat sodanige terugvoer betyds voorsien word, is eweneens van groot belang (Kirbas, 2020:202). Deelnemers aan die studies van Almonacid-Fierro *et al.* (2021:73), Goad en Jones (2017:8), McMullen *et al.* (2022:74) en Qi (2023:1), het die belangrikheid van doeltreffende, volledige en vinnige terugvoer op hulle opdragte beklemtoon. Een deelnemer aan Calderón *et al.* (2021:572) se studie het byvoorbeeld die volgende mening uitgespreek:

I think you need to have three blogs to show that formative assessment [process and] improvement ... [in most cases] you have a lot of feedback on your first [blog and] the grade would be low, the next blog is improved and [there is] less feedback and the grade goes up so the feedback is reducing but the grade is going up but to show that process, you need at least three. (Calderón *et al.*, 2021:572)

Studente in die studies van Beard en Konukman (2020:50), Calderón *et al.* (2021:572) en Goad en Jones (2017:8) was dit verder eens dat terugvoer deur dosente ook geïndividualiseerd moet wees, soos deur een student beaam is:

[Professor M] would even do split-screen, where she would pull up my video or my work on her screen, as she was talking. She could take her cursor and point and change stuff in my work to show me what I did wrong or what I needed to correct. (Goad & Jones, 2017:8)

’n Bespreking van die bevindings en aanbevelings wat uit die studie spruit, volg.

5. Bespreking en aanbevelings

Die doel van hierdie studie was om goeie praktyke en uitdagings in die afstands- en aanlyn opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding te ondersoek. Die bevindings toon dat die studente en dosente in die verskillende studies die voordele van afstandsonderrig – naamlik dat hulle kon werk teen hulle eie pas en in hulle eie tyd asook die maklike toegang tot die studiemateriaal – positief ervaar het. Die effektiewe gebruik van tegnologie, veral met die oog op doeltreffende kommunikasie tussen dosente en studente asook tussen studente, en die gebruik van kwaliteitvideo’s vir die praktiese opleidingskomponent, is ook as goeie praktyke gerapporteer. Wat die uitdagings betref het die deelnemers die praktiese opleiding (wat studente se uitvoering en inoefening van bewegings en die terugvoer daarop insluit), probleme in die gebruik van tegnologie, onvoldoende praktikum, weinig tot geen kontak met medestudente en ondoeltreffende terugvoer vanaf dosente en medestudente, negatief ervaar.

Beard en Konukman (2020:50) wys daarop dat die COVID-19-pandemie universiteite nietemin laat besef het dat afstands- en aanlyn onderrig haalbaar is en dat studente hul studies suksesvol kan voltooi. Die bevindings toon desnieteenstaande aan dat daar aan sekere vereistes voldoen móét word om Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in die afstandsmodus op te lei.

Kwon (2020:3563) beveel in hierdie verband ’n omvattende kurrikulum met gedetailleerde instruksies, ’n hoë vlak van studente-ondersteuning en ekspertdosente of goed opgeleide dosente aan. Jung en Gilson (2014:245) ondersteun Kwon (2020:3564) se aanbeveling dat kurrikulum-ontwikkelaars vaste leerbeginsels in die aanlyn omgewing integreer, en voeg by dat die opleidingsprogram studente moet help om hul kennis en vaardighede in die gebruik van tegnologie in die kursus te verbreed en te gebruik. Anderson en Rivera-Vargas (2020:208) stem saam dat die doeltreffendheid van aanlyn of afstandsonderrig van die effektiewe gebruik van tegnologie afhanklik is, en dat alle rolspelers goed opgelei moet word in die gebruik

daarvan. Jung en Gilson (2014:245) wys egter daarop dat, hoewel tegnologie 'n betekenisvolle rol speel in die bevrediging van studente se individuele leerbehoefte, tegnologie opsigself nie leer waarborg of 'n wesenlike onderrigomgewing skep nie.

Die gevolgtrekkings van verskeie studies stem ooreen dat dit steeds die dosent se taak bly om kwaliteitbeplanning, implementering, terugvoer en assessering in die aanlyn onderrigomgewing aan studente te verskaf om studenteleer te bevorder (Goad & Jones, 2017:8; Jung & Gilson, 2014:245; Markelj *et al.*, 2021:188; Murtagh *et al.*, 2023:380). Terugvoer deur dosente moet verder spesifiek, positief en geïndividualiseerd wees (Beard & Konukman, 2020:50; Calderón *et al.*, 2021:572; Goad & Jones, 2017:8). Butts *et al.* (2013:11) ondersteun die beginsel van spesifieke en individuele terugvoer vanaf dosente aan studente, na aanleiding van hulle vergelyking van die ervarings van Amerikaanse onderwysstudente in 'n afstandsonderrig- en kontakkursus met dieselfde inhoud gemik op Liggaamlike Opvoeding. Hoewel nuwe sagteware wat dosente se terugvoer en studente se ervaring van die opleiding kan vergemaklik deurentyd ontwikkel en geïmplementeer word, byvoorbeeld die GoPro-sagteware (Hyndman, 2017:95) en die gebruik van Coach's Eye (Goad & Jones, 2017:9), beaam etlike navorsers (Beard & Konukman, 2020:50; Hyndman, 2017:95; Markelj *et al.*, 2021:187) dat meer navorsing met betrekking tot die gebruik van video- en ander tegnologie in die onderrigpraktyk nodig is om die gaping in praktiese Liggaamlike Opvoeding-opleiding tussen afstandsonderrig- en kontakmodus te oorbrug. Die bevindings toon verder dat daar steeds kritici is wat aanvoer dat videotrugvoer in Liggaamlike Opvoeding in afstandsonderrigmodus nie die tradisionele, praktiese Liggaamlike Opvoeding-omgewing ten volle kan vervang nie, selfs al het sommige dosente die transaksionele afstand tussen hulself en studente suksesvol met videotegnologie oorkom (Goad & Jones, 2017:9; Hyndman, 2017:91).

Kwon (2020:3563) verwys na 'n studie deur Johnson *et al.* (2000) waarin 38 studente, waarvan die helfte ($n = 19$) aangesig-tot-aangesig en die ander helfte ($n = 19$) aanlyn, presies dieselfde kursus met presies dieselfde dosente, inhoud en assesserings voltooi het. Die resultate dat die studente se satisfaksie teenoor die dosente en kursusinhoud minimaal verskil het, dui daarop dat aanlyn onderrig net so effektief soos kontakklasse kan wees (Kwon, 2020:3563). Toekomstige studies moet wel fokus op die ontwikkeling van modules wat spesifiek ontwerp is vir Liggaamlike Opvoeding wat nie net die inhoud bevorder nie, maar wat omvattende praktiese ervarings aan studente sal kan bied (Kwon, 2020:3565). Interaksie tussen dosent en student asook tussen medestudente en die ontwikkeling van verhoudings in die aanlyn omgewing hou groot waarde vir 'n Liggaamlike Opvoeding-kursus se suksesvolle afronding en aanbieding in (Goad & Jones, 2017:4opl; Murtagh *et al.*, 2023:379).

Dit is duidelik dat, in die konteks van Moore (1972; 1980; 1993) se Teorie van Transaksionele Afstand, die deelnemers se positiewe ervarings van die beginsels van eie tyd, pas en toeganklike leermateriaal by die teorie se komponent van *outonomie* aansluit, aangesien die studente se vlak van persoonlike verantwoordelikheid vir hulle eie leer verhoog het. Die effektiewe gebruik van die tegnologie asook die samestelling en gebruik van kwaliteitvideo's, vorm verder deel van die komponente dialoog en struktuur van Moore (1993) se teorie, aangesien die tegnologie die kommunikasie tussen dosent en student bevorder het, en die video's kon bydra tot die meer effektiewe praktiese opleiding van die studente. Die uitdagings van onvoldoende praktiese opleiding en praktikum, en probleme met tegnologie, korreleer ook met die komponente van outonomie (studente kon nie die praktiese bewegings en vaardighede op hulle eie voldoende aanleer, oefen en toepas nie) en struktuur (die samestelling van die kursusse was van so 'n aard dat die studente die praktiese aspekte en tegnologie nie voldoende kon baasraak nie). Die uitdagings wat ondoeltreffende kontak met medestudente

stel, en terugvoer vanaf dosente en medestudente, sluit weer aan by die dialoog-komponent, aangesien die kommunikasie tussen die studente en dosente daardeur beïnvloed is (Moore, 1972; 1980; 1993). Die verbande tussen die drie TTA-komponente en die temas en sub-temas van die studie word uitgebeeld in Tabel 3.

TABEL 3: Bevindings in verband met die drie komponente van Moore (1972; 1980; 1993) se Teorie van Transaksionele Afstand (TTA)

TTA-komponente	Temas	Subtemas
<i>Dialoog</i>	Voordele en goeie praktyke	Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal Kwaliteitvideo's
	Uitdagings	Beperkte kontak met medestudente Doeltreffende terugvoer Tegnologiese hindernisse tydens lesings
<i>Struktuur</i>	Voordele en goeie praktyke	Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal Kwaliteitvideo's
	Uitdagings	Onvoldoende praktikum Tegnologiese hindernisse tydens lesings
<i>Otonomie</i>	Voordele en goeie praktyke	Effektiwiteit van tegnologie as onderrigkanaal Tyd en onafhanklike leerproses
	Uitdagings	Onvoldoende praktikum Tegnologiese hindernisse tydens lesings

Nota: TTA = Teorie van Transaksionele Afstand (Moore, 1972, 1980, 1993)

Die bevindings sluit ook aan by die uitgangspunt van die sosiaal-konstruktivisme (Vygotsky, 1978) dat leerders deur dialoog en sosiale interaksie kennis opbou, aangesien die dialoog en interaksie tussen studente en dosente asook medestudente, volgens die data 'n wesenlike invloed het op die ontwikkeling van studente se kennis en vaardighede in die aanlyn omgewing. Aanbevelings wat derhalwe uit die bevindings van hierdie studie spruit, is omvattende beplanning van die dosent met betrekking tot die tipes en inhoud van praktiese bewegingsvaardighede en lesse wat aangeleer en uitgevoer moet word selfs in ongeskikte tuis-omgewings van studente, deeglike opleiding van dosente en studente met betrekking tot die gebruik van die spesifieke tegnologie wat in die kursus gebruik word, die beplanning en gebruik van innoverende en kwaliteitvideotegnologie, en tydige, spesifieke en geïndividualiseerde terugvoer deur dosente. Laastens moet aangesig-tot-aangesig-praktikum 'n vereiste van die opleidingskurrikulum wees, ongeag of dit op kampus of by 'n skool gedoen word (Almonacid-Fierro *et al.*, 2021:78; Calderón & MacPhail, 2023:169; González-Calvo *et al.*, 2022:212; O'Brien *et al.*, 2020:515; Varea & González-Calvo, 2021:835).

6. Beperkings en gevolgtrekkings

Die bevindings van hierdie studie moet in die lig van sekere beperkings beskou word. Eerstens het die meeste van die geselekteerde artikels tersiêre instellings in ontwikkelde lande behels, wat moontlik tot eensydigheid in die bevindings kon bydra aangesien die ondervinding van deelnemers in ontwikkelde lande anders sou wees as dié in ontwikkelende lande waar afstandsonderrig nog nie so gevestig is nie. Tweedens is daar nie in die data-analise onderskei tussen die dosente en studente, en studente van verskillende studiejare nie, wat ook moontlik 'n invloed op die bevindings kon gehad het. Dit is egter wel duidelik uit die bevindings van hierdie studie dat daar 'n behoefte aan verdere, deurtastende navorsing rakende Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in die afstandsonderrig- of aanlyn modus is. Die bevindings dui wel daarop dat, alhoewel Liggaamlike Opvoeding-onderwysersopleiding in die afstandsonderrigmodus verskeie uitdagings in die gesig staar, veral met betrekking tot die praktiese komponente daarvan, dit met effektiewe, omvattende en voortgesette ontwikkeling en beplanning suksesvol aangebied kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Almonacid-Fierro, A., de Carvalho, RS. & Castillo-Retamal, F. 2021. The practicum in times of Covid-19: Knowledge developed by future physical education teachers in virtual modality. *International Journal of Learning, Teaching and Educational Research*, 20(3):68-83.
- Anderson, T. & Rivera-Vargas, P. 2020. A critical look at educational technology from a distance education perspective. *Digital Education Review*, 37:208-229.
- Batten, J. & Brackett, A., 2021. Ensuring rigor in systematic reviews: Part 5, quality appraisal, data extraction, synthesis. *Heart & Lung*, 50(5):615-617.
- Beard, J. & Konukman, F. 2020. Teaching online physical education: The art of connection in the digital classroom. *Journal of Physical Education, Recreation & Dance*, 91(7):49-51.
- Butts, F., Heidorn, B. & Mosier, B. 2013. Comparing student engagement in online and face-to-face instruction in Health and Physical Education teacher preparation. *Journal of Education and Learning*, 2(2):8-13.
- CASP UK. 2026. Critical Appraisal Skills Programme (CASP) qualitative checklist. [<https://casp-uk.net/casp-tools-checklists/qualitative-studies-checklist/>]. Accessed 8 January 2026.
- Calderón, A. & MacPhail, A. 2023. Seizing the opportunity to redesign physical education teacher education: Blending paradigms to create transformative experiences in teacher education. *Sport, Education and Society*, 28(2):159-172.
- Calderón, A., Scanlon, D., MacPhail, A. & Moody, B. 2021. An integrated blended learning approach for physical education teacher education programmes: Teacher educators' and pre-service teachers' experiences. *Physical Education and Sport Pedagogy*, 26(6):562-577.
- Daum, DN. & Buschner, C. 2014. Research on teaching blended and online physical education. In Ferdig, R & Kennedy, K. (eds). *Handbook of research on K-12 online and blended learning*. Pittsburgh, PA: ETC Press, pp. 201-221.
- Dewey, J. 1916. *Democracy and education*. New York, NY: The Free Press.
- Duc, TN. & Manh, TN. 2023. Evaluating the effectiveness of online physical education teaching toward students at Ho Chi Minh City University of Technology and Education, Vietnam. *Annals of Applied Sport Science*, 12(S1):1-10.
- Fink, A. 2019. *Conducting research literature reviews: From the internet to paper*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.
- Fletcher, T. & Hordvik, MM. 2022. Miscibility in blended approaches to PETE practice. *Movimento*, 28, p.e28018.
- Goad, T. & Jones, E. 2017. Training online physical educators: A phenomenological case study. *Education Research International*, 2017(1), p. 3757489.

- González-Calvo, G., Barba-Martín, RA., Bores-García, D. & Hortigüela-Alcalá, D. 2022. The (virtual) teaching of physical education in times of pandemic. *European Physical Education Review*, 28(1):205-224.
- Healy, S., Block, M. & Judge, J. 2014. Certified adapted physical educators' perceptions of advantages and disadvantages of online teacher development. *Palaestra*, 28(4).
- Huang, HM. 2002. Toward constructivism for adult learners in online environments. *British Journal of Educational Technology*, 33(1):27-37.
- Hyndman, B. 2017. A simulation pedagogical approach to engaging generalist pre-service teachers in physical education online: The GoPro trial 1.0. *Australian Journal of Teacher Education (Online)*, 42(1):84-102.
- Johnson, SD., Aragon, SA., Shaik, N. & Palma-Rivas, N. 2000. Comparative analysis of learner satisfaction and learning outcomes in online and face-to-face learning environment. *Journal of Interactive Learning Research*, 11, 29-49.
- Jung, J. & Gilson, TA. 2014. Online threaded discussion: Benefits, issues, and strategies. *Kinesiology Review*, 3(4):241-246.
- Kirbas, S. 2020. The views of Physical Education and Sports Teaching instructors on Education in the COVID-19 period. *Journal of Education and Learning*, 9(6):196-205.
- Konukman, F., Filiz, B., Moghimehfar, F., Maghanoy, MA., Graber, K., Richards, KA., Kinder, CJ., Kueh, YC., Chin, NS., Kuan, G. & Jinyu, GS. 2024. Exploring Physical Education teachers' intention and perceived constraints in offering Online lessons using the Theory of Planned Behavior: A multi-country analysis. *Behavioral Sciences*, 14(4), p. 305.
- Kruger, A., Du Toit, D. & Van der Merwe, N. 2022. Education students' and lecturers' experiences of the effectiveness of Physical Education Teacher Training in Distance Education mode. *Sofia: Bulgarian Comparative Education Society. Towards the Next Epoch of Education*, BCES Conference Books, Volume 20. pp. 72-79.
- Kwon, EH. 2020. Review of online learning in physical education teacher education (PETE) program. *Journal of Physical Education and Sport*, 20(6):3560-3568.
- Lu, C., Barrett, J. & Lu, O. 2020. Teaching Physical Education Teacher Education (PETE) online: Challenges and solutions. *Brock Education: A Journal of Educational Research and Practice*, 29(2):13-17.
- Markelj, N., Potočnik, ŽL., Jurak, G. & Kovač, M. 2021. The quality of pre-service teacher training during the pandemic through the eyes of the Slovenian Physical Education pre-service teachers. *Collegium Antropologicum*, 45(3):179-189.
- McCullick, B. 2021. Special series: Research on teaching Physical Education in the age of COVID-19. *Journal of Teaching in Physical Education*, 40(2):177-177.
- McMullen, J., Killian, C., Richards, KAR., Jones, E., Krause, J., O'Neil, K. & Marttinen, R. 2022. The PETE collaborative: Established in crisis, sustained through community. *Quest*, 74(1):74-90.
- Mocanu, GD., Murariu, G., Iordan, DA., Sandu, I. & Munteanu, MOA. 2021. The perception of the online teaching process during the COVID-19 pandemic for the students of the Physical Education and Sports domain. *Applied Sciences*, 11(12), p. 5558.
- Moore, MG. 1972. Learner autonomy: The second dimension of independent learning. *Convergence*, 5(2):76-88.
- Moore, MG. 1980. Independent study. In Boyd, R. & Apps, J. (eds). *Redefining the discipline of adult education*. San Francisco: Jossey-Bass, pp. 16-31.
- Moore, MG. 1993. Theory of transactional distance. In Keegan, D. (ed). *Theoretical principles of Distance Education*. New York: Routledge, pp. 22-29.
- Murtagh, EM., Calderón, A., Scanlon, D. & MacPhail, A. 2023. Online teaching and learning in Physical Education Teacher Education: A mixed studies review of literature. *European Physical Education Review*, 29(3):369-388.
- Niewenhuis, J. 2019. Introducing qualitative research. In Maree, K. (ed). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 50-69.
- Nyberg, G., Backman, E. & Tinning, R. 2022. Moving online in Physical Education Teacher Education. *Sport, Education and Society*, 29(3):358-370.

- O'Brien, W., Adamakis, M., O'Brien, N., Onofre, M., Martins, J., Dania, A., Makopoulou, K., Herold, F., Ng, K. & Costa, J. 2020. Implications for European Physical Education Teacher Education during the COVID-19 pandemic: A cross-institutional SWOT analysis. *European Journal of Teacher Education*, 43(4):503-522.
- Page, MJ., McKenzie, JE., Bossuyt, PM., Boutron, I., Hoffmann, TC., Mulrow, CD., Shamseer, L., Tetzlaff, JM., Akl, EA., Brennan, SE. & Chou, R. 2021. The PRISMA 2020 Statement: An updated guideline for reporting systematic reviews. *bmj*, 372.
- Palincsar, AS. 1998. Social constructivist perspectives on teaching and learning. *Annual Review of Psychology*, 49(1):345-375.
- Polkinghorne, DE. 1989. Phenomenological research methods. In Valle, RS. & Halling, S. (eds). *Existential phenomenological perspectives in psychology*. New York: Plenum Press, pp. 41-60.
- Putri, W. 2021. Difficulties of future Physical Education teacher for elementary school in attending synchronus online learning during Covid-19 pandemic. *Journal of Teaching Physical Education in Elementary School*, 5(1):68-75.
- Qi, Y. 2023. Computer-based Physical Education platform: Evaluating effectiveness during the COVID-19 pandemic. *International Journal of Human-Computer Interaction*, pp. 1-10.
- Saba, F. 2005. Critical issues in distance education: A report from the United States. *Distance Education*, 26(2):255-272.
- Sarkis-Onofre, R., Catalá-López, F., Aromataris, E. & Lockwood, C. 2021. How to properly use the PRISMA Statement. *Systematic Reviews*, 10:1-3.
- Swan, K., Garrison, DR. & Richardson, JC. 2009. A constructivist approach to online learning: The community of inquiry framework. In *Information technology and constructivism in higher education: Progressive learning frameworks* (pp. 43-57). IGI Global.
- Tagimaucia, V., D'Souza, GS. & Chand, SP. 2024. Exploring Online Physical Education Teaching: What have we done and what have we learnt? *The International Review of Research in Open and Distributed Learning*, 25(1):127-151.
- Varea, V. & González-Calvo, G. 2021. Touchless classes and absent bodies: Teaching Physical Education in times of Covid-19. *Sport, Education and Society*, 26(8):831-845.
- Vygotsky, LS. 1978. *Mind in society*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Williams, LM. 2013. *A case study of virtual physical education teachers' experiences in and perspectives of online teaching*. PhD thesis. USF Tampa Graduate Theses And Dissertations. University of South Florida.
- Yaman, M. 2009. Perceptions of students on the application of distance education in Physical Education lessons. *Online Submission*, 8(1).

Kaaps en Nathan Trantraal se vertaalhabitus in *Lang pad onnetoe*

Kaaps and Nathan Trantraal's translation habitus in Lang pad onnetoe

MARNÉ PIENAAR

Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek

Universiteit van Johannesburg

Suid-Afrika

E-pos: mpienaar@uj.ac.za

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-9440-3382>



Marné Pienaar

MARNÉ PIENAAR is 'n professor in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Sy is die medeskrywer van die 6-talige woordeboek *Veeltalige Vertaalterminologie/Multilingual Translation Terminology*, asook die 5-talige woordeboek *Interpreting terminology/Terminologie van het tolken/Tolkterminologie/Mareo a botoloki/Amatemu okutolika*. Sy was 'n lid van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het ook op direksie van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* gedien. Sy is by die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut geakkrediteer as 'n simultane tolk. Sy doen veral navorsing oor aspekte van vertaalstudies, tolking en semantiek.

MARNÉ PIENAAR is a professor of Afrikaans linguistics at the University of Johannesburg. She is the co-author of the sextualingual dictionary *Veeltalige Vertaalterminologie/Multilingual Translation Terminology* as well as the quadrilingual dictionary *Interpreting terminology/Terminologie van het tolken/Tolkterminologie/Mareo a botoloki/Amatemu okutolika*. She was a member of the Language Commission of the South African Academy of Arts and Science and served on the board of directors of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Dictionary of the Afrikaans language)*. She is a simultaneous interpreter accredited by the South African Translators' Institute. Her research focusses on translation studies, interpreting and semantics.

ABSTRACT

Kaaps and Nathan Trantraal's translation habitus in Lang pad onnetoe

The much acclaimed novel Long way down by Jason Reynolds was published in 2017. In 2018 the translation thereof as Lang pad onnetoe in Kaaps appeared in print. The translation was done by Nathan Trantraal. Trantraal is an award-winning poet, writer and artist. The translation was exceptionally well received and Trantraal was awarded the UJ prize for the translation of a youth text in 2021. Reviewers were unanimous in their praise for the use of Kaaps and not Standard Afrikaans.

Datums:

Ontvang: 2025-05-10

Goedgekeur: 2026-01-10

Gepubliseer: Maart 2026

Kaaps is primarily a spoken variety of Afrikaans and although it has a relatively long written tradition, it is only after 1990 that a notable increase in the number of literary texts in this variety is seen. Kaaps shows internal variation, but it is argued that the various writers who use Kaaps collectively represent the linguistic features of what is viewed as Kaaps. Nathan Trantraal is one of these writers.

From a literary approach to translation studies, translated texts form part of the polysystem of a particular literary system. The expectation is that if a translated text finds itself on the periphery of the polysystem of the target language, translators tend to create a text that is acceptable, and that adheres to the linguistic and cultural norms of the target system. Conversely, when a translated text is central, translators may produce adequate translations – meaning they preserve more of the source text's structure and norms.

The cultural approach is concerned with issues relating to the visibility of the translator and translation strategies like domestication and foreignization. In the debate on the (in)visibility of the translator, the focus shifts away from the text and the context, and closer to the role of the translator and his/her role in the translation process. In this approach translation is studied from a sociological perspective and is particularly interested in the translator as an individual. Based on the work of Bourdieu (1991), it is argued that the translation norms applied by a translator are internalised and the product of his/her habitus, in other words of his/her personal history, professional training and experience. The concepts of field, illusion and capital are closely related to a translator's habitus. The paper analyses these concepts in relation to Nathan Trantraal and concludes that one of the reasons for the success of the translation lies in the choice of the translator and his translation habitus.

Excerpts from the source and target texts are subsequently compared to one another. It is concluded that Lang pad onnetoe is unique as there is no established translation tradition in Kaaps and there are much less written texts in Kaaps than in Standard Afrikaans. One could therefore have predicted that the translation would have taken up a peripheral position in the polysystem of Kaaps. However, in contrast to the prediction that the translator would consequently create a translation that largely reflects the source language and culture, an acceptable translation that absolutely adheres to the cultural norms of the target system is created. The variety of English in the source text is African American, and Trantraal creates an acceptable translation by using Kaaps and not Standard Afrikaans in the target text..

The translator is highly visible in the text, but at the same time a domesticating translation strategy is used throughout. This finding too, goes against the theory as domesticated translations usually want to create the impression that the translation is an original text and the translator tends to become invisible. In Lang pad onnetoe this is not the case and the reason is two-fold: Nathan Trantraal's translation habitus and the use of Kaaps.

KEYWORDS: Nathan Trantraal, translation, Kaaps, polysystem theory, visibility of the translator, domestication, foreignization, translation habitus

TREFWOORDE: Nathan Trantraal, vertaling, Kaaps, polisisteepteorie, sigbaarheid van die vertaler, domestikering, vervreemding, vertaalhabitus

OPSOMMING

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die vertaling van *Long way down* deur Jason Reynolds as *Lang pad onnetoe* deur Nathan Trantraal. Die vertaling is besonder goed ontvang en die UJ-prys vir Vertaling van Jeugtekste is in 2021 daarvoor aan Trantraal toegeken. Aangesien die sukses van die vertaling onder meer toegeskryf word aan die gebruik van Kaaps, word die geskrewe tradisie van Kaaps nie, maar ook die heterogene aard daarvan bekyk.

Vertaalteoreties word polisisteamteorie betrek en aandag word ook gegee aan aspekte soos die (on)sigbaarheid van die vertaler en die vertaalstrategieë bekend as domestikering en vervreemding. Die konsep *vertaalhabitus* word ondersoek en op Nathan Trantraal van toepassing gemaak. Vervolgens word uittreksels uit die bron- en doeltteks met mekaar vergelyk. Daar word aangetoon dat *Lang pad onnetoe* vanuit polisistemiese benadering uniek is aangesien 'n gevestigde vertaaltradisie in Kaaps nie bestaan nie en daar min literêre tekste in Kaaps is. Na verwagting sou die vertaling 'n randposisie in Kaaps inneem. Die vertaler skep – in teenstelling met die voorspelling dat die vertaling grootliks die brontaal en -kultuur sal weerspieël – 'n vertaling wat aan die kulturele norme van die teikenstelsel voldoen. Die vertaler is sigbaar, maar terselfdertyd word deurlopend van 'n domestikerende vertaalstrategie gebruik gemaak. Domestikerende vertalings wil gewoonlik die indruk skep dat die vertaling 'n oorspronklike teks is. In *Lang pad onnetoe* is dit nie die geval nie en die rede is tweeledig: Nathan Trantraal se vertaalhabitus en die gebruik van Kaaps.

1. Inleiding

Nathan Trantraal is 'n digter, skrywer en kunstenaar. Naas grafiese romans soos *Urban tribe* (2003), geskryf saam met André Trantraal, verskyn in 2008 ook *Stormkaap. Drome kom altyd andersom* uit en in 2010, weer saam met André Trantraal, *Coloureds. Crossroads: I live where I like* (saam met André Trantraal, Koni Benson en Ashley E. Marais) verskyn in 2014. Sy digbundels sluit in *Chokers en survivors* (2013), wat met die ATKV-prys vir Poësie en die Ingrid Jonker-prys bekroon is, *Alles het niet kom wôd* (2017) en *Oolog* in 2020. In 2017 word die Jan Rabie en Marjorie Wallace-skrywersbeurs aan hom toegeken. Trantraal is ook 'n produktiewe rubriekskrywer en in 2018 word 'n versameling van sy rubrieke wat in *Rapport* verskyn het, gepubliseer onder die titel *Wit issie 'n colour nie: aangedrade stories* en in 2024 nog 'n grafiese roman met die titel *Die man wattie kinnes vang*.

In 2017 verskyn die bekroonde roman *Long way down* deur Jason Reynolds. Trantraal vertaal dit in Kaaps en in 2018 verskyn dit as *Lang pad onnetoe*. Die vertaling word in 2021 bekroon met die UJ-prys vir Vertaling van Jeugtekste.

Die verhaalgewee kan soos volg opgesom word: Die vyftienjarige swart Will Holloman woon in 'n arm area in 'n ongespesifiseerde VSA-stad wat gebuk gaan onder bendes en geweld. Sy broer Shawn word deur Riggs, 'n lid van die Dark Suns-bende, doodgeskiet. Die bende-wêreld het net drie reëls: 1) Jy huil nie. 2) Jy klik nie. 3) Jy neem wraak. Will klim in die hysbak op die sewende vloer van die gebou waarin hy woon om sy broer se dood te gaan wreek. Op pad ondertoe ontmoet hy 'n reeks spoke uit sy verlede. Dit verwar en kompliseer sy aanvanklike perspektief van Shawn se dood en die idee van wraak. Wanneer die hyser die grondvloer ná sewe en sestig sekondes bereik, vra Shawn (se spook) vir Will of hy op pad is. Die teks eindig met Will wat moet besluit of hy die reëls gaan volg, soos wat al die spoke voor hom het, en of hy anders as hulle gaan kies, met ander woorde of hy reël 3 gaan verbreek en nie wraak gaan neem nie (lees SuperSummary, 2017 vir 'n vollediger uiteensetting).

Die positiewe ontvangs van die vertaling blyk onder meer uit die volgende siening deur die skrywer Shirmoney Rhode (2019):

Om van die Kaapse Vlakte te kom en *Lang pad onnetoe* [...] te lees, is soos om 'n splinter uit jou voet te haal met 'n skerp spyker. 'n Leeservaring waarin jy jou eie wonde verder oopkrap omdat die storie só bekend en close to home is. Ek moes plek-plek die boek neersit om asem te skep, want ek is (veral nou met die bendegegeweldkrisis op die Kaapse

Vlakte) uiters sensitief oor die onderwerp. Dis ook waarom hierdie boek so relevant is.

Alhoewel Jason Reynolds Amerikaans is, is die temas van die boek universeel en lees dit asof die boek in die Kaap afspeel. Dis natuurlik te danke aan Nathan Trantraal se sublieme Kaapse Afrikaanse vertaling van die boek.

Omdat Kaaps so sentraal in die vertaling staan, word vervolgens kortliks na die geskrewe tradisie en die heterogeniteit van Kaaps gekyk.

2. Die geskrewe tradisie en die heterogeniteit van Kaaps

Soos uit die opmerking deur Shirmoney Rhode in die inleiding blyk, is een van die sake wat hierdie vertaling uitsonderlik maak die feit dat dit in Kaaps vertaal is. Hendricks (2024:414 e.v.) wys daarop dat, alhoewel Kaaps primêr 'n gesproke variëteit is, dit ook 'n lang geskrewe tradisie het wat teruggaan na die Kaapse Moslemafrikaanse tekste wat dateer uit die eerste helfte van die negentiende eeu. Hendricks verskaf ook 'n databasis waarvolgens hy die geskrewe tekste in Kaaps klassifiseer en uit dié databasis is dit duidelik dat daar veral ná 1990 'n beduidende toename is in die aantal literêre tekste wat in Kaaps verskyn. Hy noem in die besonder die volgende skrywers: Olivia M. Coetzee, Anastasia de Vries, Brian Fredericks, Leonard Koza, Zulfah Otto-Sallies, Chase Rhys, Loit Sôls en Nathan Trantraal.

Hendricks (2024:417-419) bespreek sienings rondom Kaaps as 'n variëteit van Afrikaans en die volgende is hier van belang: Dit is moeilik om Kaaps binne 'n spesifieke geografies gedefinieerde ruimte te plaas, maar Kaaps kom wel voor in die veeltalige omgewing van die Kaapse Skiereiland. Kaaps is egter ook heterogeen met verskillende registers wat deur Moslems en Christene gebruik word. Daarteenoor is die Kaaps wat in die Kaapse onderwêreld gebruik word 'n register op sy eie. Daar kan ook tussen verskillende registers onderskei word op grond van ekonomiese klas (die werkersklas en die middelklas), en daar is ook streeksverskille (byvoorbeeld die Kaaps van die Bo-Kaap, teenoor die Kaaps wat gepraat word in Mitchells Plain op die Kaapse Vlakte).

Ongeag die interne variasie meen Hendricks (2024:420) die skrywers waarna hier bo verwys is, asook Fatima Allie en Peter Snyders, se gebruik van Kaaps moet as outentiek gesien word omdat hulle tekste nie net die outeurs se siening oor Kaaps weerspieël nie, maar ook 'n kollektiewe siening verteenwoordig van die taalverskynsels wat as Kaaps beskou kan word. Gesamentlik bevestig hulle werk die heterogene aard van Kaaps. Oor Nathan Trantraal se gebruik van Kaaps skryf Hendricks dat dit veral lig werp op die Kaaps wat in townships gepraat word.

In haar resensie van die vertaling skryf Rhode (2019) sy vind die gebruik van Kaaps vir die vertaling uiters geslaag. Sy wys daarop dat Reynolds die bronteks in African American English geskryf het en dit maak gevolglik vir haar sin dat die teks in Kaaps en nie in Standaardafrikaans vertaal is nie. Na haar mening behou die vertaling in Kaaps die oorspronklike teks se ritme.

In reaksie op die vraag waarom dit nodig is om boeke in Kaaps te vertaal, het Trantraal só gereageer:

Dit is belangrik om te demonstreer hoe dynamic en versatile die taal is. Dat dit byt 'n Kaapse konteks kan bestaan. Daa is baie ooreenkomste tussen die wêreld in *Long way down* en die Kaapse Vlakte. Maa ek is certain die taal kan binne ienagge konteks wêk (Afrikaans.com, 2019).

Ten einde te besin oor die waarde van die vertaling en veral die feit dat dit in Kaaps geskryf is, is dit sinvol om denkrigtings in vertaalteorie te betrek en aandag te gee aan polisisteepteorie.

3. Polisisteepteorie

Gideon Toury word beskou as die vader van Beskrywende Vertaalkunde as 'n duidelike vertakking van vertaalteorie. Sy invloedryke boek *Descriptive Translation Studies and beyond* (1995) het die basis gelê vir 'n sistematiese, empiriese benadering tot die bestudering van vertalings soos wat hulle werklik in die praktyk voorkom eerder as om te probeer voorskryf hoe sodanige vertalings gedoen moet word. Toury (1995:22-31) plaas veral die klem op die ondersoek van vertaalde tekste in die kulturele konteks van die teikengehoor en bepleit gevolglik teikengeoriënteerde analyses van vertalings. Hy beskou vertalings as kulturele feite en sê:

Translations are facts of target cultures; on occasion facts of a special status, sometimes even constituting identifiable (sub)systems of their own, but the target culture in any event (Toury, 1995:29).

Beskrywende Vertaalkunde word grootliks onderlê deur polisisteepteorie. Polisisteepteorie is deur Even-Zohar (1978) ontwikkel en gaan van die veronderstelling uit dat elke literêre teks 'n posisie in 'n taal se literêre stelsel beklee. Sommige tekste staan meer sentraal binne so 'n literêre stelsel, byvoorbeeld tekste wat by skole en universiteite bestudeer word en deur die gemeenskap as belangriker as ander geag word. In wese word die sentrum van die stelsel ingeneem deur gekanoniseerde tekste. Ander literêre tekste word as van minder belang beskou en beklee randposisies in die stelsel. Die stelsel is egter dinamies van aard en daar is voortdurende beweging tussen tekste wat onderskeidelik sentrale en randposisies beklee. Volgens Evan-Zohar (1990:47) vorm vertaalde tekste ook deel van die polisisteepteorie, maar neem dit gewoonlik 'n plek in die randposisie in omdat dit oor die algemeen as minder belangrik beskou word binne die groter letterkunde van doeltaal en -kultuur. Hy identifiseer egter drie situasies wat daartoe kan lei dat vertaalde tekste wel 'n sentrale posisie in die polisisteepteorie van die doeltaal kan inneem, naamlik wanneer 'n letterkunde jonk is, wanneer 'n letterkunde swak is en wanneer daar 'n gaping in die letterkunde bestaan.

Die vertaalmethode wat 'n vertaler gebruik, hou volgens Toury (1995:56) verband met die posisie wat die vertaalde teks in die doeltaal inneem. Wanneer die doelteks 'n randposisie in die doeltaal se polisisteepteorie inneem, is sy waarneming dat vertalers geneig is om tekste wat in die doeltaal se sentrum voorkom, na te boots. Die vertaler skep gevolglik 'n teks wat aan die talige en kulturele norme van die teikenstelsel voldoen. Dit gaan dus om *aanvaarbaarheid* van die vertaalde teks binne die doeltaal se polisisteepteorie.

Wanneer 'n doelteks egter 'n meer sentrale rol in die doeltaal se polisisteepteorie inneem, is vertalers geneig om in 'n mindere mate aan die doeltaal- en kultuurnorme te voldoen omdat daar minder bestaande modelle en 'n groter verdraagsaamheid in die doeltaal se polisisteepteorie is. Die vertaalde teks weerspieël gevolglik grootliks die brontaal en -kultuur. So 'n vertaling word as *toereikend* beskou.

Ten einde 'n vertaalde teks op 'n empiriese en sistematiese wys te ontleed, stel Toury (1995 en 2012:93-100) 'n driestapproses voor: Stap een is om die posisie van die vertaalde teks in die polisisteepteorie te bepaal en op grond daarvan 'n hipotese te vorm van die vertaalstrategie wat gevolg word. Dit beteken die vertaler neem nie net die teks, die lesers en hulle kulturele agtergrond in ag nie, maar ook die sosiokulturele konteks waarbinne die vertaling geskep word en in gaan funksioneer. Stap twee behels dat die bron- en doelteks met mekaar vergelyk word

om vas te stel watter verskuiwings tussen die twee tekste plaasgevind het. 'n Vergelykingsbasis word opgestel waarin sekere aspekte van die twee tekste met mekaar vergelyk word. Die navorser ontleed dan die verskuiwings wat plaasgevind het ten einde die hipotese wat in stap een gevorm is, naamlik of die vertaler 'n aanvaarbare of 'n toereikende vertaling geskep het, te bevestig of te verwerp. In stap drie word op grond van die ontledings in stappe een en twee veralgemenings oor die vertaalproses gemaak. Dié veralgemenings sal, op grond van die posisie wat die vertaalde teks in die doeltaal se polisisteem inneem, waarskynlik een van twee tendense toon: Tekste wat 'n randposisie in die polisisteem beklee, sal waarskynlik gekenmerk word deur die *wet van toenemende standaardisering* wat beteken dat die vertaling die doeltaal- en kultuurnorme weerspieël (Toury, 2012:303-309). Daarteenoor word vertalings wat 'n primêre posisie in die polisisteem inneem, gekenmerk deur die *wet van interferensie* wat beteken die brontekspatrone word in die doelteks oorgedra (Toury, 2012:310-316).

Polisisteem se bydrae lê in die inagneming van die doeltaalkultuur en -norme wat uiteindelik die sogenaande kulturele wending in moderne vertaalteorie tot sy reg gekom het.

Dit beteken egter nie dat Toury die enigste persoon was om fokus op die doeltaalkultuur en norme te plaas nie. Reeds in 1988 het Mary Snellby-Horn kultuur as die kern in die kulturele benadering tot vertaling uitgelig:

The concept of culture as a totality of knowledge, proficiency and perception is fundamental in our approach to translation. If language is an integral part of culture, the translator needs not only proficiency in two languages, he must also be at home in two cultures. [...] The extent of his knowledge, proficiency and perception determines not only is ability to produce the target text, but also his understanding of the source text (Snellby-Horn, 1988:42).

Lefevere (1992:2) is van mening dat die proses wat lei tot die aanvaarding of verwerping, die kanonisering of niekanonisering van literêre werke nie deur vae faktore nie, maar deur baie konkrete faktore gedomineer word wat relatief maklik is om raak te sien indien 'n mens daarvoor begin uitkyk. Dit kan volgens hom gebeur wanneer 'n mens aandag gee aan kwessies soos mag, ideologie, instelling en manipulasie.

Venuti (1998:5) meen 'n vertaling dra altyd 'n interpretasie oor. 'n Vertaling is volgens hom 'n vreemde teks wat deels verander is, en aangevul word deur eienskappe eie aan die doeltaal. Dit is nie meer onpeilbaar vreemd nie aangesien dit verstaanbaar gemaak is deur 'n kenmerkende domestikerende styl. Volgens hom is alle vertalings, uiteindelik domestikerend van aard en nie meer onderskeibaar vreemd nie aangesien dit in 'n duidelike domestikerende styl verstaanbaar gemaak is.

Those [translations] that work best, the most powerful in recreating cultural values and the most responsible in accounting for that power, usually engage readers in domestic terms that have been defamiliarized to some extent, made fascinating by a revisionary encounter with a foreign text (Venuti, 1998:5).

In die volgende afdeling word daar aandag gegee aan vertaalstrategieë en die konsep *vertalershabitus*.

4. Vertaalstrategieë en vertalershabitus

4.1 Vertaalstrategieë

Met verwysing na die werk van Lefevere (1992) wys Pienaar en Dose (2024:419) daarop dat kulturele benaderings tot vertaalkunde vertalings nie net as tekste beskou nie “... maar ook as ’n manifestasie van bepaalde kulturele, politieke en ideologiese oortuigings.”

Binne hierdie benaderings is veral drie sake vir hierdie bespreking van belang, naamlik *sigbaarheid van die vertaler*, en die konsepte *domestikering* en *vervreemding*. Sigbaarheid van die vertaler hou verband met die mate waartoe dit vir lesers duidelik is die teks is wel ’n vertaling. Dit gaan ook oor die mate waartoe die bronteks se kulturele wêreld behou word of alternatiewelik aangepas of verwring word om aan te pas by die doeltaal se kulturele norme en waardes en sodoende geassimileer of selfs geoorassimileer word.

Venuti (1998b, 135-144) meen oorassimilering hou dikwels verband met vertaalstrategieë wat deur uitgewers voorgeskryf word omdat lesers dikwels voorkeur gee aan ’n teks wat vlot lees en die indruk van ’n oorspronklike en nie ’n vertaalde teks skep nie. Die eindresultaat is egter dat die vertaler en die vertaalde produk onsigbaar word, sonder enige aanduiding dat die teks deur ’n tussenganger (die vertaler) geskep is. Dié tipe vertaalstrategie lei tot *domestikering*. ’n Gedomestikeerde vertaling lees maklik, is deursigtig en beperk vreemde elemente in die teks tot die minimum. Hierteenoor staan die vertaalstrategie wat as *vervreemding* bekend staan. Wanneer dié strategie gebruik word, word die teikenleser daarvan bewus gemaak dat die oorspronklike teks uit ’n ander taal en kultuur kom (Venuti, 2013:11). Die vertaalde teks lees nie noodwendig maklik nie en kan elemente bevat wat die leser aan die oorsprong van die teks herinner. Die vertaler en die vertaling is gevolglik *sigbaar*.

In sy oorsig oor vertaalteorie en die kulturele wending per se, wys Pym (2023:208) daarop dat daar soms verskillende dinge onder die term *kultuurvertaling* verstaan word, maar dat die meeste gebruike van die term *vertaling* in ’n hoogs menslike konteks plaas en dat vertaling dikwels vanuit die oogpunt van ’n vertaler gesien word. Hy wys ook daarop dat vertaling binne hierdie siening komplekse maatskaplike en historiese kontekste betrek.

4.2 Vertaalhabitus

In die debat oor (on)sigbaarheid van die vertaler verskuif die klem van die teks en die konteks; dit kom nader aan die vertaler en sy/haar rol in die vertaalproses. Vertaling word vanuit ’n sosiologiese perspektief ondersoek. Vanuit dié perspektief is die fokus op die vertaler as individu. Die klem op die vertaler het grootliks uit die werk van Bourdieu (1977, 1986 en 1991) ontwikkel.

Pierre Bourdieu (1977) het die konsep *habitus* ontwikkel ten einde te verduidelik hoe maatskaplike strukture geïnternaliseer en gereproduseer word deur individuele gedrag. Habitus verwys na diep gesetelde denkpattone, gedrag en persepsies wat via sosialisering verkry word en as bestendige gesindhede of ingesteldhede beskou kan word. Dié ingesteldhede is egter plooibaar en kan gedrag oor kontekste heen bepaal sonder dat dit bewustelik bevraagteken word. Habitus word deur maatskaplike strukture (byvoorbeeld klas en opleiding) gevorm, maar dit vorm ook hoe individue met daardie strukture omgaan. Individue herproduseer onbewustelik die sosiale norme en hiërargieë waarmee hulle grootgeword het en hou sodoende, via hulle habitus, die bestaande orde in stand. Volgens Bourdieu is individuele optrede nie

meganies in reaksie op reëls of rolle nie, maar spruit dit voort uit die interaksie tussen habitus en veld.

Volgens Bourdieu (1993:29-73) is veld die gestruktureerde maatskaplike ruimte waarbinne individue en instellings om hulpbronne, status en invloed kompeteer. Elke veld (byvoorbeeld onderwys, kuns, politiek of die regte) het sy eie spelreëls of te wel norme, waardes en verwagtinge wat gedrag beheer. Elke veld het ook sy eie vorme van kapitaal (kultureel, sosiaal, ekonomies of simbolies) en eie magsdinamika (hiërargieë en kompetisie tussen agente om beheer of geloofwaardigheid te bekom). Velde is relasioneel: 'n Agent se posisie word nie in isolasie bepaal nie, maar in verhouding tot ander in die veld. Die interaksie tussen agente se habitus (of geïnternaliseerde ingesteldhede) en die veld se strukture bepaal agente se strategieë en optredes. 'n Verdere aspek wat veral op die individu fokus, hou verband met die redes waarom iemand by 'n bepaalde professionele veld betrokke raak of daarin belê, en staan bekend as *illusio*. *Illusio* gaan oor die geloof in die waarde van 'n spesifieke veld. Dit is 'n emosionele en intellektuele belegging in die norme, doelwitte en belonings van die veld. Dit gaan oor die gevoel dat die spel wat in die bepaalde veld gespeel word, die moeite werd is (Bourdieu, 2000:241).

Gouvanvic (1997) het, in reaksie op die polisisteesisteemteorie, Bourdieu se teorie op vertaalkunde van toepassing gemaak. Volgens hom bied polisisteesisteemteorie nie 'n maatskaplike verduideliking vir die rol van instellings en gevestigde praktyke in die opkoms en produksie van simboliese goedere speel nie. Hy meen Bourdieu se model is die mees gepaste verklaringsmeganisme vir die kompleksiteite van kultuurprodukte (Gouvanvic, 1997:126). Hy het die konsepte *habitus*, *veld* en *illusio* gebruik om vertaling te analiseer vanuit 'n sosiologiese perspektief. In sy studie oor Franse vertalings van Amerikaanse wetenskapfiksie tussen 1945 en 1960, het hy ondersoek ingestel na die wyse waarop vertalers, uitgewers en resensente as agente opgetree binne 'n vertalingverwante veld met elkeen wat oor 'n ander vorm van kapitaal beskik het. Sy werk het die basis gelê vir wat later as die sosiologiese wending in vertaalstudies bekend geword het en uitgebrei is deur ander navorsers soos Simeoni (1998), Wolf (2007), Liu (2012) en Inghilleri (2023).

Teen hierdie agtergrond verwys 'n vertaalhabitus na 'n vertaler se diep gesetelde ingesteldhede wat deur opleiding, kulturele agtergrond en professionele ervaring gevorm is (kyk ook Meylaerts, 2011:135). Hierdie ingesteldhede of denkwyses bepaal hoe vertalers tekste lees, watter vertaalkeuses hulle maak en hoe hulle met die norme in die veld omgaan. Die veld is die professionele en kulturele domein van vertaling met sy eie reëls, hiërargieë en magstrukture. Die veld bepaal dit wat as waardevol beskou word, byvoorbeeld akkuraatheid, kreatiwiteit of prestige. In die konteks van 'n vertaalhabitus verduidelik *illusio* waarom vertalers sekere norme volg of na uitnemendheid streef, selfs al is die eksterne beloning (roem of geld) minimaal. 'n Vertaler se *illusio* weerspieël sy/haar oortuiging dat vertaling hetsy kultureel, eties of artisties saak maak en dat sy/haar rol binne daardie konteks sinvol is. *Illusio* bly egter nou verbind aan habitus, die diep gesetelde ingesteldhede wat gevorm is deur die individu se agtergrond en ervarings. Die bestudering van 'n vertaalhabitus help om te verduidelik hoe vertalers keuses maak wat nie net hulle taalvaardigheid weerspieël nie, maar ook hulle kulturele en ideologiese ingesteldheid (kyk ook De Roubaix, 2023).

4.3 Nathan Trantraal se vertaalhabitus

Die vraag wat nou ontstaan, is hoe Nathan Trantraal se vertaalhabitus lyk.

In aansluiting by wat hierbo gemeld is, meen Simeoni (1998:1-39) dat die vertaalnorme wat 'n vertaler gebruik, geïnternaliseer en die produk van sy/haar habitus is. Trantraal skryf in Kaaps en is bekend as aktivis vir Kaaps. Vergelyk byvoorbeeld sy onderstaande uitspraak:

My Afrikaans lyk soesie mense wat it praat. Die geskiedenis van Coloured mense is heeltemaal locked up in die Afrikaans wat hulle praat. Is Engels, Dutch, Malay, Indonesian Arabic, Khoe. Dis 'n version van Afrikaans wat unedited is, sōne gatekeepers en sōne affectations. Die problem is net die Afrikaans wat ōs op skool gedoen 'et, het net 'n passing resemblance gehad to die Afrikaans wat ōs byrie hys gepraat 'et. Dis soos twee mense van dieselle familie wat anderste praat. Nie twee mense van een familie is mos dieselle nie (Terblanche, 2020).

En uit een van sy rubrieke:

Mr Fowler dryp elke jaa Afrikaans en as jy Afrikaans dryp, dan kan jy maa al jou anne vakke slaag, jy dryp nog altyd die jaa, wan Afrikaans is jou hystaal, wat of course ironic was, wan Afrikaans wassie ōs se hystaal 'ie (Trantraal, 2014b).

En ook:

En ek voel oek dat kinnes oppie Kaapse Vlakte unfairly expected wōd om goed te vaar inne taal wat voogeskryf wōd as hul hystaal wanne die taal in realiteit heeltemaal vreemd is vi hulle (Afrikaans.com, 2019).

In die onderhoud van 22 Oktober 2021 sê Trantraal hy is deur die uitgewer gevra om die teks in Kaaps te vertaal. Hieroor sê Marita van der Vyver (2019) sy vind die uitgewer (Miemie du Plessis van Lapa-uitgewers) se keuse van 'n vertaler briljant want: "Dit is moeilik om aan enigiemand anders te dink wat hierdie skokkende, liriese verhaal so presies rég sou kon laat klink in Afrikaans soos die digter en skrywer Nathan Trantraal." Trantraal self was verras deur die versoek om die teks in Kaaps te vertaal, want sê hy: "Dis gewoonlik iets waarvoor ek moet baklei" (Multilingual Language Service Office, 2021).

Volgens Trantraal het hy besluit om die proses kreatief te benader en toe sy ma gevra om die hele teks in die Standaardafrikaans wat sy op skool geleer het, te vertaal. Daarna het hy haar vertaling in Kaaps herskryf en, let wel, nie vertaal nie (Multilingual Language Service Office, 2021).

Indien die bogenoemde proses wel die gevolg is, moet *Lang pad onnetoe* as 'n abbavertaling beskou word. 'n Abbavertaling is 'n vertaling van 'n vertaling. Die bronteks van die uiteindelijke doeltteks is self 'n vertaling. Daar kan ook daarna as 'n tussenteks verwys word. In die geval van die vertaling van *Long way down* sal die Engelse teks as die bronteks beskou kan word, Nathan se ma se vertaling as die tussenteks en Trantraal se vertaling van die tussenteks in Standaardafrikaans tot *Lang pad onnetoe* in Kaaps as die uiteindelijke doeltteks (Steyn, 2005 bespreek die geskiedenis van abbavertalings en die praktyk om Engelse vertalings van Afrikaanse romans te gebruik om Franse weergawes te skep). Nathan Trantraal se ma is Charmaine Africa, skrywer van die memoires *Amma* (2024). Daar is egter geen aanduiding in *Lang pad onnetoe* dat sy by die vertaling betrokke was nie. Omdat die tussenteks nie in die openbare domein is nie, is dit nie moontlik om die tussenteks met die finale doeltteks te vergelyk nie.

Trantraal se vertelling dat hy sy ma gevra het om aanvanklik die teks in Standaardafrikaans te vertaal, gee wel iets weer van Trantraal se vertalershabitus met inbegrip van die veld, sy illusio en die verskillende soorte kapitaal waartoe hy toegang het.

In § 4.2 is die stelling gemaak dat die veld gelyk gestel word aan die professionele en kulturele domein van vertaling. Die veld bepaal dit wat waardevol is, hetsy akkuraatheid, kreatiwiteit of prestige. Die ontvangs van die vertaling van *Long way down* dui op die waardering wat daar in die veld is vir die kreatiwiteit van die vertaling. Die toekenning van

die UJ-prys gee ook prestige aan die vertaling. Wat illusio betref, is dit uit Trantraal se eie uitsprake duidelik dat die gebruik van Kaaps vir hom 'n dryfveer is.

Die derde aspek van 'n vertaler se vertaalhabitus gaan om die drie soorte *kapitaal*. In Trantraal se geval kan 'n mens sekerlik argumenteer dat hy oor *ekonomiese kapitaal* beskik (dit wat direk in geld omgesit kan word) indien die waarde van die onderskeie pryse, die betaling vir vertalings, rubrieke en moontlik ook ander skryfwerk in ag geneem word. Trantraal se status as bekroonde digter, skrywer en kunstenaar gee aan hom *kulturele kapitaal*. Dieselfde geld sy aktivisme betreffende Kaaps en die gebruik van Standaardafrikaans in skole. Aan Rhodes Universiteit is hy betrokke by 'n MA-program in kreatiewe skryfwerk, spesifiek in Kaaps. Trantraal het ook 'n internasionale profiel, soos blyk uit uitnodigings en optredes in onder meer Nederland. 'n Persverklaring oor Trantraal se besoek aan Leiden in Maart 2024 vermeld:

Nathan Trantraal is een van de meest veelzijdige literaire stemmen van Zuid-Afrika: schrijver van poëzie en graphic novels, vertaler, illustrator, toneelschrijver, scenarist en columnist (Voertaal, 2024).

Naas kulturele kapitaal het Trantraal beslis ook *sosiale kapitaal*. In 'n onderhoud met Trantraal en sy ewe bekende vrou, die digter Ronelda Kamfer, sê Louise Viljoen haar studente verwys na Trantraal en Kamfer as 'n glanspaartjie (*celebrity couple*) (Soundcloud.com, 2020).

Die uitgewer het hom genader en hy is betaal vir die vertaling. Die betaling dui op ekonomiese kapitaal, maar die feit dat juis hý genader is, slaan terug op sy kulturele kapitaal (met 'n reputasie as bewese digter in Kaaps) en moontlik ook sosiale kapitaal. Dat hy bereid is om op 'n openbare platform te sê sy ma het die oorspronklike vertaling gedoen, dui ook op kulturele kapitaal. Hý kan dit sê omdat hy Nathan Trantraal is.

Na aanleiding van wat tot dusver gesê is oor Trantraal, geskrewe Kaaps, vertaalteorie met inbegrip van polisisteamteorie, domestikering en vervreemding en ook Trantraal se vertalers-habitus, word sekere dele van die bron- en die doelteks in die volgende afdeling vergelyk ten einde aan te toon hoe Kaaps as die primêre domestikerende strategie in die vertaling gebruik is.


5. Nathan Trantraal se vertaling van *Long way down* as *Lang pad onnetoe*

5.1 Sigbaarheid van die vertaling

In §4 hierbo is melding gemaak van die kulturele wending en vertaalteorie wat onder meer sigbaarheid van die vertaler op die voorgrond stel. In 'n vergelyking van *Long way down* en *Lang pad onnetoe* is dit opsigtelik dat die tekste ooreenstem wat betref uitleg, spasiëring en selfs lettertipe. Die omslae verskil wel en Nathan Trantraal word duidelik vermeld as vertaler van die doelteks. Die vertaler is dus van meet af sigbaar.

5.2 Die gebruik van Kaaps en ander domestikerende strategieë

Soos reeds genoem, is die milieu in die bronteks ongespesifiseer. Dieselfde geld die doelteks, maar die gebruik van Kaaps plaas die doelteksleser onmiddellik op die Kaapse Vlakte (vergelyk Shirmoney Rhode hier bo). Die gebruik van 'n variëteit (Kaaps) is die primêre instrument vir die domestikering in die doelteks. Vergelyk byvoorbeeld die gebruik van Kaaps in die verduideliking van die drie reëls in die bendewêreld:



<i>Long way down</i>	<i>Lang pad onnetoe</i>
THE RULES	DIE RULES
NO. 1: CRYING (p. 31)	NO. 1: HYL (p. 35)
Don't	Moenie
No matter what	It baatie wattie
Don't	Moenie
NO. 2: SNITCHING (p. 32)	NO. 2: PIEMP (p. 36)
Don't	Moenie
No matter what	It baatie wattie
Don't	Moenie
NO. 3: REVENGE (p. 33)	NO. 3: WRAAK (p. 37)
If someone you love	As iemand wie jy voo lief is
gets killed	vemoor wôd
find the person	kry die
who killed	moodenaar
them and	en vemoor
kill them	hom

Voorbeeld 1: Die gebruik van Kaaps in die verduideliking van die drie reëls in die bendewêreld.

Hendricks (2024:420 e.v.) bespreek die linguistiese eienskappe van Kaaps waarvan sommige in die voorbeeld hier bo gesien kan word. 'n Fonologiese merker van Kaaps is die postvokaliese /r/-weglating soos gesien kan word in *voo* (voor), *vemoor* (vermoor) en *moodenaar* (moordenaar). Nog 'n fonologiese kenmerk is vokaalverlenging plus postvokaliese /r/-weglating, soos te sien in *wôd* (word). Volgens Hendricks (2024:422) kom ontronding en enklisis algemeen in Kaaps voor nie, maar ook in ander variëteite van Afrikaans. In voorbeeld 1 hier bo kom ontronding voor in *HYL* (huil) en die enklisis van *nie* in *baatie* (baat **nie**). Hendricks (2024:427 e.v.) toon Kaaps word leksikaal gesproke onder meer gekenmerk deur grootskaalse, spontane gebruik van Engelse woorde wat hier bo gesien kan word in *RULES* (REËLS). Hendricks (2024:425) skryf die Kaapse onderwêreld van bendes, gevangenisstraf en dwelmpaktyke is 'n vrugbare teelaarde vir leksikale innovering en 'n beduidende aantal tipies Kaapse leksikale items word geassosieer met die onderwêreld. In voorbeeld 1 hier bo is *piemp* (klik) so 'n geval.

Hendricks (2024:442) verwys na die sinonieme *boere*, *gattas* en *mapoesas* (die polisie) in Kaaps en noem Kaaps word gemerk deur die aantal sinonimiese leksikale items en uitdrukkings. Hy skryf die sinonimiese variasie word onderlê deur die proses van sinoniem-uitbreiding. Dit beteken die aantal sinonieme in 'n taal of 'n variëteit soos Kaaps word uitgebrei deurdat 'n reeds bestaande leksikale item (woord of uitdrukking) aangevul word met 'n leksikale item of items met 'n ooreenstemmende betekenis. Voorbeeld 2 hier onder illustreer dié stelling met tien sinonieme in Kaaps vir 'n vuurwapen.

Volgens Marita van der Vyver (2019) toon Trantraal sy staal as woordkunstenaar en vertaler “wat al die draaie van Afrikaanse straattaal ken” met hierdie woorde.

In §4 hier bo is domestikering as vertaalstrategieë bespreek en word ook reeds aangetoon hoe Kaaps as vertaalstrategie aangewend word. In voorbeeld 3 hier onder gebruik die vertaler

<i>Long way down</i> (p. 49)	<i>Lang pad onnetoe</i> (p. 53)
NICKNAME	BYNAAM
A cannon	'n Loodt
A strap	'n Pyp
A piece	'n Hamme
A biscuit	'n Yste
A burner	'n Klok
A heater	'n Neena
A chopper	'n Staal
A gat	'n Millie
A hammer	'n Soviet
A tool	'n Pom.
For RULE No. 3	vi RULE No. 3

Voorbeeld 2: Die gebruik van Kaaps in die vertaling van 'n reeks sinonieme vir 'n vuurwapen

gelyktydig twee domestikerende strategieë, naamlik die gebruik van Kaaps, maar ook amptelike tale van Suid-Afrika word gebruik. In die tweede reël word die Engelse woord (*corner-store*) behou en in die derde reël word ’n leenvertaling (*plestieksakkie*) gebruik. (Kyk Hendricks, 2024:428 vir ’n uiteensetting van die verskillende soorte ontlenings uit Engels in Kaaps.) Reëls 4 en 5 gebruik Standaardafrikaans. Naas “THANK YOU” in *Long way down* volg ses vertaalekwivalente in ses amptelike tale van Suid-Afrika. In hierdie voorbeeld word gevolglik nie net Kaaps nie, maar ook amptelike tale van Suid-Afrika ingespan om domestikering te bewerkstellig.

<i>Long way down</i> (p. 24)	<i>Lang pad onnetoe</i> (p. 28)
IN HIS HAND	IN SY HAND
corner-store	’n corner-store
a plastic bag	plestieksakkie
white letters	wit met
red letters	rooi letters
THANK YOU	THANK YOU
THANK YOU	NGIYATHOKOZA
THANK YOU	ENKOSI
THANK YOU	DANKIE
THANK YOU	NGIYABONGA
THANK YOU	KE A LEBOGA
THANK YOU	KE A LEBOHA
HAVE A NICE DAY	GENIET DIE DAG

Voorbeeld 3: Domestikering deur die gebruik van amptelike Suid-Afrikaanse tale

In voorbeeld 4 hier onder kies die vertaler om *dress shoes* met *kêk skoene* (kerkskoene) te vertaal. Die WAT (1968:552) omskryf kerkskoene soos volg: “[Paar] skoene wat alleen of veral kerk toe gedra word; Sondagskoene; vandaar ook beste skoene, kissoene.” Die vertaling van *dress shoes* as *kêk skoene* (kerkskoene), is naas die ortografiese aanpassing (los geskryf en ortografies aangepas om vokaalverlenging en postvokaliese /r/-weglating weer te gee) nie uniek aan Kaaps nie, maar myns insiens nog ’n voorbeeld van ’n domestikerende strategie aangesien *kêk skoene* (kerkskoene) baie meer idiomaties is as byvoorbeeld *beste skoene*.

’n Verdere voorbeeld van ’n tipies Kaapse uitspraakverskynsel in voorbeeld 4 is *boe* (bo) in reël 2 wat op /e/-verhoging dui (kyk Hendricks, 2024:421).

<i>Long way down</i> (p. 166)	<i>Lang pad onnetoe</i> (p. 170)
Pants stopped just at the top of his dress shoes dress shoes tied in perfect bows, leather shiny, uncreased like he ain't been walking	Sy broek stop net boe sy kêk skoene kêk skoene se vietes maak perfect bows, blink leer, ongekriekel asof hy nie mee stap ie

Voorbeeld 4: Verdere voorbeelde van domestikering

In voorbeeld 5 is dit opvallend dat die lengte-eenheid *foot* met *voet* vertaal is aangesien Suid-Afrika en by implikasie Kaaps die metrieke stelsel gebruik en nie die Britse stelsel wat in die VSA (die ruimte in *Long way down*) gebruik word en in die bronteks voorkom nie. Die probleem lê by die feit dat *foot* in reël 3 en 4 in die bronteks na lengte verwys en in reël 5 na diepte of te wel die tradisionele diepte van ’n graf. Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof hier vervreemdend te werk gegaan is. Toe die vertaler hieroor uitgevra is, het hy gesê: “Ek vertaal en ek skryf ook nie wanneer ek my eie werk skryf met die leser in gedagte nie. Dit moet authentic wees. Ek gebruik ‘voet’ omdat ons as ons praat, gebruik ons ‘voet’” (Multilingual Language Service Office, 2021).

Wat die vertaler betref, is die gebruik van “voet” in reël 3 en 4 dus nie aanduidend van ’n vervreemdende vertaalstrategie nie. Inteendeel. In aansluiting by die opmerking deur Hendricks (2024:417–419) in 2 hier bo, is dit juis aanduidend van die outentieke stem van ’n skrywer wat in Kaaps skryf, in hierdie geval Trantraal.

<i>Long way down</i> (p. 160)	<i>Lang pad onnetoe</i> (p. 164)
Taller than me Taller than everyone Six foot four Six foot five (Six feet deep)	Langer as ek Langer as ammel Ses voet vie Ses voet vyf [Ses voet diep]

Voorbeeld 5: Outentisiteit

Die doelteks bevat ’n woordelys aan die einde van die teks. Feinauer (2015:4 en 5) skryf wanneer ’n vertaler ’n woordelys of glossarium by ’n literêre teks voeg, die vertaler “... ’n skepper pleks van ’n herskepper [word]], en dít verhoog ook die vertaler se sigbaarheid”. Sy wys ook daarop dat die rede vir die

... skep van glossariums in literêre tekste is om doeltekslesers in staat te stel om so goed moontlik met die bronteksinhoud te identifiseer, en om soveel moontlik van die gebruike, denk- en uitdrukkingswyses van die brontekskultuur te verstaan.

Die woordelys in *Lang pad onnetoe* is egter nie daarop gerig om die doelteksleser te help om die brontekskultuur beter te verstaan nie. Dit is nie ’n poging om gebruike of denkwyses in die Amerikaanse kultuur vir die doelteksleser toeganklik te maak nie. Die lys van drie en dertig woorde bevat woorde in Kaaps wat moontlik nie vir Afrikaanse lesers wat nie Kaaps magtig is nie, bekend is nie. Die lys gee telkens die ekwivalent in Standaardafrikaans met ’n bladsyverwysing na waar die Kaapse vorm in die teks voorkom. Dit bevestig myns insiens die gebruik van Kaaps as die primêre domestikeringsinstrument. Naas Kaapse woorde/uitdrukkings wat reeds hier bo aangetoon is, is verdere voorbeelde in die woordelys die volgende:

Kaaps	Standaardafrikaans
’n kaat skiet	’n storie vertel/by iemand aanlê
paap	skrik
pesellie	wild en lelik praat soos bendelede
piete	peuter
rêgit	’n broek se rekband
shuff	haastig bêre/wegsteek
spien	uitgaan met

Voorbeeld 6: Enkele items uit die woordelys

Daar is wel een gegewe in die bronteks en die doelteks wat inspeel teen die idee dat die doelteks in die Kaapse Vlakte afspeel en dit is die sentrale rol van die hysbak waarin die hele verhaal afspeel. (Die bronteks gebruik die woord *elevator* (p. 73) en die doelteks afwisselend *lift* en *elevator* (p. 77). Tipiese woonstelblokke op die Kaapse Vlakte het nie hysbakke nie, maar trappe. Ook hier domestikeer die vertaler egter. Die L wat lobby (grondvloer) in die Amerikaanse hysbak aandui, word op p. 79 in die doelteks die syfer 1 wat Will en sy broer toe hulle klein was “virre joke met ’n koki-pen op die 1 van die onnesten knoppie veranne [het] na ’n L”. L staan vir *loser*.

In die bostaande afdeling is gewys op sigbaarheid van die vertaler in *Lang pad onnetoe* en die gebruik van Kaaps as domestikerende strategie is geïllustreer. Daar is ook gewys op die gebruik van amptelike Suid-Afrikaanse tale en ander domestikerende strategieë.

6. Gevolgtrekking

In hierdie ondersoek is gekyk na die vertaling van *Long way down* deur Jason Reynolds as *Lang pad onnetoe* deur Nathan Trantraal. Die vertaling is besonder goed ontvang. Een aspek wat telkens deur resensente uitgelig is, is die bronteks wat in Kaaps en nie in Standaardafrikaans vertaal is nie.

Alhoewel Kaaps primêr 'n gesproke variëteit van Afrikaans is, bestaan 'n gevestigde skryftradisie daarvan wel en sedert 1990 is daar 'n beduidende toename in die aantal literêre tekste wat in Kaaps verskyn. Ten spyte van interne variasie in Kaaps verteenwoordig die skrywers wat in Kaaps skryf kollektief die taalverskynsels wat as Kaaps beskou word. Nathan Trantraal is een van hierdie skrywers.

Vertaalteoreties beskou, vorm vertaalde tekste ook deel van die polistelsel van 'n literêre stelsel. Die verwagting is dat indien 'n teks 'n randposisie in die polistelsel van die doeltaal inneem, vertalers geneig is om 'n aanvaarbare teks te skep wat aan die linguistiese en kulturele norme van die teikenstelsel voldoen. Daarteenoor word verwag dat vertalers geneig is om in 'n minder mate aan die doeltaal- en kultuurnorme te voldoen indien die doeltteks 'n meer sentrale rol in die polistelsel van die doeltaal inneem en eerder 'n toereikende teks skep. Alhoewel sekere gekanoniseerde tekste in Kaaps voorkom, is *Lang pad onnetoe* uniek in die sin dat 'n gevestigde vertaaltradisie in Kaaps nie bestaan nie en daar baie minder geskrewe tekste in Kaaps as in Standaardafrikaans is. Dit sou dus verwag kon word dat die vertaling 'n randposisie in Kaaps sou inneem. Die vertaler skep egter, in teenstelling met die verwagting dat die vertaling grootliks die brontaal en -kultuur sal weerspieël, 'n aanvaarbare vertaling waarin die vertaling grootliks aan die kulturele norme van die teikenstelsel voldoen. Hy doen dit deur die gebruik van 'n variëteit wat, soos die variëteit wat in die bronteks gebruik is, nie gestandaardiseer is nie.

Die vertaler is sigbaar, maar terselfdertyd word deurlopend van 'n domestikerende vertaalstrategie gebruik gemaak. Ook dit werk teen die teorie in aangesien domestikerende vertalings gewoonlik die indruk wil skep dat die vertaling 'n oorspronklike teks is en die vertaler onsigbaar word. In *Lang pad onnetoe* is dit nie die geval nie en die rede daarvoor is tweeledig: Nathan Trantraal se *vertaalhabitus* wat onder meer gekenmerk word deur die gebruik van Kaaps.

VERWYSINGS

- Afrikaans.com. 2019. <https://afrikaans.com/2019/02/19/nathan-trantraal-oor-sy-vertaling-van-lang-pad-onnetoe-video/> [2 Mei 2025].
- Africa, C. 2024. *Amma*. Kaapstad: Tafelberg.
- Bourdieu, P. 1977. *Outline of a Theory of Practice*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bourdieu, P. 1986. The forms of capital. In: Richardson, J.G. (eds.). *Handbook of theory and research for the sociology of education*. New York: Greenwood, pp. 241-258.
- Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Cambridge: Polite Press.
- Bourdieu, P. 1993. *The Field of Cultural Production: Essays on Art and Literature*. Cambridge: Polity Press.
- Bourdieu, P. 2000. *Pascalian Meditations*. Stanford: Stanford University Press.
- De Roubaix, L. 2023. *André P. Brink as vertaler*. Doktrale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Even-Zohar, I. 1978. The position of translated literature within the literary polysystem. In: Venuti, L. (ed.). *The Translation studies reader*. New York & London: Routledge, pp. 199-204.

- Even-Zohar, I. 1990. The Position of Translated Literature within the Literary Polysystem. In: *Polysystem Studies Poetics Today*, 11(1). Durham NC: Duke University Press, pp. 45-51.
- Feinauer, I. 2015. 'n Taalkundige kyk na die glossariums in literêre vertaalprodukte. Stellenbosch: Sun Media.
- Gouvanvic, Jean-Marc. 1997. Translation and the Shape of Things to Come: The Emergence of American Science Fiction in France. *The Translator* 3(2), pp. 125-152.
- Hendricks, F. 2024. Kaaps as variety of Afrikaans. In: Carstens, W.A.M. and Bosman, N. (eds.). *Afrikaans Linguistics Contemporary Perspectives*. Stellenbosch: Sun Media. Chapter 10, pp. 411-465.
- Inghilleri, M. 2023. Sociological approaches. *The Routledge Handbook of Translation Theory and Concepts*. London and New York: Routledge, pp. 241-262.
- Lefevere, A. 1992. *Translation, rewriting and the manipulation of literary fame*. London & New York: Routledge.
- Liu, J. 2012. Habitus of Translators as Socialized Individuals: Bourdieu's Account. *Theory and Practice in Language Studies*, 2(6), pp. 1168-1173.
- Meylaerts, R. 2011. Habitus and self-image of native literary author-translators in diglossic societies. In: Sela-Sheffy, R. and Schlesinger, M. (eds.). *Identity and Status in the Translational Professions*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 135-149.
- Multilingual Language Service Office. 2021. https://www.youtube.com/watch?v=cpHPng_lZ98 [2 May 2025].
- Pienaar, M. en Dose, S. 2024. Vertaalkunde. In: Carstens, W.A.M. en Van Dyk, T.J. (reds.). *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik, hoofstuk 21, pp. 40-428.
- Pym, A. 2023. *Exploring Translation Theories* (3rd ed). New York & London: Routledge.
- Reynolds, J. 2017. *Long way down*. New York: Atheneum.
- Reynolds, J. 2018. *Lang Pad Onnetoe*. Vertaal deur Trantraal, Nathan. Midrand: LAPA Uitgewers.
- Rhode, S. 2019. Resensie: *Lang pad onnetoe* deur Jason Reynolds, vertaal deur Trantraal, Nathan. <https://www.litnet.co.za/resensie-lang-pad-onnetoe-deur-jason-reynolds/> [26 Maart 2025].
- Snell-Hornby, M. 1988. *Translation Studies: An Integrated Approach*. Amsterdam: John Benjamins.
- Simeoni, D. 1998. The pivotal status of the translator's habitus. *Target*, 10(1):1-39.
- Snijman, F.J. (red.). 1968. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde deel, J-KL. Pretoria: Staatsdrukker.
- Soundcloud.com. 2020. <https://soundcloud.com/nbpublishers/twee-digters-tesame> [2 Mei 2025].
- Steyn, J. 2015. Van doekvoet na eendvoet: Die vertaling van Afrikaanse romans in Afrikaans. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)* 12(1). <https://www.litnet.co.za/van-doeckvoet-na-eendvoet-die-vertaling-van-afrikaanse-romans-in-frans/> [13 Augustus 2025].
- SuperSummary. 2017. <https://www.supersummary.com/long-way-down/summary/> [2 May 2025].
- Terblanche, E. 2020. Nathan Trantraal (1983-). ATKV/LitNet-Skrywersalbum. Nathan Trantraal (1983-) – LitNet [14 April 2025].
- Toury, G. 1995. *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamins.
- Toury, G. 2012. *Descriptive Translation Studies – and Beyond* (Revised edition). Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Trantraal, N. en Trantraal, A. 2003 *Urban tribe*. Cape Town: Cape Argus.
- Trantraal, N. 2008. *Stormkaap: drome kom altyd andersom uit*. Kaapstad: Tafelberg.
- Trantraal, N. en Trantraal, A. 2010. *Coloureds*. Kaapstad: Tafelberg & Jincom Uitgewers.
- Trantraal, N. 2013. *Chokers en survivors*. Kaapstad: Kwela.
- Trantraal, N., Trantraal, A., Benson, B. en Marais, A. 2014. *Crossroads: I live where I like*. Kaapstad: Isotrope Media.
- Trantraal, N. 2014b. Skryf 'it soes jy praat. *LitNet*. [23 April 2025].
- Trantraal, N. 2017. *Alles het niet kom wôd*. Kaapstad: Kwela.
- Trantraal, N. 2018. *Wit issie 'n colour nie: angedrade stories*. Kaapstad: Kwela.
- Trantraal, N. 2020. *Oolog*. Kaapstad: Kwela.
- Trantraal, N. 2024. *Die man wattie kinnes vang*. Kaapstad: Kwela.
- Van der Vyver, M. 2019. Benderoman is briljant. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/benderoman-is-briljant-20190118> [23 April 2025].
- Venuti, L. (ed.). 1995. *The translator's invisibility: a history of translation*. London & New York: Routledge.

- Venuti, L. 1998. *The Scandals of Translation. Towards an ethics of difference*. London & New York: Routledge.
- Venuti, L. 1989b. Introduction. In: Venuti, L. (ed.). Special Issue, *The Translator* 4(2), Studies in intercultural communication. Translation and Minority. Manchester: St. Jerome Publishing, pp. 1351-44.
- Venuti, L. 2013. *Translation changes everything. Theory and Practice*. London & New York: Routledge.
- Voertaal. 2024. <https://voertaal.nu/persbericht-graphic-novels-in-zuid-afrika-het-werk-van-nathan-trantraal/> [2 Mei 2025].
- Wolf M. 2007. The emergence of a sociology of translation. In: Wolf, M. and Fukari, A. (eds.). *Constructing a Sociology of Translation*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 1-36.

Die Zondo-kommissie van Onderzoek na Staatskaping: Wat is die redes vir die nie-implementering van sy vervolgingsaanbevelings?

The Zondo Commission of Inquiry into State Capture: What can explain the absence of prosecutions based on its recommendations?

CASPER LÖTTER
Skool vir Filosofie
Noordwes-Universiteit
Suid-Afrika
E-pos: casperltr@gmail.com
ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-7787-1419>



Casper Lötter

CASPER LÖTTER het in 2018 sy PhD in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is tans 'n konfliktkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as buitengewone navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in <i>Conversation Africa</i> verskyn en hy skryf ook gereeld vir <i>Mail & Guardian</i> se <i>Thoughtleader</i>-rubriek. In 2019 was hy 'n nadoktorale beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.	CASPER LÖTTER obtained his PhD in Philosophy from the University of the Free State in 2018. He is currently a conflict criminologist attached to the North-West University School of Philosophy (Potchefstroom) as an extraordinary research fellow. Some of his work has appeared in <i>Conversation Africa</i> and he also writes regularly for the <i>Mail & Guardian's Thoughtleader</i> column. In 2019 he was a postdoctoral fellow of the South African Academy of Science and Arts.
--	---

ABSTRACT

The Zondo Commission of Inquiry into State Capture: What can explain the absence of prosecutions based on its recommendations?

In this contribution, I consider the possible reasons why none of the accused identified for prosecution by the Zondo Commission of Inquiry into Allegations of State Capture were ever prosecuted. I make use of post-structuralism as my methodology of choice and a post-Marxist theoretical perspective, namely Conflict Criminology, especially Reiman and Leighton's (2020) Pyrrhic Defeat Theory and Box's (2013) theory of the mystification of crime, to explore this phenomenon. Part of my approach is a critical assessment of conventional, mainstream criminology which, would be unable to respond sensibly to my research question. I agree with

Datums:		
Ontvang: 2025-06-06	Goedgekeur: 2026-02-17	Gepubliseer: Maart 2026

McLaughlin that the reason for this is, at least in part, the state's inability to reimagine, no less to fund research into, the victims of the wealthy and the politically connected, in most, if not all, Western democracies. By utilising Bourdieu's insight that rebel discourses from both the right and the left of the political spectrum shadow the dominant or the mainstream discourse, I postulate that both Conflict Criminology and state capture are rebel discourses flanking the dominant discourse of the day. State capture is a left-wing encroachment or rebel discourse on the dominant political project at the time, which was a lamentable failure to give effect to the ANC government's mandate to redistribute wealth in post-apartheid South Africa. As a result, an opening existed for the Zuma-Gupta cabal to popularise the mantra of radical economic transformation as a political project with the slogan of white monopoly capital (coined and popularised by the notorious British media house Bain Pottinger). Both Reiman and Leighton's (2020) Pyrrhic Defeat Theory and Box's (2013) theory of the mystification of crime show how this idea of radical economic transformation is merely a mirage to deflect attention away from the real objective of the exercise, namely the enrichment of a small, powerful elite within the ruling party. My plan for exploring this research question is to consider the topic in greater detail: I frame my contribution as an attempt to add insight to the efforts of other dot joiners, to use the well-known words of former Minister of Finance, Pravin Gordhan. This is followed by an exposition of both my methodology of choice, post-structuralism, and my theoretical perspective, Conflict Criminology. The value of post-structuralism lies in both its ability to embrace eclecticism and to tease out nuance. Conflict Criminology's post-Marxist edge is similarly valuable to explore the "distorting mirror" (to use Box's sharp insight into the mystification of power and law by the power elite in society) of ideology in deeply unequal societies, such as South Africa. Following on from this, I consider the notion of state capture itself, which includes the profound insight that South Africa has had a long history of this phenomenon. I also ponder Chipkin & Swilling's et al. (2018) definition of state capture as not only far more encompassing than mere corruption, but a form of oligarchy in that it aims to change the rules of the game by allowing only a small section of society to partake in the wealth redistributed in this way. Against this necessary background, I discuss the Zondo Commission of Inquiry into State Capture (why and how it came about) as well as Reiman's Pyrrhic Defeat Theory in greater detail. A discussion follows and a conclusion rounds off this contribution. In the discussion I outline five (5) areas of overlap between state capture and the Conflict Criminological literature on the wealthy and the politically connected capturing the resources of the state for the purposes of diverting the attention from the more monstrous crimes committed by the former, by focusing attention almost solely on the crimes committed by the poor and the powerless. Against this backdrop, brief reference is made to the position in China, where Xi Jinping spared no effort to eradicate corruption. I conclude that the reason for the absence of the implementation of Zondo's recommendations as to the persons deserving prosecutions is because, at least in part, the criminal networks which remained in place after Zuma's removal, have possibly captured the National Prosecution Authority, meaning that the political will to prosecute these figured individuals is frozen.

KEYWORDS: Zondo Commission of Inquiry into Allegations of State Capture; prosecutions; post-structuralism; post-Marxist theoretical perspective; Conflict Criminology; Reiman and Leighton's (2020) Pyrrhic Defeat Theory; Box's (2013) theory of the mystification of crime; rebel discourses; radical economic transformation; capture of National Prosecution Authority

TREFWOORDE: Zondo Kommissie van Onderzoek na Staatskaping; vervolgings; Konfliktkriminologie; Zuma-Gupta-kabaal; vervolgingsgesag

OPSOMMING

In hierdie bydrae ondersoek ek die vraag waarom daar nie gehoor gegee is aan die aanbevelings rakende vervolgings soos vervat in die verslae uitgereik deur die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping nie. Ek gebruik talle gesigspunte soos vervat in die post-Marxistiese literatuur oor Konfliktkriminologie, veral Reiman en Leighton (2020) se Pyrrhus-nederlaagteorie wat sentraal staan in hierdie benadering, om hierdie probleem te ondersoek. Die posisie in China word ook vlugtig onder die loep geneem. Die gevolgtrekking waartoe ek kom, is dat daar heelwat raakpunte bestaan tussen staatskaping, soos deur die Zuma-Gupta kabaal bedryf, en 'n post-Marxistiese lees van misdaad in 'n fel besits- en inkomsteongelyke gemeenskap soos Suid-Afrika. Daarby kom dit voor of die nasionale vervolgingsgesag, gesien in die lig van die voortdurende voortbestaan van die betrokke kriminele kringe ná Zuma se verwydering, na alle waarskynlikheid self geekaap is.

1. Inleiding

Hierdie bydrae handel oor die kwessie van staatskaping en in die besonder die vraag waarom die aanbevelings oor moontlike vervolgings, soos uiteengesit deur die Geregte Kommissie van Onderzoek na Bewerings van Staatskaping, Korrupsie en Bedrog in die Openbare Sektor, insluitend Staatsorgane, onder die leiding van regter Zondo (Zondo 2022; hierna die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping of bloot Zondo-Kommissie), grootliks op dowe ore geval het. Aangesien hierdie resultaat (geen vervolgings nie ondanks die miljoene wat aan die Zondo-Kommissie gespandeer is) nou min of meer as gedane sake beskou word, word die vraag oor watter teoretiese raamwerk hierdie verskynsel die beste kan verduidelik onder die soeklig geplaas.

In die literatuur is die kwessies wat ter sprake kom by staatskaping reeds belig en uitgelê: wat dit is en hoekom dit gebeur het (Chipkin, Swilling, Bhorat, Buthelezi, Duma, Prins, Mondl, Peter, Qobo & Friedenstein 2018; Pauw 2022; Buthelezi & Vale 2023), die Zondo-Kommissie se sittings en bevindinge self (Zondo 2022; Holden 2023), asook die werkswyse by staatskaping (die ideologiespoeling¹ van die sogenaamde wit monopoliekapitaal (“white monopoly capital”) wat deur die berugte mediamaatskappy Bain Pottinger in die Verenigde Koninkryk geformuleer is (Williams 2021)). Die vraag waarom geen strafregtelike vervolgings op die Zondo-Kommissie se werksaamhede gevolg het nie, is egter nog nie tot bevrediging beantwoord nie. Dit is hierdie gaping in die bestaande kennis wat ek in hierdie bydrae probeer aanspreek, minstens ten dele. Na my oordeel, soos ek hieronder aandui, is 'n beskouende, filosofies geïnspireerde gesigspunt by sodanige ondersoek van uiterste waarde.

Na 'n deeglike oorsig van die literatuur wat oor die verskynsel van staatskaping opgebou het, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die mees bevredigende teoretiese raamwerk of teoretiese besinning wat die nie-implementering van die Zondo-Kommissie se aanbevelings kan verduidelik, die teoretiese gesigspunte is wat uit die Konfliktkriminologie as subdisipline

¹ *Ideologiespoeling* verwys na 'n vorm van ideologiese indoktrinasie wat in outokrasieë soos in China en Rusland te vinde is. Hier word geen alternatiewe denkmodelle geduld nie.

ontvou. Ek verwys spesifiek na Reiman en Leighton (2020) se pyrrhus-nederlaagteorie en ander soortgelyke teoretiese gesigspunte wat op 'n post-Marxistiese lees geskoei is.

As uitgangspunt maak my metodologie gebruik van poststrukturealisme tesame met die insig van 'n krities-kriminologiese teoretiese raamwerk, aangesien ek sodanige vennootskap beskou as 'n paslike kombinasie in die ondersoek na my vraagstuk. My sentrale vooronderstelling in hierdie ondersoek is dat die elitevorming binne die kader van die regerende ANC, wat sedert 1994 uitgekristalliseer het, 'n post-Marxistiese teoretiese lens regverdig. Konfliktkriminologie se kritiese, post-Marxistiese invalshoek word gevorm deur die belang en noodsaak om dissiplinêre grense te ontken (Young 2011:258). Dit word bevestig deur Michel Foucault se bekroonde insig rakende die paradigmayerskuiwing vanaf absolute na dissiplinêre mag wat gelei het tot gevangenisstraf as die Weste se oorwegende straftoemittingsgesigspunt (sien McLaughlin 2010:162-163).

Ek kom tot die slotsom dat die rede hoekom die persone en instansies wat deur die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping uitgewys is vir vervolging nie daadwerklik vervolgt is nie, geleë is in die feit dat die vervolgingsgesag self deur die welgesteldes en/of diegene met politieke verbintenisse gekaap is. Verskeie gesigspunte wat ek uit die literatuur ontgin het, het my in staat gestel om tot hierdie slotsom te kom.

Ten hierdie agtergrond skets ek vlugtig my grondplan vir die ontplooiing van my betoog. Eerstens poog ek om my navorsingsvraag omsigtig en duidelik te formuleer, waarna ek my metodologie (poststrukturealisme binne 'n krities-kriminologiese teoretiese raamwerk) verduidelik. Tweedens is dit nodig om die begrip “staatskaping” te ontgin waarna ek die mandaat van die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping sal uitlê. Met hierdie uitgangspunte uiteengesit, bring ek vervolgens Reiman en Leighton se pyrrhus-nederlaagteorie (sowel as ander gesigspunte in die krities-kriminologiese [Konfliktkriminologie] literatuur) ter sprake. Ten laaste volg 'n bespreking en 'n slotsom.

2. Navorsingsvraag

In sy voorwoord tot Chipkin et al. (2018) se toonaangewende werk oor staatskaping met die titel *Shadow state: the politics of state capture* skryf Jonas, voormalige Adjunkminister van Finansies gedurende die Zuma-era, dat akademici 'n verpligting het “to join the dots”. So verduidelik Jonas (in Chipkin et al. 2018:xvii) die vroeë begrip van die samehang van staatskaping in die volgende woorde:

By the time Mark [Swilling] and I met, there was already significant pushback against state capture from various sites of accountability, including but not limited to investigative journalists and the media in general, civil society and the judiciary. But we were still observing each new example of state capture as a separate event, denying the connection between them. We were failing to connect the dots. And what was missing was the voice of the academic community – the dot joiners.

Hierdie artikel is met 'n soortgelyke doel daarop gemik om 'n bydrae te maak om die kolletjies met mekaar te verbind ten einde die groter geheel van die prentjie te kan snap. Die gedagte van “joining the dots” het natuurlik sy oorsprong by die voormalige Suid-Afrikaanse Minister van Finansies, Pravin Gordhan.

'n Ander manier om die prentjie in groter samehang te kan waarneem, is deur die werksaamhede van die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping. Die doel van die aanstelling van die Zondo-Kommissie was natuurlik om die regering in staat te stel om die

aard en omvang van die probleem te verstaan en dan gepas op te tree. Hoekom is dit belangrik om te verduidelik hoekom daar nie gevolg gegee is aan die Kommissie se vervolgingsaanbevelings nie?

Een van die belangrikste redes is dat gewone Suid-Afrikaners elke dag met staatsorgane of staatsinstellings in aanraking kom (byvoorbeeld met Binnelandse Sake, die polisie, die vervolgingsgesag, om maar net 'n paar te noem) en indien hulle nie die vertroue het dat hul aangeleenthede in goeie trou en onpartydig oorweeg sal word nie, sal daar geen sprake kan wees van die aard van dienslewering waarop alle Suid-Afrikaners geregtig is nie. Die uitwys van die redes of teoretiese raamwerk waarom die skuldiges in die Zondo-era nie vervolgt is nie, is dus in almal se belang. Soos sowel Chipkin et al. (2018:13) as Holden (2023:451) argumenteer, het die verwydering van Zuma die kriminele netwerke wat onder sy bewind hoogty gevier het 'n nekslag toegedien of ten minste hul invloed grootliks verswak. Die punt is egter dat tot tyd en wyl al hierdie vorme van kriminaliteit aan die kaak gestel is, sulke netwerke nog steeds potensieel met hierdie misdadige aktiwiteite kan voortgaan en sodoende die publiek / die burgers kan benadeel. Dit geld ook vir toeriste en almal wat gebruik maak van staatsondernemings soos Eskom en Transnet. So wys Holden (2023:451) daarop dat die Kommissie dit goedgevind het dat “a proper strategy ... be employed to disrupt these [remaining] criminal networks (notably the money-laundering networks)”. Chipkin et al. (2018:13) omskryf hierdie aspek van die verskynsel soos volg:

Undoubtedly the power elite centred on the Gupta-Zuma nexus has been critically weakened as the result of Zuma's departure. However, these networks are effective because they are remarkably resilient. They can adapt and morph to meet new circumstances. *Much will depend on the effectiveness of the Judicial Commission of Inquiry into State Capture, which will have the right to refer matters to the prosecuting authorities.* (My beklemtoning)

Soos daar in die laaste sin van die voorafgaande aanhaling uitgewys is, was die gevolgtrekkings waartoe die Zondo-Kommissie sou kom ten opsigte van die identifisering van die misdadigers en hul verwagte vervolging iets waarop die meeste Suid-Afrikaners gehoop het. Soos ons nou weet, het dit egter nie gebeur nie en dit is belangrik om ondersoek in te stel na moontlike redes daarvoor.

'n Gepaste metodologie en teoretiese raamwerk is egter nodig ten einde hierdie vraagstuk behoorlik te ontgin en ek wend my vervolgens na hierdie deel van my bydrae.

3. Metodologie en teoretiese raamwerk

My gekose metodologiese benadering vir hierdie bydrae, soos ek in die inleiding uitgewys het, is poststrukuralisme. Olivier (2015) redeneer dat poststrukuralisme se hermeneutiese kentering metodologies gesproke danksy die meer insluitende “beide/en”-benadering grootliks bygedra het tot hierdie metodologiese denkwysse se aansienlike voordeel bo die van ander tradisionele “óf/óf”-metodologiese benaderings wat deur Aristoteles aan ons nagelaat is.

Terwyl postmodernisme klem lê op wording, benadruk modernisme daarenteen die waarde van is/synde. Poststrukuralisme, in teenstelling met die voorafgaande twee benaderings, vind 'n bevredigende balans tussen hierdie twee uiterstes deur hulle saam te bedink (Olivier 2013). Hierdie metodologiese oriëntasie behels gevolglik 'n intellektuele en geestesherrangskikking van die individu se denkwysse op beide 'n bewuste en onbewuste vlak. Die “óf/óf”-denkwysse word dus vervang met 'n sowel/as-benadering tot teoriebewilliging. Olivier (2013:2015)

betoog dat twee teenstrydige uiterstes op hierdie wyse met vrug gekombineer kan word indien hulle tesame oorweeg word eerder as die een tot die uitsluiting van die ander. My bydrae sal baat vind by 'n poststrukturealistiese perspektief eerder as by ander benaderings wat oënskynlik wedersyds uitsluitend is.

Vanselfsprekend moet my teoretiese raamwerk ook goed inpas by die bovermelde metodologie. Konfliktkriminaliteit verskil van die hoofstroomdissipline in dié opsig dat laasgenoemde klem lê op empiriese ondersoek as die oorwegende paradigma, terwyl daar by eersgenoemde eerder 'n dringende behoefte aan 'n beskouende benadering tot misdaad bestaan (Carlen 2005:87; Young 2011; Chan 2013:312; Lötter 2020:107). Om 'n denkbeeld van die Franse sosioloog Pierre Bourdieu (1930–2002) aan te haal: konfliktkriminaliteit is 'n rebel-diskoers wat maar altyd deur die hoofstroom oorskadu word (Bourdieu 1977:164-165). My gedagte is dat die staat (lees in hierdie geval: Suid-Afrika) voorkeur verleen aan empiriese werk in kriminaliteit aangesien dit voldoen aan die staat se behoefte om die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes en geringgeskattes te kalmeer. Sodoende word hierdie deel van die bevolking rustig en onder beheer gehou. McLaughlin (2010) wys daarop dat hoofstroomkriminaliteit se klem op sogenaamde objektiewe, empiriese bevindings reeds sedert die sestigerjare deur kritiesgesinde kriminoloë bevraagteken is.

'n Kritiese paradigma eerder as bloot empiriese werk is dus belangrik aangesien dit ruimte skep vir alternatiewe benaderings tot geregtigheid² (Carlen 2013:90; Currie 2013; McLaughlin & Muncie 2013:xxiv) in die sin van verbeeldingsvlugte gerig op oorbruggingsmoontlikhede na bemagtiging en selfs bevryding. Carlen (2005:83) doen aan die hand dat “a critical criminology must try not only to think the unthinkable about crime, but also to speak the unspeakable about the conditions in which and by which it is known”. Ek poog om iets soortgelyks met hierdie bydrae te doen. Vervolgens ondersoek ek vlugtig die aard van die huidige vorm van staatskaping in Suid-Afrika.

4. Staatskaping

4.1 Wat is staatskaping?

Die begrip *korruptsie* is nie gelyk aan die nisie van staatskaping nie, hoewel dit wel 'n onderdeel kan vorm van die oorkoepelende begrip *staatskaping*. Die gedagte van staatskaping is natuurlik ook niks nuuts by die studie van kriminaliteit nie (Naím 2013).

Op dieselfde trant kan ook daarop gewys word dat staatskaping à la Zuma beslis ook nie die eerste keer is dat die Suid-Afrikaanse staatsorgane en hulpbronne gekaap is vir politieke oogmerke nie. Dit is die moeite werd om Chipkin et al. (2018:ix) se uitstekende definisie van staatskaping redelik uitvoerig aan te haal:

The aim of state capture is not to bypass rules to get away with corrupt behaviour; the term “corruption” obscures the politics that frequently inform these processes, treating it as a moral or cultural pathology. Yet corruption, as is often the case in South Africa, is frequently the result of a political conviction that the formal “rules of the game” are rigged against specific constituencies and it is therefore legitimate to break them. The aim of state capture is to change the formal and informal rules of the game, legitimize them and select the players who are allowed to participate.

² Al kan daar wel betoog word, soos een van my anonieme keurders uitwys, dat empiriese werk ook deur 'n eiesoortige paradigma onderskraag word.

In die ontleding van hierdie definisie is dit belangrik om daarop te let dat staatskaping nie net bestaan uit 'n misdadige netwerk nie, maar ook wesenlik 'n politieke beweging behels. Die Zuma-era se staatskaping was boonop ook nie die eerste projek van sy soort in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Die ander voorbeelde van staatskaping was die destydse stigting van die ou Kaapse verversingspos ten behoeve van die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie, die Britse bewind in die era ná die Boererepublieke en die dekadellange kaping ten behoeve van die ekonomiese bemagtiging van die Afrikaner ná die Nasionale Party se oorwinning in 1948. In hierdie verband wys Cohen (1973:624) daarop dat sogenaamde “alledaagse” misdaad nie verstaan kan word sonder begrip van die konteks waarin dit gepleeg is nie. Soos ek hieronder sal aantoon, is hierdie gedagtegang ook van toepassing by die misdade van die welgesteldes en diegene met politieke konneksies.

Ek verwys na 'n besondere vorm van staatskaping wat uiters relevant is by hierdie bespreking, naamlik die een wat die dryfveer was vir die vorm van staatskaping wat tans onder bespreking is in hierdie bydrae. So verwys Chipkin et al. (2018:2) na die staatskaping van die korporatiewe wêreld ná die demokratiese verkiesing in 1994 ten einde te verseker dat die land se basiese ekonomiese bestel onveranderd bly in weerwil van die regerende party se verkiesingsbeloftes. Terreblanche (2002, 2014) betoog dat die regerende party nie sy beloftes van herverdeling van batebesit gestand gedoen het nie en eerder 'n neoliberale agenda gevolg het met tragiese gevolge vir die oorgrote deel van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes en geringgeskattes. Volgens Reiman en Leighton (2020:177-180) se Pyrrhus-nederlaagteorie word die aandag afgelei van die (staats)misdade gepleeg deur sy korporatiewe bondgenote deur die aandag op die demonisering van die uitgeslotenes te vestig. In hierdie konteks maak Cohen se opmerking (hierbo) perfek sin.

Dit is binne hierdie konteks dat die Zuma-Gupta-staatskaping verstaan moet word. Hierdie gaping tussen ideaal en werklikheid as nalatenskap van die staat se verkiesingsmanifes het die ruimte geskep vir die daaropvolgende voorbeeld van staatskaping, naamlik dié van die Zuma-Gupta-kabaal (Chipkin et al. 2018:2). So verduidelik Chipkin et al. (2018:2) dan ook die wisselwerking tussen hierdie twee eietydse vorme van staatskaping:

Also well documented is the powerful role played by corporate South Africa during the transition, to ensure that a democratic state could do little to change the basic structure of the economy. This was a form of [state] capture in that powerful elites subverted the broad vision of transformation that inspired the mass democratic movement that had brought down the apartheid state.

Chipkin et al. (2018:1-2) gaan selfs so ver as om aan die hand te doen dat staatskaping vertoon as 'n bekende en herhalende patroon in Suid-Afrika se geskiedenis en dat die ontwikkeling van die politiek en staatsmaking van hierdie land kwalik verstaanbaar is sonder 'n goeie begrip van hierdie verskynsel. Dit is egter ook so, soos Holden (2023:16) aandui, dat die aanbevelings van die Zondo-Kommissie, anders as wat die geval is met 'n hofuitspraak, nie bindend op die staat is nie.

Ek verskil egter van Holden waar hy beweer dat dit die rede is hoekom soveel van die mense wat vir vervolging geïdentifiseer is nou vry rondloop (Holden 2023:16). In die lig van die feit dat die Zondo-Kommissie vier en 'n half jaar geneem het om sy projek te voltooi, meer as 400 dae van sittings gehad het, meer as 300 getuies ondervra het en 19 boekdele gepubliseer het wat altesaam 4 750 bladsye van gekonsolideerde bevindings en aanbevelings bevat (Holden 2023:1), maak dit myns insiens geen sin dat die geïdentifiseerde verdagtes van misdaad (siende dat hul nog nie skuldig bevind is nie), nie vervolg is nie. Was dit dan net 'n

akademiese oefening? Sekerlik nie! Ek betoog eerder dat die politieke wilskrag ontbreek het om Zondo se aanbevelings te implementeer en ek doen 'n teoretiese raamwerk aan die hand wat die stand van sake kan verduidelik. Grootes (2024) noem dit selfs “the curious case of the Zondo Commission database and the Justice Department”. Anders gestel, met al die getuienis vir suksesvolle vervolgings onder sy beheer kon die Nasionale Vervolgingsgesag nog steeds nie beweeg word om vervolgings van dié wat deur die Zondo-Kommissie geïdentifiseer is van stapel te stuur nie.

Ten hierdie agtergrond opper ek vervolgens die vraag wat die eintlike doel van die daarstelling van die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping was ten einde 'n beter vastrapplek vir my bespreking te vind.

4.2 *Waaroor het die Zondo-Kommissie van Onderzoek na Staatskaping gegaan?*

In 2016 het die destydse Openbare Beskermer, Thuli Madonsela (Public Protector South Africa 2016), 'n verslag uitgebring waarin sy aanbeveel het dat die staatspresident, wat op daardie stadium nog Jacob Zuma was, 'n regterlike kommissie van ondersoek aanstel wat ondersoek kan doen na die bewerings van grootskaalse korrupsie en staatskaping en die aanstelling daarvan in die staatskoerant aankondig. Die spesifieke omvang van haar regstellende mandaat (m.a.w. hoe die probleem aangespreek moet word) was dat Zuma 'n kommissie van ondersoek behoort aan te stel om die verhouding tussen die Gupta-broers en Zuma se eie administrasie te ondersoek. Insiggewend in haar aanbeveling was dat Zuma as staatspresident nie self die regter wat die ondersoek sou lei, kon benoem nie (aangesien hy self betrokke was), maar dat die regter aangewys sou word deur die hoofregter van die land, wat op daardie stadium HR Mogoeng Mogoeng was.

Holden (2023:11) wys daarop daarop dat hierdie aanbeveling van die Openbare Beskermer 'n mens onwillekeurig herinner aan die aanstelling van die Seriti-Kommissie van ondersoek na die wapenskandaal waarin Zuma beskuldig is van onbehoorlike invloed op wapentransaksies. Regter Seriti, wat deur Zuma aangestel is om die wapenskandaal te ondersoek, het, soos algemeen bekend is, 'n betreurenswaardige en uiteraard nuttelose verslag uitgebring waarin hy en sy medevoorsitter, Regter Musi, bevind het dat die wapenaankoopproses grootliks vlekkeloos en sonder tekortkomings verloop het en dat daar geen bewyse van korrupsie gevind is nie. Die Seriti-Kommissie se verslag is in Augustus 2019 deur Pretoria se Hooggeregshof ter syde gestel. Regter-President Mlambo het bevind dat die Seriti-Kommissie duidelik gefaal het om die bewerings van korrupsie enigsins betekenisvol te ondersoek.³ Zuma het op daardie stadium tereggestaan op 783 klagtes van rampokkery, korrupsie, bedrog en geldwassery wat die wapenskandaal betref en het gehoop om die Seriti-verslag, waarin bevind is dat daar geen bewys van misdadige gedrag opgespoor kon word nie, te gebruik in sy verdediging teen hierdie klagtes (News24 2019). Die aanstelling van 'n nuwe kommissie van ondersoek deur Zuma het dus geensins 'n gevoel van vertroue by die algemene publiek geskep nie.

In 'n goeie artikel wat in die aanlyn tydskrif *Daily Maverick* verskyn het, verbind Feinstein, Holden en Van Vuuren (2019) die wapenskandaal met die huidige vorm van staatskaping wat in hierdie bydrae onder bespreking is, soos volg: “The Arms Deal ushered a corrupt network

³ *Corruption Watch and Another v Arms Procurement Commission and Others* (81368/2016) [2019] ZAGPPHC 351; [2019] 4 All SA 53 (GP); 2019 (10) BCLR 1218 (GP); 2020 (2) SA 165 (GP); 2020 (2) SACR 315 (GP) (21 August 2019) <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPPHC/2019/351.html> [14 May 2025].

into South Africa's democratic politics and paved the way for contemporary State Capture". Soos De Haan (1991:208) tereg uitwys, "what we need is not a better theory of crime, but a more powerful critique of [what behaviour constitutes] crime".

So wys Holden (2023:451) ook daarop dat die Kommissie tot die gevolgtrekking gekom het dat "there was 'ample evidence' for the National Prosecuting Authority to consider prosecutions of a very wide range of individuals and for a very wide range of offences". Dit het egter nie gebeur nie, en die vraag wat in hierdie bydrae ondersoek word, is waarom.

In die treffende woorde van Currie (1999), wat op die drumpel van die 21ste eeu gebesig is, behels die taak van die kriminoloog in die nuwe eeu die volgende:

[...] shift[ing] some emphasis away from the accumulation of research findings to better dissemination of what we already know, and to more skillful promotion of sensible policies based on that knowledge – policies both in and out of the criminal justice system.

Teen die agtergrond van Currie se insiggewende opmerking merk ek op dat Jacob Zuma⁴ in Januarie 2018 uiteindelik beweeg is om teensinnig die aanstelling van die Kommissie van Onderzoek na Staatskaping aan te kondig. Dit was egter eers ná jarelange litigasie in ons howe waarin die Openbare Beskermer se aanbevelings ten gunste van die werksaamhede van sodanige kommissie bevraagteken is. In hierdie verband wys ek daarop dat die Zondo-Kommissie nege kenmerke van staatskaping uitgelig het. Behalwe vir kenmerke soos dat bronne en mag wat vir publieke gebruike bedoel is vir private behoeftes aangewend word, onbehoorlike invloed oor aanstellings en afdankings en 'n doelbewuste poging om regssoorsig en wetstoepassing te verswak, ens., wys die Kommissie spesifiek ook op die volgende kenmerk/oogmerk van staatskaping:

The use of disinformation and propaganda to manipulate the public discourse, in order to divert attention away from their wrongdoing and discredit opponents. (aangehaal in Holden 2023:19)

Hierdie oogmerk van staatskaping herinner 'n mens pertinent aan Reiman en Leighton (2020) se Pyrrhus-nederlaagteorie, en dus wend ek my vervolgens daartoe (en tot ander gesigspunte in die Konfliktkriminologie).

⁴ *Zuma v Office of the Public Protector and Others* (1447/2018) [2020] ZASCA 138 (30 October 2020) <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/2020/138.html> [14 May 2025]. So bevind die Hoogste Hof van Appèl (*Coram*: MAYA P, ZONDI, DAMBUZA and SCHIPPERS JJA and UNTERHALTER AJA) op [35] die volgende: "Mr Zuma was motivated by personal interests in reviewing the Public Protector's decision [and this observation] is buttressed by the following facts. He challenged the remedial action on every conceivable ground. He could have appointed the commission immediately and still sought declaratory relief as to the lawfulness of the remedial action. Mr Zuma's own conduct demonstrates that this route was both available and feasible. On 22 December 2017, while still President, he lodged an appeal against the high court's order [dismissing Zuma's objections to the establishing of the Commission] and stated publicly on 9 January 2018 that the appointment of a commission could not wait any longer whilst his appeal was pending. And at no stage before, or during the review proceedings, did Mr Zuma even suggest – as he now contends – that the Constitution permits the Deputy President to perform the functions of the President, where the latter is unable to do so. That, of course, would have undercut his argument that only the President had the power to appoint a commission of enquiry, and rendered the review application pointless."

4.3 *Reiman se Pyrrhus-nederlaagteorie*

Reiman omskryf hul sogenaamde Pyrrhus-nederlaagteorie as 'n proeflopie om die publiek se aandag op die misdade van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes en geringgeskattes (m.a.w. die armsaliges) gevestig te hou en sodoende die aandag af te lei van die meer monsteraagtige misdade van die welgesteldes en politieke magsfigure. Elders beskryf ek (Lötter 2023: 672) die wisselwerking tussen Box (2013) se Versluieringsteorie en Reiman en Leighton (2020) se Pyrrhus-nederlaagteorie. Alhoewel 'n Pyrrhus-oorwinning verwys na 'n oorwinning wat teen so 'n geweldige prys behaal word dat die uitslag op 'n skynoorwinning neerkom, betoog Reiman en Leighton (2020:166-171) dat 'n Pyrrhus-nederlaag beskryf kan word as 'n nederlaag wat slegs teoreties van aard is, aangesien die resultaat die eintlike doelwit van die oefening was.

So vind die demonisering van die uitgeslotenes of armsaliges as synde kriminogenies toepassing binne hierdie konteks, aangesien dit 'n nuttige doel dien om die aandag van staatsmisdade of dié van die staat se korporatiewe bondgenote af te lei (Reiman & Leighton 2020:177-180). Box (2013:292-293) doen op sy beurt aan die hand dat sommige groepe groter voordeel trek uit die begripsformulering van misdade as ander. Hy betoog in die besonder dat die strafregtelike definisies van misdade soos moord, diefstal en ander ernstige misdade teen 'n persoon en eiendom op so 'n manier geformuleer word dat dit soortgelyke en selfs ernstiger wangedrag uitsluit, terwyl laasgenoemde in groter waarskynlikheid deur welgesteldes en invloedrykes gepleeg sal word.

Oorweeg byvoorbeeld Hall (1988) se ontleding van die gemeenregtelike misdaad van man-op-vrouverkragting as synde “instrument, orifice and gender-specific” en dus 'n patriargale definisie aangesien dit slaan op die gedagte aan “natuurlike” geslagsomgang (d.w.s. penetrasie van die vrou deur die man). Om die fokus te plaas op misdade wat kenmerkend is van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes of geringgeskattes eerder as op dié van welgesteldes of diegene met politieke konneksies, is inderdaad die oogmerk van hierdie proeflopie. Box (2013) voeg toe tot Reiman en Leighton se insigte dat die ware stand van sake aangaande misdaad in die eietydse gemeenskap versluier (“mystification of crime”) is. Hy betoog naamlik die volgende:

Maybe what is stuffed into our consciousness as *the* crime problem is in fact an illusion, a trick to deflect attention away from other more serious crimes and victimising behaviours which objectively cause the vast bulk of avoidable death, injury and deprivation. (Beklemtoning soos in die oorspronklike)

So verwoord Carlen (2013:101-102) dieselfde gedagte binne die konteks van die haalbaarheid van rehabilitasie soos volg:

The concept of rehabilitation, by contrast, has been and still is exclusively focused upon the crimes of the poor and the powerless. It has no relevance to corporate and other powerful criminals posing the most serious criminal risks both locally and globally and very little to the bulk of those presently filling the prisons and who have never had anything to be rehabilitated to.

As die praktyk van rehabilitasie geen vatplek vind by welgesteldes en diegene met politieke verbintenisse nie, soos Carlen betoog, is dieselfde ook van toepassing by die trefwydte van die strafreg. Marqua-Harries, Stewart en Padayachee (2019:35) se gesigspunt rakende Suid-Afrikaanse omstandighede sluit hierby aan, naamlik dat “[considering] the suffering

experienced by many in marginalised and oppressed communities, prison is often an extension of community experience, including a space for gang organisation and networking”. Geen wonder dan dat McLaughlin (2010:167) betoog dat hoofstroomkriminologie se blinde kol niks anders is nie as die staat se verset of weiering om navorsing oor die slagoffers van die misdade van die welgesteldes en diegene met politieke konneksies te erken en te befonds.

Box (2013:290) het eweneens voortgebou op McLaughlin, Carlen asook Reiman en Leighton se insigte, soos hierbo uiteengesit, en betoog voorts dat die naspeuring van “unreported, unrecorded and non-prosecuted cases” ons sal noop om vrae te stel oor “the validity of official crime statistics and the ideological deformation inherent in these”. Soos Reiman en Leighton se Pyrrhus-nederlaagteorie ook uitwys, is regstoepassing gemik op die versluiering van die misdade van die welgesteldes en diegene met politieke konneksies teenoor dié van die armsaliges. In besonder wys Box daarop dat die misdade van laasgenoemde groep oordrewe vergroot word teenoor “everyone else” (Box 2013:291). Die ontginning van hierdie gedagte is belangrik aangesien dit die konteks skep vir die bespreking van staatskaping gekoppel aan politieke verbintenisse.

Amptelike misdaadstatistiek vertoon dus ’n verwronge beeld aangesien die verskil tussen die ideaal en die werklikheid ’n toenemend ontstellende prentjie daarstel, aldus Box (2013:290). Teen hierdie bruikbare agtergrond gaan ek vervolgens voort met ’n bespreking waarin ek die vele konfliktkriminologiese (ofte wel krities-kriminologiese) gesigspunte (wat myns insiens van toepassing is op die verskynsel van staatskaping) in verband bring met die verskynsel self.

Voor ek die bespreking aanvat, verwys ek vlugtig na die posisie in China waar die staatshoof, Xi Jinping, geen steen onaangeroer gelaat het om korrupsie uit te roei nie. Volgens Dong (2025), is Xi se antikorrupsieveldtog daarop gemik om die Kommunistiese Party se gesag af te dwing, nasionale integriteit te verseker en China se internasionale beeld uit te bou. Die ANC kan beslis iets by hom leer.

5. Bespreking

Cohen (1973:624) betoog dan ook dat die misdaadpleging “carried out by the powerful are not only not punished, but are not called ‘crime’”. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die aanloop tot klimaatsverandering, wat nog nie as misdaad gereken word nie, maar wat een behoort te wees en waarby net ’n klein groepie mense finansiële baat gevind het (Klein 2015).

Dit is interessant om daarop te let dat terwyl die Zuma-faksie linksgesinde retoriek of beeldspraak gebruik het (die sogenaamde oorheersing van wit monopoliekapitaal teenoor radikale ekonomiese transformasie) om hul beweging te regverdig, is dit egter ook so, soos Bourdieu (1977:164-165) uitwys, dat rebeldiskoerse van beide kante van die politieke spektrum kan kom om die hoofstroomdiskoers aan te vul. So dui Chotiner (2025) byvoorbeeld in ’n goeie meningstuk in die *New Yorker* aan dat Donald Trump (nie uniek wat dit betref nie) vanuit ’n verregse politieke posisie daarin geslaag het om die Verenigde State te kaap:

... but Trump, who has consistently condemned the Washington “swamp”, is one of many right-wing “populist” leaders and former leaders – Viktor Orbán, of Hungary; Recep Tayyip Erdoğan, of Turkey; Narendra Modi, of India; Jair Bolsonaro, the former President of Brazil – who have won election by running against a supposedly corrupt system, and then become embroiled in corruption scandals that often vastly eclipse those of their predecessors.

Teen hierdie agtergrond van die breë politieke spektrum (vanaf óf links óf regs) wat as teelaarde vir staatskaping kan dien, betoog Chipkin et al. (2018:29) dat die aard van staatskaping (wat uit drie fasette bestaan) die volgende behels:

Whereas the promise of 1994 was to build a state that would serve the public good, the evidence suggests that the state institutions are being repurposed to serve the private accumulation interests of a small, powerful elite. The deepening of the corrosive culture of corruption within the state and the efforts to graft a shadow state onto the constitutional state have brought the transformation programme to a halt.

Ek doen aan die hand dat dit die eerste been van staatskaping verteenwoordig. Die tweede been word in die aanhaling hieronder (Chipkin et al. 2018:30) uiteengesit:

The need for radical economic transformation must be rescued from a political project that uses it to mask the narrow ambitions of a power elite that is only really interested in controlling access to rents and retaining political power.

En ten slotte die derde en laaste been:

Instead of the vision of a professional public service and a capable state being realised, a symbiotic relationship has emerged between a constitutional state with clear rules and laws and a shadow state comprising well-organised clientelistic and patronage networks that facilitate corruption and enrich a small power elite. *The shadow state feeds off the constitutional state in ways that sap vitality from formal institutions, leaving them empty shells incapable of executing their responsibilities.* (Chipkin et al. 2018:31; my beklemtoning)

My gedagtegang is dus dat die kenmerke van staatskaping tydens die Zuma-jare duidelik en effektief ooreenstem met die elemente van Reiman en Leighton (2020) se Pyrrhus-nederlaagteorie. Ek gaan vervolgens voort om die vorm van staatskaping onder bespreking te verduidelik aan die hand van bestaande bronne in die literatuur van die Konfliktkriminologie. My ontleding van die aangeleentheid volg die volgende vyf stappe:

Eerstens, Reiman en Leighton (2020:177-180) se Pyrrhus-nederlaagteorie wys daarop dat die welgesteldes en diegene met politieke konneksies die regstelsel herbestem met die oog daarop dat die vervolgingsgesag die volle aandag vestig op die misdade van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes en geringgeskattes sodat die misdade van die eersgenoemde groep versluier word. Dit is egter ook so dat, soos een van my anonieme keurders uitwys, “die verswakking van die polisie en die vervolgingsgesag tref die totale strafregstelsel. Alle misdadigers vind baat.” Na analogie van Reiman en Leighton (2020:177-180) se Pyrrhus-nederlaagteorie betoog ek dat by staatskaping die staatsgerigte mandaat van staatsorgane en ondernemings wat staatsbesit is, herbestem word met die oog daarop om welgesteldes en diegene met politieke konneksies te verryk ten koste van die verwagtings van die algemene bevolking (Chipkin et al. 2018:29).⁵ Hierdie sogenaamde skadustaats tap die energie van die staatsorgane tot die onvermydelike eindresultaat waar die konstitusionele staat nie meer die dryfkrag het om aan legitieme aangeleenthede aandag te skenk nie. Dieselfde opmerking is ook van toepassing by herbestemming binne die konteks van staatskaping. So wys Christie

⁵ Een van my anonieme keurders wys tereg daarop dat “‘n goeie derde van die burgery op staatstoelae is”.

(2017:4) daarop dat die veldtog teen en vrees vir misdaad gebruik word as regverdiging vir drakoniëse maatreëls.

Tweedens, soos Box (2013:291) uitwys, word die misdade van die armsaliges oordrewe vergroot, m.a.w. dit ontvang baie aandag van die algemene publiek, teenoor dié van alle ander, veral die misdade van die welgesteldes en diegene met toegang tot politieke mag. Op dieselfde wyse argumenteer ek dat die gedagte aan radikale ekonomiese transformasie (Chipkin et al. 2018:30) wat deur die Zuma-kabaal aangevoer is as die regverdiging vir hul (oorwegend geslaagde) staatskapingsproeflopie, as 'n foefie gebruik word deur die groep bestaande uit die welgesteldes en diegene met politieke konneksies as 'n versluierende spieël om die aandag weg te lei van hul werklike politieke projek (staatskaping en die herbestemming van staatsorgane).⁶ Die kwessie van 'n politieke projek by staatskaping herinner aan Naím (2013) se argument dat die grootste gevaar by misdaadbekamping in die 21ste eeu lê by die probleem van politici wat hul gewig by misdaadkringe ingooi (waar Zuma 'n goeie voorbeeld van hierdie verskynsel is).

Derdens wys Box (2013:290) daarop dat die ontginning van “unreported, unrecorded and non-prosecuted cases” ons sal aanspoor om vrae te stel oor “the validity of official crime statistics and the ideological deformation inherent in these”. Op dieselfde trant betoog ek dat die belhamels wat hul skuldig gemaak het aan staatskaping ook nie vervolg gaan word nie. Die ideologiese verwringing van die vervolgingsproses is hier ook duidelik te sien, in wese omdat die vervolging van die indiuidue wat deur die Zondo-Kommissie uitgewys is, nie plaasgevind het nie (Democratic Alliance s.a.; Maseko 2022; Daily Investor 2023; Stone & Ngoepe 2023; Grootes 2024; Steyn 2025).

Vierdens doen Box (2013:290) aan die hand dat die amptelike misdaadstatistiek vertoon as 'n versluierde spieëlbeeld wat drogbeelde optower aangesien die verskil tussen die ideaal en die werklikheid 'n toenemend ontstellende prentjie skilder. Op dieselfde wyse vertoon die simbiotiese verhouding tussen die skadustaats en die konstitusionele staats nie soos dit in werklikheid daarna uitsien nie, maar wel as 'n drogbeeld (Chipkin et al. 2018:31). Die ware aard van dié verhouding is nie vir Jan Alleman sigbaar nie. Dit verteenwoordig inderdaad staatskaping aangesien die staatsorgane wat betrek word, uitgetap en herbestem word vir die private gewin van 'n klein minderheid welgesteldes en diegene met politieke konneksies (soos algemeen bekend).

Vyfdens wys Carlen (2013:101-102) daarop dat die begrip rehabilitasie slegs op die misdade van die gemarginaliseerdes, uitgeslotenes of geringgeskattes slaan, en dit is interessant genoeg hierdie groep mense wat niks het waarna hulle gerehabiliteer kan word nie. Kriegler (2018) toon op dieselfde trant aan dat alle pogings om geweldsmisdaad in Suid-Afrika te bekamp, mank gaan aan die feit dat dit direk verband hou met hoë, onaanvaarbare vlakke van besits- en inkomsteongelykheid. Die reëls van die spel wat vir die gemarginaliseerde groep geld, is duidelik nie op dieselfde wyse van toepassing op die misdade van die welgesteldes en diegene met politieke konneksies nie. Op dieselfde trant betoog Chipkin et al. (2018:29) dat staatskaping die transformasieprojekte van die staats grootliks ingeperk of selfs beëindig het. Of mens met die transformasieprojekte van die ANC-regering saamstem al dan nie, die verskynsel van staatskaping het die taak van die regering soos dit in die opset van 'n

⁶ Dit is wel so dat “radikale ekonomiese transformasie is nie net op die agenda van die Zuma-groep nie. Dit is ook die beleid van die ANC, meer bepaald die groepering wat Zuma-faksie teenstaan” (soos een van my keurders my herhinder). Die verskil tussen Zuma se benadering en dié van die ANC is egter dat eersgenoemde dit as 'n politieke foefie gebruik om sy misdadige gedrag te verbloem.

konstitusionele staat verstaan word heeltemal verwring. Om Carlen se beeldspraak te gebruik: staatskaping bevoordeel 'n klein minderheid net soos rehabilitasie gerig is op daardie (groot gros van) oortreders wat niks het om na gerehabiliteer te word nie. Anders gestel: die gemarginaliseerdes in die gemeenskap het reeds finansiële gesproke so min om op terug te val dat hul “rehabilitasie” (indien hulle skuldige bevind sou word aan 'n misdaad) niksseggend sou wees.

In die lig van hierdie vyf verstommende ooreenkomste tussen staatskaping en die literatuur soos vervat in die kritieke kriminologie, meer in besonder soos verwoord deur Reiman en Leighton (2020:177-180) se Pyrrhus-nederlaagteorie, doen ek aan die hand dat die doel van die aanstelling van die kommissie daarin geleë was om juis die beskuldigdes se vervolging te vermy. Die kritieke kriminologiese literatuur verwys inderdaad na die staatskaping van die regstelsel deur die welgesteldes en diegene met politieke konneksies ten koste van alle ander groepe, maar in die besonder van minderbevoorregtes.

Ek verstout my selfs om te redeneer dat die taak van die Zondo-Kommissie juis was om die skuldigdes wat by die Zuma-Gupta-staatskapingsoefenlopie betrokke was, te identifiseer. Merten (2019) wys byvoorbeeld daarop dat Zuma se staatskaping (siende dat daar meer as een voorval van staatskaping in Suid-Afrika se geskiedenis voorgekom het) Suid-Afrika 'n rapsie minder as 5 triljoen rand gekos het. Hierdie sweer in die Suid-Afrikaanse psige moet sekerlik uitgesny en versorg word met gemeenskapsgenesing as die doelwit. Teen hierdie agtergrond kan ek beslis die posisie in China, met Xi Jinping se ongenaakbare veldtog teen korrupsie, aan die ANC-regering vir oorweging voorlê.

6. Slotsom

My uitgangspunt en gevolgtrekking is in ooreenstemming met dié van Chipkin et al. (2018:2), naamlik dat geen enkele vorm van staatskaping vir Suid-Afrika aanvaarbaar is nie. Verder dui dit ook daarop dat my ontleding belangrik is ten einde te verseker dat Zuma se nalatenskap van agtergeblewe kriminele netwerke oopgevelek en sover moontlik uitgewis word. Kan dit deels 'n verduideliking bied vir die vraag waarom die vervolging van persone uitgewys as kandidate daarvoor in Zondo se aanbevelings nie plaasgevind het nie? Met ander woorde, is hierdie netwerke nog té kragdadig of magtig om sonder verwyd omvergegooi te word? Anders gestel, is die invloed van voorvermelde kriminele netwerke sodanig dat dit die politieke wil om genoemde persone te vervolg, lamgêlê het?

Indien dit wel die geval is, is my ontleding soveel te meer nodig. In hierdie opsig was my gekose metodologie (poststrukturealisme) en teoretiese raamwerk (gesigspunte ontleen aan die Konfliktkriminologie) 'n goeie keuse om hierdie vraagstuk te ondersoek.

Teen hierdie agtergrond kom ek tot die gevolgtrekking dat dit verstommend is hoe akkuraat die kenmerke van Box se Versluieringsteorie en Reiman en Leighton se Pyrrhus-nederlaagteorie ooreenkom met die kenmerke van staatskaping à la Zuma soos deur die interdisiplinêre groep navorsers (sien Chipkin et al. 2018:29-31) uiteengesit. Hierdie demonstrasie benadruk die waarde van die Konfliktkriminologie as teoretiese raamwerk in die beligting van elitemisdaad in 'n kapitalistiese samelewing. Dit is amper onveranderd ook van toepassing op sogenaamde sosialistiese en outokratiese staatsbestelle, maar daarvoor wil ek my nie in hierdie bydrae uitlaat nie. Wat die eersgenoemde situasie betref, ontbreek die politieke wilskrag om vervolgings van stapel te stuur, onder meer omdat die kriminele netwerke, waarna Chipkin et al. (2018) verwys, nog te sterk is en gevolglik onverstoord voortgaan met hul bedrywighede, selfs in die afwesigheid van Zuma, die hoofbelhamel.

Die mening geopper deur Holden (2023), waarna hierbo verwys is, dat die rede waarom daar nie gehoor gegee is aan die Zondo-Kommissie van Ondersoek na Staatskaping se vervolgingsaanbevelings nie geleë is in die feit dat die aanbevelings nie bindend is nie, moet dus summier verwerp word as naïef en oningelig. Die miljarde rande, jare se tyd (vier en 'n half jaar) en ontsaglike moeite wat in hierdie oefenlopie belê is, kan nie bloot 'n akademiese oefening bly nie. Daarvoor het ons as 'n veelrassige Suid-Afrika met 'n geskiedenis van pyn en ellende in die lig van amper vier eeue se rasgebaseerde konflik, heeltemal te ver gekom. Dit is so veral omdat my krities-kriminologiese gesigspunte die staatskaping onder Zuma se bestuur as misdaad volgens Reiman en Leighton (2020) se beginsels kon klassifiseer. My vlugtige verwysing na die VSA en China bevestig my gevolgtrekking.

Inderdaad kom ek tot die gevolgtrekking dat die rede waarom nie een van die persone of instansies wat deur die Zondo-Kommissie vir regsvervolging uitgesonder is daadwerklik vervolgt is nie, dieselfde is as wat die dryfveer agter Reiman en Leighton (2020) se Pyrrhus-nederlaagteorie en Box (2013) se Versluieringsteorie. Dit is naamlik dat die regstelsel deur die welgesteldes en diegene met politieke konneksies gekaap is, net soos die staat deur Zuma en sy trawante gekaap is, en herbestem is om dié groep se belange te beskerm en te bevorder, ten koste van die vervolgingsgesag se mandaat en die belange van alle Suid-Afrikaners in die algemeen. Deel van die proses is om, net soos die Zuma-kabaal die aandag weggelei het van hul doelwit van private gewin deur die aandag te vestig op die idee van radikale ekonomiese transformasie, die openbare belangstelling gerig te hou op die misdade van armsaliges en weg van verreikende misdade van invloedrykes. Ek doen dus aan die hand dat ek met hierdie bydrae poog om Chipkin et al. (2018:29-31) se definisie van staatskaping uit te brei na 'n kategorie wat nie voorheen as kaping geëien is nie.

Ten slotte wil ek my verstout om die opmerking te maak dat dit geen wonder is nie dat Konfliektriminologie met die gepaardgaande beskouende, filosofiese oogmerk so 'n verwaarloosde akademiese dissipline in Suid-Afrika is nie. Die empiriese kriminologie voer hier die botoon, onder andere omdat dit gerieflik is vir die regerende party om nie te na aan die senustelsel van ons nuwe bewind te kom nie. In die raak woorde van McLaughlin (2010:167), wat hier uiters toepaslik is: "... the blind spot of conventional criminology retains its steadfast refusal to research victimization by the powerful, not least because the state does not recognize nor fund such research."

BIBLIOGRAFIE

- Bourdieu, P. 1977. *Outline of a Theory of Practice*. Translated by R. Nice. Cambridge: Cambridge University Press.
- Box, S. 2013. Crime, power and ideological mystification. In McLaughlin & Muncie (eds). *Criminological perspectives: Essential readings* (3rd ed). London: Sage, pp. 287-300.
- Buthelezi, M. & Vale, P. (eds). 2023. *State capture in South Africa: How and why it happened*. Johannesburg: Wits University Press.
- Carlen, P. 2005. In praise of Critical Criminology. *Outlines. Critical Practice Studies*, 7(2):83-90. <https://doi.org/10.7146/ocps.v7i2.2105>.
- Carlen, P. 2013. Against rehabilitation; for reparative justice. In Ball, Tauri, O'Brien & Carrington (eds). *Crime, justice and social democracy: International perspectives*. London: Palgrave Macmillan, pp. 89-104.
- Chan, J. 2013. Globalization, reflexivity and the practice of Criminology. In McLaughlin & Muncie (eds). *Criminological perspectives: Essential readings* (3rd ed.). London: Sage, pp. 597-615.
- Chipkin, I., Swilling, M., Bhorat, H., Buthelezi, M., Duma, S., Prins, N., Mondli, L., Peter, C., Qobo, M. & Friedenstien, H. 2018. *Shadow state: The politics of state capture*. Johannesburg: Wits University Press.

- Chotiner, I. 2025. Donald Trump's culture of corruption. *The New Yorker*, 16 May. https://www.newyorker.com/news/q-and-a/donald-trumps-culture-of-corruption?utm_source=nl&utm_brand=tny&utm_mailing=TNY_Humor_Free_051625&utm_campaign=aud-dev&utm_ [17 May 2025].
- Christie, N. 2017. *Crime control as industry: Towards gulags, Western style* (3rd ed.). London: Routledge.
- Cohen, S. 1973. *Folk devils and moral panics*. London: MacGibbon & Kee.
- Currie, E. 1999. Reflections on crime and criminology at the millenium. *Western Criminology Review*, 2(1):np. <http://www.westerncriminology.org/documents/WCR/v02n1/currie/currie.html> [12 May 2025].
- Daily Investor 2023. Politicians implicated in state capture – where they are now. *Daily Investor*, 17 July. <https://dailyinvestor.com/south-africa/23543/politicians-implicated-in-state-capture-where-they-are-now/> [12 May 2025].
- De Haan, W. 1991. Abolitionism and crime control: A contradiction in terms. In Stenson & Cowell (eds.). *The politics of crime control*. London: Sage, pp. 203-217.
- Democratic Alliance. s.a. Track the consequences of Zondo's State Capture reports. <https://www.da.org.za/statecaptureconsequences> [25 April 2025].
- Dong, L. 2025. Xi Jinping's Anti-Corruption Campaign and Political Consolidation. In *China's Path to Global Status*. Singapore: Palgrave, pp. 99–108. Macmillan https://doi.org/10.1007/978-981-96-6921-9_8
- Feinstein, A., Holden, P. & Van Vuuren, H. 2019. Decision to set aside Seriti Commission findings will have a profound impact. *Daily Maverick*, 21 August. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-08-21-decision-to-set-aside-seriti-commission-findings-will-have-a-profound-impact/> [14 May 2025].
- Grootes, S. 2024. Justice delayed, denied, degraded – the curious case of the Zondo Commission database and the Justice Department. *Daily Maverick*, 14 August. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2024-08-14-justice-delayed-denied-degraded-the-curious-case-of-the-zondo-commission-database-and-the-justice-department/> [12 May 2025].
- Hall, C. 1988. Rape: The politics of definition. *South African Law Journal*, 105:67-82.
- Holden, P. 2023. *Zondo at your fingertips: The definitive guide to the Zondo Report*. Johannesburg: Jacana Media.
- Kriegler, A. 2018. South Africa won't become less violent until it's more equal. *The Conversation Africa*, 12 September. <https://theconversation.com/south-africa-wont-become-less-violent-until-its-more-equal-103116> [18 May 2025].
- Lötter, C. 2020. Critical Theory's role in enhancing praxis in post-apartheid South Africa: The case for a critical criminology. *Acta Academica* 52(2):106-130. <https://doi.org/10.18820/24150479/aa52i2/6>.
- Lötter, C. 2023. Is die strafrehabilitasieparadigma ontslope in Suid Afrika? 'n Besinning oor moontlike beleidsformulering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(3):655-685. <http://ojs.tgwsak.co.za/index.php/TGW/article/view/426/410>.
- Marqua-Harries, L., Stewart, G. & Padayachee, V. 2019. Towards transforming a system: Re-thinking incarceration for youth (and beyond). *South African Crime Quarterly*, 68:33-40. <https://doi.org/10.17159/2413-3108/2019/v0n68a5632>.
- Maseko, N. 2022. South Africa's Zondo commission: Damning report exposes rampant corruption. *BBC*, 23 June. <https://www.bbc.com/news/world-africa-61912737> [25 April 2025].
- McLaughlin, E. 2010. Critical criminology. In McLaughlin & Newburn (eds). *The Sage handbook of criminological theory* (3rd ed.). London: Sage, pp. 153-174.
- McLaughlin, E. & Muncie, J. 2013. Introduction: Theorizing crime and criminal justice. In McLaughlin & Muncie (eds). *Criminological perspectives: Essential readings* (3rd ed.). London: Sage, pp. xix-xxviii.
- Merten, M. 2019. State capture wipes out third of SA's R4.9-trillion GDP – never mind lost trust, confidence, opportunity. *Daily Maverick*, 1 March. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-03-01-state-capture-wipes-out-third-of-sas-r4-9-trillion-gdp-never-mind-lost-trust-confidence-opportunity/> [18 May 2025].
- Naím, M. 2013. The drug trade, the politicization of criminals and the criminalization of politicians. In McLaughlin & Muncie (eds). *Criminological perspectives: Essential readings* (3rd ed.). London: Sage, pp. 621-629.

- News24 2019. Seriti arms deal report can no longer be used as a defence by Zuma – former MP Andrew Feinstein. 21 August. <https://www.news24.com/seriti-arms-deal-report-can-no-longer-be-used-as-a-defence-by-zuma-former-mp-andrew-feinstein-20190821> [14 May 2025].
- Olivier, B. 2013. Modernism, postmodernism and poststructuralism, the difference. *Mail & Guardian Thoughtleader*, 24 May. <http://thoughtleader.co.za/bertolivier/2013/05/24/modernismpostmodernism-and-poststructuralism-the-difference/> [9 January 2018].
- Olivier, B. 2015. The tacit influences on one's ways of teaching and doing research. *Alternation Special Edition*, 16:346-371.
- Pauw, P. 2022. *Our poisoned land: Living in the shadows of Zuma's keepers*. Cape Town: Tafelberg.
- Public Protector South Africa 2016. *State of capture: A report of the public protector*. Pretoria: Government Printers. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201611/stateofcapturereport14october2016_1.pdf [8 May 2025].
- Reiman, J. & Leighton, P. [1979] 2020. *The rich get richer and the poor get prison: Thinking critically about class and criminal justice* (12th ed). London: Routledge.
- Simon, J. 2013. Governing through crime. In McLaughlin & Muncie (eds). *Criminological perspectives: Essential readings* (3rd ed.). London: Sage, pp. 531-546.
- Steyn, C. 2025. Adv. Glynnis Breytenbach: The TRC & the Zondo Commission – The long, hard fight for justice. *BizNews*, 5 May. <https://www.biznews.com/interviews/breytenbach-trc-zondo-commission-fight-justice> [12 May 2025].
- Stone, S. & Ngoepe, K. 2023. Zondo exposed: What the Commission did not want SA to know. *Independent on Sunday*, 3 January. <https://iol.co.za/sundayindependent/new-01-03-zondo-exposed-what-the-commission-did-not-want-sa-to-know/> [25 April 2025].
- Terreblanche, S. 2002. *A history of inequality in South Africa, 1652–2000*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Terreblanche, S. 2014. *Verdeelde land: Hoe die oorgang Suid-Afrika gefaal het*. Kaapstad: Tafelberg.
- Williams, A. 2021. *Deep collusion: Bain and the capture of South Africa*. Cape Town: Tafelberg.
- Young, J. [2002] 2011. Critical criminology in the twenty-first century: Critique, irony and the always unfinished. In Carrington & Hogg (eds). *Critical criminology: Issues, debates, challenges*. Oxford: Routledge, pp. 251-274.
- Zondo, Justice R.M.M. 2022. *Judicial Commission of Inquiry into allegations of state capture, corruption and fraud in the public sector including organs of state: Report*. Vol. 1 of 19 volumes. Pretoria: Government Printers. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202201/judicialcommission-inquiry-state-capture-reportpart-1.pdf [18 January 2022].

Van marmer tot kleurglas: die simboliese funksie van die medium in Leo Theron se gewyde glaskuns¹

From marble to stained glass: the symbolic function of the medium in Leo Theron's sacred art in glass

DEON LIEBENBERG

Fakulteit Geesteswetenskappe
Independent Institute of Education, Emeris
Vega School
Kaapstad
E-pos: deon.liebenberg125@gmail.com
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-9048-7304>



Deon Liebenberg

DEON LIEBENBERG is 'n navorsingsgenoot by die IIE Emeris Vega Skool. Hy het 'n BA in Skone Kunste aan die Universiteit van Kaapstad behaal, 'n MTech in Argitektoniese Tegnologie aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, en 'n PhD in Visuele Kunste aan Stellenbosch Universiteit. Sy navorsingsfokus is kunsgeskiedenis, estetika en argitektuurgeskiedenis. Hy stel veral belang in die rol wat godsdiens en mitologie in die beeldende kunste en argitektuur speel, en daarom behels sy navorsing ook verskeie aspekte van antropologie.

DEON LIEBENBERG is a research fellow at the IIE Emeris Vega School. He completed a BA in Fine Arts at the University of Cape Town, an MTech in Architectural Technology at the Cape Peninsula University of Technology, and a PhD in Visual Arts at Stellenbosch University. His research focus is art history, aesthetics, and architectural history. He is particularly interested in the role that religion and mythology play in the visual arts and architecture, and therefore his research also encompasses various aspects of anthropology.

ABSTRACT

From marble to stained glass: the symbolic function of the medium in Leo Theron's sacred art in glass

Leo Theron is regarded as one of the leading exponents of stained-glass art in South Africa. Raised as the son of a Dutch Reformed minister, he nevertheless came to embrace, to a marked degree, a predominantly French and more generally Mediterranean cultural outlook as an artist. The Catholic underpinnings of these Mediterranean cultures had a profound effect on his worldview. In spite of this, an important Romantic intellectual tradition with strong

¹ Die navorsing vir hierdie artikel is befonds deur 'n ruim beurs van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Aspekte van die artikel is gebaseer op navorsing wat vir my doktorsgraad by die Universiteit Stellenbosch gedoen is.

Datums:

Ontvang: 2025-08-15

Goedgekeur: 2026-01-28

Gepubliseer: Maart 2026

Protestant roots, as articulated by Friedrich Hegel and Théophile Gautier respectively, along with the related and widely influential Romantic concept of synaesthesia, can be used to shed light on Theron's symbolic use of the thick, crystalline glass of the *dalle de verre* medium. While he was apparently not directly influenced by these Romantic ideas, they formed part of a wider intellectual tradition in which thinkers rooted in Protestant thought – most notably Immanuel Kant – addressed the challenges of modernity to religious belief. Theron's own written statements on the use of the *dalle de verre* medium, its history, and its technical capabilities, specifically to create a wall of glass, indicate his understanding and engagement with this wider tradition.

The point made by Hegel and echoed by Gautier is that, in the visual arts, only painting is capable of expressing the inner life of the soul – due to the relative remoteness of the painted illusion from tangible material reality. In this respect it approximates the “ethereal” nature of music, which is pure sound devoid of matter and therefore the ideal medium for expressing the soul. Sculpture, on the other hand, is a solid, three-dimensional material form and, as such, incapable of expressing the modern spirit. Implicit in these statements by Hegel and Gautier is the separation of the spiritual domain from the worldly domain, as brought about by Luther; and even more so, by Calvin. Marble sculpture, on the other hand, was the perfect medium for expressing the Catholic unification of the spiritual and worldly domains – based on the Incarnation of Christ, as articulated most notably by Thomas Aquinas. This concept of the god who became flesh plays a central role in the philosophical theology of Thomas, which is fundamental to Catholic theology. It can also explain, to a considerable degree, the marked insistence on the expression of the spiritual through material, bodily form, as exemplified by the work of Gianlorenzo Bernini.

The Protestant fear of idolatry in the use of art that depicts divine personages, as expressed by Calvin, is amplified considerably by such sacred marble sculptures that are perceived to indulge in sensuous material (worldly) reality. Hence the Protestant predilection for unworldly media such as painting and music, as expressed by Hegel and Gautier; which conforms closely to Calvin's insistence that the divine cannot be represented by means of material media – not even paint and canvas.

Leo Theron's work for the Dutch Reformed Church effectively takes this Protestant logic to its ultimate conclusion by using coloured glass, which is essentially the visual counterpart of music in its “ethereal” nature – pure light and colour; refracted through glass, as opposed to pure sound. Furthermore, the abstract nature of his symbolic art expresses the divine indirectly, in line with Calvin's approach to the visual aesthetic experience. Finally, his deployment of the crystalline character of the thick glass used in *dalle de verre* engages significantly with the longstanding tradition of the crystal metaphor to evoke the Biblical concept of the heavenly Jerusalem.

Because Protestant thought had addressed the challenges of modernity to religious faith so effectively, and had thereby played a fundamental role in the shaping of modern thought and culture, including the development of modernist abstraction in the visual arts, artists working in a Catholic context and the Catholic Church itself were compelled to embrace modernist aesthetic tendencies that ran directly counter to tradition Catholic aesthetics. Henri Matisse shows his masterly treatment of this dialogue between Catholic and Protestant aesthetic approaches in his *Vence Chapel*. Matisse was a major influence on the art of Theron, who was greatly impressed by this chapel, which he often spoke about. Matisse's highly sophisticated and ingenious engagement with the Romantic tradition referred to above therefore makes an interesting comparison with Theron own engagement with this tradition.

KEYWORDS: *dalle de verre*, Leo Theron, marble, stained glass, Protestantism, Catholicism, Calvin, Hegel, Gautier, sacred art, modernism, abstraction.

TREFWOORDE: *dalle de verre*, Leo Theron, marmer, kleurglas, Protestantisme, Katolisisme, Calvin, Hegel, Gautier, gewyde kuns, modernisme, abstraksie

OPSOMMING

Die gewyde glaskuns van Leo Theron gee uitdrukking aan die sterk Europese inslag van sy estetiese benadering. Sy Afrikaanse, Protestantse agtergrond tesame met die Katolieke agtergrond van sy Franse leermeesters het bygedra tot die ontwikkeling van abstrakte, gewyde glaskuns, in die *dalle de verre*-medium, wat die spanning tussen die estetiese tradisies van die Katolieke en Protestantse Kerk op 'n subtiële wyse aanspreek. 'n Belangrike idee onder Europese Romantiese denkers, soos onderskeidelik deur Friedrich Hegel en Théophile Gautier vertolk, saam met die verwante en invloedryke Romantiese begrip van sinestesie, word in hierdie artikel gebruik om lig te werp op Theron se simboliese gebruik, vir die NG Kerk, van die dik, kristalagtige kleurglas van die *dalle de verre*-medium.

1. Inleiding

Leo Theron word beskou as een van die grootste figure in Suid-Afrikaanse glaskuns. Sy werk is oorwegend liturgies van aard, maar nie uitsluitlik nie. Hy het ook vensters vir skole en openbare geboue, soos die Oliver Tambo Internasionale Lughawe en die SAUK se Toringblok in Auckland Park, geskep. Behalwe vir die Afrikaanse Protestantse Kerk het hy ook vir die Anglikaanse Kerk en die Katolieke Kerk vensters gemaak, met ewe veel sukses (Artefacts: Leo Theron 2025).

Theron, wat in 'n Nederduitse Gereformeerde pastorie grootgeword het, was besonder sterk ingestel op Europese kuns en kultuur, veral dié van Frankryk en die ander Mediterreense lande. Ten spyte van die Katolieke agtergrond van hierdie kulture en die invloed wat dit op Theron se hele lewensbeskouing gehad het (Liebenberg 2025:53, 77-84, 196-213, 215-234), is daar 'n invloedryke tradisie met 'n Noord-Europese Protestantse inslag wat gebruik kan word om heelwat lig te werp op Theron se estetiese benadering tot gewyde glaskuns vir die NG Kerk.²

2. Le Roux Smith le Roux, kleurglas en Protestantse gewyde abstraksie

J Anthonie Smith, die argitek wat die modernistiese Afrikaanse Protestantse kerkbou feitlik eiehandig van stapel gestuur het (Liebenberg 2014a), was ook een van die eerste argitekte om

² Dit is feitlik onvermydelik dat die bespreking van gewyde kuns in Afrikaanse Protestantse kerke deur 'n Afrikaanse kunstenaar gedurende die twintigste eeu die oorheersende rol van die destydse regering se apartheidbeleid, soos in teologiese terme vertolk en toegepas deur die drie Afrikaanse Protestantse kerke, sal betrek. Ongelukkig maak die beperkings op ruimte in hierdie artikel dit nie moontlik in hierdie geval nie. Vir die bespreking van verskillende aspekte van hierdie besonder ingewikkelde saak, en Theron se verhouding daarmee, lees Liebenberg 2014a, 2014b:22-91, 2016, 2024, 2025:53-68, 69-78, 81-82, 85, 92-95, 182-183, 189-190. Verder is Theron se besonder Eurosentryse lewensbeskouing, lewenstyl en estetiese benadering (Liebenberg 2025:77-81, 83-84) verantwoordelik vir die feit dat hierdie artikel oorwegend Europese kulturele invloede op Theron se werk bespreek. Vir 'n bespreking van Theron se verhouding tot tydensgootlike Suid Afrikaanse abstrakte kunstenaars en moontlike invloede, lees Liebenberg 2025:95-101.

simboliese kuns in loodglas in Afrikaanse Protestantse kerke te bevorder (Oxley 1994:81). Hy was die eerste argitek om Theron te betrek by die ontwerp van loodglasvensters vir nuwe NG-kerke en het 'n bepalende rol gespeel in Theron se loopbaan as gewyde loodglas-kunstenaar (Oxley 1994:81). Die geometriese eenvoud en sobere atmosfeer van sy modernistiese kerkbou is gekomplementeer deur die geometriese abstraksie van Theron se vensters vir hierdie kerke, soos in die Wolseley NG Kerk, wat later behandel sal word.

In 'n brief aan Anthonie Smith, gedateer 3 Januarie 1958, het sy broer, die kunstenaar Le Roux Smith le Roux (1914-1963), die volgende twee betekenisvolle stellings gemaak:

Nou moet ek jou sê dat ek deur die jare meer en meer verdiep geraak het in abstrakte kuns en altyd gewonder het waarom dit nie meer en meer gebruik word in die kerke waar die geloof as sulks op sien teen afbeeldings van hemelse of aardse figure. Maar boonop voel ek al baie lank dat kleurglas 'n ideale medium is vir ernstige abstrakte ontwerp (brief gereproduseer op pp. 4-5 van Hannes Smith se kommunikasie met Schalk le Roux, 14 Junie 2007).


Volgens Hannes Smith, die seun van Anthonie Smith, het sy pa rondom die tyd van hierdie brief begin om kleur- en loodglas in sy kerke te gebruik (Smith 2014, in Liebenberg 2014b). Drie jaar na hierdie brief het Anthonie Smith vir Leo Theron genader om sy eerste loodglasvenster vir die NG Kerk Strand-Noord te ontwerp. Hierdie brief van Le Roux Smith le Roux kon dus 'n bepalende rol gespeel het in Theron se loopbaan as glaskunstenaar. Dit is ook merkwaardig omdat Le Roux die verband tussen abstrakte moderne kuns en die verbod op afbeeldings in sekere godsdienstige tradisies, soos Protestantisme, reeds twee dekades voor Robert Rosenblum se bekende boek oor die onderwerp (1975) en byna 'n dekade voor Sixten Ringbom se baanbrekende artikel en daaropvolgende boek oor abstraksie en spiritualiteit (1966; 1970), geïdentifiseer het. Verder meld Le Roux dat hy al jare tevore 'n lesing oor hierdie onderwerp op die BBC gegee het, wat aandui dat sy insig dalk van internasionale kunshistoriese waarde kan wees.³ Maar voordat daar verder ingegaan word op hierdie saak moet dit binne die konteks van die Afrikaanse Protestantse kerke se amptelike beleid oor gewyde kuns en versiering gedurende hierdie tydperk geplaas word.

3. Modernistiese abstraksie in die Afrikaanse Protestantse kerke

Hierdie estetiese logika wat abstrakte kuns verbind met die uitdrukking van die geestelike – in gelowe wat 'n verbod op die afbeelding van die goddelike plaas – kan in Afrikaanse Protestantse letterkunde oor kerkbou gevind word. Met verwysing na *Beginnelsen van Kerkbou*, die verslag van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk (d.i. in Nederland) wat in 1954 verskyn het, bevorder die teoloog Adrianus van Selms (1906–1984) so 'n abstrakte estetiese benadering tot die uitdrukking van die goddelike in gewyde kuns en versiering in sy Protestantse Kerkbou (1954), die eerste teks oor modernistiese Afrikaanse Protestantse kerkbou. Hierdie benadering word ook ten nouste gevolg deur die ander tekste oor Afrikaanse Protestantse kerkbou wat oor die volgende twee dekades gepubliseer is (Architectus 1960; Du Toit 1966; Koorts 1974; Pienaar 1966:88-90). Hannes Koorts haal byvoorbeeld hierdie Nederlandse publikasie, *Beginnelsen van Kerkbou*, aan om aan te voer dat die goddelike deur middel van abstrakte boukundige verhoudings uitgedruk kan word (Koorts 1974:9-10). Hierdie

³ Volgens Hannes Smith was sy oom, Le Roux Smith le Roux, destyds die direkteur van die Tate Gallery in Londen (Smith 2014).

idee dat 'n abstrakte skoonheid van verhoudings 'n goddelike sin van orde en harmonie kan uitdruk kan ook in 'n vroeër Nederlandse teologiese publikasie, *Protestantsche Kerkbouw*, gevind word (Dingemans 1946:166; Liebenberg 2016:129, 144 n. 10).



Figuur 1: Daan Kesting (1978:473-4) se gebruik van geometriese abstraksie in Afrikaanse Protestantse simboliese kuns, (tekeninge: Daan Kesting, met vergunning, Paula Kesting).

Van Selms se siening van versiering en kuns binne die kerk, sowel as dié van latere skrywers oor Protestantse kerkbou, volg 'n Protestantse logika, wat byna onvermeidelik lei tot 'n sober, geometriese vorm van abstrakte, simboliese kuns, soos gesien kan word in ontwerpe deur Daan Kesting (1933-2023) vir simboliese kuns in Afrikaanse Protestantse kerke (Figuur 1). Daar sal later meer uitgewei word oor hierdie belangrike punt, en veral oor die bepalende rol wat Calvinistiese opvattings aangaande Katolieke gewyde kuns daarin gespeel het.

4. Hegel en Gautier: van marmarbeelde tot glaskuns

Die laaste deel van Le Roux se mededeling hierbo – dat kleurglas 'n ideale medium is vir ernstige, abstrakte ontwerp – bied 'n verdere verdieping van sy insig in gewyde kuns en abstraksie wat aansluit by 'n belangrike idee van Friedrich Hegel (1770–1830). Hegel, soos Johann Winckelmann (1717–1768) en Friedrich Schlegel (1772–1829) voor hom, het Antieke beeldhoukuns as die beliggaming van die klassieke Griekse ideaal beskou (Honour 1981:127). Maar beeldhoukuns was volgens hom nie in staat om die Romantiese ideaal, wat inherent met die innerlike lewe van die siel – onttrek aan die uiterlike wêreld – gemoeid was, uit te druk nie. Net die skilderkuns en musiek was daartoe in staat om die lewe van die siel uit te druk. Verder maak hy die belangrike punt dat skilderkuns wesentlik meer abstrak as beeldhoukuns is, en dat hierdie kwaliteit van skilderkuns dit meer toepaslik maak vir die uitdrukking van die siel. Hierdie neiging om die geestelike deur middel van abstraksie uit te druk, vind sy volkome manifestasie in musiek, wat die siel in emosionele terme uitdruk sonder verwysing na die uiterlike wêreld (Hegel 2019 [1835]:2917, 2931-2932, 2944-2945). “Painting indeed approximates in this respect more closely to music [than to sculpture] and emphasizes here the point of transition from the plastic arts to that of tone” (Hegel 2019 [1835]:2944).

'n Soortgelyke opvatting is deur Théophile Gautier (1811–1872) uitgespreek:

Of all the arts, sculpture is certainly that which lends itself least to the Romantic idea. It seems to have received its definitive form from Antiquity. Developed under an *anthropomorphic religion where deified beauty could be eternalised in marble and set up on altars*, it attained a perfection which would never be surpassed (aangehaal in Honour 1981:128; klem bygevoeg).

Hierdie Romantiese opvatting dat net skilderkuns en musiek die innerlike lewe van die siel, onttrek aan die uiterlike wêreld, kan uitdruk, is tot 'n beduidende mate die gevolg van die Protestantse inslag van denkers in die Noord-Europese Romantiese tradisie. Dit maak deel uit van 'n wyer ontwikkeling – dit was by uitstek denkers in die Protestantse tradisie, soos Immanuel Kant (1724–1804) en Hegel, wat aandag gegee het aan die aanslag van moderniteit op die Christelike geloof om 'n oorgang tot sekulêre moderne denke te bewerkstellig (Hampson 2017; Dyrness 2004:5). Gevolglik is daar in die moderne Westerse kultuur, en veral in die neiging na algehele abstraksie in modernistiese kuns, 'n beduidende onderbou van denke in die Protestantse tradisie (Cassirer 1945 [1970]:1-58; Hampson 1968:196; Honour 1981:72, 82, 281-2; Rosenblum 1975:10-40, 173-218).

Gedurende die Renaissance is prominent gebruik gemaak van beeldhoukuns gebaseer op die Antieke Klassieke model, en skilderkuns is eweneens uit Klassieke marmerbeelde ontwikkel (Panofsky 1972:112-210; Wind 1980:177, 181-183). Implisiet in beide Hegel en Gautier se stellings is die opvatting dat die Katolieke kultuur sedert die Renaissance nie die innerlike lewe van die siel kan uitdruk nie. Die Protestantse afkeur van Katolieke beelde wat die goddelike in tasbare fisiese terme uitdruk, dui op 'n fundamentele verskil tussen Katolieke en Protestantse benaderings tot die estetiese voorstelling van die goddelike. Die vleeswording van Christus, waar die menslike en die goddelike een word, is grondliggend aan Sint Thomas Aquinas se filosofiese vertolking van die Katolieke teologie. Dit impliseer volgens hom dat die sakramente werklike ontmoetings met Christus is. Die Heilige Nagmaal is by uitstek die locus vir hierdie ontmoeting met Christus (Day 2024:104-106). Aangesien die goddelike in menslike vorm beliggaam is, is dit volgens Thomas vanselfsprekend dat God mense deur middel van liggaamlike dinge na 'n bonatuurlike gemeenskap met Hom moet lei. Hy het die menslike liggaam gekies om die steunpunt van verlossing te wees (Nicols 2008:573-574). Die fisiese aard van Roomse marmerbeelde is dus nie sprekend van 'n wêreldse sensualiteit nie, maar 'n ernstige estetiese toepassing van hierdie filosofiese benadering wat uitdrukking gee aan die wese van Katolieke toewyding.

In teenstelling met hierdie teologiese vereniging van die geestelike en aardse domeine, soos versinnebeeld deur die inkarnasie van Christus, het Luther, en tot 'n veel groter mate, Calvyn, 'n absolute skeiding tussen die aardse en hemelse domeine bewerkstellig. Dit is deur Kant in filosofiese terme vertolk is as 'n absolute skeiding tussen die noumenale en fenomenale domeine (Adams 1997; Hegel 1802 [1977]:57; Kant 1781 [1902]: 237-50; Kroner 1961:37). In teenstelling met Aquinas het Calvyn ontken dat daar enige sin is waarin Christus fisies teenwoordig was in die sakramente. Hy het beklemtoon dat die lyf van Christus sedert die Hemelvaart uitsluitlik in die Hemel is: “. . .when He is borne high into the air, and by the cloud beneath Him [Acts 1:9] teaches us that He is no longer to be sought on earth, we safely infer that His abode is now in Heaven” (IV, xvii, 27) (Dyrness 2004:70). Hierdie grondliggende skeiding tussen die hemelse en aardse domeine in Protestantse denke lei logies tot die gebruik van kunsmedia wat dit bevorder deur hul merkbare gebrek aan 'n stoflike aard of teenwoordigheid. Daardeur word die “onwêreldse” aard van die geestelike beklemtoon. Dit kan beskou word as die kern van Hegel en Gautier se argumente hierbo. Hierdie oorwegend

Protestantse houding teenoor Katolieke beeldhoukuns sal later geïllustreer word met behulp van die skilderkuns van een van Hegel se tydgenote, Friedrich Overbeck.

Walter Pater (1839-1894) se gevierde stelling “all art aspires to the condition of music” is ook in hierdie Romantiese houding gegrond (Honour 1981:119). Hierdie idee gee uitdrukking aan die Romantiese begrip van sinestesie wat die analogiese verhouding tussen verskillende kunsvorme beklemtoon. ’n Beroemde voorbeeld hiervan is die beskrywing van Gotiese argitektuur as “bevrore musiek.” Dié begrip werp lig op die Romantici se soeke na ’n argitektuur wat die geestelike kan uitdruk. Hulle het teruggekyk na die Middeleeue vir leiding en die Gotiese katedrale as hul ideaal voorgelê (Honour 1981:144-155). Die geestelike karakter van hierdie katedrale – soos uitgedruk in die hemelwaarts-reikende spits-torings, spitsboë en ragfyn trasering – is met musiek (d.i. suiwer klank) vereenselwig. Dit sluit aan by die sentrale begrip van die tradisie van die kristalmetafoor: dat suiwer lig wat deur kristal skyn, die goddelike kan uitdruk.⁴ Dit wys ook hoe die herlewing van die Gotiese boustyl in die Romantiese era ’n logiese voorganger van die glastorings van ekspressionistiese en modernistiese argitektuur was (Bletter 1981).⁵ Hierdie aspek van ekspressionistiese en modernistiese argitektuur het ’n beduidende invloed op modernistiese Afrikaanse Protestantse kerkbou gehad, insluitend op die kerke wat deur Anthonie Smith ontwerp is en wat deur Theron met glaskuns versier is (Liebenberg 2022). Dit moet daarom in gedagte gehou word as agtergrond tot die bespreking van Smith en Theron se werk aan die NG kerkgebou in Wolseley hieronder.

Dit bring ons terug na Hegel se argument: slegs skilderkuns en musiek kan die innerlike lewe van die siel uitdruk – omdat hulle verwyder is van die fisiese werklikheid. Dit is in teenstelling met beeldhoukuns, wat by uitstek ’n fisiese teenwoordigheid en aard het. Maar musiek is nog verder verwyder as skilderkuns aangesien dit suiwer klank is wat eteries van aard is terwyl olieverf en doek nog ’n materiële aard het. As ’n mens hierdie opvatting verder vat in terme van uitsluitlik visuele kuns, met die soliede marmerbeeld as die beginpunt, is die logiese eindpunt loodglas – suiwer gekleurde lig wat deur glas skyn, en dus in hierdie opsig ’n volmaakte visuele ekwivalent van musiek is. (Ons sal later sien dat Theron ’n mistieke waarde aan hierdie kenmerk van sy medium geheg het.)

Boonop word die materiële aspek van glas deur die tradisie van die kristalmetafoor na geestelike terme herlei op ’n manier wat die moderne *dalle de verre*-tegniek, soos deur Theron

⁴ Theron se glaskuns is indirek maar grondliggend beïnvloed deur die ryk tradisie van die kristalmetafoor wat oor meer as ’n duisend jaar strek en wat oorspronklik letterkundig van aard was (Liebenberg 2025). Christen-, Joodse en Moslem-legendes wat deur die Ou Testamentiese beskrywings van Salomo se tempel geïnspireer is, is gedurende die Middeleeue in die Nuwe Jerusalem, soos deur Johannes beskryf in Openbaring, gesuperponeer. Die Gotiese katedraal, met sy opsienbare gebruik van gebrandskilderde glasvensters, is diep beïnvloed deur hierdie tradisie en het op sy beurt ’n sterk invloed op die latere ontwikkeling van hierdie tradisie gehad (Bletter 1981:25-27; Openbaring 4:6, 21:11, 21:18-21). In die proloog van die Evangelie volgens Johannes word lig deurgaans as ’n verankerde metafoor gebruik wat ’n rykdom van fasette en interpretasies verbind en wat gegrond is in die begrip “God is lig” (Van der Merwe en Albalaa, 2013). Johannes keer telkemale terug na hierdie konsep in die res van die evangelie (Joh. 1:4-5; 1:9; 3:19-21; 8:12; 9:5; 12:35-36; 12:46). Net soos wat lig met God en met Jesus vereenselwig word, word duisternis deurgaans met die bose vereenselwig (Weisengoff 1946; McFadyen 1909:313). Hierdie vereenselwiging van God met lig is grondliggend aan Johannes se beskrywings van die Nuwe Jerusalem in Openbaring. Dit verskaf die teologiese en estetiese onderbou van Theron se gebruik van lig en kleurglas (Liebenberg 2025).

⁵ Bruno Taut het gesê: “Die Gotiese katedraal is die voorspel tot [ekspressionistiese] glasargitektuur” (Bletter 1981:21).

gebruik, nog meer toepaslik maak as die logiese eindpunt van hierdie tendens. Die kristalagtige aard van die gekepte dik glas en die manier waarop dit die strale van die son breek, speel 'n daadwerklike rol in die estetiese uitdrukking van hierdie eteriese geestelikheid (Bletter 1981:25-27; Liebenberg 2025:144-146, 150-153).⁶ In figure 2, 3 en 4 demonstreer Bruno Loire die tegniek waarmee hierdie kristalagtige aard aan die dik kleurglas verleen word. Sy grootvader, Gabriel Loire, was een van die baanbrekers in die gebruik van hierdie nuwe tegniek in gewyde glaskuns en het as leermeester, mentor, en goeie vriend van Theron 'n bepalende invloed op sy werk gehad. Die details wat wys hoe die sonlig deur die gekepte glas straal (Figure 5 en 6), kom uit sy glasmuur vir die Saint-Lazare-kerk in Lèves, Frankryk (Figuur 7).⁷



Figuur 2, 3 en 4: Bruno Loire, hoof van die Atelier Loire, demonstreer die gebruik van hamers in die “dalle de verre-tegniek” om fasette in die dik glas te skep en sodoende 'n kristalagtige karakter daaraan te verleen (fotos: Kobus Botha, met vergunning)

5. Calvyn en die beeldende kunste


Volgens Calvyn moet kuns verwys na Christus se goddelikheid, maar nie probeer om dit voor te stel nie. Laasgenoemde is vir hom onvanpas, want om Christus voor te stel, is om sy wese te vervals en om net een helfte van hom te wys, omdat hy terselfdertyd mens en God is. In sy *Preek oor Deuteronomium, Hoofstuk IV* (v. 15–20) betoog hy om Christus uit te beeld, is om Hom van sy goddelike majesteit te onthef; omdat Christus God is wat vlees geword het,

⁶ *Dalle de verre* is 'n tegniek wat dik glas, wat tot 3 cm dik kan wees, in 'n omraming van gewapende beton, liewer as lood, gebruik. As gevolg van die dikte van die glas en die manier waarop dit met hamer en beitel gekeep word, is die kleur van die sonlig wat daardeur skyn besonder helder en lewendig. Die gewapende betonomraming maak dit moontlik, uit 'n strukturele oogpunt, om 'n hele glasmuur te skep.

⁷ Katolieke kunstenaars soos Loire het die abstraherende neiging van modernistiese kuns aangeneem – al was dit heelwat meer toepaslik vir Protestantse kuns en al het dit ingedruis teen die tradisionele Katolieke benadering tot gewyde kuns.



Figuur 5 en 6: *Gabriel Loire, details van dalle de verre glasstukke en toneel in die Saint-Lazare-kerk in Lèves, Frankryk, 1955 (fotos: Kobus Botha, met vergunning)*



Figuur 7: *Gabriel Loire, “Dalle de verre-muur”, Saint-Lazare-kerk, Lèves, Frankryk, 1955 Argitek: Jean Rédreau (foto: Deon Liebenberg)*

kan ons nie voorstellings van slegs sy vlees toelaat nie (Joby 2005:194; Veldman 1999:416). Onderliggend aan hierdie argument is die stoflikheid/gees-digotomie wat sekere deskundiges as sentraal tot Calvyn se teologie beskou. Hiervolgens is dit aanvaarbaar om die stoflike met die goddelike uit te beeld, byvoorbeeld vlees deur middel van verf, maar dit is nie aanvaarbaar om die goddelike, wat gees is, met die stoflike voor te stel nie. Hierdie benadering word die duidelikste uitgedruk in sy afdeling oor die tweede gebod in die Geneefse Kategismus van 1545 (Joby 2005:194). Die gebruik van suiwer, eteriese sonlig wat deur gekleurde glas skyn, en dus so ver as moontlik verwyder is van die stoflike, is volgens dié logika die mees gepaste manier om die goddelike uit te druk. Dit vind aanklank by Hegel se argument hierbo.

Dit is nie net onder die denkers van die Romantiese tydperk wat opvattinge soos dié van Hegel en Gautier lewensvatbaarheid verkry het nie, maar ook onder die kunstenaars, soos wat die volgende kort inset aandui.

6. Van marmerbeelde tot glas en lig

Friedrich Overbeck (1789–1869) en Franz Pforr (1788–1812) was die stigterslede van die Lukasbund, 'n Romantiese beweging wat 'n radikale hersiening van Westerse kunsgeskiedenis voorgestaan het. Overbeck se *Die Triomf van Godsdienst in die Kunste* (Figuur 8) is ooglopend 'n herinterpretasie van twee van Raphael Sanzio (1483–1520) se bekendste meesterstukke, *Die Skool van Athene* (Figuur 9) en *Die Dispuut van die Heilige Sakrament* (Figuur 10) (vgl. Amstutz 2010:5). Hierdie doelbewuste aanhaling van twee werke wat die gees van die Renaissance verteenwoordig, dien as raakpunt vir die ontplooiing van hierdie radikale hersiening. In Hugh Honour se uitstekende vertolking van Overbeck se skildery bring hy die eenstemmigheid tussen hierdie twee skilders van die Lukasbund en die Schlegel broers, Friedrich (1772–1829) en Wilhelm (1797–1845), na vore. Die Schlegels, twee van die toonaangewende denkers van Jena Romantisisme, se idees in dié verband stem ooreen met dié van Hegel en Gautier:

In fact Overbeck and Pforr simply re-phrased Neo-classical theory in Christian terms, demanding not merely purity but chastity, the simplicity of child-like faith, meditative tranquillity, devoutness, and subjects which expressed Christian truth and morality. *With the Schlegels they believed that painting was essentially Christian and spiritual, sculpture pagan and physical.* By returning to the styles of the fifteenth and early sixteenth centuries, they hoped to revive the art of painting in its most highly developed form *before, as they believed, artists had been corrupted by admiration for Antique marbles.* This radical revision of the history of art according to Vasari, and all subsequent writers, is the message of Overbeck's *Triumph of Religion in the Arts* where Antiquity, represented by a smashed statue and an overturned Corinthian column, *is ignored by a throng of artists* including Dürer, Lucas van Leyden, Memling, Fra Angelico, and even Brunelleschi, Mantegna and Raphael – though Nicola Pisano studies the palaeo-Christian sarcophagus which enables him to create a “superior” art of sculpture. In the background there is a symbolically unfinished Gothic cathedral (Honour 1981:171-172; klem bygevoeg).

Die kuns van Raphael en ander vyftiende- en vroeë sestiende-eeuse skilders, wat ons as Renaissance sou beskou, is deur Overbeck, Pforr, en heelwat ander skilders van hul tyd met 'n soortgelyke agenda, beskou as laat-Middeleeus (Honour 1981:172). Hierdie primitivistiese program het die laat Middeleeue as 'n tydperk van “suiwer” Christelike geloof en kinderlike onskuld beskou en as die goue tydperk van skilderkuns. Die invloed van Klassieke Griekse en Romeinse marmerbeelde is voorgehou as die oorsaak van die “bederf” – van die vervalde toestand van kuns in die daaropvolgende tydperke.

Klassieke marmerbeelde was grondliggend aan die ontwikkeling van Katolieke gewyde kuns sedert die Renaissance (Panofsky 1972:112-210; Wind 1980:177, 181-3). Die sensualisme van Katolieke Barok-meesters soos Bernini en Rubens, geskool op hierdie Klassieke tradisie, het vir Overbeck en Pforr geskok. Overbeck is later tot die Katolieke Kerk bekeer en het die leier geword van die Nasareners, 'n groep oorwegend Katoliek-bekeerde Duitse kunstenaars



Figuur 8: Friedrich Overbeck, *Die Triomf van Godsdiens in die Kunste*, 1831-1840, olie op doek, 392 × 392 cm, Städel Museum, Frankfurt am Main (openbare besit: https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Friedrich_Overbeck_-_The_triumph_of_religion_in_the_arts.png)



Figuur 9: Raphael Sanzio, *Die Skool van Athene*, 1511, fresco, 550 x 770 cm, Stanze della Signora, Vatikaan (openbare besit: https://en.wikipedia.org/wiki/File:%22The_School_of_Athens%22_by_Raffaello_Sanzio_da_Urbino.jpg)

Figuur 10: Raphael Sanzio, *Die Dispuut van die Heilige Sakrament*, 1509-1510, fresco, 500 x 770 cm, Stanze della Signora, Vatikaan (openbare besit: [https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Disputa_del_Sacramento_\(Rafael\).jpg](https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Disputa_del_Sacramento_(Rafael).jpg))

in Rome. Nietemin het hy altyd 'n tipe Protestantse afsku van die heidendom, van kuns na Raphael, en blykbaar ook van ná-Hervorming Katolisisme, behou (Honour 1981:172).⁸

Deur die rug op die marmerbeeld en kolom in die voorgrond te draai, is die beroemde kunstenaars en argitekte in hierdie skildery implisiet besig om hul rug te draai op die kuns en kultuur van die Katolieke Kerk (Figuur 8). Die ontwikkeling van Katolieke kuns sedert die Renaissance word dus hier voorgestel in terme van die bederwende invloed van Klassieke marmerbeelde wat die idilliese tydperk van Christelike kuns tot 'n val gebring het. Selfs Michelangelo Buonarroti (1475-1564) en Raphael, in sy latere werk, word in hierdie toneel daarvan beskuldig dat hulle hierdie bederwende invloed gefasiliteer het, volgens die gedetailleerde handleiding wat Overbeck saam met die skildery verskaf het (Amstutz 2010:5).

Die onvoltooide Gotiese katedraal in die agtergrond is ewe beduidend – as “suiwer” Christelike kerkbou vanuit die goue tydperk voordat Klassieke boustyl die vorm van Roomse kerke sedert die Renaissance bepaal het.

Die agenda wat in dié skildery van Overbeck saamgevat is, stem merkbaar ooreen met die beleid van die Afrikaanse Protestantse kerke oor gewyde boukuns en versiering (Van Selms 1954:84-85). Dié agenda kom tot 'n logiese eindpunt met 'n beeldende kuns wat so ver as moontlik verwyderd is van die “wêreldse” marmerbeelde van die Klassieke Oudheid. Ons sal sien dat Theron se vensters vir die NG Kerkgebou in Wolseley hierdie eindpunt verteenwoordig in terme van medium, simboliek, styl en voorstelling: die proses wat begin met die rug keer op Klassieke/Roomse marmerbeelde, soos voorgestel in Overbeck se skildery, eindig met 'n eteriese, abstrakte spel van lig en kleur – 'n “gesuiwerde” Protestantse estetika wat homself definieer as die teenpool van wat beskou is as Roomse “dwalinge.”



Figuur 11: *Gianlorenzo Bernini (1598-1680), Die Ekstase van Sint Teresa, Santa Maria della Vittoria, marmer, Rome (openbare besit, met vergunning: Alvesgaspar, https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Ecstasy_of_Saint_Teresa_September_2015-2a.jpg)*

⁸ Dit is juis hierdie Katolieke Barok-kuns van die teen-Hervorming wat Afrikaner-Protestantse teoloë en argitekte in die twintigste eeu nog so dwars in die krop gestee het as iets wat nie in 'n Protestantse kerk hoort nie (Van Selms 1954:84-85).

7. Katolieke Barok-kuns en die Afrikaanse Protestantse kerke

Die Barok-marmerbeelde van Gianlorenzo Bernini (Figuur 11) versinnebeeld die tipe Katolieke gewyde kuns en boukundige versiering wat in negatiewe terme 'n vormgewende rol in Afrikaanse Protestantse modernistiese kerkbou, versiering en kuns gespeel het. Die woorde van die teoloog Adrianus van Selms, wat 'n leidende rol in die daarstelling van simboliese kuns in die Afrikaanse Protestantse kerke gespeel het, is insiggewend. Volgens hom is die sobere, ingetoë, kaal ruimtes en oppervlaktes van 'n modernistiese Protestantse kerk juis voortreflik omdat hulle, as die uiterste teenpool van die ryk, “oordadige” en dinamiese beeldhouwerk, skilderkuns en versiering van 'n tipiese Barok-kerk, die ware gees van die Protestantisme weergee. Die feit dat hy modernistiese Afrikaanse Protestantse kerkbou en versiering (of gebrek aan versiering) vergelyk met Barok-Katolieke kerkbou, versiering en kuns, en selfs in terme daarvan definieer, is nie so onlogies as wat dit mag voorkom nie. Katolieke kerkbou, kuns en versiering van die Barok-era (die sewentiende eeu) word deur hom voorgedou as die verpersoonliking van al die “euwels” of “dwalinge” van die Katolieke Kerk ten opsigte van wat, uit 'n Calvinistiese oogpunt, beskou is as beelddiens (Van Selms 1954:84-85; Liebenberg 2016). Hier sien ons hoe 'n Protestantse teoloog in die 20ste eeu nog dieselfde houding teenoor Barok-Katolieke kuns aankleef wat Overbeck in die vroeë 19de eeu bevorder het – en met verreikende gevolge: die strak, geometriese aard van modernistiese Afrikaanse Protestantse abstrakte kuns en simboliek (Figuur 1) kan tot 'n groot mate verduidelik word as 'n strewe om so ver as moontlik van hierdie Katolieke “euwels” weg te beweeg (Liebenberg 2016).

Idealiserende naturalisme soos deur Michelangelo en Bernini gebruik, was sedert die Renaissance van grondliggende teologiese belang in Katolieke kuns (hierbo). Dus sou modernisme in kuns, en veral in die abstraherende inslag daarvan, aanvanklik besonder ontoepaslik vir die Katolieke Kerk gewees het. Nietemin het modernistiese Katolieke kunstenaars soos Alfred Manessier (1911-1993) hierdie estetiese uitdaging met groot sukses aanvaar, alhoewel hy aanvanklik hewige teenkanting van Katolieke owerhede gekry het (Introvigne 2016:5; Pratt en Pratt 1996:70). Aan die einde van hierdie artikel sal Matisse se meesterlike behandeling van hierdie besondere estetiese uitdaging kortliks bespreek word in vergelyking met Theron se werk in die NG Kerkgebou in Wolseley.



Figuur 12: *Leo Theron, NG Kerk Burgerspark (Argitek Daan Kesting) 1968-1969, dalle de verre, Pretoria (foto: Ariane Janse van Rensburg, met vergunning)*



Figuur 13: NG Kerk Wolseley (Argitek: Anthonie Smith), 1974, binnerruim vanaf die kansel gesien met Leo Theron se abstrakte vensters in die ligbeuke aan weerskante (foto: Deon Liebenberg)

8. NG Kerk Wolseley: abstraksie, sinestesie en die Protestantse liturgie

In Theron se reuse glasmuur vir die NG Kerk Burgerspark (1969) is daar 'n kleurprogressie van pers na blou, groen, geel en laastens wit gebaseer op Bybelse simboliek (Figuur 12). Die oorkoepelende tema van hierdie program, in noue samewerking met die argitek Daan Kesting (1933–2023) ontwikkel (Janse van Rensburg 2010:7), is 'n progressie van duisternis en lyding, voorgestel deur die dieppers (die Lydenstyd), na die verheugende lig van die wederkoms, uitgebeeld in liggeel en wit (Burgerspark 1969). Die *dalle de verre*-medium, waardeur lig soos deur 'n kristal skyn en verbreek word, word self deel van die simboliek, wat oorwegend deur suiwer gekleurde sonlig vertolk word. Hierdie simboliese ontplooiing van die glasmuur en die kristalagtige aard van *dalle de verre* resoneer met die lang tradisie van die kristalmetafoor, met sy ryk simboliek van die hemelse Jerusalem en die vereenselwiging van God met lig (n. 4 hierbo; Liebenberg 2025:144-153, 165-173).⁹ Hierdie hoogs abstrakte uitdrukking van die goddelike deur middel van gekleurde lig kan beskou word as 'n logiese eindpunt van die Protestantse/Romantiese soeke na 'n "suiwer" geestelike kuns.

⁹ Die *dalle de verre*-medium het noue samewerking met argitekte vereis wat 'n nuwe era van geïntegreerde betekenis in kerkontwerp ingelei het, aangesien hierdie 'n strukturele medium is wat tydens die bouproses ingebou moet word. In 'n artikel wat hy vir *Lantern* geskryf het, bespreek Theron die geskiedenis van hierdie ontwikkeling, en alhoewel hy nie die tradisie van die kristalmetafoor spesifiek noem nie, dui sy opmerkings daarop dat hy intuïtief die mistieke en geestelike implikasies van die "glasmuur" of "ligmuur" verstaan (Theron 1967:41-42). Die argitek Daan Kesting het 'n baanbrekende rol in die ontwikkeling van abstrakte simboliese kuns in die Afrikaanse kerke gespeel (Janse van Rensburg 2010:5) en sy samewerking met Theron om die simboliese glasmuur in die NG Kerk Burgerspark te skep, is dus van groot belang. Ek wou in 2023 'n onderhoud met Kesting hieroor voer, maar sy vrou het my meegedeel dat hy, as gevolg van sy mediese toestand, nie daartoe in staat sou wees nie. Hy is etlike

Theron het sy vensters as gebede bestempel en het elke nou en dan in sy ateljee 'n stuk gekleurde glas (veral geel) na die sonlig opgehou en sy verwondering oor die skoonheid daarvan spontaan verklaar (De Wet 2023 in Liebenberg 2025:152-153).

Theron het sy persoonlike benadering tot die simboliek van kristal as volg aan sy seun, François, verduidelik:

Hy het geglo wanneer die lig deur die *dalle de verre*-glas skyn, dan het dit 'n mistieke krag. Hy het dit nie gekoppel aan enige spesifieke geloof nie. Hy het net gesê dat wanneer die son deur die glas skyn en die straalbreking, wat deur die fasette in die glas veroorsaak word, die lig in verskillende rigtings stuur, het dit 'n baie kragtige spirituele betekenis. [Hy het hier oorgeslaan na Engels]: "When the light refracts and when the light comes through into the church it has a very powerful spiritual significance." (Theron 2024, in Liebenberg 2025:153)

Hierdie stelling, wat die wese van Theron se estetika en geloof saamvat, kan beskou word as 'n hedendaagse voortsetting van die kristalmetafoor.

Die NG Kerk Wolseley (Figuur 13), ontwerp deur Anthonie Smith (1910-1997), is etlike jare ná die NG Kerk Burgerspark ingewy (1974). Die weldeurdagte, geïntegreerde simboliek van die argitektuur en die *dalle de verre*-vensterpaneel is sprekend van 'n noue samewerking tussen argitek en kunstenaar in dié verband (kyk n. 9 hierbo). Hier gebruik Theron dieselfde simboliese kleurskema as in Burgerspark: van pers en blou, deur groen, na geel en wit. Soos in Burgerspark is daar 'n progressie van donker (pers) na lig (wit) wat na die kansel gerig is (Figuur 14, 15, 16). In Wolseley ontbreek egter herkenbare, abstrakte simbole soos kruise, sterre en ankers. Die verskillende kleure word hier en daar herhaal om 'n algehele balans te skep. Dus is daar blou en pers aksente aan die ligte kant en wit en geel aksente aan die donker kant. Die *dalle de verre*-paneel beslaan die ligbeuke aan weerskante van die binneruim. Hierdie ligbeuke neem die vorm aan van 'n lang driehoek of wigvorm, wat die driedimensionele wigvorm van die kerk se binneruim weerspieël. As gevolg van hierdie besonderse vorm sou die spesifieke simboliese uitbeelding wat in Burgerspark gebruik is nie gepas wees in die Wolseley-kerk nie. Die minste ruimte sou aan die lig van die môrester (die wederkoms) toegestaan word en die meeste aan die duisternis van die lydens tyd. Nietemin bly lig steeds die hoofrolspeler. Die uitdrukking van die goddelike geskied hier op 'n meer suiwer abstrakte wyse, waarin die vereenselwiging van lig met die goddelike verder verryk word. Deur middel van die geïntegreerde simboliek van die argitektuur en die glaspaneel, word 'n estetiese benadering in dié opsig ontplooi wat aanklank vind by Romantiese sinestese.

Die lang wigvorm wat die ses paneel saam uitmaak, is 'n uiters moeilike formaat vir enige kunstenaar om in te werk, maar Theron gebruik dit besonder goed, op 'n manier wat aanvullend is by die basiese simboliek van hierdie tipe kerk. Johan de Ridder (1927-2013), wat hierdie wigvormige ouditorium/binneruim eerste in sy bekende Gereformeerde Kerk Parys ("kappiekerk") gebruik het, het in 'n onderhoud met 'n Amerikaanse tydskrif die doel daarvan só verduidelik:

maande later oorlede. Verder, ten spyte van Theron se langdurige samewerking met Anthonie Smith, kon ek ook geen dokumentasie van besprekings tussen argitek en kunstenaar oor hierdie onderwerp vind nie. Die kerksaadnotules van die betrokke kerke het geen bruikbare inligting hieroor opgelewer nie. Smith se seun Hannes kon ook nie spesifieke inligting in dié verband verskaf nie.

[T]he steeply inclined roof and ridge line rising up and away from the pulpit symbolises the Word of God emanating from the pulpit, spreading over the congregation and, through the transparent glass, out to the world beyond (aangehaal in Le Roux 2008:14).

Elders het De Ridder aangevoer dat die driehoek wesentlik godsdienstig is met 'n baie vertikale en geestelike karakter (De Ridder 1993:2). Hierdie simboliek van De Ridder is besonder belangrik omdat Protestantse godsdienstige opvattinge hier deur middel van 'n suiwer abstrakte simboliek uitgedruk word. Die hele kerk word 'n abstrakte, boukundige simbool wat die betekenis van die Protestantse liturgie uitdruk – 'n simbool waarvan die sobere geometriese abstrakte vorms en ruimtes die volmaakte teenvoeter is van die “oorlaaide” versiering van tradisionele Katolieke kerke (De Ridder, aangehaal in Goldblatt 1998:233; Liebenberg 2014b:116-117).



Figuur 14: NG Kerk Wolseley (argitek: Anthonie Smith), 1974, binneruim vanaf die orrelbalkon gesien met Leo Theron se abstrakte vensters in die ligbeuke aan weerskante (foto: Deon Liebenberg)

In die Evangelie volgens Johannes is daar talle voorbeelde van die vereenselwiging van lig met die Woord en met God (kyk n. 4 hierbo). In ooreenstemming met De Ridder se stelling hierbo benut Theron die wigvorm van die vensters op 'n simboliese wyse om die klank wat uitwaarts vanaf die kansel versprei – die Woord van God – met die spel van kleur en lig in die vensters te vereenselwig. Hierdie uitwaartse beweging van die kleurprogressie word verder versterk deur die kragtige, dinamiese swart vorms wat, soos 'n musikale motief, ritmies maar met voortdurende variasie herhaal word en uiteindelik hul kragtigste ontplooiing aan die wydste kant bereik. Dit suggereer 'n musikale klimaks.


Theron se twee vensters in die ligbeuke van die Wolseley-kerk is identies in ontwerp, met slegs geringe verskille, sodat die een 'n spieëlbeeld van die ander vorm (Figuur 14, 15 en 16). Hierdie simmetrie versterk die effek van die goddelike Lig/Woord wat vanaf die kansel uitstraal.

Dit gee die indruk dat dieselfde Woord vanaf die kansel in beide rigtings (langs die noordmuur en die suidmuur) as lig uitstraal soos klank.

Hierdie uitwaartse beweging word verder gevoer in die eksterne vorms van die argitektuur. Vanaf die ligbeuke vloei dit argitektonies uit na die kerkoring waar dit dramaties opwaarts hel om verenig te word met die komplementêre simboliek van die hemelwaartse strewe van die toring (Figuur 18). Let op hoe die basiese motief van die dinamiese swart vorms in die vensters – 'n driehoek met 'n geboë skuinssy (Figuur 15, 16, 17) – die vorm van die kerkoring (Figuur 18) naboots. Hierdie ontwerpkeuse beklemtoon die intieme verwantskap tussen argitektuur, beeldende kuns (lig), en klank (die Woord van God) in hierdie kerk. Dit versterk die sin van Romantiese sinestesia. Grondliggend aan modernistiese Afrikaanse Protestantse kerkbou is die beginsel dat die interne sowel as die eksterne vorm van die kerk die Protestantse liturgie moet dien en uitdrukking daaraan moet gee (Van Selms 1954:8; Du Toit 1966:6; Koorts 1974:6-7). Met behulp van sinestesia word verdere simboliese diepte aan hierdie Protestantse kerkbou-beginsel verleen.

Hannes Koorts, 'n argitek wat van die belangrikste tekste oor Afrikaanse Protestantse kerkbou geskryf het, het aangevoer dat argitektuur, net soos ander kunste, uitdrukking aan teologie kan gee. Hy het aangevoer dat 'n gebou met suiwer abstrakte elemente soos ritme en proporsie gevoelens en idees kan opwek wat tot die geestelike domein behoort. Koorts verwys in hierdie verband na *Beginnelsen van Kerkbou*, die verslag van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, as 'n gesaghebbende bron (Koorts 1974:9-10). Al die ander skrywers van handleidings vir Afrikaanse Protestantse kerkbou het hierdie verslag geraadpleeg (hierbo).


Verder het Koorts aangevoer dat harmonie in musiek, en dus ook in ander kunste, die goddelike harmonie van die skepping en die paradyslike toestand van die ongerepte natuur kan uitdruk. Volgens hom kan 'n argitek, net soos 'n komponis of beeldende kunstenaar, die



Figuur 15: NG Kerk Wolseley (argitek: Anthonie Smith), binneruim met Leo Theron se abstrakte venster in die ligbeuk aan die suidekant, 1974, dalle de verre (foto: Deon Liebenberg)



Figuur 16: NG Kerk Wolseley, argitek: Anthonie Smith, binneruim gesien vanaf die orrel met Leo Theron se abstrakte venster in die ligbeuk aan die noordekant, 1974, dalle de verre (foto: Deon Liebenberg)



Figuur 17: Leo Theron, detail van abstrakte venster in die ligbeuk aan die noordekant van die NG Kerk Wolseley, argitek: Anthonie Smith, 1974, dalle de verre (foto: Deon Liebenberg)



Figuur 18: *NG Kerk Wolseley, argitek: Anthonie Smith, 1974, vooraansig met die kerktooring. 'n Gedeelte van een van die ligbeuke met Leo Theron se kleurvenster is sigbaar aan die regterkant (foto: Deon Liebenberg)*

ongerepte harmonie van die paradyslike toestand – waarna die Christen verlang om terug te keer na die dood – deur die skepping van gepaste ruimtes en volumes aan die kerkganger onthul. Hierdie harmonie dien as 'n uitdrukking van die teenwoordigheid van God (Koorts 2012).

Hoewel sulke Protestantse estetiese opvattinge, soos deur Koorts verwoord, nie direk na Romantiese sinestesie verwys nie, kan dit aangevoer word dat hulle tot 'n beduidende mate verwant is aan hierdie begrip. Dit blyk duidelik uit Koorts se analogiese benadering tot harmonie in musiek, argitektuur, en beeldende kuns onderskeidelik. Teen hierdie agtergrond het Smith en Theron dit reggekry om treffende simboliese diepte aan 'n suiwer abstrakte kunswerk in die NG Kerk Wolseley te gee: die betekenis ontstaan uit die boukundige konteks en die liturgiese funksionaliteit daarvan.

9. Matisse se Chapelle du Rosaire de Vence

Die Chapelle du Rosaire de Vence, ontwerp deur Henri Matisse, is een van die hoogtepunte van moderne gewyde ontwerp. Theron het gereeld daaroor gepraat en dit het duidelik sy verbeelding aangegryp (De Wet 2023 in Liebenberg 2025:240). Matisse het alles daarin self ontwerp, insluitende die loodglasvensters en muurskilderye, die beeldjie van die gekruisigde Christus op die kansel (Figuur 22), die kledingstukke wat deur die priesters en ampsdraers gedra word, die kanselkleed, kandelare, ensovoorts. Verder het hy ook die kapel self ontwerp, met die bystand van die argitek Auguste Perret (Musée Matisse Nice 2024).



Figuur 19: *Henri Matisse, binneruim van die Chapelle du Rosaire de Vence (foto: François Fernandez/Musée Matisse Nice, met vergunning)*

Perret was die ingenieur-argitek wat die “muur van lig” (of glasmuur) in die moderne era moontlik gemaak het, en sodoende ’n deurslaggewende rol in die moderne boukundige toepassing van die tradisie van die kristalmetafoor gespeel het. Theron is direk beïnvloed deur Perret se gebruik van glasmure in kerke, wat ingevolge die kristalmetafoor die hemelse Jerusalem simboliseer (Theron 1967:41-42; Liebenberg 2025:158-161, 199; n. 4 hierbo).¹⁰ Perret se betrokkenheid by die ontwerp van Matisse se kapel betrek daarom moontlik ook die vereenselwiging van die goddelike met lig as ’n oorkoepelende metafoor in die ontwerp van hierdie kapel.

Hierdie moontlikheid word ondersteun deur die aard van die binneruim as geheel, waarna Theron dikwels verwys het as uitsonderlik en “amper minimalisties” (De Wet 2023 in Liebenberg 2025:240).¹¹ Die mure en plafon is wit terwyl die geteelde vloer ’n effens donkerder skakering van wit is. Die muurskilderye, wat eintlik net tekeninge in dik swart lyne is, is op

¹⁰ Dit was met die hulp van Vader Marie-Alain Couturier (1897-1954) wat ook vir Manessier en Le Corbusier (1887-1965) betrek het by kuns en argitektuur vir die Katolieke Kerk, wat hierdie projek van stapel gestuur is (Walker 1994:89). In sy beroemde Notre-Dame de Haut te Ronchamp (1955) skep Le Corbusier ’n eiesoortige ontplooiing van die “muur van lig” of “glasmuur” begrip. Dit word deur Theron in sy artikel oor glaskuns vir Lantern bespreek (Theron 1967:44). Die meester glaswerker Paul Bony het die vensters vervaardig vanaf Matisse se ontwerpe (Musée Matisse Nice 2024).

¹¹ Danie de Wet, wat as jong student in Theron se ateljee gewerk het, kon ongelukkig nie meer besonderhede verskaf oor die presiese lesse wat laasgenoemde van Matisse se kapel geleer het nie.



Figuur 20: *Henri Matisse, binneruim van Chapelle du Rosaire de Vence (foto: François Fernandez/Musée Matisse Nice, met vergunning)*

glansende wit teëls sonder enige kleur om die vorms in te vul in Matisse se kenmerkende styl (in skilderkuns). Die enigste kleur en toonwisseling is beperk tot die loodglasvensters. Die twee vensters agter die kansel ontplooi 'n harmonieuse gebruik van vorm en patroon wat tipies van Matisse is. In teenstelling hiermee is die ontwerp in die res van die vensters, wat van voor na agter teen die linkermuur strek en die hele binneruim belig, so eenvoudig in hul ontwerp dat hulle nie as onafhanklike kunswerke of estetiese voorwerpe kan funksioneer nie (Figuur 20).

Deur hierdie “minimalistiese” benadering ontnem Matisse die loodglasvensters van hul waarde as fisiese estetiese voorwerpe van glas en lood. Sodoende word die aandag gevestig op die lig en kleur wat deur die vensters skyn en op die wit oppervlaktes van die binneruim weerkaats word. Die “kaal” tekeninge in oningevulde swart lyn op wit, saam met die res van die wit binneruim, word sodoende van kleur voorsien wat direk van die hemel af kom (Figuur 19, 20, 21).

Die wit mure en vloer, en veral die blink, gladde wit teëls van die muurskilderye, weerkaats hierdie hemelse lig en kleur met maksimum effek om 'n uitsonderlike estetiese ervaring te bewerkstellig. Dié ervaring neem 'n dieper betekenis aan wanneer 'n mens die Bybelse vereenselwiging van die goddelike met lig in ag neem. Die “onvoltooide” en tweedimensionele aard van die muurskilderye maak 'n kerndeel uit van hierdie estetiese benadering. Matisse, wat deur sy hele loopbaan as skilder die sensualiteit van kleur met die sensualiteit van olieverf gevier het, en wat alom beskou word as die meester van kleur (Walker 1994:89), ontnem hierdie muurskilderye van alle sensuele, materiële kleurpigment of tonale modellering. Gevolglik is dit net die eteriese kleurespel van die sonlig wat deur die vensters skyn en op die skilderye geweerkaats word wat kleur aan hulle kan verskaf en dus die rol van materiële kleurpigment oorneem. So word Hegel se opvatting van skilderkuns tot 'n hoër vlak verhef.

Matisse maak hier 'n belangrike teologiese/estetiese punt, wat nie net in stemming is met Hegel se idee nie, maar ook merkbaar ooreenstem met Calvin se benadering tot gewyde kuns (hierbo). Hierdie aspek van Matisse se werk in die kapel is sprekend van die omvang van Protestantse denke en estetiese benaderings in die intellektuele onderbou van modernisme en moderniteit in breër trekke.



Figuur 21: *Henri Matisse, binneruim van Chapelle du Rosaire de Vence met muurskildery van Sint Dominic (foto: François Fernandez/Musée Matisse Nice, met vergunning)*

Figuur 22: *Henri Matisse, binneruim van Chapelle du Rosaire de Vence, detail van loodglasvenster met kruisbeeld op die kansel (foto: François Fernandez/Musée Matisse Nice, met vergunning)*

As sodanig is hierdie werk van Matisse feitlik die teenpool van groot Katolieke kunstenaars soos Bernini en Peter Paul Rubens (1577–1640) se uiters sensuele gebruik van marmer en olieverf onderskeidelik. In dié verband is dit insiggewend om te kyk na Matisse se enkele beeldhouwerk in hierdie kapel, die goue beeldjie van die gekruisigde Christus op die kansel. Dit is só klein en dun dat die aardse stoflikheid wat met beeldhouwerk gepaard gaan grotendeels daarvan ontleem is – soveel so dat die kleur en lig wat deur die loodglasvensters agter die beeldjie skyn dit feitlik oorweldig in die foto hierbo (Figuur 22). Dit is besonder ver verwyderd van die soliede “aardse” marmer sensualiteit van Bernini se *Ekstase van Sint Teresa* (Figuur 11). As sodanig is dit sprekend van die feit dat die moderne Katolieke Kerk, in die omarming van modernisme, 'n estetika moes aanneem wat, vir redes wat hierbo bespreek is, sterker aanklank vind by 'n moderne Protestantse estetika. Leo Theron sou dus uiters waardevolle lesse kon leer uit Matisse se vindingryke oplossings vir hierdie uitdagings – hoe om 'n gewyde kuns en ruimte te skep in 'n modernistiese idioom wat die teenstrydighede van Katolieke en Protestantse estetiese benaderings kan oorbrug (Liebenberg 2025:103-245).

10. Ten slotte

Die Romantiese progressie vanaf marmer na suiwer eteriese lig en kleur het 'n beduidende Protestantse onderbou. Hierdie feit het tot 'n groot mate die weg gebaan vir Theron om die lesse wat hy geleer het uit die Katolieke gewyde kuns van Matisse en Loire met soveel oortuiging oor te plaas na 'n Protestantse konteks. Nietemin is Theron se vertolking van hierdie Romantiese estetiese erfenis oorspronklik. Terwyl hy sekerlik diepgaande inspirasie uit Matisse en Loire se vertolkings van die simboliek van lig en kleurglas in 'n gewyde ruimte kon kry, is daar geen sprake van 'n slaafse nabootsing van byvoorbeeld Matisse se “amper minimalistiese” benadering nie. Dit is die gees liewer as die letter van hul vertolkings wat hy oortuigend – in samewerking met die betrokke argitekte – in die NG kerk Burgerspark en die NG kerk Wolseley kon toepas om uitdrukking aan 'n moderne Protestantse estetika te gee.¹²

BIBLIOGRAFIE

- Adams, R.M. 1997. Things in Themselves, *Philosophy and Phenomenological Research* 57(4):801-25.
- Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, 1954. *Beginselen van Kerkbou*. Rapport. Uitgebragt aan de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk door de daartoe benoemde commissie, Gravenhage: Bokecentrum.
- Amstutz, N. 2010. The Romantic Reception of the Renaissance: Between Cult Images and Art, *The Rutgers Art Review* 25:1-22.
- Architectus (J.M.J Koorts). 1960. 'n Gewyde argitektuur, *Die Kerkbode*, 284-286; 316-320; 364-366; 395-397; 460-463; 522-524, reeks artikels, 31 Augustus tot 5 Oktober.
- Artefacts 2025. Leo Theron [aanlyn]. Besikbaar : https://artefacts.co.za/main/Buildings/archframes_mob.php?archid=5420_20/01/2025.
- Bletter, R.H. 1981. The interpretation of the glass dream: Expressionist architecture and the history of the crystal metaphor, *Journal of the Society of Architectural Historians (JSAH)*, 40(1):20-43.
- Burgerspark, 1969. Inwydingsbrochure, Burgerspark NG Kerk, NG Kerk Argief.
- Cassirer, E. 1945 [1970-uitgawe]. *Rousseau, Kant, Goethe: Two Essays*, vertaal uit die Duits deur J. Gutman, P.O. Kristeller en J.H. Randall. Princeton: Princeton University Press.
- Day, D., O.P. 2024. The Christ Who Meets Us in the Sacraments: The Influence of St. Ambrose on the *tertia pars* of St. Thomas's *Summa theologiae*. *Nova et vetera* 22(1):103-122. <https://dx.doi.org/10.1353/nov.2024.a919267>.
- De Wet, D. 2023. Persoonlike onderhoud. 25 November, Kaapstad. In Liebenberg 2025.
- Dingemans F.C.J. 1946. Het kerkgebouw met het geheele daartoe behoorende complex als huis der gemeente, in *Protestantsche Kerkbou*, onder redactie van J.N. Bakhuizen van den Brink. 's-Gravenhage: Bokecentrum N.V.
- Du Toit H.D.A. 1966. Liturgie en kerkbou, in *Sinvolle Kerkbou*, Rapport van die Sinodale Kerkboukommissie, Sinodes van Suid- en Noord-Transvaal, Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika, onder redaksie van H.D.A. du Toit. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel: 1-8.
- Dyrness, W.A. 2004. *Reformed theology and visual culture: the Protestant imagination from Calvin to Edwards*, Cambridge, UK and New York: Cambridge University Press.
- Goldblatt, D. 1998. *South Africa: The Structure of Things Then*. Cape Town: Oxford University Press.
- Hampson, D. 2017. Luther, Lutheranism, and Post-Christianity, in *Oxford Research Encyclopedia of Religion*, J. Barton (ed.), Oxford: Oxford University Press.
- Hampson, N. 1968. *The Enlightenment*. Harmondsworth: Penguin.

¹² Die stellings van Danie de Wet oor hoe Theron 'n stuk gekleurde glas met verwondering na die sonlig sou ophou, en van François Theron oor sy vader se mededeling oor die mistieke krag van sonlig wat deur gekleurde kristal skyn (hierbo), suggereer dat Theron se aanvoeling vir die simboliese waarde van sy medium ook deels intuïtief was.

- Hegel G.W.F. [1802] 1977. *Faith and Knowledge (Glauben und Wissen)*, transl. W Cerf and HS Harris. Albany: State University of New York Press.
- Hegel, G.W.F. 2019 [1835]. "The Philosophy of Fine Art," transl. FPB Osmaston, in *G.W.F. Hegel Collected Works*, Delphi Classics, available at: <https://www.delphiclassics.com/shop/georg-wilhelm-friedrich-hegel/>.
- Honour, H. 1981. *Romanticism*. Harmondsworth: Penguin.
- Hughes, R. 1991. *The Shock of the New: Art and the Century of Change*. London: Thames and Hudson.
- Introvigne, M. 2016. New Religious Movements and the Visual Arts. *Nova Religio: The Journal of Alternative and Emergent Religions*, 19(4):3-13.
- Joby, C.R. 2005. Calvinism and the arts: A re-assessment, Durham theses, Durham Universiteit. Besikbaar: Durham E-Theses Online: <http://etheses.dur.ac.uk/2873/>
- Kant, I. 1781 [1902-uitgawe]. *Critique of pure reason*, vertaal deur J.M.D. Meiklejohn, New York: P.F. Collier & Son.
- Kesting, D. 1978. Afrikaans-Protestantse Kerkbou. Ongepubliseerde doktorsale tesis. UPE Port Elizabeth.
- Koorts, J.M.J. 1974. *Beginninsels van Gereformeerde Kerkbou*. Bloemfontein: SACUM.
- Koorts, J.M.J. 2012. Persoonlike onderhoud. Kaapstad, 30 Julie, in Liebenberg 2014b.
- Kroner, R. 1961. Introduction: Hegel's Philosophic Development, in *On Christianity: Early Theological Writings by Friedrich Hegel*, translated by T. M. Knox with an introduction and fragments translated by Richard Kroner. New York: Harper and Brothers.
- Le Roux, S.W. 2008. Die soeke van drie argitekte na 'n planvorm vir Afrikaanse Gereformeerde kerkbou, *S.A Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 22(2):20-44.
- Liebenberg, D. 2014a. Modernism and Anti-Modernism in the Afrikaans Protestant Churches during the Twentieth Century, *South African Journal of Cultural History* 28(2):75-92.
- Liebenberg, D. 2014b. The use of modernism in Afrikaner Protestant Church design in Cape Town's northern suburbs, ongepubliseerde M-tesis, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.
- Liebenberg, D. 2016. Modernist abstraction in Afrikaans Protestant churches of the twentieth century, *South African Journal of Art History* 31(1):126-147.
- Liebenberg, D. 2022. Functionalism versus spirituality in two modernist Afrikaans Protestant churches of the Western Cape, *South African Journal of Cultural History* 36(1):133-159.
- Liebenberg, D. 2024. Empty Landscapes: The Cultural-Historical Context of Pierneef's Johannesburg Station Panels, *South African Journal of Cultural History* 38(1):127-153.
- Liebenberg, D. 2025. Gereformeerdeheid, modernisme en abstraksie in Leo Theron se werk in glas vir die Nederduits Gereformeerde Kerk, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.
- McFadyen, J.E. 1909. Communion with God in the Bible. *The Biblical World*, 34(5):307-316.
- Musée Matisse Nice. Henri Matisse and the Chapelle du Rosaire. <https://www.musee-matisse-nice.org/en/the-artist/matisse-and-the-rosary-chapel/> (12 Augustus 2024 geraadpleeg).
- Nichols, A. 2008. St. Thomas and the Sacramental Liturgy. *The Thomist: A Speculative Quarterly Review* 72(4):571-593.
- Oxley J. 1994. *Stained Glass in South Africa*. Johannesburg: William Waterman Publications:79-85.
- Panofsky, E. 1972. *Renaissance and Renaissances in Western Art*. New York: Harper & Row.
- Pienaar, P.A. 1966. Simboliek en kuns in die kerkgebou, in *Sinvolle Kerkbou, Rapport van die Sinodale Kerkboukommissie, Sinodes van Suid en Noord-Transvaal, Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika*, onder redaksie van H.D.A. du Toit. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel:88-90.
- Pratt, C. & Pratt, J. 1996. *Gabriel Loire, Les Vitraux/Stained Glass*. Chartres: Centre International du Vitrail.
- Ringbom S. 1966. Art in the "Epoch of the Great Spiritual": occult elements in the early theory of abstract painting, *Journal of the Warburg and Courtauld Institutes* 29:386-418.
- Ringbom S. 1970. *The Sounding Cosmos. A Study in the Spiritualism of Kandinsky and the Genesis of Abstract Painting*, Åbo [Finland]: Åbo Akademi.
- Rosenblum R. 1975. *Modern Painting and the Northern Romantic Tradition: Friedrich to Rothko*. New York: Harper and Row.
- Smith J.A. 2007. Brief van Le Roux Smith le Roux, weergegee op pp. 4-5 van Hannes Smith se kommunikasie met Schalk le Roux, 14 Junie 2007, in Liebenberg 2014b.
- Smith J.A. 2014. Persoonlike onderhoud. Kaapstad, 8 April 2014, in Liebenberg 2014b.

- Theron, F. 2024. Persoonlike onderhoud. Londen, 16 Junie, in Liebenberg 2025.
- Theron, L. 1967. The art of stained glass, past and present. *Lantern* 17(1):38-45.
- Van der Merwe, D.G. & Albalaa, P., 2013, The metaphor of light embedded in the Johannine prologue, Part 1: The Light before the incarnation, *In die Skriflig/In Luce Verbi* 47(1), Art. #108, 10 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v47i1.108>
- Van Selms A. 1954. *Protestantse Kerkbou*. Kaapstad: H.A.U.M.
- Veldman, I.M. 1999. Protestantism and the arts: sixteenth- and seventeenth-century Netherlands. In Finney (red.). 1999.
- Walker, D. 1994. The Light of Noon. *Irish Arts Review Yearbook*, 10:89-93.
- Weisengoff, J.P. 1946. Light and its relation to life in St. John. *The Catholic Biblical Quarterly*, 8(4):448-451.
- Wind, E. 1980. *Pagan mysteries in the Renaissance*. Oxford: Oxford University Press.

Uys Krige se *Magdalena Retief* (1938): Volksmoeder en vrou

Uys Krige's Magdalena Retief (1938): Mother of the Nation and woman

MARISA KEURIS

Navorsingsgenoot

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Suid-Afrika

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: marisakeuris17@gmail.com

ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-7483-9958>



Marisa Keuris

MARISA KEURIS is 'n afgetrede professor in Algemene Literatuurwetenskap en tans navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Haar navorsing is sedert haar doktorsale studie, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama-en teatersemiotiek* (1988) gefokus op kontemporêre drama- en teaterstudies. In 1996 publiseer sy *Die dramateks: 'n Handleiding* (ook in Engels uitgegee deur Van Schaik Uitgewers), wat daarna ook in Noord-Sotho, Zoeloe en Xhosa vertaal en uitgegee is. Sy het in beide Afrikaans en Engels gepubliseer oor die werke van bekende Suid-Afrikaanse dramaturge (onder andere Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman en N.P. van Wyk Louw). Sy is saam met Temple Hauptfleisch mederedakteur van twee boeke as deel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsreeks vir Hertzogprysweners, naamlik (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), asook (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging* (2023).

MARISA KEURIS is a retired professor of Theory of Literature and currently Research Fellow in the Department of Afrikaans and Theory of Literature, University of South Africa. Since the completion of her doctoral thesis, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek* [*Drama theory today: the contribution of drama and theatre semiotics*] in 1988, she has focused in her research on contemporary drama and theatre studies. In 1996 she published *The play: a manual* (published in Afrikaans and English by Van Schaik Publishers), which was subsequently also translated and published in Northern Sotho, Zulu and Xhosa. She has published in both Afrikaans and English on the work of well-known South African playwrights (inter alia Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman and N.P. van Wyk Louw). She is co-editor, with Temple Hauptfleisch, of two books that are part of a series on Hertzog prize winners commissioned by the South African Academy for Science and Arts, namely (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), and (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie* (2023).

Datums:

Ontvang: 2025-07-23

Goedgekeur: 2026-02-09

Gepubliseer: Maart 2026

ABSTRACT

Uys Krige's Magdalena Retief (1938): Mother of the Nation and woman

In this article, Uys Krige's play Magdalena Retief (1938) is discussed by firstly situating the play within its theatre historical context, as well as by placing it within the "Mother of the Nation" discourse of the 1930s.

The centenary celebrations of the Great Trek in 1938 led to a big upsurge in Afrikaner nationalism and culminated in the laying of the foundation stone of the Voortrekker Monument in December 1938. Most sources mention N.P. van Wyk Louw's Die dieper reg as the most well-known play performed at this occasion, but Kapp (1975:81) states that Uys Krige's Magdalena Retief was one of the plays that appealed to most festivalgoers.

Uys Krige's play is based on the life of Magdalena Retief (1782-1855), the wife of Piet Retief (one of the most popular Voortrekker leaders). Piet Retief is depicted in many of the early Afrikaans plays (where the Retief-Dingane history is foregrounded) and although Magdalena is sometimes mentioned in these plays (inter alia in Van Bruggen's Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek, 1939), this is the only play dedicated specifically to her life. While Piet Retief (seen as a volksheld) is one of the most popular historical figures to be portrayed in early Afrikaans drama, his wife Magdalena was often mentioned but always remained a marginalised figure in these plays.

The theoretical part of the article also focuses on the Afrikaner Mother of the Nation concept in conjunction with Afrikaner nationalism. Various studies (inter alia Brink 1990, 2008; Cloete 1994; Kruger 1991; McClintock 1991; Vincent 1999) refer to the Afrikaner Mother of the Nation as an idealised figure that is especially associated with the heyday of Afrikaner nationalism. The woman's role as spiritual and moral leader of the volk is continuously highlighted: she is to a large degree responsible for the advancement of the nation and the racial purity of the volk.

Although Krige was at this time also influenced by the strong nationalist sentiments created by the Great Trek centenary celebrations, it seems as if it was rather the life and personality of this exceptional woman that inspired him to write about her – and not so much the fact that she was Piet Retief's wife. In a letter to her family in the Cape in 1840, Magdalena wrote the following: "nu heef ik van myn 15 kinderen nog 5" ("of my 15 children only 5 left").

Uys Krige portrays in this historical play the life of Magdalena Johanna Retief (1782-1855) in eight scenes (from her sixteenth to her seventieth year). In the second part of the article all eight scenes, as well as the closing epilogue, are discussed in detail. It is interesting for a theatre historian to note that Uys Krige changed the final scene from the fifth edition of this play but continued to present both versions of this scene in all subsequent editions of this play. In an addendum ("Byvoegsel") he gives the original version of scene 8, as well as the letter Magdalena wrote to her family.

The historical figure of Magdalena Retief was revered by Afrikaner nationalists as the incarnation of the true Mother of the Nation figure: long-suffering and courageous. The "ideal" Volksmoeder as portrayed in the Mother of the Nation discourse of the 1930's was still, as stated by Kruger (1991: 206), inspired by the lives of real women of that time:

A great variety of stories about women's role in the history of the volk were invoked to create a paradigmatic image of the Afrikaner mother. The volksmoeder was the 'ideal Afrikaner woman'.

Uys Krige's play, Magdalena Retief, portrays this historical figure as a Mother of the Nation (volksmoeder), as well as an exceptional human being.

KEYWORDS: Afrikaner Nationalism, centenary celebrations of the Great Trek (1938), Uys Krige, Magdalena Retief, Mother of the Nation, theatre history

TREFWOORDE: Afrikanernasionalisme, eeufeesvieringe van die Groot Trek (1938), Uys Krige, Magdalena Retief, volksmoeder, teatergeskiedenis

OPSOMMING

Hierdie artikel fokus op Uys Krige se drama *Magdalena Retief* (1938)¹ met verwysing na die volksmoederdiskoers van die 1930's, terwyl die drama ook teaterhistories gesitueer word.

In 1938 vind die eeufees-herdenking van die Groot Trek plaas wat aanleiding gee tot 'n ongekende en landswye opwelling van Afrikanernasionalisme. Die onderskeie eeufeesvieringe kulmineer in Pretoria met die grondlegging van die Voortrekkermonument. Die uitbeelding van Magdalena Retief is geplaas binne die konteks van die volksmoederdiskoers – 'n diskoers wat aansluit by die ontstaan en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme. Die rol van die Afrikanervrou, soos vergestalt deur Uys Krige se uitbeelding van Magdalena Retief, gee 'n historiese en dramatiese blik op 'n era waarin 'n patriargale uitgangspunt die genderverhoudinge binne Afrikanergeleedere getipeer het.

Alhoewel verskeie Voortrekkerleiers tydens hierdie feeste geëer word, is dit veral Piet Retief wat groot erkenning ontvang as volksheld. Gustav Preller se bekende biografie oor Retief (1906) gee aanleiding tot verskeie dramas, gedigte en dramatiese tablo's wat sy lewe uitbeeld, asook die gebeure wat aanleiding gee tot die Bloedriviergeloofte. Terwyl die meeste dramaturge (veral Van Bruggen in *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek*, 1939) fokus op hierdie volksheld en Magdalena Retief net as sy ondersteunende gade uitbeeld, plaas Uys Krige in sy drama die kollig op haar persona. Die lewensverhaal van Magdalena word uitvoerig in agt tonele en 'n epiloog uitgebeeld.

Inleiding

Magdalena Retief (1938) was die eerste vollengte drama wat Uys Krige geskryf het. Daarna het hy verskeie ander dramas geskryf, naamlik *Twee lampe* (1951); *Die goue kring* (1956); *Muur van die dood* (1968); *Die loodswaaiers* (1977), asook verskeie eenbedrywe. Hy ontvang in 1985 die Hertzogprys vir Drama (hele oeuvre) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Vroeër het hy ook 'n aantal kere die Akademieprys vir Vertaalde Werk ontvang vir sy vertalings van Lorca se *Yerma* (1963), Shakespeare se *Koning Lear* (1971) en Lorca se *Die huis van Bernarda Alba* (1981).

In hierdie bespreking van *Magdalena Retief* word 'n meer kontemporêre interpretasie wat die uitbeelding van die *persona* van Magdalena Retief geplaas binne die sogenaamde volksmoederdiskoers van die dertigerjare, terwyl daar ook 'n teaterhistoriese kontekstualisering van die drama gegee word.

In 'n artikel van 2019, *Magrita Prinslo (1896), Magdalena Retief (1938) and Mies Julie (2012): From historical Afrikaner mothers of the nation to a modern Afrikanermeisie (girl)*

¹ Magdalena Retief is in 1938 opgevoer en ook gepubliseer deur Unie-Volksfees Beperk in daardie jaar. Vanaf die vyfde, sesde en sewende verbeterde druk vervang Uys Krige Toneel 8 van die drama met 'n nuwe Toneel 8. Hierdie wysiging verduidelik hy aan die einde van die drama onder die opskrif: Byvoegsel. Hierdie uitgawes is steeds deur Unie-Volkspers Beperk uitgegee. Vanaf 1975 is die drama met albei Tonele en die Byvoegsel 1 deur Human & Rousseau Uitgewers uitgegee.

het ek reeds Uys Krige se drama *Magdalena Retief* kortliks bespreek, saam met S.J. Du Toit se *Magrita Prinslo*, met verwysing na die volksmoederkonsep. In daardie artikel is die twee ouer dramas se vroulike hooffigure gekontrasteer met Yaël Farber se uitbeelding van (Mies) Julie in 2012. Farber herskryf Strindberg se beroemde drama (*Miss Julie*, 1888) en plaas dit in 'n postapartheid Suid-Afrika met Julie (Meyer) as 'n jong Afrikanermeisie op 'n Karoo-plaas. Die uitbeelding van haar verhouding met John ('n Xhosawerker) en uiteindelijke selfdood, is ook bespreek vanuit die konteks van die volksmoederdiskoers om te illustreer hoe Farber se “nuwe” Afrikanermeisie ('n fiktiewe karakter) verskil en ooreenstem met die uitbeelding van die twee ouer vroue (albei gebaseer op historiese persona).

Die bespreking van *Magdalena Retief* in hierdie artikel probeer in meer diepgang aandui dat, hoewel Uys Krige die historiese Magdalena Retief as geëerde volksmoederfiguur erken, hy haar grootliks as 'n simpatieke en besondere vrou uitbeeld in sy drama en dat sy dus nie net 'n abstrakte of ideale voorstelling van 'n ideologiese konsep bly nie. Aangesien die fokus meer op Yaël Farber se “Mies” Julie was in die 2019-artikel, was die bespreking van *Magdalena Retief* in daardie artikel uiteraard ook meer beperk. In onderstaande bespreking word die uitbeelding van Magdalena Retief in groter en meer omvattende detail gegee deur elke toneel van hierdie lang drama na te gaan om sodoende die argument te versterk dat sy moontlik vir sowel destydse toeskouers as lesers van vandag meer word as net 'n geïdealiseerde volksmoederfiguur.

Afrikaner nasionalisme en die Volksmoederdiskoers

Verskeie bronne, onder andere Brink (1990, 2008), Cloete (1994), Kruger (1991), McClintock (1991) en Vincent (1999), verbind die geïdealiseerde figuur van die Afrikanervolksmoeder met die hoogbloeytydperk van Afrikanernasionalisme, asook met die seminale rol wat die eeuefeesvieringe van die Groot Trek gespeel het. Die studies van Cloete, Kruger, McClintock en Vincent verbind hierdie konsep ook met die Afrikanervrou se beskouings van die vrouebeweging (die “suffragist movement”) van die 1920's en 1930's.

Volgens Kruger (1991:67) in haar studie van die tydskrif *Die Boerevrou* (1919-1931) is dit moontlik om 'n duidelike en samehangende genderdiskoers in Suid-Afrika in die 1920's te onderskei wat betitel kan word as die volksmoederdiskoers:

This discourse was specifically and centrally concerned with Afrikaans women, and it also was a discourse of Afrikaans women. In its fusion of gender and ethnic elements this distinctive gender discourse was very much part and parcel of the more general ethnic discourse of emergent Afrikaner nationalism.

In die opvolgende bespreking waar die fokus val op Uys Krige se drama *Magdalena Retief* sal die aspekte van gender, etnisiteit, volksmoeder en Afrikanernasionalisme, herhaaldelik ter sprake kom.

Volgens Kruger (1991:88) vind mens reeds in die 1910's die begin van ernstige gesprekke rondom Afrikanernasionalisme in die tekste van die Tweede Taalbeweging, terwyl die ontstaan van die Nasionale Party (NP) in 1914, die Helpmekaarbeweging (1915), die Afrikaner Broederbond (1918) en ander inisiatiewe ook stukrag gee aan hierdie ideologie in hierdie jare. Persone betrokke by die Tweede Taalbeweging was meestal joernaliste en skrywers, waaronder Gustav Preller, Jan F. Celliers, Totius, Eugène N. Marais, Louis Leipoldt, Sangiro en Jochem van Bruggen, en almal van hulle ondersteun die ontwikkeling van 'n Afrikaanse kultuur. Kruger (1991:113) noem dat “in most nationalist discourses culture assumes a place of central importance”. In terme van Afrikanerkultuur noem sy drie beskouings wat outeurs se werkswyses

dikwels onderlê het, naamlik om 'n Afrikanergeskiedenis te skryf (volgens haar: “the invention of a history”), die “redefinition of everyday life”, en derdens die standaardisering, organiserings en bevordering van die Afrikaanse taal.

My eie navorsing oor vroeë Afrikaanse dramas steun Kruger se opmerkings hierbo, soos gesien in die kort bespreking van J.R.L. (Kleinjan) van Bruggen se dramas hieronder.

Terselfdertyd kan daar volgens Kruger ook 'n duidelike verband gelê word tussen die opstuwings van Afrikanernasionalisme en die ontwikkeling van die konsep van die sogenaamde ideale volksmoeder. Volgens Kruger (1991) is hierdie verband reeds in 1918 geartikuleer, terwyl die opening van die Vrouemonument en die vroueoptog van 1915 as aanloop tot hierdie verwikkeling gesien kan word. Die Vrouemonument, wat opgerig is om die heldhaftige rol te herdenk wat Afrikanervroue tydens die Anglo-Boereoorlog gespeel het, het heelwat materiaal verskaf vir die konstruksie van die volksmoederdiskoers.

Terwyl daar reeds vroeër tekens was van die ontstaan van 'n feministiese beweging in Suid-Afrika, naamlik die vestiging van streeksorganisasies van die “suffragettes” in Durban (1902) en Oos-Londen (1911), wat hulle beywer het vir stemreg vir vroue, was hierdie organisasies oorwegend Engels georiënteer. Volgens Kruger (1991:184) was die Afrikaanse vroue nie slegs apaties ten opsigte van die kwessie van stemreg vir vroue nie, maar het die volksmoederdiskoers in der waarheid juis in reaksie op hierdie feministiese beweging ontstaan:

While Afrikaans women never supported feminism on a large scale, at least the intellectuals ... were exposed to it ... and thus the discourse of feminism formed part of the context in which the *volksmoeder* discourse was constructed. In many ways ... the *volksmoeder* discourse was constructed as an alternative to the feminist discourse.

Die eerste sistematiese artikulasie van hierdie diskoers kan gevind word in ds. Willem Postma (skuilnaam dr. O'kulis) se boek: *Die Boervrou, Moeder van haar volk* (1918). Die rol van moederskap as 'n natuurlike, Godgegewe rol bepaal volgens hom die identiteit en rol van die vrou. Ter versterking van sy argument haal hy vrylik uit die Bybel aan om vroue te oortuig dat dit hierdie rol (moederskap) is wat hulle primêre rol is in die lewe.

Kruger (1991:205) wys op die wyer interpretasie wat die konsep van moederskap (“mothering”) inhou:

Mothering in the *volksmoeder* discourse was not only related to the bearing and rearing of children. As one of the central concepts of the *volksmoeder* discourse, it called up a whole set of other concepts while excluding a whole range of others. Not only was mothering associated with the functions of bearing, nurturing, caring for and educating children, it also invoked concepts like home, household and husband, or in other words, the nuclear family while it excluded any action or work in the public sphere, it was strongly related to the invented nation community. In the context of the *volksmoeder* discourse mothering also implied a certain ethnic identity and thus set up ethnic boundaries as well. In fact, if mothering was the first central concept in the *volksmoeder* discourse, the nation or the *volk* was the second one.

Terwyl die *volk* in *volksmoeder* vir Kruger (1991:233) dui op 'n positiewe kommunale identiteit, wys sy terselfdertyd uit dat hierdie konsep ook 'n etniese begrensing (m.a.w. uitsluiting) impliseer. Eric Stockenström se werk *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Volk* (1921:8) verskaf 'n oorsig van die geskiedenis van Hollands-Afrikaanse vroue vanaf 1568 tot 1918 en stel dat “Voortrekkervroue baie bewus was van hulle roeping as Volksmoeders; om bekend te staan as die moeders van die toekomstige volk.”

In hierdie vroeë publikasies (Postma, Stockenström, e.a.) word die deugde van die volksmoeder dikwels gelys; sy is byvoorbeeld beskeie, onbaatsugtig, vriendelik, vrygewig, vredeliewend, hardwerkend, ens. Dit is egter veral twee kenmerke wat deur hierdie skrywers beklemtoon word, naamlik *dapperheid* (hulle is volksheldinne), asook die feit dat hulle die volk se *rasse-identiteit en -reinheid* moet beskerm.

Die ideale Afrikanervrou van daardie tyd was so gerig op haar kinders en die volk, dat Kruger (1991:208) Postma se ideale vrou selfs omskryf as 'n martelaarsfiguur:

Postma's ideal Afrikaner woman was a silent sufferer for *volk*, husband and children – as mother she was a martyr.

Dit is interessant dat die idee van lyding so dikwels ter sprake kom in hierdie geskrifte: Die vrou se swaarkry tydens die Groot Trek en veral die Anglo-Boereoorlog word telkens uitgelig om as inspirasie te dien vir die volk. Veral historiese figure, soos Magrita Prinsloo en Magdalena Retief (née de Wet), word vereer as volksheldinne en dit verklaar ook hoekom dramas oor hulle so gewild was by volksfeeste (veral Geloftefeeste).

Volksfeeste, die Voortrekkereuefees en kulturele aktiwiteite rondom 1938

Die Groot Trek se 1938-herdenkingsfeeste was van 'n besondere omvang en het aanleiding gegee tot heelwat kulturele aktiwiteite (onder andere opvoerings, historiese tablo's, voordragte, koorsang). In P.H. Kapp se *Ons volksfeeste* (1975:44-45) verbind die skrywer direk die "politieke invloed" wat Afrikaanse volksfeeste uitgeoefen het met die feit dat hulle as "'n weerspieëling van die politieke toestande" van daardie jare gesien is:

Dit vloei uit die feit dat "politiek" en "kultuur" vir die Afrikaner ten nouste verweef is omdat sy volksideale of volkstrewe, soos op volksfeeste geformuleer en vertolk, op politieke gebied tot praktiese uitdrukking moes kom ... Byna alle Afrikaanse volksfeeste is ingrypend deur die historiese fees, en veral die Geloftefees, beïnvloed omdat [die] Geloftefees as die oudste en bes gevestigde historiese fees bewys het hoe volksfeeste 'n belangrike rol in die volkslewe kan vervul. As ons die waarde, betekenis en doel van die historiese feeste, en by implikasie die meeste Afrikaanse volksfeeste moet saamvat, dan kan ons verklaar dat hierdie Afrikaanse volksfeeste die Afrikaner se wil om homself te wees, moes versterk.

P.H. Kapp se omvattende studie van *Ons volksfeeste* is in 1975 gepubliseer as deel van 'n reeks publikasies onder redakteurskap van Pieter W. Grobbelaar getitel, *Die Afrikaner en sy kultuur*. Terwyl daar tientalle studies beskikbaar is oor die ontstaan van die konsepte van Afrikaner en Afrikanernasionalisme deur bekende Suid-Afrikaanse historici (onder andere Giliomee se welbekende studie, *Die Afrikaner: 'n Biografie*), is daar relatief min studies beskikbaar wat die rol van kultuur binne die era van Afrikanernasionalisme bespreek. Vir 'n teaterhistorikus geïnteresseerd in juis hierdie verband wanneer 'n ou drama, soos *Magdalena Retief*, bespreek word, is Kapp se skrywe oor die gebruik van toneelopvoerings by hierdie feeste van besondere belang. So bespreek Kapp (1975:80-81) hoe

Geloftefeeste 'n geleentheid vir toneelbeoefening gebied [het], hetsy by wyse van toneelopvoerings of by wyse van historiese voorstellings [...] Die toneelstukke moes by die aard van die fees pas. Daarom was toneelstukke met die geskiedenis, veral die geskiedenis van stryd en lyding, by name die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, baie

gewild omdat dit die mense aangryp het en dikwels op 'n meer ontroerende wyse as enige toespraak tot hulle gespreek het.

Stukke wat volgens hom gewild was in hierdie tydperk was onder meer S.J. Du Toit se *Magrita Prinsloo* (1896/7), C.J. Langenhoven se *Hoop van Suid-Afrika* (1921), *Die vrou van Suid-Afrika* (1915) en *Die pad van Suid-Afrika* (1921); mev. M.M. Jansen se *Afrikanerharte* (1914), en Jan Celliers se *Liefde en plig* (1909) en *Heldinne van die oorlog* (in 1913 voltooi vir die onthulling van die Vrouemonument; gepubliseer in 1924). Kapp beklemtoon later in sy bespreking (1975:83) weer die besondere rol wat toneelopvoerings speel om die Afrikaanse taal en kultuur uit te bou:

Die aanbieding van Afrikaanse musiek- en toneelopvoerings tydens die feeste het aan Afrikaans 'n stewige houvas onder die feesgangers besorg en ook 'n bydrae gelewer tot die erkenning van Afrikaans as landstaal.

Opvallend in talle van die dramatiese uitbeeldings (soms slegs dramatiese tablo's, maar dikwels ook hele dramas, byvoorbeeld S.J. du Toit se *Magrita Prinsloo*,² (1896), is die prominente plek wat aan die uitbeelding van die Voortrekkerleier Piet Retief se lewe gewy is (veral die dramatiese gebeure rondom Dingaan en die Slag van Bloedrivier).

Gustav Preller se biografie *Piet Retief: Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker* wat in 1906 verskyn en agt herdrukke beleef het, het veral tydens die Groot Trek se eeufesvieringe tot groot verering van hierdie volksheld gelei.

Binge (1969:36) verbind Preller se publikasie ook aan verskeie dramas wat oor Retief verskyn het in hierdie tyd:

As deel van die uitvoering van die meer algemene nasionale strewe van die A.T.G. [Afrikaanse Taalgenootskap] kan ook gesien word die verskyning van Preller se biografie, *Piet Retief* (1906), 'n werk wat in hierdie tyd groot aandag trek en dankbaar as boustof deur toneelskrywers soos Langenhoven en Celliers aangegryp word.

Hoewel Magdalena Retief dikwels genoem word in hierdie dramas, is sy meestal net uitgebeeld as 'n randfiguur en was die fokus heel duidelik op haar man gevestig.

In J.R.L. (Kleinjan) van Bruggen se *Vooraand* (1934),³ wat die geskiedenis wat in *Bakens* (1939) uitgebeeld word vooraf gaan, noem hy ook dat Pieter Retief⁴ die “sentrale figuur” in

² Volgens Binge (1969:25): “Die grootste Afrikaanse opvoering, sover bekend, voor 1900 was die voorstelling van die eerste gedrukte Afrikaanse toneelstuk, ds. S. J. Du Toit se *Magrita Prinsloo; of Liefde getrou tot in die dood*, wat by geleentheid van die Tweede Afrikaanse Taalkongres van 27 en 28 Januarie 1897 in die Paarlse stadsaal, met afgevaardigdes na die kongres as spelers, plaasgevind het.” Let op dat die spelling van *Magrita Prinsloo* ook soms as *Magrita Prinsloo* deur outeurs gegee word. Die ouer vorm (Prinsloo) is deur S.J. du Toit in 1897 gebruik, terwyl die verwerking van die drama later deur S.P.E. Boshoff in 1917 na *Prinsloo* verwys.

³ In “'n Paar woorde vooraf” skryf Van Bruggen in *Die Vooraand: 'n Historiese drama in drie bedrywe* (1934) die volgende: “Hierdie drama het sy ontstaan te danke aan die ooreenkoms wat die skrywer oorspronklik getref het met die Redaksie van *Die Brandwag*, om die Groot Trek in 'n reeks een-bedrywe te dramatiseer. Die lig het natuurlik onmiddellik geval op die sentrale figuur van Pieter Retief. In sy behandeling van hierdie karakter het *Die Vooraand* gegroei tot afsonderlike drama, maar die skrywer wil tog graag dat dit as deel van die reeks ander dramatiserings, wat afsonderlik onder die titel “*Bakens*” verskyn, beskou word.”

⁴ Van Bruggen verwys deurgaans in sy dramas na Pieter Retief (sy doopname was Pieter Maurits), terwyl die meeste outeurs hom net Piet noem. In *Magdalena Retief* word hy soms as Piet aangespreek, maar Magdalena noem hom meestal Pieter.

hierdie dramas is. Magdalena het wel 'n hele aantal spreekbeurte in *Vooraand*. Sy word as volg omskryf in die Persone:

MAGDALENA JOHANNA RETIEF (gebore DE WET):

Vrou van Pieter Retief, weduwee van Jan Greyling. Ouderdom 54 jaar.

In hierdie drama word 'n gebeurtenis uitgebeeld wat kort voor die Groot Trek plaasgevind het. Magdalena verskil in die Tweede Bedryf (1934:35-38) heftig van haar man oor die lot van 'n medeburger wat skuld erken het aan die moord op 'n swart man. As Retief in die Derde Bedryf sy uitspraak as veldkomentant vir haar verduidelik waarom hy die burger se doodsvonnis onderteken het en haar pleidooie dus afwys (56-58), aanvaar sy die besluit. Haar fisiese plasing tydens hierdie gesprek word in die volgende toneelaanwysing omskryf:

Mev. R (*Kom na haar man toe. Sit op 'n lae stoeltjie langs hom. Hy streel haar hare*).

Op fisiese, visuele wyse word Magdalena se onderdanigheid aan haar man se wil dus uitgebeeld. In sy opvolgende werk, *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek* (1939)⁵ (waarin 'n chronologiese weergawe gegee word van die aanvang van die Groot Trek tot ten slotte die Bloedriviergelofte), beklemtoon Van Bruggen eintlik net die groot rol wat Piet Retief in hierdie geskiedenis gespeel het. Magdalena se rol is hoofsaaklik net dié van 'n ondersteunende gade vir haar man. In die sesde eenbedryf (79-92) bespreek Piet Retief sy manifes (waarin redes vir die Trek gegee word) en het Magdalena geen spreekbeurt nie, hoewel sy telkens deur Retief as "liewe vrou", en "moeder" betitel word. Ook in die volgende vier eenbedrywe (Nommer 7: *Retief by Vetrivier*; Nommer 8: *Retief in Port Natal*; Nommer 9: *Retief en Dinga* (eerste bedryf); Nommer 10: *Retief en Dinga* (tweede bedryf) is Piet Retief die hoofkarakter binne al die dramatiese gebeure en is Magdalena (nou eenkeer Johanna deur hom genoem) in die sewende eenbedryf slegs een keer aan die woord:

Retief: Hoe lyk dit met koffie, ou-vrou.

Mev Retief: (*wat gedurende die beraadslagings oor en weer by die skerm sigbaar was*): Die water kook, Pieter. (105)

Van Bruggen het *Bakens* spesifiek geskryf vir die 1938-herdenking van die Groot Trek – een van talle werke wat in hierdie tydperk ontstaan het. Die Voortrekkereëufees van 1938 was volgens talle bronne 'n fees van ongekeende omvang en betekenis vir die Afrikaners van daardie tydperk.⁶ Kapp (1975:91) beskryf dit soos volg:

⁵ Van Bruggen se *Bakens* bestaan uit 13 eenbedrywe: (1) *Bethelsdorp*, (2) *Die weduwee van Lange Kloof*, (3) *Slagtersnek* (eerste bedryf), *Slagtersnek* (tweede bedryf), (5) *Liebenbergskop*, (6) *Die laaste aand*, (7) *Retief by Vetrivier*, (8) *Retief in Port Natal*, (9) *Retief en Dinga* (eerste bedryf), *Retief en Dinga* (tweede bedryf), (11) *Die moord by Bloukrans*, (12) *Moeilike tye*, (13) *Bloedrivier*.

⁶ Verskeie historici (veral Giliomee in sy seminale werk *Die Afrikaners: 'n Biografie*) bespreek uitvoerig watter idees en temas met die ideologie van Afrikanernasionalisme verband hou. Verskeie historiese gebeure, onder andere die Groot Trek en die Slag van Bloedrivier, asook die Anglo-Boereoorlog is al omvattend bespreek om die opkoms en groei van Afrikanernasionalisme tydens die 1930's te verklaar. Ook Praeg (1992:63-64) bespreek die uitverkorevolkidee (die Afrikaners soos die Israeliete van ouds). Hy bespreek ook die rol wat sekere ouer Afrikaanse literêre tekste (veral dié van S.J. du Toit) gespeel het om die idees rondom Afrikanernasionalisme in die algemene volksbewussyn te vestig en uit te bou.

Die Voortrekkereeufoes van 1938 het 'n ontsaglike invloed op die lewe van die Afrikaner uitgeoefen. Dit het onder meer die wyse van feesvier en die belangstelling in die feeste kragdadig geraak. In die jare ná 1938 is volksfeeste, en by name Geloftefees, deur feitlik elke Afrikaanse gemeenskap in Afrika of die buiteland gevier.

Hierdie feeste (volgens Kapp deur “duisende mense” bygewoon), het 'n groot rol gespeel in die opkoms van Afrikanernasionalisme.

Van Bruggen het met sy dramas ook 'n bepaalde teikengehoor in gedagte gehad, naamlik die Afrikanerjeug. Hierdie doelwit stel hy heel eksplisiet in die “Ter Kennismaking” wat die 13 eenbedrywe vooraf gaan:

Wat met hierdie uitgawe beoog word is in die eerste plek om as hulpmiddel te dien by die onderwys van geskiedenis in ons skole, en in die tweede plek, om as geskikte materiaal gebruik kan word vir konserte, funksies, ens., wat deur Kultuurverenigings georganiseer word.

Kleinjan van Bruggen het in 1922 'n doktorsgraad in opvoedkunde aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam behaal en was eers onderwyser in Afrikaans by Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg voordat hy lank dosent was by die Potchefstroomse onderwyskollege. Hy beywer hom met hierdie dramas om veral vir jong leerders die geskiedenis van die Afrikaner deur middel van dramatiese voorstellings lewendig te maak en om ook die Afrikaner se kultuur uit te bou. Volgens Kapp is sy werke gereeld by Geloftefeeste opgevoer, terwyl van die eenbedrywe ook by verskeie Groot Trek-herdenkingsfeeste opgevoer is.⁷

Terwyl die meeste bronne N.P. van Wyk Louw se *Die dieper reg* (1939) beskou as die bekendste dramatiese werk wat geassosieer word met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te Pretoria in 1938, noem Kapp (1975:81) dat ook Uys Krige se *Magdalena Retief* (1938/9) baie gewild was by feesgangers.

***Magdalena Retief* (1938/9) deur Uys Krige: 'n historiese drama**

Uys Krige skryf *Magdalena Retief* tydens die 1938-eeufoesviering van die Groot Trek en word ook meegesleur deur die groot opswelling van Afrikanernasionalisme van hierdie jare.⁸ Volgens Rob Antonissen in *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1965:265) het hierdie viering direk aanleiding gegee tot die ontstaan van die drama:

In die kader van die Voortrekker-eeufoes publiseer Krige – soos ook Van Wyk-Louw – sy eerste drama, tewens neerslag van 'n nasionaal-republikeinse gesindheid ... *Magdalena Retief* (1938) simboliseer hoofepisodes uit die wordingsjare van 'n volk in hoofmomente uit die lewensgang van 'n mens.

G. Dekker, in sy werk *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (1958:358), verskaf die volgende positiewe opsomming en evaluering van hierdie drama:

⁷ Vir 'n vollediger bespreking van Kleinjan van Bruggen se bydrae in hierdie verband, sien Keuris (2013).

⁸ Kannemeyer (2002:268): “Deur die groot Ossewatrek dwarsdeur die land ter viering van die Voortrekkereeufoes en die hoeksteenlegging van die monument in 1938 word Uys so meegevoer dat hy net soos talle konserwatiewe Afrikaners 'n baard kweek en in 'n ferweelpak vir die vieringe rondloop!”

Sy eerste poging op hierdie gebied is *Magdalena Retief*, nie 'n heggeboude drama nie maar 'n "toneelstuk in ag tonele en epiloog", episodes uit die voorgeskiedenis en verloop van die Groot Trek vanaf 1798-1852, met as bindende faktor die heldin. Die sterk nasionaal-romantiese stuk is eintlik meer epies as dramaties, hoewel dit geslaagde dramatiese momente bevat (veral die vierde toneel) en 'n vooruitgang is op wat tot dusver in hierdie genre gelewer was.

Terwyl daar uiteraard geen gebonde handeling – trouens baie min "aksie" – en geen kontinuïteit in die byfigure is nie, word die agt taferele en epiloog van hierdie hooggestemde kroniekspeel behoorlik saamgebind deur die persoon van Magdalena. Deur suiwerheid van visie, menslikheid en smaakvolle dosering van realisme en liriese verheffing bring *Magdalena Retief* die Afrikaanse historiespel ineens en onverwags op 'n hoër niveau.

Hy plaas Uys Krige se *Magdalena Retief* in die korpus van Afrikaanse historiespele/historiese dramas (341-342), maar beklemtoon ook in bogenoemde kort evaluering dat dit die uitbeelding van die "persoon van Magdalena" is in hierdie drama wat die "Afrikaanse historiespel" op 'n hoër vlak plaas.

Soos Dekker is Kannemeyer (2002:267) ook getref deur die persona van Magdalena Retief:⁹

Sentraal staan die hooffiguur, wat in haar intieme huislikheid en vrouwees voortdurend bedreig word deur gebeure waaroor sy geen beheer het nie. En hoewel die epiese konsepsie van die stuk meebring dat van die karakters dikwels by die aanvang van 'n nuwe tafereel hinderlike inligting moet verstrekk, is daar iets aangrypends in die wyse waarop Krige die hoofkarakter se lewe stuksgewys voor ons laat ontvou. Wat 'n mens van die stuk bybly, is die hele atmosfeer, stemming en intieme lewe van die hoofkarakter.

Uys Krige se historiese drama gee in agt tonele die lewensverloop van **Magdalena Johanna Retief (1782-1855)** weer (vanaf haar sestiende tot sewentigste jaar). Die drama sluit af met 'n epiloog. Die lewensverhaal van Magdalena Johanna de Wet (moontlik gebore in die Stellenbosch-distrik) is 'n interessante een wat gekenmerk word deur groot hartseer en ontbering, maar ook getuig van die karakter van 'n besonder sterk en uitsonderlike vrou. Sy was twee keer getroud. Op 16-jarige ouderdom trou sy met **Jan Christoffel Greyling (1779-1811)** en het nege kinders by hom. Hy sterf tydens 'n militêre ekspedisie op die oosgrens van die destydse Kaapkolonie. Sy was 28 jaar oud met sy afsterwe en trou twee jaar later met **Piet(er) Retief (1780-1838)** by wie sy ses kinders het. Die brief wat sy op 7 Julie 1840 aan haar broers en suster wat in die kolonie van Port Natal skryf, lys die afsterwe van beide haar mans, asook tien van die kinders wat sy by albei mans gehad het ("van my kinders nog vyf" oor).

In die bespreking wat volg, is die invalshoek op 'n *analise* van die agt tonele en epiloog waaruit die drama bestaan, om die leser vertrouwd te maak met die karakter van Magdalena Retief soos uitgebeeld in Uys Krige se drama. Telkens is gepoog om hoofaspekte van hierdie (dikwels heel lang) tonele te gee wat bepaalde aspekte van Magdalena se persoonlikheid op

⁹ Die bekende Afrikaanse outeur Jeanette Ferreira se *Bloedlelie* (2019) skep vanuit 'n kontemporêre perspektief 'n verhaal waarin Magdalena Retief as 'n historiese figuur die spilpunt vorm. Dit is duidelik dat Ferreira heelwat navorsing oor Magdalena gedoen het (sien Outeursantekeninge aan einde van die boek, bl: 302-306), en lys heelwat bronne wat ook die geskiedenis van daardie tydperk boekstaaf. Sy verskaf ook 'n afdruk van 'n foto van Magdalena wat ongeveer in 1852 geneem is en tans in die Potchefstroom-museum gevind kan word.

die voorgrond plaas (onder andere haar wysheid, sorgsaamheid, gelowigheid, ens.). Hierdie karakters trekke sal in die opvolgende bespreking van die Afrikanervolksmoeder-konsep weer ter sprake kom.

Die agt tonele gee die hooftrekke van Magdalena se lewe as volg weer:

TONEEL 1: 1798, Graaff-Reinet. Magdalena de Wet ('n meisie van ongeveer 16 jaar) woon 'n gesellige kuier van jongmense by en word deur Jan Greyling gevra om met hom te trou. Die toneel eindig op 'n vrolike noot wanneer sy instem.

TONEEL 2: Einde van 1813 op Tygerkloof, 'n grensplaas. Die toneel begin met 'n gesprek tussen Sannie Maritz (later Smit) en Mina ("n Bataafse slavin") waar hulle gesels oor die aand toe hulle die skoknuus ontvang het van die moord op Jan Greyling. Magdalena se innerlike krag spreek uit die volgende beskrywing:

MINA: Toe ek die volgende môre vroeg op die werf kom, is die nooi lankal op en sy staan daar onder in die kloof en kyk hoe Fortuin en Klaas en Peres die damwal wat weggespoel het, weer opbou. 'n Paar maal as hulle te stadig werk na haar sin, tel nooi Lenie self 'n sooi op en die sweet staan in sulke korrels teen haar gesig. (25)

Magdalena se drie oudste seuns by Jan Greyling (Abraham, Piet en Jan) word uitgebeeld as lewenslustige jong tieners, wat almal met groot bewondering praat van oom Piet Retief as hy opdaag vir 'n besoek. Hoewel sy ook nog drie jonger kinders het (in totaal dus ses), terwyl Retief op 32 jaar nog ongetroud is, vra hy haar vroeg ná sy aankoms om met hom te trou:

RETIEF: Lenie, jy en ek ken mekaar al van kindsbeen af. Toe jy nog so 'n opgeskote ou meisietjie was, het ek baie van jou gehou en jou in stilte bewonder (...) Al die jare wat tussen-in lê, maak geen onderskeid nie. (31)

As sy na haarself verwys as "'n ou vrou wie die lewe nie alte sagkens behandel het nie" (31), antwoord Retief as volg:

RETIEF (*wat albei haar hande in syne vat*): Jy 'n ou vrou, Lenie, hoe kan jy so praat? Jy lyk my vandag nog jonger as toe ek jou laas op Graaff-Reinet ontmoet het! (32)

TONEEL 3: Einde Februarie 1824, Pieter Retief se woonhuis in Grahamstad. "Magdalena Retief tans 'n vrou van ongeveer 40 jaar" (37).

Uit gesprekke met haar een seun (Abraham) en later ook met haar man, blyk dit dat hulle bankrot is en alles op vendusie sal moet verkoop. In Retief se spreekbeurt ná hy hierdie slegte nuus met haar gedeel het, gee hy opsommend weer hoe moeilik die laaste agt jaar – veral vir Magdalena – was:

RETIEF: (...) Hierdie ou huis, met die loop van die jare het ons hom liefgekry. Onthou jy nog hoe treurig jy op Mooimeisiesfontein geword het met die dood van ons eerste twee kindertjies? En toe kom die vreeslike tyding dat Jan net soos sy vader, Jan Greyling, deur die Kaffers¹⁰ vermoor is. Toe besluit ons ons sal maar liewers op die dorp gaan woon.

MAGD. (*wat nou ook opgegaan het in 'n sfeer vol soete herinnerings*): En hier is ons drie kinders gebore en het hulle gesond groot geword met die genade van die Here (...)

¹⁰ Hoewel hierdie woord vandag as uiters rassisties beskou word, is dit in daardie jare algemeen gebruik sonder die konnotasies wat vandag aan hierdie benaming geheg word.

Ook in die dorp was hulle egter nie altyd veilig teen aanvalle nie en Retief verwys na 'n aanval van 1819 in Grahamstad waar ook Magdalena moes veg om hulle huis te beskerm:

RETIEF: (...) Soos wilde diere het hulle hier in die strate tekere gegaan (...) Onthou jy hoe ons die sandsakke teen die vensters opgestapel het? Jy het vir my gelaai en toe ek moeg was, het jyself geskiet. Vanaand nog toe ek inkom, het ek die assegaasteke in die voordeur gesien. (42)

Terwyl Retief in hierdie toneel al hoe meer swaarmoedig raak oor hulle bankrotskap, bly Magdalena ondersteunend en versoek hom om Psalm 65 vers 9 te lees waarin die oorfloed besing word wat God skenk ("water", "koring", "goedheid"). Met hierdie geloofshandeling versterk sy Retief se gemoed en demonstreer haar eie morele krag tydens 'n krisis.

TONEEL 4: September 1836, plaas van die Retiefs in die Winterberg-distrik

In hierdie lang toneel (21 bladsye) word die sterk persoonlikheid van Magdalena op die voorgrond geplaas deur twee insidente. Eerstens haar kalm hantering van haar swanger dogter, Debora, se ineenstorting wanneer sy in 'n skynbaar profetiese en histeriese toestand die aanval van Zulu-krygers op 'n treklaer aan haar moeder beskryf.

DEBORA (*sonder om haar oë oop te maak, in 'n dowwe stem*):

Ma ... is Ma daar?

MAGDALENA: (sag): Ja, my kind ...

DEBORA (*rusteloos soos 'n siek kind wat, half aan die slaap, nog om iets smeek*): Ma, ons gaan nie trek nie, gaan ons, Ma?

MAGDALENA: Nee, my kind ... (52)

Ten einde Debora tot bedaring te bring, antwoord Magdalena vier keer na mekaar dat hulle nie gaan trek nie.

As Retief en van sy kommandoede terugkeer van nog 'n grensaanval, spreek hy in die voorkamer van die huis hierdie mans toe en stel dat hulle geen ander keuse het as om wel te trek nie. In die slot verskyn Magdalena tussen die mans:

MAGDALENA (*wat verskyn en op die drumpel van die oop deur links te staan gekom het*): O, julle wil trek, nè?

RETIEF (*langsaam*): Ja, Magdalena, ons wil trek. Wat dink jy daarvan?

MAGDALENA (*kalm*): Hoe't jy nou weer gesê, Pieter, wat was die syfers wat jy nou die dag in jou verslag aan die Luitenant-Goewerneur aangegee het? 450 woonhuise verbrand, 350 opstalle leeggeplunder en omtrent 300,000 van ons vee geroof ... Natuurlik gaan ons trek ... (62)

Interessant dus die jukstaposisie wat Krige bewerkstellig in hierdie toneel tussen Magdalena as vertroostende moeder versus Magdalena as ondersteunende vrou. In albei uitbeeldings word haar handeling as kalm en doelgerig geteken. Mens besef terugskouend dat sy Debora nie die waarheid vertel het nie, aangesien sy haar moontlik nie verder wou ontstel nie. Die slot eindig dus nie net met die beeld van 'n sterk vrou nie, maar ook met dramatiese verwagtinge: hoe sal Debora op hierdie nuus reageer en hoe profeties is die visioen wat sy in die vuur gesien het?

TONEEL 5: Einde Oktober 1837, Retief se laer aan die voet van die Drakensberge

Hierdie toneel speel af in die Retief-laer waar almal (Magdalena en veral Debora) al hoe meer onrustig raak, terwyl hulle wag op Retief en sy manne se terugkeer van hulle eerste besoek

aan Dingaan. Ook in hierdie toneel blyk die sterk persoonlikheid van Magdalena as sy deurgaans rustig almal om haar probeer moed inpraat.

TONEEL 6: Aand van 24 Januarie 1838, laer by Doringkop

Die toneel speel af die aand voor Retief en sy 76 manskappe na Dingaan se stat vertrek. Terwyl die gesprekke oor die naderende besoek handel, vertel Eerwaarde Erasmus Smit vir die jong seuns van 'n gebeurtenis waar Napoleon deur 'n generaal Pichegru verraaï is en die generaal daarna dood in sy tronksel gekry is. Pietman Retief (jong seun van Magdalena en Retief) verklaar na hierdie vertelling:

PIETMAN (*wat nog altyd aan Pichegru dink*): Dis goed so, 'n verraaier moet swaar gestraf word – so't my pa ook gesê. (89)

Die toneel eindig met die vertrek van die mans vroegoggend en Magdalena wat sorgsaam proviand inpak vir Piet Retief en haar twee seuns wat hom vergesel (die ouer Abraham, haar seun by Jan Greyling, en die jonger Pietman, haar seun by Piet Retief). Vir alle toeskouers wat die verhaal van die uiteindelijke dood van Retief, sy manskappe en hierdie twee seuns ken, is Retief se laaste woorde aan Magdalena vol dramatiese ironie:

MAGDALENA: (*wat haar arms nog altyd om sy skouers het, skielik in 'n beangste stem*): Maar, Pieter, jou roer man! Waar's jou roer?

RETIEF: Lenie jy weet mos goed ek dra nooit 'n wapen op my lyf nie ...

MAGDALENA (*kalm*): O ja, natuurlik ... Wat makeer my, ek het vergeet ... (*Weer effens onrustig*) Maar, Pieter, jy moet tog nie vir Dingaan alte veel vertrou nie ...

RETIEF (*glimlaggend*): Ag, Dingaan, ek ken hom ... Sy hart is goed ... Magdalena ... (93)

TONEEL 7: Vrydagaand 16 Februarie 1838, Retief-laer

Hierdie toneel begin met gesprekke onder die Trekkers oor hoekom Piet Retief en sy manskappe nog nie terug is nie. Terwyl die onrus in die laer groei, bly Magdalena kalm en probeer ook haar dogter Debora troos, wat al hoe meer beangs word. Die onverwagse aankoms van 'n bebloede trekker met nuus dat al die laers aangeval word, asook dat Retief en sy manskappe reeds uitgemoor is, word dramaties uitgebeeld. Steeds is Magdalena die spilfiguur in hierdie toneel wat hulp verleen aan die gewonde, maar ook die krygers in die laer oproep tot handeling:

DANIEL (*skreeuend in 'n skorre stem*): Piet, Bêrend, Lukas! In Godsnaam word wakker! Die Zoeloes is hier! Hul's op ons! En hulle moor so ver hulle gaan! (*Hy val weer. MAGDALENA snel na hom toe.*) Tant Lenie bietjie water ... (*Flouer*) Bietjie water, asseblief ... ek kan nie meer nie ...

(MAGDALENA *gryp 'n leerfles wat teen die wa hang, buk oor DANIEL waar hy half op sy sy lê en druk tuit van fles in sy mond* ...

[...]

(*In elke watent is daar nou 'n lig. DANIEL het weer geval. MAGDALENA het sy kop in haar arms, vee die bloed van sy gesig af met 'n wit doek wat sy uit haar sak gepluk het. Slegs iets in haar houding en gejaagde bewegings verraaï haar ang en ontsetting.*)

DANIEL (*dof*): Almal is dood, Vader, Moeder, my broers, susters, vrou ... Sterwend het sy ons babetjie in my hande gestop. Toe hardloop ek deur die Zoeloes – 'n lang ent – toe huil die kind – die Zoeloes steek na my in die donker. Toe ek weer kyk, is ons kind dood. Onder 'n doringboom 't ek hom neergesit ...

(*Die laer is in rep en roer. PIET, BÊREND en LUKAS kom laer binnegestorm, elkeen met roer in hand. [...]* Daar is drie burgers by hulle. MINA kom ingehardloop met twee

lanterns. Die een maak sy aan sweepstok vas, die ander sit sy naby MAGDALENA neer.)
MAGDALENA (*met vaste stem*): Piet, die Zoeloes is op ons! (105)

Hierdie dramatiese toneel eindig ook met 'n dramatiese kontras: terwyl die burgers rondhard-loop om die laer gereeld te maak vir die aanval, bly Magdalena alleen op die verhoog agter:

Terwyl die luidste sarsie dusver weerklink, val MAGDALENA op haar knieë. As sy met gevoude hande bid, verdof die sterre, word dit langsamerhand ligter om haar, is daar 'n stilte in en om laer self, val daar slegs verweg dowwe skote. (107)

Terwyl Magdalena 'n hartroerende gebed uiter, eindig die toneel. Ook in hierdie toneel is dit die kalme krag en vroomheid van karakter wat uit Magdalena straal wat deurspoel na almal in die laer.

TONEEL AGT: Middel Oktober 1838, Retief-laer aan Boesmansrand

In hierdie toneel skets twee van Magdalena se seuns by Jan Greyling, Piet en Bêrend, 'n somber prentjie van die laer se toestand: baie mense doodgemaak deur die aanvalle, talle kinders oorlede aan verskeie siektes, kosvoorrade wat amper op is en aanhoudende reën wat telkens hulle gesaaides verspoel. Hoewel Magdalena aandagtig luister en saamstem met die lang lys van ellendes, raak sy algaande al hoe kwater vir haar seuns as hulle voorstel dat die trek moet omdraai en teruggaan na die Kolonie.

BÊREND (*met nadruk*): Ek sê Ma reguit, ek dink ons plig is om na die Kolonie terug te gaan.

(*'n Pouse. MAGDALENA draai haar stadig om na PIET.*)

MAGDALENA: En wat dink jy Piet, is ons plig?

PIET (*stadig sonder om haar in die gesig te kyk*): Ek stem saam met Bêrend, Ma ...

MAGDALENA: So eindelijk ... maar ek het dit sien kom ... (*Driftig*) Maar ek, jul ma, sê vir julle ons plig is hier, hier en nêrens elders – hier op hierdie grond wat ons met soveel kosbare bloed gekoop het! Hier, ja hier gaan ons bly, verstaan julle, om voort te gaan op die pad wat ons vir ons gekies het, om klaar te maak met wat ons begin het! (118)

Terwyl die twee broers steeds bly verskil van haar en moedeloos voel oor hulle situasie, is dit opvallend dat Magdalena se gewoonlik kalme persoonlikheid nou toenemend verander in een waarin 'n diepe woede opbou:

BÊREND: Maar, Ma, dit kan nie nou anders nie. (PIET *skud net sy kop terwyl hy na grond staar.* MAGDALENA *kyk hulle albei 'n oomblik sprakeloos aan. Daar kom nou iets straks en gespanne in haar houding wat aandui hoe langsamerhand 'n woede in haar groei.*)

MAGDALENA (*met 'n sterk poging om haar te beheer*): Dingaan moet gestraf word, vernietig word, sy mag gebreek word sodat ons almal, Boere, Engelse en Zoeloes, hier in vrede met mekaar kan lewe. (*Langsaam met klem*) Dit is ons plig, dit is ons taak! (118)

As haar twee seuns steeds van haar verskil en stel dat hulle nie nou die moed het om Dingaan aan te vat nie, reageer sy as volg:

MAGDALENA (*woedend*): Wat, nie die moed nie! Piet en Bêrend Greyling nie die moed nie! Dan is jul nie Jan Greyling se seuns nie! Dan is jul nie my seuns nie! En jul noem jul manne? Maar jul is nie manne nie! Jul's lamsakke, papbroeke. (119)

As hulle steeds van haar verskil en stel dat al die mans wil terugkeer, vra Magdalena haar dogter Debora om hulle te antwoord. Sy wys na al die grafte (haar eie man en kinders inkluus), voor sy ten slotte stel:

DEBORA: [...] Ons moet hier bly – al is dit net om hul ontwil.

MAGDALENA (stil): Ja, getrou wees, getrou aan húl verwagting, húl hoop, húl droom ... (120-121)

Die toneel wat geleidelik opgebou het tot 'n dramatiese konfrontasie tussen Magdalena en haar seuns, het nou afgeloop en die twee seuns stem uiteindelik saam met die twee vroue. Die tema van vergelding wat in Toneel 6 deur Pietman ingebring is (haar seun by Piet Retief wat self later deur Dingaan gedood is), is nou baie sterker deur Magdalena geformuleer.

Kort ná die afloop van hierdie konfrontasie met haar seuns is daar skielik 'n beroering in die kamp as 'n burger verskyn met die nuus dat Andries Pretorius opgedaag het met hulp:

EERSTE BURGER: [...] Dis Andries Pretoors self – aan die hoof van 'n groot trek, meestal mans! Hulle's tot die tande gewapen, het selfs 'n kanon! En hulle het voorrade, volop voorrade! ... En hulle sê Andries Pretoors wil hê ons moet onmiddellik voorbereidings begin tref vir 'n veldtog teen Dingaan ... (*Die eerste skote val in die laer. Almal luister, ore gespits. Aan alle kante word nou geskiet.*) Dis ons vreugdeskote! Die hele Boesmansrand gaan gek word van blydschap! Want ons verlossing is hier! Ons verlossing is hier!

Die toneel eindig weer met die fokus op Magdalena:

MAGDALENA: [...] (*Sy kyk weer uit oor laer sonder om haar hand bo haar oë te bring. Die hele toneel staan in 'n silwer glans.*)

MAGDALENA (*stil asof sy met haarself praat*): Dingaan ... valse hart ... nou sal ons sien ... nou sal ons sien ... (122)

Die toneel eindig met 'n kragtige tablo: Magdalena, omring van glans, wat as vergeldingsfiguur die morele sterkte van die Voortrekkervrou versinnebeeld.

Die toeskouer en leser weet dat die gebeure wat hierop volg (Pretorius wat die manskappe lei tot 'n oorwinning oor Dingaan by die Slag van Bloedrivier) Magdalena se woorde bewaarheid.

Uit bogenoemde kort omskrywings van die drama *Magdalena Retief* se agt tonele vind die leser in die persona van Magdalena Retief heelwat van die kenmerke van die volksmoederfiguur. Magdalena word deurgaans uitgebeeld as 'n moederfiguur uit wie daar 'n stille en sterk morele krag straal. Hierdie morele krag stel sy nie net ten toon in haar huislike kring wanneer sy haar man ondersteun, haar dogter vertroos of haar seuns betig nie, maar dit blyk ook uit die kalme leiding wat sy gee wanneer die laer aangeval word. Hierdie innerlike krag wat Magdalena uitstraal, verkry fisiese vergestaltung in die drama wanneer spesifieke beligtings- tegnieke in die didaskalia beskryf hoe haar figuur op dramatiese momente belig word.

EPILOOG: Magdalena se huisie te Potchefstroom omstreeks Julie 1852

Die drama eindig 14 jaar later. Magdalena (nou ongeveer 70 jaar oud) bly alleen saam met Mina onder armoedige omstandighede. Sy word besoek deur die skrywer en amptenaar Jacobus Stuart wat diep onder die indruk kom van haar innerlike trots ten spyte van die fisiese swaarkry waaraan sy duidelik blootgestel is. As hy vertrek, eindig die drama weer eens met die figuur van Magdalena afgeteken teen die groter ruimte om haar:

MAGDALENA: ... (*Sy kyk weer uit oor die dorp. Die son het ondergegaan. So staan sy, 'n regop, ongeboë figuur, skerp afgeteken teen die grys vlak van die venster.*) Kyk, daar

kleef nog 'n laaste stukkie sonlig aan die takke van die wilkerbome vas ... (*Sy trek die tjalie stywer om haar skouers.*) Hoe koud en kaal, maar hoe vas en sterk staan die wilkers nie in die winter nie ...

(Skerm sak stadig). (129)

In die vyfde, sesde en sewende verbeterde druk vind ons bogenoemde agt tonele en epiloog as die struktuur van die drama. Uys Krige het egter ook 'n **Byvoegsel** (131-136) ná die **Epiloog** ingevoeg. In die betrokke nota stel hy die volgende:

(In die huidige uitgawe het skrywer die agste toneel vervang deur 'n nuwe. Die ou toneel bevat die pragtige brief wat Magdalena Retief aan haar familie in die Kolonie geskryf het. Hierdie brief is nie denkbeeldig nie, maar outentiek. Toe skrywer dit vir die eerste maal in Gustav Preller se PIETER RETIEF lees is hy so daardeur getref dat hy onmiddellik besluit het om Magdalena as hoofpersoon te neem vir 'n stuk oor die Voortrekkers. Die oorspronklike toneel was as volg:)

Die “ou” agste toneel speel af in Pietermaritzburg, Julie 1840, terwyl Magdalena ongeveer 58 jaar oud was. Sy is in gesprek met haar seun, Piet Greyling, en vra hom om die brief aan haar familie te skryf, terwyl sy dit vir hom voorsê. Die toneel eindig as volg:

(PIET skuif die papier voor sy moeder. Sy sit naby genoeg aan die tafel om by te kom. MAGDALENA neem die veerpen en teken die brief met 'n hand wat net effens bewe.)
 MAGDALENA *(terwyl sy oorbuk)*: Dis so donker nou, Piet, ek kan skaars my eie skrif sien ...
 (Skerm.)

Dit is duidelik uit 'n vergelyking tussen hierdie toneel en die nuwe een wat Uys Krige vanaf die vyfde druk van die teks gebruik het, dat die “nuwe” een heelwat meer dramatiese impak het – veral as die twee eindes wat albei afsluit met die fokus op Magdalena teenoor mekaar geplaas word. In die nuwe toneel staan Magdalena regop, terwyl die tablo “in 'n silwer glans” (122) gehul is en sy profeties die einde van Dingaan twee keer stel: “Dingaan ... valse hart ... nou sal ons sien ... nou sal ons sien ...” (122). In die “ou” toneel omring donkerte haar terwyl sy gebukkend die brief teken.

Dit is egter interessant dat Uys Krige wel besluit het om die “ou” toneel aan die einde van die dramateks af te druk. Hoewel heelwat dramas deur dramaturge herskryf is en word, vind die teaterhistorikus nie dikwels die verskynsel dat 'n dramaturg beide weergawes in dieselfde gedrukte weergawe verskaf nie. Mens sou moontlik kon aanneem in hierdie geval dat Uys Krige (hoewel hy in latere uitgawes die meer “dramatiese” toneel verkies) gedink het dat dit waardevol vir die leser sou wees om tog ook die toneel waarin hierdie historiese brief vervat is vir die leser af te druk. Uys Krige het hierdie brief gevind in Preller se biografie oor Piet Retief (1912:293-297), waarin dit as 'n bylaag opgeneem is. Magdalena rig hierdie korrespondensie aan haar een broer en familie in die Kaapkolonie. Die frase “van mijn 15 kinders nog 5” sluit 'n lang paragraaf af waarin sy die onderskeie sterftes van haar twee mans (eers Jan Greyling en toe Piet Retief), asook die sterftes van tien van haar kinders in eenvoudige en direkte taal omskryf.

Dit is ook belangrik om kennis te neem van die feit dat dit juis hierdie brief is wat vir Uys Krige as inspirasie gedien het om sy drama rondom die persona van Magdalena Retief te bou – en om haar man en volksheld, Piet Retief, in 'n meer ondergeskikte posisie te plaas. Die

fokus teen die einde van meeste tonele is duidelik op haar gerig, soos wat die opvallende gebruik van beligting in die didaskalia aandui (93, 107, 122, 129).

Magdalena Retief is in 1938 deur Unie Volkspers Beperk gepubliseer en het sewe herdrukke ondergaan (vanaf die vyfde druk is die agste toneel verander en 'n verbeterde druk uitgegee). Die uitgewers Human & Rousseau het 'n hersiene uitgawe van die drama uitgegee in 1975. Die gedrukte teks word gekenmerk deur die Cecil Higgs bandontwerp, asook afdrukke van verskeie Cecil Higgs houtsnede binne in die teks wat spesiaal vir die drama geskep is.

Die opvoerings van *Magdalena Retief*

In hierdie jare is wedstryde dikwels uitgeskryf om die produksie van nuwe Afrikaanse dramas te bevorder. Voor in *Magdalena Retief* word die volgende genoem:

In 1938 het die Krugerdorpse munisipale vereniging vir drama en opera¹¹ hierdie drama in hul prysvraag vir toneelstukke oor die Groot Trek bekroon met die eerste prys van £50.

Uys Krige was in hierdie jare getroud met die bekende aktrise Lydia Lindeque (1912-1997) en sy het die hoofrol in die eerste produksies gespeel. Kannemeyer (2002:268) sê die volgende hieroor:

Lydia moes die hoofrol speel in die Transvaalse produksie van *Magdalena Retief* en sy en Uys is daarvoor na Krugersdorp. Dit was vir haar 'n moeilike opdrag, want die gedurige verskuiwing van plek en die groeiende jare van Magdalena het herhaalde grimerings en toneelveranderings vereis [...] Ten spyte van al die probleme was die ongeveer dertig opvoerings aan die Rand en op die Transvaalse platteland 'n geweldige sukses en het die stuk by die gehore groot byval gevind.

Hierdie drama, asook ander dramas wat oor historiese figure handel (byvoorbeeld S.J. du Toit se *Magrita Prinslo*), is volgens Kapp (1975:80) dikwels opgevoer by volksfeeste (veral Geloftefeeste).

Uys Krige gee redelike uitvoerige toneelaanwysings by elke toneel van die verhoogopset, asook lang lyste rekwisiete wat elke toneel tydruimtelik moet situeer. In hoe 'n mate hierdie verwysings noukeurig nagevolg kon word binne die praktiese omstandighede van alle plattelandse verhoë (dikwels kerk- en skoolsale) is seker 'n vraag wat vandag moeilik beantwoord kan word. Van belang is egter sy omskrywings van die onderskeie karakters – ook redelik uitvoerig en sekerlik soms ook moeilik nagevolg deur die akteurs. Veral in die geval van Magdalena wat aanvanklik “'n meisie van omtrent 16 jaar” is in Toneel Een, maar in die Epiloog 70 jaar oud is. Maar die meeste karakters in hierdie episodiese drama verouder heelwat in hierdie drama, waarvan die tydperk strek oor meer as vyftig jaar.

Die een karakter wat deurgaans aan Magdalena se sy is, is Mina. Haar omskrywing is veral van teaterhistoriese belang. In Toneel Twee (23) word sy as volg deur Krige omskryf:

MINA, 'n Bataafse slavin, omtrent 33 jaar oud, is besig om die kamer aan die kant te maak. Terwyl sy werk, neurie sy 'n opgewekte liedjie – by voorkeur:

¹¹ L.W.B. Binge (1969:237-242) bespreek kortliks die ontstaan van hierdie vereniging (aanvanklik net betrokke by Engelse toneel), asook die groot rol wat P.P. (Oom Breytie) Breytenbach vir jare in hierdie vereniging gespeel het.

*“Al is ons Prinsje nog zoo klein,
Alevel zal hij Stadhouer zijn.
Hoezee! Hoezee! “*

Haar gesig, met ’n sterk oosterse trek om die oë, is ovaalvormig. Sy is ’n besonder simpatieke figuur en die persoon wat die rol speel, moet onder geen omstandighede die laglus van die gehoor probeer uitbuit om sodoende van MINA ’n karikatuur te maak nie.

Hierdie omskrywing van Mina is belangrik, aangesien daar ’n lang tradisie binne die vroeë Afrikaanse toneel bestaan het wat juis swart en/of bruin karakters dikwels op karikatuuragtige wyse uitgebeeld het met die bedoeling om komiese effek daarmee te bereik.¹²

In *Magdalena Retief* is die uitbeelding van die verskillende rasse kenmerkend van die meeste Afrikaanse dramas van hierdie periode en die gebruik van rasgebaseerde pejoratiewe (veral die k-woord) kom heel dikwels voor. Hierdie gebruik is algemeen aanvaar vir baie dekades en selfs in die 1975-uitgawe van die drama is hierdie aanspreekvorme behou. Retief (in die drama op bladsy 32) onderskei self tussen “goeie” swart mense (plaaswerkers) en “slegte” swart mense (aanvallers of barbare). Dit is duidelik uit hierdie omskrywing dat die wit mense hulself gesien het as meerderwaardig ten opsigte van die inheemse volke en dat die ondergeskikte posisie van hierdie mense (knegte/slawe) gedurende die Groot Trek en later op die plase gesien is as ’n normale toedrag van sake. Uys Krige se meer simpatieke voorstelling van Mina (hoewel ’n slavin) as ’n vrou wat met respek bejeën en behandel moet word, is opmerklik anders as die meeste uitbeeldings van hierdie vroue in die vroeë Afrikaanse dramas.

Ten slotte

Uys Krige skryf in 1938 (80 jaar ná haar dood) ’n drama, eenvoudig getitel *Magdalena Retief*, waarin hy die lewensverhaal van hierdie vrou op simpatieke en eerbiedige wyse uitbeeld. Soos Kannemeyer (2002:266) aandui, is ook Krige in hierdie jaar meegesleur deur die golf van Afrikanernasionalisme wat deur die land getrek het as gevolg van die eeufeesvieringe van die Groot Trek, wat sy hoogtepunt bereik het met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria op 16 Desember 1938.

In vele toesprake, historiese tablo’s en opvoerings word die helde van die Groot Trek – veral Piet Retief – vereër. Die geskiedenis rondom Bloedrivier en die Gelofte word landwyd in herinnering gebring. Ook in die kultuuraktiwiteite van hierdie jaar word Piet Retief en ander Voortrekkerhelde (onder andere Andries Pretorius) op die voorgrond geplaas en hulde word aan hulle gebring. Twee historiese vrouefigure word ook vereër, naamlik Magrita Prinsloo en Magdalena Retief. S.J. du Toit skryf reeds in 1896/7 ’n kort drama, getiteld *Magrita Prinsloo, of Liefde getrou tot in di dood: ’n historiese toneelstuk uit di tyd fan di Grote Trek*. In 1917 word die drama – uitgebrei en versorg deur S.P.E. Boshoff onder die titel *Magrieta Prinsloo: toneelstuk in vijf bedrijven* – uitgegee en hierdie uitgawe word gereeld by volksfeeste (veral Geloftefeeste) opgevoer. Uys Krige se *Magdalena Retief* (1938) is met sy 136 bladsye ’n baie langer drama as S.J. du Toit se drama *Magrita Prinsloo* van 29 bladsye. Hoewel Magrita se volle lewensverhaal nie, soos in die geval van Magdalena, uitgebeeld word nie, is beide vroue as volksheldinne gesien. Tydens die Ossewatrek van 1938 is twee van die nege waens na

¹² Keuris 2010, 2024.

hierdie twee vroue vernoem,¹³ uit erkenning vir hulle dapperheid ten spyte van die swaarkry wat hulle moes deurmaak.

Die historiese tydswyn is belangrik om deurgaans in gedagte te hou: Magdalena Johanna Retief (1782-1855) se lewe as Trekkervrou en eggenoot van die bekende Voortrekkerleier (Piet Retief) kry eers prominensie met die verskyning van Gustav Preller se biografie oor Piet Retief (1920). Die feesviering van die Groot Trek van 1938 – ’n eeu later – vereer die Voortrekkerleiers (veral Piet Retief) as volkshelde. Uys Krige se keuse om as ’n feesdrama oor die Groot Trek eerder op Piet Retief se *vrou* as op die volksheld self te fokus, is dus ’n interessante verwikkeling binne die vroeë Afrikaanse historiespel, waar die hoofkarakters meesal mans was.

Magdalena Retief kan getipeer word as ’n Afrikanervolksmoeder, maar soos Kruger (1991) dit in haar verhandeling stel, is die “ideale” vrou wat die Volksmoederdiskoers van die 1930’s voorhou gemeet aan die hand van die uitbeelding(s) van werklike vroue in daardie tyd. Volgens Kruger (206):

A great variety of stories about women’s role in the history of the *volk* were invoked to create a paradigmatic image of the Afrikaner mother. The *volksmoeder* was the ‘ideal Afrikaner woman’.

Die “ideale” volksmoeder is meestal as volg getipeer:

The most important attributes of women were their ability and willingness to suffer and sacrifice for nation, husband and children. As martyrs they were heroes not because of their actions, but because of their passivity: Their humbleness, their patience, their resignation, their submissiveness and their servility. (209)

Indien daar egter na werklike historiese vroue gekyk word (Kruger fokus hoofsaaklik op die lewe en bydrae van Mabel Malherbe, redakteur van *Die Boervrou*), is hierdie vroue baie meer aktief en invloedryk ten opsigte van hulle gesin, maar dikwels ook in die gemeenskap waarin hulle hul bevind, as die passiewe indruk wat bogenoemde omskrywing skep van hierdie vroue. En hiervan is Uys Krige se portret van Magdalena Retief ook ’n voorbeeld. In amper elke toneel is sy die spilfiguur wat die gesin en treklaer in woord en daad ondersteun. Die gewildheid van hierdie drama by volksfeeste veronderstel dat sy nie net as volksmoeder erken is by hierdie geleenthede nie, maar ook dat die uitsonderlike lewe van hierdie historiese karakter as aangrypend deur die toeskouers ervaar is.

Hoewel die volksmoeder besondere bewondering afdwing in die gemeenskap, is hierdie vrou se posisie tog begrens deur die patriargale stelsel van die tyd. In die meeste Afrikaanse dramas van die 1930’s is die man se posisie as hoof van die huis onteenseglik en word vroue hoofsaaklik in ’n ondersteunende (selfs ondergeskikte) rol geplaas. Vergelyk die uitbeeldings van vroeëre dramaturge ten opsigte van Magdalena Retief (byvoorbeeld Kleinjan van Bruggen se eenbedrywe) met Uys Krige se uitbeelding van dieselfde historiese figuur op ’n heeltemal nuwe wyse. Sy is in sy drama nie ’n blote randfiguur nie, maar is in der waarheid die hoof-

¹³ Van Rensburg, 1972:21: “Die Magrieta Prinsloo het aan die vooraand van die Trek deur die Karoo op Haeko, geboorteplaas van C.J. Langenhoven, sy naam van die weduwee Langenhoven ontvang. Die heel laaste “doop”-seremonie het net 3 dae voor die hoeksteenlegging by die Universiteit van Pretoria plaasgevind. Daar het die wa wat heel laaste gebou is eers op Elsburg by die trekke aangesluit het, die Magdalena de Wet (genoem na Piet Retief se vrou), sy naam gekry”. Een van die heel eerste waens is ook na Piet Retief vernoem.

karakter (nou is Piet Retief in 'n ondergeskikte posisie geplaas!). Sy vertoon al die karaktertrekke van die geïdealiseerde volksmoeder (wyse vrou en moeder vir haar familie en gemeenskap, dapper en sterk wanneer die trek aangeval word, terwyl sy heeltyd op haar geloof steun), maar is ook deurgaans uitgebeeld as 'n mens in eie reg (die jong verliefde meisie aan die begin, die treurende weduwee en hartseer moeder tydens die trekkersjare, die bejaarde en sieklike vrou aan die einde). Sy mag 'n volksmoeder wees, maar sy is geen abstrakte of ideale figurant nie.

Terwyl Uys Krige se uitbeelding van Magdalena Retief (soos gesien in die bespreking van die onderskeie tonele) deurgaans die *karaktertrekke* van die volksmoeder demonstreer (onder andere Magdalena se morele krag wat blyk uit haar kalm hantering van haar dogter, Debora, se ineenstorting; haar dapperheid tydens 'n aanval op die trek; haar onwrikbare geloof deurgaans; haar man, kinders en trekkers se waardering van haar as 'n wyse en vertroostende moedersfiguur), is sy portret van haar meer as net die voorstelling van 'n ideologiese konsep. Magdalena Retief is in hierdie drama ook meer as net die vrou van Piet Retief, die hoogs geëerde Voortrekkerheld: sy is 'n besondere vrou in eie reg.

'n Bespreking van hierdie drama kan seker nie nalaat om die verdere geskiedenis daarvan, soos deur Kannemeyer (2002: 365-368) opgeteken, kortliks te noem nie. Die toekenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Hertzogprys vir Drama (1938-1940) aan Uys Krige vir *Magdalena Retief*, is deur onderlinge verskille tussen twee komitees, gekortwiek. Terwyl die eerste komitee (drama) wel ook verskil het oor die meriete van die drama (F.C.L. Bosman het die drama glo hoër aangeslaan as H. Van der Merwe Scholtz), was dit eintlik die tweede (die breë letterkundekommissie) wat bevestig het dat daar geen bekroning vir drama vir daardie jare toegeken sal word nie. Die opvolgende debatte oor hierdie besluit, asook die vreemde argument van G.S. Nienaber dat "[i]emand [...] 'n gebore Afrikaner [kan] wees, maar prakties nie 'n Afrikaner nie", is deur Kannemeyer in groter detail geboekstaaf. Teen hierdie tyd was Uys Krige bekend as 'n "felle bestryder van die onafrikaanse anti-Christelike nasionaal-sosialisme" (368) en vele kommentators het die opmerking (asook die besluit van die komitees) as 'n politieke eerder as suiwer literêre oordeel beskou. Hy ontvang eers in 1985 die Hertzogprys vir Drama vir sy hele oeuvre (*Magdalena Retief* ingesluit).

BRONNELYS

- Antonissen, R. 1964. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad: Nasou.
- Binge, L.W.B. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse Toneel (1832 tot 1950)*. Publikasiereeks nr.9. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Brink, E. 1990. Man-made women: gender, class and the ideology of the Volksmoeder. In Walker, C. (ed). *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philip, pp. 286-288.
- Brink, E. 2008. Die volksmoeder: 'n beeld van 'n vrou. In Grundlingh, A. & Huigen, S. (reds). *Van volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: SUN Press, pp. 7-15.
- Cilliers, Jan F.E. 1909. *Liefde en plig*. Pretoria: De Bussy.
- Cilliers, Jan F.E. 1913/1924. *Heldinne van die oorlog*. Pretoria: Van Schaik.
- Cloete, E.L. 1994. *Frontierswomen as volksmoeders: Textual invocations in two centuries of writing*. Unpublished MA dissertation, University of South Africa.
- Dekker, G. 1958. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- Du Toit, S.J. 1897. Magrita Prinsloo, of liefde getrou tot in di dood: 'n historiese toneelstuk uit di tyd fan di Grote Trek. *Die Patriot*.
- Du Toit, S.J. 1917. *Magrieta Prinsloo: toneelstuk in vijf bedrijfje* (Nuwe en gewijsigde uitgawe bewerk deur S.P.E. Boshoff). Paarl: Paarl Drukkers Maatschappij.

- Ferreira, J. 2019. *Bloedlelie*. Pretoria: Lapa.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Jansen, M.M. 1918. *Afrikanerharte*. Johannesburg: Voortrekkerpers Beperk.
- Kapp, P. 1975. *Ons volksfeeste* (Die Afrikaner en sy kultuur). Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 2002. *Die goue seun: Die lewe en werk van Uys Krige*. Kaapstad: Tafelberg.
- Keuris, M. 2013. J.R.L. van Bruggen (Kleinjan) se eenbedryf “Bloedrivier” uit *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek* (1938/1939) – ’n terugblik vanuit 2013. *LitNet Akademies*, 10(3):629-650.
- Keuris, M. 2019. Magrita Prinslo (1896), Magdalena Retief (1938) and Mies Julie (2012): From historical Afrikaner Mothers of the Nation to a modern Afrikanermeisie (Girl). *Journal of Literary Studies*, 35(3):65-79. <https://doi.org/10.1080/02564718.2019.1657283>.
- Krige, U. 1938. *Magdalena Retief*. Kaapstad: Unie-Volkspers Beperk.
- Krige, U. 1951. *Twee lampe*. Afrikaanse Pers boekhandel.
- Krige, U. 1956. *Die goue kring*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Krige, U. 1968. *Muur van die dood*. Kaapstad: Constantia-uitgewers.
- Krige, U. 1977. *Die loodswaaiers*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kruger, L-M. 1991. Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the “Volksmoeder” discourse of *Die Boerevrou* (1919-1931). Unpublished MA dissertation, University of Cape Town.
- Langenhoven, C.J. 1913. *Die hoop van Suid-Afrika*. Oudtshoorn: J & H Pocock.
- Lorca, F.G. 1963. *Yerma*. (In Afrikaans vertaal deur Uys Krige). Kaapstad: HAUM.
- Lorca, F.G. 1980. *Die huis van Bernarda Alba*. [In Afrikaans vertaal deur Uys Krige]. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Louw, N.P. van Wyk. 1938/1969. *Die dieper reg*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- McClintock, A. 1991. “No longer in a future heaven”: Women and nationalism in South Africa. *Transition*, 51(10):104-123.
- Postma, W. 1918. *Die Boervrou, Moeder van haar volk*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Praeg, L. 1992. *Die self en die ander: 'n Filosofiese studie van die selfdefiniëring van die Afrikaner in enkele geselekteerde tekste, 1877-1948*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Preller, G.S. 1906. *Piet Retief: Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker*. Bloemfontein: De Nasionale Pers.
- Shakespeare, W. 1971. *Koning Lear*. [In Afrikaans vertaal deur Uys Krige]. Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- Stockenström, E. 1921. *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*. Stellenbosch: Pro-Ecclesia.
- Van Bruggen, J.R.L. (Kleinjan). 1934. *Die vooraand. 'n Historiese drama in drie bedrywe*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Van Bruggen, J.R.L. (Kleinjan). 1939. *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek*. Johannesburg: Afrikaanse Pers.
- Van Rensburg, P.P.J. 1972. Die simboliese ossewatrek van 1938. *Historia* 17(12):12-46.
- Vincent, L. 1999. The Volksmoeder ideology and Afrikaner women's campaign for the vote. *The International Journal of African Historical Studies*, 32(1):1-17.
- Walker, C. (ed.) 1990. *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philip.

Afrikaans het wesenlik as amptelike taal verval

Afrikaans has essentially lapsed as an official language

KOOS MALAN

Emeritus professor

Universiteit van Pretoria

E-pos: koosmalan4@gmail.com



Koos Malan

KOOS MALAN is 'n emeritus professor in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria en is steeds aktief gemoeid met doktorale leiding. Hy publiseer op die gebied van die teorie van die konstitusionele reg, konstitusionalisme, konstitusionele verandering (naas grondwetlike tekswysiging), konstitusionele interpretasie, minderheidskwessies en taalreg. Benewens nagenoeg sestig akademiese artikels, is hy die outeur van twee akademiese monograwe, *Politokrasie – 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop* (wat ook in Engels gepubliseer is), *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism* en saam met Prof. Ilze Grobbelaar du Plessis 'n studentehandboek in die konstitusionele reg. Hy publiseer gereeld in die populêre media, soos Netwerk24, *Politicsweb*, *BizNews*, *The Common Sense* en *Maroela Media* oor grondwetlik en politiekverwante kwessies. Prof. Malan is 'n genoot van *Sakeliga*.

KOOS MALAN is an emeritus professor of public law at the University of Pretoria. He is still actively involved in doctoral guidance. He publishes in the fields of the theory of constitutional law, constitutionalism, constitutional change (besides text amendments), constitutional interpretation, minority questions and language law. He has published approximately sixty academic articles. Malan is the author of two monographs entitled *Politocracy – an assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it* (also published in Afrikaans), *There is no supreme – a critique of statist-individualist constitutionalism* and together with Prof Ilze Grobbelaar du Plessis, a student handbook on constitutional law. He regularly publishes in the popular media such as *Netwerk24*, *Politicsweb*, *BizNews*, *The Common Sense* and *Maroela Media* on constitutional and political questions. Prof. Malan is a fellow of *Sakeliga* (*Business League*).

ABSTRACT

Afrikaans has essentially lapsed as an official language

The year 2025 marks a centenary of Afrikaans as one of South Africa's official languages. From 2025 to 1994, it was one of the then two official languages; since 1994, one of eleven, and following the addition of sign language in 2023, one of twelve. However, there is scant reason for any cheerful festivities for Afrikaans's "hundredth birthday".

The mere fact that section 6(1) of the present (1996) Constitution confirms the official status of Afrikaans should, for two reasons, not necessarily inspire elation.

First, official status is in itself often of no moment; and secondly, constitutional provisions may, following the way they are interpreted and applied, simply lapse and/or be replaced by another official language regime. What emerges from these scenarios is that the relevant constitutional provisions exist only in name. Yet, in concrete terms, they lapse, being replaced by a new regime. This occurs notwithstanding there being no formal constitutional amendment in pursuance of the amendment provisions of the Constitution, and notwithstanding the Constitution's swaggering claim of its own supremacy. We may describe this as lapsed and substituting the Constitution.

It is precisely this kind of scenario that has played out in relation to Afrikaans as an official language in the present constitutional dispensation (since 1994). In the five most important fields of official language use, it has practically ceased to be an official language. These are the fields of (1) language use for national legislation; (2) language of record in court proceedings; (3) state administration; (4) policing; and (5) public education. Hence, although Afrikaans has nominally, under section 6 of the Constitution, retained its official status, in practical terms it has deteriorated to such an extent that it is not genuinely official anymore.

If, in spite of this, it is nevertheless maintained that Afrikaans is an official language, it must be conceded that official status means no more than a symbolic proclamation.

The juridical foundation for this course of events is the discretionary nature of the official language provisions, conferring on organs of the state responsible for implementing these provisions inordinately broad leeway to interpret the provisions as they deem fit, more specifically, to conduct the interpretation and implementation in accordance with their ideological persuasions.

The ideology driving the interpretation is that of transformationism (the national democratic revolution) perused by the post-1994 governing elite. This ideology emphatically favours the inculcation of one homogeneous statist culture, which favours a single previous colonial language – English in the case of South Africa – to the detriment of the other languages.

For essentially similar reasons, developments elsewhere in post-colonial Sub-Saharan Africa have been strikingly similar.

Most African states, like South Africa, are artificial creations of the erstwhile European colonial powers, and their boundaries resulted largely from the policies of these powers. Hence, in Africa, nations existed only in a territorial sense and not culturally or linguistically.

Within these artificially created states, mostly devoid of the essential commonalities of nationhood, African governments must devise an official language policy. In the face of menacing centrifugal forces of inter-tribal, ethnic and accompanying linguistic tensions that could endanger the existence of African states, governments eschew the African languages that could unleash inter-communal strife. Instead, African governments opt for a tribally "neutral" European link-language which, in the face of the absence of commonalities, serves as a neutral "nation builder".

Moreover, English provided the political vocabulary for resisting colonial domination and paving the way to political independence, something that the African languages were regarded as incapable of.

English (or any of the other colonial languages) was a prerequisite for leadership in Africa's national movements. The elites of these movements are also basically English-speaking. This also holds true for the African National Congress (ANC) in South Africa, which is basically an English-speaking movement, or at least a movement led by an English-speaking elite.

In this regard, there is a fundamental difference between national political consciousness in Africa and Europe. European national consciousness is essentially linguistic. The national consciousness of many of the communities was kindled by awareness of the national language in question, its perceived splendour and its expressive abilities, and the accompanying development of the literature of the various languages. The same holds true for Afrikaner nationalism.

By contrast, African nationalism does not have a linguistic basis. They are, rather, anti-colonial. They dare not emphasise any particular African language and its development because that would place the state in danger of being split up along communal lines.

Regarding language use, the foremost trend in education among black parents and pupils in South Africa has been to embrace English from the earliest possible stage. Even though educationists are unanimous that children perform best when instructed in the mother tongue, black parents are equally unanimous in rejecting that opinion.

The trend elsewhere in previous British dominions in Africa is the same. If no African lingua franca is available, the only suitable course to take is a "straight-for-English" approach, especially if parents see English as a prerequisite for their children's socioeconomic advancement and press the school authorities to start education with English as the medium of instruction as early as possible.

After 1994, when the African National Congress assumed power in South Africa, the trend in the education of African children slanted even more strongly towards English.

These forces in favour of English are redoubtable, especially if the official language clause in the Constitution is discretionary, facilitating the drive towards a single-medium English dispensation.

KEYWORDS: official languages; official language use, official language regimes formal constitutional amendments, constitutional provisions, court proceedings, national legislation, public education, policing, state administration, transformationism

TREFWOORDE: amptelike tale; ampteliketaalgebruik, ampteliketaalregimes, formele grondwetlike wysigings, grondwetlike bepalings, hofverrigtinge, nasionale wetgewing, openbare onderwys, polisiëring, staatsadministrasie, transformasie

OPSOMMING

Ofskoon Afrikaans op 8 Mei 2025 honderd jaar een van Suid-Afrika se amptelike tale was, het dit, gemeet aan sy daadwerklik amptelike gebruik sedert die inwerkingtreding van die huidige grondwetlike bedeling in 1994, maar veral sedert die 1996-grondwet van krag geword het, in beduidende mate as amptelike taal verval. 'n Oorweging van die vyf belangrikste gebiede van die amptelike gebruik van 'n taal bring telkens aan die lig dat Afrikaans sy amptelike gebruik grootliks prysgegee het. Dit is naamlik die aanwending van taal vir die doel

van (1) (nasionale) wetgewing; (2) die amptelike notulering van hofverrigtinge; (3) staats-administrasie; (4) polisiëring; en (5) openbare onderwys. Die amptelike gebruik van Afrikaans en die ander amptelike tale het geswig voor die voorkeur gebruik van Engels as gevolg waarvan Engels wesenlik Suid-Afrika se enigste daadwerklik amptelike taal geword het. Die deurslaggewende rede hiervoor is die huidige regering se politiek van transformasie, veral aangedryf deur die beginsel van verteenwoordigendheid. Hierdie toedrag van sake is juridies moontlik gemaak deur die treffend diskresionêre aard van die ampteliketaalbepalings vervat in artikel 6 van die Grondwet. Die bepaling word transformatief vertolk en het tot 'n wesenlik eentalig Engelse ampteliketaalbedeling gelei. Hierdie verskynsel strook met wat elders in Sub-Sahara-Afrika gebeur het waar die eertydse postkoloniale administrasies telkens voorkeur gegee het aan die koloniale tale – Engels, Frans en Portugees – bo die Afrikatale.

1. Inleiding

Suid-Afrika – die Suid-Afrikaanse staat soos dit paslik genoem behoort te word om dit van Suid-Afrika as landstreek te onderskei – het met die formele aanvang van die grondwetlike oorgang in 1994 kragtens die 1993-Grondwet (hierna ook die tussentydse Grondwet genoem) elf amptelike tale gekry in plaas van die voorafgaande twee (artikel 3 van die tussentydse Grondwet). Dit is in artikel 6 van die huidige (1996-) Grondwet bevestig. Die 18de wysiging van die 1996-Grondwet, wat in 2023 in werking getree het, het die aantal amptelike tale tot twaalf laat aangroei deur aan Suid-Afrikaanse gebaretaal ook amptelike status te verleen.

Die twee amptelike tale (eers Engels en Nederlands en daarna Engels en Afrikaans) wat van krag was vanaf Uniewording in 1910 tot met die inwerkingtreding van die 1993-grondwet, het altyd gelyke status geniet en alle amptelike staatsbedrywighede is wesenlik in gelyke mate in Engels en Afrikaans uitgevoer.

Artikel 137 van die Zuid-Afrikawet¹ het vereis dat alle rekords, joernale en verrigtinge van die parlement in albei die amptelike tale gehou moes word en dat alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van die regering wat van algemene belang vir die publiek is in albei die amptelike tale moes wees. Hierdie bepaling is net so in artikel 108 van die 1961-Grondwet² opgeneem en daarna weer in die 1983-Grondwet³ wat tot die aanvang van die grondwetlike oorgang in 1994 van krag was (Malan 2011:382-384).

Hierdie bepaling is getrou nagekom en het verseker dat die Suid-Afrikaanse staat op alle terreine op die grondslag van daadwerklik gelyke behandeling van die twee amptelike tale gefunksioneer het. Die amptelike status van die tale het dus 'n daadwerklik konkrete uitwerking gehad. Dit was allermens tot blote simboliek beperk.

Met die aanvang van die grondwetlike oorgang in 1994, wat met die tussentydse Grondwet van 1993 ingelui is, het die eertydse bedeling van twee plek gemaak vir elf amptelike tale. Uiteraard kon al die tale nie volkome gelyk behandel word nie. 'n Nuwe benadering oor die behandeling van die amptelike tale moes gevind word. Wat veral op Afrikaans betrekking gehad het, was die beginsel van *geen inkorting nie*. Daarvolgens mag die gebruik van Afrikaans

¹ Die *Zuid-Afrikawet* / South African Act van 1909 was 'n wet van die Britse parlement waardeur die Unie van Suid-Afrika amptelik op 31 Mei 1910 tot stand gekom het.

² Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 32 van 1961.

³ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983, ook aangevul deur ander bepalinge soos artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, Wet 2 van 1944.

(en Engels) vir solank die tussentydse grondwet van krag was (naamlik tot in Februarie 1997), nie ingekort word nie.⁴

Artikel 6 van die huidige Grondwet wat op 4 Februarie 1997 in werking getree het, het die voorafgaande elf amptelike tale behou, maar het met die beginsel van nie-inkorting weggedoen.

Boonop is die mees onderskeidende kenmerk van artikel 6 dat dit wesenlik van diskresionêre aard is. Dit is belangrik dat dit beklemtoon word. Anders as al die voorafgaande grondwetlike ampteliketaalbedelings bevat dit geen onomwonde voorskrifte oor hoe die staat die amptelike tale moet behandel nie. Artikels 6(1) tot 6(4) van die huidige Grondwet, gekenmerk deur vae en wyd-geformuleerde bepalings, het die uitwerking dat staatsorgane wat met die amptelike tale gemoeid is nou oor 'n wye diskresie beskik oor hoe hulle die amptelike tale kan behandel. Tekenend hiervan is artikel 6(4) wat onder andere die besonder breed geformuleerde en niksseggende bepaling bevat dat die amptelike tale “gelykheid van aansien” (“parity of esteem”) moet geniet en billik (“equitable”) behandel moet word (Malan 2011:390-393).⁵

Naas artikel 6 is daar ook ander bepalings wat op die gebruik van die amptelike tale betrekking het en waarna hier onder verwys sal word. Artikel 9(3) verbied onbillike diskriminasie op grond van taal en etlike ander gronde; artikel 29(2) bevat bepalings oor taalgebruik in die onderwys; en artikel 35(3)(k) oor taalgebruik in die konteks van die strafhof.

Wat die diskresionêre aard van artikel 6 betref, behoort die fokus te wees op hoe diskresie uitgeoefen word. Dit is ten slotte bepalend vir wat die bepalings konkreet beteken.

Juis die wyse waarop die diskresie sedertdien uitgeoefen is, het veroorsaak dat die amptelike gebruik van Afrikaans sedert 1996 grootliks verdwyn het. In weerwil van die diskresionêre aard van die taalbepalings was etlike spesifiek Afrikaanse kommentators heel optimisties oor die vooruitsigte vir amptelike Afrikaans in die post-1994-bedeling (Malan 2011:387-400). Die skrywer André P. Brink was byvoorbeeld nie besorg oor Afrikaans nie, aangesien die regerende ANC volgens sy ervaring “'n sagte plekkie vir Afrikaans” gehad het (Steyn 1995:117), en toe daar finaal op artikel 6 van die huidige grondwet ooreengekom is, het Fritz Kok, destydse besturende direkteur van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), en Henno Cronjé, toe hoof- uitvoerende beampte van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) gunstig daarop gereageer (Steyn 1996:272).

Daar was ander, soos die deurwinterde historikus Hermann Giliomee, wat anders geoordeel het. Giliomee het gemeen dat die ANC, net soos sy eweknieë elders in Afrika, gretig was om Engels, die voormalige koloniale taal, tot die enigste openbare taal te verhef, sodat dit kon dien as waarborg vir poste en status vir die swart elite (Giliomee 2003:644). Die historikus en politieke kommentator R.W. Johnson was van mening dat die beleid van elf amptelike tale bloot geveins was (Johnson 2009:370).

⁴ Dit is vervat in artikel 3(2) van die tussentydse Grondwet wat gelui het: “Rights relating to language and the status of languages existing at the commencement of this Constitution shall not be diminished, and provision shall be made by an Act of Parliament for rights relating to language and the status of languages existing only at regional level, to be extended nationally in accordance with the principles set out in subsection (9).”

⁵ Artikel 6(2) belas die staat met die plig om praktiese en positiewe stappe te doen om die status van die amptelike inheemse Afrikatale te verhoog en hulle gebruik te bevorder. Dit is insgelyks diskresionêr, aangesien dit by politieke besluitnemers en amptenare berus om te bepaal hoe hieraan uitvoering gegee word.

2. Praktiese amptelike Engelseentaligheid

Dit was spoedig duidelik dat die skeptici soos Giliomee en Johnson gelyk gehad het en dat Suid-Afrika op amptelike Engelseentaligheid afstuur. Reeds teen die einde van die 1990's het daar uit die finale verslag van die Language Task Group (LANGTAG), 'n taakgroep van die Departement Kuns, Wetenskap en Tegnologie, getiteld *Towards a national languages plan for South Africa*, 'n neiging tot amptelike Engelseentaligheid geblyk. Toe al was die neiging duidelik dat Engels as die sogenaamde ankertaal deurlopend vir alle funksies gebruik word, terwyl die ander tale bloot roterend of net sporadies aan die beurt kom.

Die vestiging van amptelike Engelseentaligheid het spoedig op alle terreine voltrek. Dit is 'n omvattende tema wat hier noodwendig slegs kortliks saamgevat kan word. Wat nou volg, is 'n oorsig van hoe eentaligheid op die belangrikste terreine van amptelike taalgebruik voltrek het.

2.1 Wetgewing

Op die gebied van nasionale wetgewing – die belangrikste algemene instrument van regering – is Engels is nou reeds vir etlike dekades die enigste amptelike taal (Malan 2008:59-76). Alle wetgewing – hoofwette en wysigingswette – word in Engels aangeneem en gepubliseer. Afrikaans word, net soos die ander amptelike tale, slegs lukraak as die tweede taal gebruik. Dit gebeur heel dikwels dat wysigingswette in 'n ander taal naas Engels as die hoofwet gepubliseer word. Die hoofwet word byvoorbeeld naas Engels ook in Afrikaans gepubliseer, terwyl wysigingswette daarna in ander tale naas Engels die lig sien, dog nie meer in Afrikaans nie.

Die gevolg hiervan is dat die betrokke wetgewing slegs in Engels, maar in geen ander taal nie, geraadpleeg kan word. Die wetgewing is in die ander taal slegs ten dele beskikbaar, met die gevolg dat die betrokke wet oplaas in die geheel slegs in Engels beskikbaar en bruikbaar is. Met betrekking tot nasionale wetgewing het die Suid-Afrikaanse staat derhalwe eenvoudig verengels.

2.2 Regspleging

In die howe het taal 'n nieamptelike en amptelike gebruik. Die amptelike gebruik het betrekking op die gebruik van taal vir die doeleindes van hofuitsprake (en betoogshoofde). Ten aansien daarvan het die howe wesenlik ook verengels. Uitsprake word in die oorgrote meerderheid van gevalle slegs in Engels gelewer. Die hofverslae getuig hiervan.⁶

⁶ Dit het in enkele gevalle gebeur dat die Konstitusionele Hof in dieselfde saak uitsprake in Afrikaans naas Engels gelewer het. Vgl. bv. 'n baie kort uitspraak van Kriegler R in *S v Julies* 1996 (7) BCLR 899; 1996 (4) SA 313 (KH); in *Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995* 1996 (4) BCLR 537; 1996 (3) SA 165 (KH) het Kriegler R 'n ses paragrawe lange uitspraak gelewer waarin hy die hoofuitspraak ondersteun het; in *Daniels v Scribante and Another* 2017 (4) SA 341; 2017 (8) BCLR 949 (KH) het Froneman 'n betreklik breedvoerige minderheidsuitspraak met sy eie bykomstige beredenering ter ondersteuning van die hoofuitspraak gelewer; In *AfriForum and Another v University of the Free State* 2018 (2) SA 185; 2018 (4) BCLR 387 (KH) het Froneman R sewe paragrawe van sy minderheidsuitspraak waarin hy van die meerderheid verskil het in Afrikaans naas Engels gelewer. Daar het ook in onlangse tye ywer vir uitsprake in van die ander amptelike tale ontstaan, meer bepaald in isiXhosa. Daar is enkele

Dit is grootliks die gevolg van personeelbeleid wat in die regsektor, net soos in die res van die openbare sektor, afgedwing word, asook vanweë 'n besluit van regtershoofde tydens 'n vergadering in April 2017 afgekondig deur die destydse hoofregter, Mogoeng Mogoeng.

Die personeelbeleid is gebaseer op die transformatisme-beginsel van rasse-verteenvoordingheid. Dit vereis dat die nasionale bevolkingsprofiel by elke dienspunt waar openbare dienste gelewer word, neerslag moet vind (Malan 2009:141-155)

Die gevolg hiervan is dat aanstellings en bevorderings gemaak word op grond van die rasse-identiteit van die betrokke personeel, maar sonder inagneming van sodanige personeel se taalvaardigheid in die taal/tale van die publiek wat by die betrokke dienspunt bedien word.

Die uitwerking hiervan in die menigte scenario's van hierdie aard is dat die publiek gedwing word om te kommunikeer in Engels as die enigste taal wat hulle min of meer met die betrokke staatsfunksionaris gemeen het, en dat die betrokke diens gevolglik in Engels in plaas van die publiek se voorkeurtal/-tale verleen word.

Wanneer personeel op grond van die beginsel van rasseverteenvoordingheid ontplooi word, sal dit noodwendig tot 'n wesenlik algemeen Engelseentalige praktyk lei.

In die lig hiervan is dit duidelik dat rasseverteenvoordingheid 'n kragtige instrument vir landswye verengelsing geword het. Dit het nie slegs in die konteks van die regspleging nie, maar op alle gebiede van openbare dienslewering betrekking (Malan 2010a:427-449). Talle wette, gebruike en praktyke maak daarvoor voorsiening, dermate dat oortuigend geredeneer kan word dat rasseverteenvoordingheid 'n toonaangewende grondwetlike waarde geword het (Malan 2019:121-124).

Wat die howe betref, is dit betreklik algemene praktyk dat 'n swart persoon wat nie Afrikaans magtig is nie as 'n landdros, staatsaanklaer of klerk aangestel word by 'n dienspunt waar die publiek grootliks Afrikaans is. Net so word 'n Afrikaanstalige persoon wat nie isiZulu of Setswana magtig is nie dikwels aangestel by dienspunte waar die publiek oorwegend isiZulu of Setswana praat, omdat die weerspieëling van die nasionale bevolkingsprofiel dit vereis.

Grootse verengelsing is die gevolg.

Dit is opvallend dat juis ook die strafhowe verengels het ondanks 'n grondwetlike bepaling wat behels dat strafsake verhoor moet word in die taal wat die beskuldigde verstaan en dat dit getolk moet word slegs wanneer 'n verhoor in die taal wat die beskuldigde verstaan nie moontlik is nie.⁷

Die besluit van die regtershoofde van 2017 dat Engels voortaan die enigste notuleringstaal sal wees, het in werklikheid grootliks bevestig wat reeds vanweë die praktyk van rasseverteenvoordingheid algemeen neerslag gevind het.⁸

uitsprake in dié taal uit die pen van hoofregter Mandisa Maya. Ter sake is *AfriForum NPC v Chairman of the Council of the University of South Africa* (765/2018) [2020] ZASCA 79 en *Lungisa v S* 2021 1 SACR HHA. Vgl. hieroor verder voetnoot 69 van Scott R: "Die stand van Afrikaans in ons regswese in historiese perspektief en 'n vooruitskouing" 2025 (4) *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 649-669. Ek bedank graag UP- LLB-student, Michael Wessels, vir sy hulp met die versameling van hierdie inligting.

⁷ Die Engelse teks van artikel 35(3)(k) van die Grondwet lui: "Every accused person has a right to a fair trial, which includes the right to be tried in a language that the accused person understands or, if that is not practicable, to have the proceedings interpreted in that language."

⁸ Sover vasgestel kan word, het hierdie besluit nooit êrens in amptelike vorm in die Staatskoerant verskyn nie. Daar is wel op 16 April 2017 daaroor in die *Sunday Times* berig: "Afrikaans sentenced to death: English now sole official court language" <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/news/2017-04-16-afrikaans-sentenced-to-death-english-now-sole-official-court-language/> [20 Augustus 2025]

Dit het gebeur omdat regspraktisyns, ongeag die taalidentiteit en taalvoorkeur van hulle kliënte, vanuit die staanspoor alle tersaaklike stukke in Engels voorberei in die verwagting dat die voorsittende beampte nie hulle kliënte se taal, byvoorbeeld Afrikaans, sal verstaan nie. Die hofverrigtinge, met inbegrip van pleitstukke, getuienis, betoë en uitsprake, is derhalwe in Engels ten einde met die algemene beleid van Engelseentaligheid te konformeer in plaas van om die publiek se voorkeure in ag te neem en dienooreenkomstig diens in die publiek se voorkeurtale te verleen.

Hierdie toedrag van sake is tydverspillend, geldvermorsend en tot die nadeel van veral die behoeftige dele van die publiek. Dit bring mee dat selfs in siviele en strafregtelike verhoore waarin alle deelnemers (die partye, getuies, prokureurs en advokate sowel as die voorsittende beampte) byvoorbeeld sprekers van isiXhosa is, die verrigtinge in Engels vertaal of getolk moet word.

Dit bring ook mee dat litigante wat Engels nie behoorlik magtig is nie in siviele sake op eie koste regsverteenvoordiging (en/of tolkdienste) moet bekom ten einde behoorlike toegang tot die hof te probeer verseker.⁹

Die slotsom is dat al die regspleging, in weerwil van grondwetlike bepalings wat die indruk van die erkenning van veeltaligheid suggereer, wesenlik verengels het.

Daar bestaan geen rede waarom dit noodwendig hierdie verloop moes neem nie. Indien beleid met betrekking tot personeelaanwending in die regsektor toegepas is met inagneming van die demografiese werklikhede in die omgewing van die tersaaklike howe, kon die verengelsing grootliks verhoed gewees het en kon strafregtelike en siviele sake grootliks in die tale van die betrokke publiek gevoer word. Sodanige alternatiewe beleid is geredelik haalbaar (Malan 2009:141-155; Malan 2016:20-59). Daar is klaarblyklik om ideologiese redes daarteen besluit.

2.3 Staatsdiens

Indien mondelinge dienste in die staatsdiens in Afrikaans verskaf word, is dit bloot toevallig, naamlik wanneer die betrokke amptenaar en die betrokke lid van die publiek Afrikaans magtig is. Dit sal, soos gesê, bloot toevallig wees, want daar bestaan geen beleid wat taalvaardigheid vereis in die taal/tale van die omgewing waar die diens gelewer word nie. Vanweë die dwang tot rasseverteenvoordigendheid waarna hierbo verwys is, het mondelinge dienste in Afrikaans beduidend skaarser geraak. Mondelinge diens in enige van die Afrikatale is egter geredelik beskikbaar omdat verteenwoordigendheid, anders as met Afrikaans, makliker met enige van die Afrikatale vereenselwigbaar is.

In die Oos-Kaap of KwaZulu-Natal waar die oorgrote meerderheid van die sprekers 'n gemeenskaplike taal as eerste taal gebruik – isiXhosa of isiZulu onderskeidelik – sal die mondelinge dienste in daardie gebiede juis onderskeidelik in daardie tale wees. Vir Afrikaanse mense is dit nouliks beskore. In die eertydse blanke en bruin woongebiede van Stellenbosch kan jy beswaarlik diens in Afrikaans ontvang, eenvoudig omdat swart mense, wat gewoonlik nie Afrikaans (genoegsaam) magtig is nie, ontplooi sal moet word ten einde rasseverteenvoordigendheid te bewerkstellig.

⁹ In strafsake word tolkdienste op staatskoste verskaf op grond van die praktyk wat nog altyd in Suid-Afrika gevolg is. In siviele aangeleenthede is tolkdienste egter vir die rekening van die kliënt(e).

Skriftelike diens is wesenlik slegs in Engels beskikbaar. Dit is slegs by wyse van uitsondering ook in ander tale beskikbaar. Aansoek- en dergelike vorms, wat die basis vorm van alle aspekte van die staatsadministrasie, is as algemene praktyk slegs Engels.

2.4 Polisie

In die polisie (SA Polisediens) is dieselfde beleid en dinamika van krag met die gevolg dat die patroon van mondelinge diens soortgelyk is aan dié in die staatsdiens.

Skiftelike dienste is bykans uitsluitlik in Engels. Dit is standaardpraktyk dat verklarings slegs in Engels afgeneem word. Daar was trouens etlike gevalle van direkteie wat van die polisie se bevelstrukture uitgegaan het dat verklarings uitsluitlik in Engels, en juis nie in Afrikaans nie, afgeneem moet word.¹⁰

Die onderliggende rede daarvoor is weer eens die transformatiewe beleid van rasseverteenwoordigendheid. Wanneer personeel op grond van die beginsel van rasseverteenwoordigendheid ontplooi word, sal dit noodwendig tot 'n algemeen Engelse praktyk lei. Wanneer aanstellings in die Afrikaanse Pretoria Moot of die nog meer Afrikaanse Upington op grond van rasseverteenwoordigendheid gemaak word, sal baie van die personeel uiteraard nie Afrikaans magtig wees nie. Die gevolg is dat die dienste, meer bepaald skriftelike dienste, in Engels sal moet wees ten einde dit vir die nie-Afrikaanstalige personeel moontlik te maak om dit te verstaan en hoegenaamd hulle werk te kan doen, ongeag wat die voorkeur van die tersaaklike lede van die publiek is.

2.5 Onderwys

Tersiêre openbare onderwys, meer bepaald waar Afrikaans as voertaal gebruik word, het sedert 1994 algaande bykans heeltemal verdwyn. Die opmars van Engels as globale, veral ekonomiese, taal is ten dele die oorsaak hiervan. So ook die feit dat akademiese aktiwiteit 'n aansienlik verhoogde graad van globalisering en gepaardgaande verengelsing beleef. Daar is wesenlik drie welbekende redes hiervoor.

Internasionale eweknie-beoordeling met die oog op die publikasie van navorsing het algemene praktyk geword, en dit bring mee dat navorsing vanuit die staanspoor in Engels is.

Nagraadse navorsing (proefskrifte en verhandelings) word insgelyks grootliks in Engels onderneem ten einde die vereiste internasionale eksterne eksaminering moontlik te maak.

In die dae van enkeltalige Afrikaanse instellings was dit betreklik algemene praktyk dat dosente handboeke vir studente in Afrikaans kon skryf. Dit was toeganklik vir al hul Afrikaansmagtige studente. Sedert die verdwyning van sodanige instellings is dit nouliks meer moontlik. Nou word handboeke deurlopend in Engels geskryf ten einde vir al die studente in meertalige (en ten slotte Engelstalige) instellings met 'n groeiende Engelse studentekorps toeganklik te wees.

Was daar nog Afrikaanse instellings, was publikasie van Afrikaanse handboeke natuurlik geredeliker haalbaar. Daar kan voorsien word dat dit nou weer by eentalige Afrikaanse instellings soos *Akademia* en *Sol-Tech* sal gebeur.

Die verskynsel van eentalig Afrikaanse tertiêre onderwys is strydig met die ANC se oortuiging dat alle instellings toeganklik vir almal moet wees. Die beskerming (en bevordering)

¹⁰ Byvoorbeeld 'n direktief van die Noord-Kaapse Adjunk- Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisediens gedateer 12 Maart 2025.

van Afrikaans as onderrigmedium by wyse van eentalige Afrikaanse instellings wat teen verengelsing geïsoleer is, het derhalwe plek gemaak vir parallelmedium of dubbelmedium-instellings waarvan die meeste spoedig heeltemal verengels het. Die ideologiese weersin in Afrikaanse onderrig selfs in meertalige instellings wat ook 'n onderrig-aanbod in Engels gehad het, het mettertyd daartoe gelei dat Afrikaans ook by sodanige instellings uitgeweer is.¹¹

Daar heers egter ook 'n skerp politieke vyandigheid teen die akkommodasie van Afrikaans in meertalige instellings. Hierdie sienswyse word klaarblyklik ook deur die howe gedeel, wat dieselfde uitgangspunte van transformatisme met die huidige regerende elite deel (Malan 2019:193-200). In weerwil van artikel 29(2) van die Grondwet wat lyk asof dit die uitwerking mag hê dat dit Afrikaans by openbare onderwysinstellings kan stabiliseer, het die teenoorgestelde gebeur.

Die bepaling lui:

2. Everyone has the right to receive education in the official language or languages of their choice in public educational institutions where that education is *reasonably practicable*. In order to ensure the effective access to, and implementation of, this right, the state must consider all reasonable educational alternatives, including single medium institutions, taking into account –

- a. equity; b. practicability; and c. the need to redress the results of past racially discriminatory laws and practices. (eie beklemtoning.)

Die (meerderheid van die) Konstitusionele Hof het hierdie bepaling onomwonde transformatief vertolk. In *Afriforum and Another v University of the Free State* 2018 (2) SA 185; 2018 (4) BCLR 387 (KH)) het die meerderheid van die Hof *reasonable practicable* (redelike doenbaarheid) vertolk as 'n maatstaf wat die ideologie van transformatisme moes bevorder. Die Hof het soos volg geredeneer:

Reasonable practicability therefore requires not only that the practicability test be met, but also that considerations of reasonableness that extend to equity and the need to cure the ills of our shameful apartheid past, be appropriately accommodated. And that is achievable only if the exercise of the right to be taught in a language of choice does not pose a threat to racial harmony or inadvertently nurture racial supremacy. That goes to practicability. The question then is, has the use of Afrikaans as a medium of instruction at the University had a comfortable co-existence with our collective aspiration to heal the divisions of the past or has it impeded the prospects of our unity in our diversity? Has race relations, particularly among students, improved or degenerated as a consequence of the University's 2003 language policy? If not, would it be "reasonably practicable" for the University to relegate Afrikaans to low-key utilization in a constitutionally permissible way?¹²

¹¹ Dit is basies die lot wat alle eertyds Afrikaanse en tweetalige universiteite te beurt geval het, naamlik die Universiteit van Port Elizabeth (nou die Nelson Mandela University), die Universiteit van Suid-Afrika, die Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg), die Universiteit van die Vrystaat, die Universiteit van Pretoria en tans in groeiende mate ook die Universiteit van Stellenbosch en Noordwes-Universiteit. Dieselfde geld die voormalige teknikons, tans bekend as tegniese universiteite.

¹²

Die meerderheid het so geredeneer ondanks die feit dat dit wel prakties haalbaar was om onderrig in Afrikaans te verskaf, soos dit trouens nog op die stadium van die lewer van die uitspraak die geval was. Daar was 'n vraag na Afrikaanse onderrig en daar was genoeg Afrikaanstalige personeel om aan die vraag vir Afrikaanse onderwys te voldoen en dus 'n Afrikaanse baan van onderrig in stand te hou. Die meerderheid van die Konstitusionele Hof het egter besluit om 'n transformatisties-gemotiveerde betekenis aan “praktiese haalbaarheid” te verleen. Die beslissing het, op die keper beskou, daarop neergekom dat die voortsetting van 'n Afrikaanse baan van onderrig nie met transformatisme vereenselwigbaar was nie, in weerwil van die feit dat dit prakties haalbaar was.

Die meerderheid het voorts beslis dat die Universiteit (die respondent) reg was in sy besluit dat daar nie vir Afrikaans kragtens 'n parallelmediummodel van onderrig voorsiening gemaak kan word nie (al was dit prakties doenbaar) aangesien dit rassediskriminasie, rasse-eksklusiwiteit en rasse-meerderwaardigheid teweegbring. Soos blyk uit die minderheids-uitspraak van regter Froneman was daar geen getuienis om hierdie “bevinding” te regverdig nie (par. 53 van die uitspraak).

Ongeag die bedenklige aard van hierdie redenasie, wat bowendien nie deur enige getuienis ondersteun is nie, het dit die einde van Afrikaanse onderrig by die Vrystaatse Universiteit en vir enige parallelmediumonderrig by openbare tersiêre onderwysinstellings in Suid-Afrika beteken.

Met betrekking tot die posisie van Afrikaans in hoër onderwys in die huidige grondwetlike orde merk Ludick en Breed (2025) klaarblyklik tereg op dat Afrikaans as wetenskapstaal sedert die inwerkingtreding van die huidige grondwetlike orde in 1994 opnuut onder druk verkeer vanweë die ideologieë van die huidige bewind nadat dit, gedeeltelik deur Afrikanernasionalisme aangedryf, oor die grootste gedeelte van die twintigste eeu goed gevorder het. Op hulle beurt skilder Bornman *et al.* (2025:313) se deeglike ondersoek deurgaans 'n prentjie van beperkte ruimtes vir Afrikaans in die hoër onderwys: “Die gebruik van Afrikaans het in so 'n mate ingekrimp dat 'n mens die indruk kry dat die taal by baie hoërondwysinstellings bykans onsigbaar geword het.” Hulle verklaar klaarblyklik tereg, en met verwysing na die werk van etlike ander navorsers, dat hierdie toedrag van sake 'n ernstige bedreiging vir die vitaliteit van die taal inhou, met die implikasie dat die volgehoue intellektualisering en modernisering van die taal aan bande gelê word. Dit kan die gevolg hê dat Afrikaans weer soos aan die begin van die twintigste eeu as 'n minderwaardige kombuistaal gestereotipeer word.

Skoolonderwys het op 'n soortgelyke trajek beweeg. Afrikaanse enkelmediumskole het drasties verminder, ofskoon daar steeds 'n beduidende aantal sodanige skole is, wat bowendien van die beste presteerders landswyd in die skoolonderwysstelsel is.

Daar bestaan geen bewys dat enige van hierdie skole rasuitsluitend is nie. Elkeen van hulle het swart leerlinge. As gevolg daarvan bestaan daar nie meer iets soos 'n wit openbare skool nie.

Nogtans is die idee van 'n Afrikaanse skool, en waarskynlik Afrikaanse onderrig in die algemeen, vir die ANC-leierskap 'n steen des aanstoots. Daarom was daar oor die jare heen knaend voorvalle van provinsiale onderwysowerhede wat Afrikaanse skole met betrekking tot hulle toelatings-voertaalbeleid afgeknou het. Hierdie skole is gedwing, dikwels baie kort voor die aanvang van die betrokke skooljaar, om leerlinge wat onderwys in Engels behoef, in te neem. Dikwels was dit 'n geval van provinsiale onderwysowerhede wat hulle verantwoordelikheid om vir die groter vraag na onderwys voorsiening te maak op individuele skole, meermaal Afrikaanse skole, afgeskuif het (Malan 2010b:261-283).

Die omstrede BELA-wet, wat die Suid-Afrikaanse Skolewet gewysig het, plaas verdere druk op die voortbestaan van Afrikaansmediumskole. Die wysiging was in werklikheid oor 'n lang tyd in ooreenstemming met die beslissings van die Konstitusionele Hof in die *Rivonia- en Ermelo-saak* in aantog (*Department: Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another* 2010 (2) SA 415 2010 (3) BCLR 177 (KH) en *MEC for Education in Gauteng Province and Other v Governing Body of Rivonia Primary School and Others* 2013 (6) SA 582; 2013 (12) BCLR 1365 (KH)). Die effek van tersaaklike wysigings van die Suid-Afrikaanse Skolewet voortspruitend uit die gemelde beslissings, is weliswaar nie om weg te doen met beheerliggame se magte om beleid te bepaal nie, maar wel om dit in te kort. Die beheerliggame bepaal steeds in die eerste plek die toelatingsbeleid en die taalbeleid, maar brei die gesamentlike en oorsigbevoegdheid van provinsiale onderwysowerhede daaroor uit (ingevolge artikels 5 en 6 van die Basic Education Laws Amendment Act, Wet 32 van 2024, wat onderskeidelik artikels 6 en 7 van die hoofwet, die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, gewysig het). Beheerliggame sal dus waaksaam moet wees dat amptenare nie hulle hand in dié verband, soos dit tevore telkens al gebeur het, oorspeel nie, of waar besluite reeds geneem is, om te verseker dat dit regmatig, redelik en prosedureel billik is.¹³

2.6 Use of the Official languages Act

In 2012 het die *Use of the Official Languages Act*, 12 van 2012, in werking getree. Die aanname van die wet was die gevolg van suksesvolle litigasie van die prokureur en taalregte-aktivis, C.J.A. Lourens (*Lourens v President van die Republiek van Suid Afrika en Andere* 2013 (1) SA 499 (GNP)). Ongelukkig was die suksesvolle gedingvoering ten slotte 'n Pyrrhusoorwinning (skynoorwinning), want dit is veilig om te verklaar dat die wet geen uitwerking gehad het op die trajek na toenemende verengelsing nie.

3. Die daadwerklike taalbedeling: amptelike Engelseentaligheid

Vanweë die voltrekking van die amptelike taaldinamika sedert 1994, soos onder andere blyk uit die uiteensetting in deel 2 hierbo, blyk dit onteenseglik dat politieke waarnemers soos Albert Venter en R.W. Johnson gelyk het dat daar weinig gekom het van amptelike veeltaligheid soos die Grondwet suggereer. Reeds in 2000 het Venter (2000:4) verklaar dat Afrikaans nie meer 'n "staatstaal" is nie. Daaruit blyk onomwonde dat Afrikaans sy ampteliketaalstatus verbeur het en dat die ander tale toe prakties nooit ampteliketaalstatus verwerf het nie. Johnson (2009:370-1) kom insgelyks tot die gevolgtrekking dat Suid-Afrika sedert 1994 'n Engels-sprekende land geword het.

Hierdie waarnemings is korrek. Die amptelike status van Afrikaans is wesenlik kragteloos. Dit bestaan in naam in die oënskynlik oppermagtige Grondwet, maar is grootliks van sy amptelike gebruik ontnem. In weerwil van artikel 6 het die ander amptelike tale – almal behalwe Engels – ook nie enige noemenswaardige groei getoon met betrekking tot hulle amptelike gebruik nie.¹⁴

¹³ Ek gee graag erkenning aan dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van FEDSAS, vir sy insigte met betrekking tot hierdie aangeleentheid. Vgl. verder met betrekking tot die vertolking van hierdie bepalings van BELA die bespreking van Beckman 2025:277-281.

¹⁴ Nie een van hierdie tale word as notuleringsstaal in die howe gebruik nie; nie een het enige vordering as voertaal op enige van die vlakke in die onderwys gemaak nie. Hulle word, net soos Afrikaans,

Hierdie toedrag van sake behels dat die grondwetlike status en gebruik van die amptelike tale sedert 1994, en meer bepaald sedert die inwerkingtreding van die huidige Grondwet in 1997, 'n nuwe betekenis ontwikkel het. Dit het gebeur in weerwil van die feit dat artikel 6 en die ander bepalings wat met taal te doen het nie deur die parlement ooreenkomstig die wysigingsvereistes van artikel 74 van die Grondwet gewysig is nie.¹⁵

4. Die verandering van die konstitusie

Die vraag is egter of ons hoegenaamd van 'n verandering van die Grondwet se taalbepalings kan praat indien daar nie 'n wysiging van die teks ooreenkomstig die voorskrifte van die Grondwet was nie. Wat meer is, hoe kan die Grondwet hoegenaamd op oppergesag aanspraak maak, soos wat artikel 2 van die Grondwet wel uitdruklik doen,¹⁶ as sy mees basiese voorskrifte oor wysiging verontsaam is?

Die antwoord op hierdie vraag is dat bepalings van die Grondwet allermens die volle verhaal oor die verandering daarvan vertel. Trouens, as artikel 6 van die Grondwet met die werklike toedrag van sake oor die gebruik van die amptelike tale vergelyk moet word, toon dit 'n wesenlike wanvoorstelling.

Waarmee ons hier te make het, is dat 'n Grondwet ook deur praktyk, onder andere voortspruitend uit die werking van politieke kragte, verander kan word en inderdaad verander het. Basies drie scenario's kan onderskei word.

Eerstens kan grondwetlike bepalings eenvoudig vanweë onbruik verval, in welke geval ons van vervalle grondwetlike reg ("lapsed constitutional law") kan praat. Tweedens kan nuwe praktyke, wat van bestaande bepalings van die Grondwet afwyk, konstant gevolg word; die afwykers is daarvan oortuig dat hulle regtens optree en daar is bowendien geen remediërende optrede deur die owerheid nie. Dan het ons te doen met vervangende grondwetlike reg ("substituted constitutional law"). Derdens kan ons te doen hê met 'n scenario waar 'n bepaling in die Grondwet 'n blote formulering bly en waar daar nooit optrede in ooreenstemming met die formulering volg nie. Die formulering is dus nooit deur gepaardgaande gedrag gevolg ten einde daadwerklike positiewe reg daar te stel nie. Dan het ons eenvoudig met doodgebore grondwetlike reg ("stillborn constitutional law") te doen (Malan 2019:85-90).

In nie een van die drie scenario's is daar grondwetlike (teks)wysigings nie, maar ons het nogtans veranderings in die daadwerklike konstitusie, dit wil sê daadwerklike konstitusionele norme wat vanweë praktiese optrede beslag gekry het. In al drie gevalle het die Grondwet, wat plegtig van sy oppergesag getuig, plek gemaak vir 'n daadwerklike konstitusie wat in ooreenstemming met die gevestigde praktyk is.

Dit is ten slotte vanweë 'n mengsel van die drie vermelde vorme van konstitusionele verandering dat ons nou, en klaarblyklik eintlik reeds vir 'n geruime tyd, 'n amptelike taalbedeling het wat beduidend van artikel 6 van die Grondwet verskil.

Benewens die Grondwet het daar met betrekking tot die taalbedeling derhalwe 'n nuwe, daadwerklike konstitusie tot stand gekom. Indien die Grondwet vandag herbewoord moes

ook baie gering as skriftelike kommunikasietaal in die staatsdiens gebruik. Hulle word wel nou en dan vir die doel van wetgewing gebruik, maar het om dieselfde redes as wat in 2.1 met betrekking tot Afrikaans verduidelik is, geen praktiese aanwending nie.

¹⁵ Artikel 74 lê streng vereistes met betrekking tot die wysiging van die Grondwet neer. Onder andere word 'n tweederde meerderheid van die Nasionale Vergadering daarvoor vereis.

¹⁶ Artikel 2 van die Grondwet lui: "This Constitution is the supreme law of the Republic; law or conduct inconsistent with it is invalid, and the obligations imposed by it must be fulfilled."

word ten einde die stand van die amptelike tale betroubaar weer te gee, sou dit gevolglik soos volg lui:

Engels is Suid-Afrika se primêre amptelike taal.

Alle wetgewing en openbare dokumente wat van algemene openbare belang is, moet in Engels wees.

Die volgende tale mag ook vir die doel van wetgewing en uitvoerende handeling gebruik word: Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.

Staatsorgane wat gemoeid is met die aanwending van die amptelike tale op elke besondere gebied het die diskresionêre bevoegdheid om te besluit watter tale, indien enige, benewens Engels gebruik word.

Dit is waar dat Engels sedert die Tweede Wêreldoorlog ten koste van die meeste ander tale gevorder het en dat globalisering oor die afgelope dekades ook in Suid-Afrika 'n kragtige stimulus ten gunste van Engels was. Dit het egter weinig te doen met die wydlopende amptelike verengelsing wat in deel 2 hierbo behandel is. Met betrekking tot amptelike verengelsing moet die vraag beantwoord word waarom die maghebbers en die staatsadministrasie in die huidige orde hulle diskresie juis so uitgeoefen het dat dit Engels dramaties bevoordeel het, Afrikaans beduidend afgeskaal het en die ander – die *nuwe* – amptelike tale ook bloedweinig, indien enigsins, voordeel uit hulle nuwe, oënskynlik verhewe, amptelike status kon put. Wat die optrede van die nuwe maghebbers des te meer raaiselagtig maak, is die feit dat die oorgrote meerderheid van hulle juis moedertaalsprekers van die Afrikatale is. Hoekom sou hulle dan so ongeërg, selfs minagkend, teenoor hulle eie tale wees?

5. Die maghebbers se keuse ten gunste van Engels

Ideologie is die belangrikste rede hiervoor, meer bepaald die ANC as die dominante krag in die Suid-Afrikaanse ideologie van transformisme. Dit word gewoonlik transformasie en vaar ook dikwels onder die vaandel van die Leninistiese benaming “nasionaal-demokratiese rewolusie”.

Die wese van transformisme is dat die ANC die Suid-Afrikaanse staat se bestaan as 'n onveranderbare gegewe beskou. Alle mag en gesag in alle sferes van die samelewing moet in die leierskap van die ANC sentreer. ANC-beleidsdokumente sit dit male sonder tal so uiteen, veral in sy opeenvolgende “Strategy and Tactics”-dokumente (Gerber 2025:62-131). Transformisme word dan met die oog op die deurvoering van die volgende twee doelwitte aangewend:

Eerstens om alle produksiefaktore, veral kapitaal, onder beheer van die ANC-gedomineerde staat te plaas. Etlike van die mees prominente beleidsdoelwitte van die ANC, soos swart ekonomiese bemagtiging (SEB), is hierop gemik (Gerber op. cit.).

Tweedens om wesenlik 'n homogene Suid-Afrikaanse “nasie” te bewerkstellig. Vir daardie doel moet die sogenaamde nasionale vraagstuk (“national question”) beslissend opgelos word. Dit behels die landswye afdwing van 'n enkele maksimaal homogene staatlike kultuur ooreenkomstig die homogeniserende “nasiebou”-projek. Daarvolgens moet alle taal-, kultuur- en dergelike kragte wat beskou word as sou dit die risiko inhou dat dit die staatlike homogeniteit, en dus ook die stabiliteit van die staat, kan ontwig, geneutraliseer word (Malan 2019:193-200).

Afrikaans met sy eiesoortige, goed ontwikkelde literêre karakter en instellings vir Afrikaans-talige mense staan in die lig hiervan in skerp spanning met die doelwitte van transformatisme.

Ten minste drie beleidsrigtings gee uitdrukking aan kultuur- (en taal-) transformatisme. Eerstens is daar, soos die bespreking in deel 2 reeds aangetoon het, 'n sterk verbintenis tot amptelike Engelseentaligheid. Tweedens is die eis vir rasse-verteenwoordigendheid, wat reeds in deel 2.2 (Regspleging) kortliks behandel is, 'n kragtige instrument vir die afdwing van Engelse eenvormigheid.

Dit is opvallend dat ander Afrikastate, waar transformatisme en die aandrag op rasse-verteenwoordigendheid nie soos in Suid-Afrika uitdruklik vereis is nie, wesenlik dieselfde weg ten gunste van Engels (of ander tersaaklike eertydse koloniale tale, soos Frans of Portugees) ingeslaan en die Afrikatale eweneens afgeskeep het (Malan 2012:55-78).

Die uitoefening van hierdie diskresie ten gunste van die voormalige koloniale tale kom in die eerste plek teen die agtergrond van die feit dat die Afrikastate, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse staat, wesenlik kunsmatige skeppings van die voormalige Europese koloniale moondhede is. Hul grense is ook grootliks die gevolg van die aktiwiteite van hierdie moondhede. Lank ná dekolonisasie bly die politieke kaart van Afrika die mees sigbare, blywende nalatenskap van voormalige koloniale oorheersing. Hulle het nie as't ware organies ontstaan uit hoofde van 'n gemeenskaplikheid van taal en kultuur nie. Daarom is die denkbeeld van nasionaliteit – om Zambies, Zimbabwies, Suid-Afrikaans, Nigeries, ens. te wees in die konteks van hierdie kunsmatige skeppings – hoofsaaklik die gevolg van die woekerwerk van die koloniale moondhede. Afrika-“nasies” het oplaas slegs 'n territoriale betekenis en verwys nie na taal of kultuur nie (vergelyk bv. Bamgbose 1991 en Mutua 1995:113-76).

Suid-Afrika, en dit waarna as die Suid-Afrikaanse nasie verwys word, val in dieselfde kategorie. Daar bestaan in substantiewe terme 'n Suid-Afrikaanse bevolking en burgers, maar nie 'n Suid-Afrikaanse nasie nie (Degenaar 1993:4; Gagliano 1990:32; Giliomee 1991:67). Die voormalige president van Suid-Afrika, Thabo Mbeki, het op 29 Mei 1998 in sy hoedanigheid as adjunkpresident in 'n parlementêre toespraak verklaar dat Suid-Afrika steeds uit twee nasies bestaan – een wit en een swart (Mbeki 1998). Venter (1998:2) gaan ook uit van die aanname dat 'n Suid-Afrikaanse nasie inderdaad nie bestaan nie.

Sedert onafhanklikheid het Afrikastate onwrikbaar aan hierdie koloniaal opgelegde staatsgrense vasgeklou. Binne hierdie kunsmatig geskepte state, meestal sonder die noodsaaklike gemeenskaplikhede van nasionaliteit, moet Afrika-regerings ook 'n amptelike taalbeleid ontwerp. In die aangesig van dreigende middelpuntvliedende kragte van potensieel stam-, etniese en gepaardgaande taalkundige spanning wat die voortbestaan van Afrika-state kan ontwrig, doen regerings moeite om nie-Afrikatale as oorbruggende staatstale te kies om sodoende interkommunale spanning en wedywering te verhoed. Afrika-regerings kies eerder 'n stam-“neutrale” Europese skakeltaal (“link language”) wat vanweë die afwesigheid van taalgemeenskaplikheid kan dien as 'n neutrale “nasiebouer” en medium vir nasionale, trans-stamleierskap (De Varennes 1996; Bamgbose 1991:23).

Afrikane se nasionale politieke bewussyn vind dus nie beslag op die grondslag van 'n eie taal nie, maar juis op die toepaslike koloniale taal, veral Engels. Engels het die politieke woordeskat verskaf om koloniale oorheersing te weerstaan en die weg na politieke onafhanklikheid te baan. Daarenteen is die Afrikatale beskou as ontoereikend om hierdie funksie te vervul. Inteendeel, die plaaslike Afrikatale het die verdeeldheid tussen die talle etniese groepe en stamme beklemtoon en Afrikane verhinder om bewus te word van hul gemeenskaplike toestand van koloniale onderwerping en om in gemeenskap met hul mede-Afrikane 'n begrip te ontwikkel van hul gekoloniseerde toestand. Die Europese tale, en meer bepaald Engels,

was die “verlosser” – die kuur wat hulle van koloniale beheer kon bevry en hulle na politieke onafhanklikheid kon lei (Mazrui 1975:45-57).

Engels was ’n voorvereiste vir leierskap in Afrika se nasionale bewegings. Die elite van hierdie bewegings is ook basies Engelssprekend (Mazrui 1975:14; Schmied 1991:23-4)

Dit geld ook vir die African National Congress (ANC) in Suid-Afrika, wat basies ’n Engelssprekende beweging is, of ten minste ’n beweging wat deur ’n Engelssprekende elite gelei word (Johnson 2009:371).

Hieroor bestaan daar ’n fundamentele verskil tussen die nasionale politieke bewussyn in Afrika in teenstelling met dié in Europa. Europese nasionale bewussyn is meestal wesenlik taal-geïnspireerd. Die nasionale bewussyn van Europese gemeenskappe word gewoonlik deur die bewussyn van die eie, nasionale taal aangevuur. Die prag en besondere uitdrukkingsvermoë van die eie taal en die gepaardgaande ontwikkeling van die letterkunde van die verskillende eie tale is skerp en gunstig beleef. (Kohn 1944:130, 132, 143, 153, 204, 229-32, 348, 429-33, 484, 496-7, 513-4 en 527-34; Hobsbawn 1994:179-81). Afrikanernasionalisme is inderdaad ’n perfekte voorbeeld van juis ’n nasionale bewussyn van hierdie aard (Zietsman 1992). Dit het gepaard gegaan met die opkoms van Afrikaans as ’n letterkundige taal sedert die laaste kwart van die 19de eeu en die gepaardgaande ontwikkeling van Afrikaans as ’n skryftaal geskik vir alle taalfunksies, met besondere inbegrip van die hoër funksies.

In teenstelling hiermee het nasionale bewussyn in Afrika en Afrika-nasionalismes nie ’n taalkundige grondslag nie. Hulle is eerder antikoloniaal. Hulle durf nie klem lê op enige spesifieke, eie Afrikataal en op die ontwikkeling daarvan nie, want dit sou die staat in die doodsgevaar plaas om langs die verdelingsgrense van kultuur-, taal- of etniese gemeenskappe te verdeel (De Varennes 1996:108; Bamgbose 1991:23; Herbert 1992:14; Mazrui 1975:102).

Wat die gebruik van taal betref, is die belangrikste tendens in onderwys onder swart ouers en leerlinge in Suid-Afrika om Engels van die vroegste moontlike stadium van onderwys te verkies. Alhoewel opvoedkundiges dit eens is dat kinders die beste vaar wanneer hulle in hul moedertaal onderrig word, is swart ouers ewe eensgesind in die verwerping van daardie mening (Hartshorne 1987:74-5).

Die tendens elders in vorige Britse kolonies in Afrika is dieselfde. Indien geen Afrika-lingua franca beskikbaar is nie, is die enigste geskikte koers om te volg ’n “reguit-vir-Engels”-benadering, veral as ouers Engels as die gewaarborgde weg na sosio-ekonomiese vooruitgang vir hul kinders beskou en druk op die skoolowerhede plaas om so vroeg as moontlik met Engelsmediumonderrig te begin (Schmied 1991:1-14; Phillipson 1992:8).

Ná 1994, toe die African National Congress in Suid-Afrika aan bewind gekom het, het die neiging in die onderwys van Afrika-kinders selfs sterker na Engels as die onderrigtaal in skoolonderwys geskuif. (Malan 2010b:278)

Die geneigdheid tot Engels het ’n sterk sosiale fondament, aangesien Engels algemeen gunstig ervaar word onder Afrikane reg oor die vasteland, veral in Sub-Sahara-Afrika. In baie Afrikastate word geglo dat Engels oor sekere aantreklike eienskappe beskik. Dit word as “mooi”, “ryk”, “logies” en “gesofistikeerd” beleef. Dit word ook gestereotipeer as “presies”, wat baie hoog op prys gestel word deur Afrikane op die gebiede van die wetenskap, tegnologie en akademiese onderrig. Engels word beskou as verfyn, gesofistikeerd en superieur, oftewel verhewe, alles konsepte wat verwys na die uitmuntende gehalte van die Engelse taal. Engels word ook met die moderniteit, sukses en die opwaarts-mobiele, opgeleide, kosmopolitiese elite vereenselwig. Daar word wyd geglo dat Engels ’n persoonlike bate is en ’n instrument om ’n persoonlike loopbaan te bevorder.

Die inheemse Afrikatale kan nie hierteen wedywer nie. Sommige registers van hierdie tale bestaan beswaarlik in die Afrikatale en daarom vervul Engels die verstekposisie. Moderne terminologie ontbreek dikwels in die Afrikatale, veral op die gebied van die wetenskap en tegnologie. Daar word dikwels aangevoer dat die Afrikatale ook nie in staat sal wees om terme te ontwikkel wat tans ontbreek nie, of dat sodanige taalvermoëns eenvoudig te duur sou wees om te ontwikkel. Die Afrikatale word dikwels deur Afrikane as premodern, landelik en pregeletterd ervaar, sonder 'n ontwikkelde woordeskat en literatuur (Schmied 1991:165, 167, 170, 184; Phillipson 1992:27.)

Naas die prominente faktor van transformatisme bied die voorafgaande paragrawe 'n bondige samevatting van die opvattinge en sentimente wat die uitoefening van die diskresie met betrekking tot die toepassing van die diskresionêre taalbepaling rig.

Dit is belangrike kragte, sentimente en oortuigings wat teen die agtergrond lê van die sienswyses van die vertolkers van Suid-Afrika se diskresionêre taalbepaling en wat uiteindelik die daadwerklike betekenis van hierdie bepaling medebepaal: die faktor dat Engels die taal is wat die eenheid en stabiliteit van die staat in Afrika help verseker; dat dit gedien het as die medium van koloniale bevryding (en in Suid-Afrika van wit minderheidsregering) en steeds dien as die medium vir nasionalisme; dat dit die primêre medium is om vanuit premoderntiteit en stamgebondenheid te ontsnap na moderne opvoeding, opwaartse sosiale en ekonomiese mobiliteit, sofistikasie en prestasie.

'n Amptelike taalklausule in 'n grondwet wat in presiese besonderhede voorskryf hoe die plaaslike tale in regering, administrasie, onderwys en dergelike hoër taalfunksies gebruik moet word, sal steeds 'n opdraande stryd voer teen hierdie gedugte kragte ten gunste van Engels. Nogtans kan dit heelwat vermag om hierdie tale te beskerm en te bevorder. 'n Oop diskresionêre amptelike taalklausule soos vervat in artikel 6 van die Grondwet kan allermins hierdie taak vervul. Intendeel, dit baan die weg na presies die teenoorgestelde, naamlik 'n diskresie wat hierdie kragte bevoordeel in plaas daarvan om hulle te beheer en aan bande te lê en wat die weg berei het vir groeiende Engelseentaligheid wat sigself binne die huidige grondwetlike orde gevestig het.

Ek doen aan die hand dat hierdie bepalings met voorbedagte rade so geformuleer is. Dit het die ANC in staat gestel om sy opvattinge ten gunste van Engelse eentaligheid met behulp van 'n diskresionêre taalbepaling te bewerkstellig.

6. Verlaagde status en uiteindelijke verdwyning

Die wesenlike verdwyning van Afrikaans as amptelike taal het 'n neerdrukkende uitwerking op Afrikaans se algemene welstand. Die welstand van 'n taal is heg verweef met die status oftewel die aansien daarvan, ook in die gemoed van 'n taal se moedertaalsprekers, wat juis diegene is wat ten slotte die verantwoordelikheid vir die taal se welstand dra. (Vgl. hieroor o.m. Steyn 1980:24-54 en Malan 2014:462-481.)

Die status van 'n taal word in wesenlike mate bepaal deur die vraag of sy moedertaalsprekers 'n hoë dunk van hulle taal het, met ander woorde: beskou hulle dit as opgewasse om die hoër taalfunksies met onderskeiding te kan vervul? Indien moedertaalsprekers van 'n taal oortuigende rede het om te glo dat hul taal wel oor daardie vermoë beskik, verkeer sodanige taal in goeie welstand. Die hoër taalfunksies behels primêr die vermoë van die taal om openbare-, regeer- onderwys- en letterkundige funksies te kan vervul. Daarby is inbegrepe die gebruik van 'n taal vir die doel van regering, wetgewing, uitvoerende handelinge, die

regspiegling, die beoefening van die wetenskap en tegniek, akademiese navorsing en onderrig, letterkunde en poësie.

Afrikaans beskik inderdaad oor die bewese vermoë om al hierdie en welke ander hoër funksies ook al te kan vervul. Daar bestaan afdoende getuienis hiervoor: wetgewing wat oor etlike dekades ook in Afrikaans gemaak is; derduisende hofuitsprake; die bestaan en prestasie van etlike Afrikaanse universiteite, tegniese kolleges en skole oor etlike dekades heen, derduisende verhandelings en proefskrifte in Afrikaans, vakwoordeboeke op elke moontlike gebied van die wetenskap en tegniek en derduisende boeke en tydskrifte en dergelike getuienis getuig hiervan.

Baie hiervan was te danke aan die feit dat Afrikaans oor amptelike status beskik het en deurlopend daadwerklik as amptelike taal gebruik is. Met die wesenlike verdwyning van Afrikaans se amptelike gebruik, die drastiese afskaling in die onderwys, veral hoër onderwys en die afskaling van Afrikaans se ekonomiese waarde het die moedertaalsprekers van Afrikaans se dunk van hulle taal ook 'n gevoelige knou gekry.

Afrikaans word, soos breedvoerig in deel 2 uiteengesit, baie minder vir die hoër funksies gebruik en Afrikaanstaliges ervaar dat hulle taal afnemend vir hierdie funksies gebruik word. Hulle lees en hoor dit nouliks meer. Hulle beleef hulle taal toenemend as 'n informele taal, 'n taal wat slegs vir private gebruik geskik is. Die hoë status wat Afrikaans veral danksy sy daadwerklike gebruik vir die hoër funksies verwerf het, is nou grootliks daarmee heen.

Hierdie verlaging van status is myns insiens 'n belangrike rede vir die groeiende tendens by moedertaalsprekers van Afrikaans om Afrikaans te deurspek met Engelse woorde en om Afrikaans eenvoudig swak te praat.

Vir talle tale was hierdie tendens 'n enorme terugslag wat die weg na verdwyning ingelui het. Tensy hierdie tendens gestuit word, kan dit die hartverskeurende lot wees waarvoor Afrikaans bestem is.

7. Slotsom

Die jaar 2025 was 'n herdenkingsjaar vir Afrikaans. Die herdenking het op 8 Mei 2025 'n hoogtepunt bereik. Dié datum het ons daaraan herinner dat Afrikaans presies honderd jaar gelede, op 8 Mei 1925, 'n amptelike taal van die Suid-Afrikaanse staat geword het.

Maar met die oorweldigende getuienis tot ons beskikking het ons inderdaad bloot herdenk dat Afrikaans honderd jaar gelede amptelike status verwerf het en die Grondwet sedert daardie datum gelas het dat Afrikaans gelyk met Engels behandel moes word. Daardie gebeurtenis is hoofsaaklik moontlik gemaak danksy die destyds opblaaiende krag van Afrikanernasionalisme.

Maar ons herdenk nie dat Afrikaans nou vir honderd jaar lank 'n amptelike taal is en dat sy amptelike status nou sy tweede eeu betree het nie. Daardie reëling is sedert die inwerkingtreding van die huidige Grondwet in 1997 uitfaseer. Reeds in nagenoeg die jaar 2000 het Afrikaans sy daadwerklik amptelike status verloor. Terugskouend was Afrikaans derhalwe vir nagenoeg 75 jaar – vanaf 1925 tot 2000 – 'n amptelike taal. Tans is Afrikaans ten beste slegs in naam 'n amptelike taal wat gebruik mag word indien dit ons huidige maghebbers behaag. En gewoonlik behaag dit hulle nie, soos die uiteensetting in deel 2 toon vanweë die oorwegings wat in deel 3 verduidelik is.

Die jaar 2025, en meer bepaald die datum 8 Mei 2025, was derhalwe nie die honderdste verjaarsdag van Afrikaans as amptelike taal nie. Hierdie datum het bloot 'n historiese betekenis. Die datum is slegs terugskouend van belang. Dit is die datum waarop Afrikaans honderd jaar gelede een van Suid-Afrika se amptelike tale geword het onder aanvoering van die destydse

Nasionale Party, en met D.F. Malan as minister van binnelandse sake in J.B.M. Hertzog se Pakt-kabinet (Steyn 2014:205-6 en dan veral 154). Daardie reëling het egter geruime tyd gelede vanweë vervangende gebruik as daadwerklik grondwetlike reg verval.

Afrikaans is in konkrete terme nie meer 'n amptelike taal nie. Indien ons Afrikaans se honderdste verjaarsdag as amptelike taal vier, verbly ons onself daarin dat Afrikaans se amptelike status bloot 'n nominale bestaan voer.¹⁷ Dit bestaan slegs in naam, maar is in konkrete terme ongedaan gemaak en met 'n Engelseentalige bedeling vervang. Dit bied min rede vir blydschap en geen stof vir 'n vrolike viering nie. Daarom is daar oortuigende rede vir Cerneels Lourens se oënskyklik siniese oordeel dat 'n viering van Afrikaans se honderdste bestaansjaar as 'n amptelike taal onvanpas is – nouliks meer as 'n vrolike begrafnis.

Wat die jaar 2025, en meer bepaald die datum 8 Mei 2025, wel is, is 'n oproep tot kragtige ingryping deur die Afrikaanse burgerlike samelewing om te vergoed vir die gevoelige verliese wat Afrikaans gely het, dermate dat dit nie meer 'n staatstaal is nie. Sommige sektore in die Afrikaanse burgerlike samelewing het reeds met behulp van nuwe instellings daarmee begin en belowende vordering gemaak. Die groot werk lê egter nog voor.

BIBLIOGRAFIE

Boeke, artikels en proefskrifte

- Bamgbose, A. 1991. *Language and the nation: The language question in sub-Saharan Africa*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Beckman, J. 2025. Die trajek van Afrikaans as inheemse onderwystaal van 1925 tot 2025: Gedagtes oor die verlede, die hede en die toekoms. *Tydskrif vir die Geesteswetenskappe*, 65:256-284.
- Bornman, E., Steenkamp, C., Wierenga, R. & Carstens, W. 2025. Afrikaans in die hoër onderwys: Enkele tendense uit die ondersoek *Staat van het Nederlands* en Stand van Afrikaans. *Tydskrif vir die Geesteswetenskappe*, 65:285-316.
- Degenaar, J. 1993. Nations and nationalism: The myth of a South African nation. *Occasional Paper No. 40*. Kaapstad: Idasa.
- De Varennes, F. 1996. *Language minorities and human rights*. Den Haag: Marthinus Nijhoff.
- Gagiano, J. 1990. The contenders. In Esterhuyse, W. en Du Toit, A. (eds.) *The Myth makers: the elusive bargain for South Africa's future*. Stellenbosch: Southern Book Publishers.
- Giliomee, H. 1991. Building a new nation: Alternative approaches. In Cloete, F., Schlemmer, L. and Van Vuuren, D. (reds). *Policy options for a new South Africa*. Pretoria: RGN Uitgewery.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hartshorne, K.B. 1987. Language policy in African education in South Africa 1910-1985, with particular reference to the issue of medium of instruction. In Young, Y. (red). 1987. *Essays in honour of LW Lanham: Bridging the gap between theory and practice in English second language education*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Herbert, R.K. (red). 1992. *Language and society in Africa: The theory and practice of sociolinguistics*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Hobsbawn, E. The rise of ethno-linguistic nationalisms. In Hutchinson, J. en Smith, A.D. (reds). 1994. *Nationalism*. Oxford: Oxford University Press.
- Johnson, R.W. 2009. *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*. Londen: Allen Lane.
- Kohn, H. 1944. *The idea of nationalism*. Toronto: Macmillan.
- Lourens, C.J.A. 2025. 100 jaar 'n amptelike taal: 'n vrolike begrafnis? *Maroela Media*, 21 Februarie 2025. <https://maroelamedia.co.za/debat/diskoers/100-jaar-n-amptelike-taal-n-vrolike-begrafnis/>

¹⁷ Cerneels Lourens het goeie rede vir die sardoniese artikel “100 jaar 'n amptelike taal: 'n vrolike begrafnis?” *Maroela Media* 21 Februarie 2025.

- Ludick, H. en Breed, A. 2025. 'n Bestekopname en korpus van hedendaagse Wetenskapsafrikaans. *Tydskrif vir die Geesteswetenskappe*, 65:86-132.
- Malan, K. 2008. Observations and suggestions on the use of the official languages in national legislation. *SA Public Law/Publiekreg*, 23:59-76.
- Malan, K. 2009. Observations on the use of the official languages for the recording of court proceedings. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg / Journal for South African Law*. 141-155.
- Malan, K. 2010a. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. 2010. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50:261-283.
- Malan, K. 2010b. Observations on representivity, democracy and homogenization. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg / Journal for South African Law*. 427-449.
- Malan, K. 2011. The discretionary nature of the official language clause of the Constitution. *SA Public Law/Publiekreg*, 26:381-407.
- Malan, K. 2012. 'n Oorweging van die kragte wat inwerk op die betekenis en toepassing van die diskresionêre taalklousule van die Suid-Afrikaanse Grondwet. *Litnet Akademies*, 9:55-78.
- Malan, K. 2014. Taalverval met besondere verwysing na die ideologieë en praktyke van verstaatliking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54:462-481.
- Malan, K. 2016. Considering an appropriate language policy for judicial proceedings in South Africa. *Revue de Droit Linguistique / Journal for Language Law*, 20:20-59.
- Malan, K. 2019 *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism*. Stellenbosch: African SUN Media
- Mazrui, A.A. 1975. *The political sociology of the English language*. Den Haag: Mouton.
- Mutua, MW. 1995. Why redraw the map of Africa: A moral and legal inquiry. *Michigan Journal of International Law*, 16:1113-1176.
- Phillipson, R. 1992. *Linguistic imperialism*. Oxford: Oxford University Press.
- Schmied, J.J. 1991. *English in Africa: An introduction*. London: Longman.
- Scott, J. 2025. Die stand van Afrikaans in ons regswese in historiese perspektief en 'n vooruitskouing. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg / Journal for South African Law*, TSAR 649-669.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1995. Die taalstryd in die oorgangstyd: Gesindhede teenoor Afrikaans 1990-1994. *Stilet Supplementum* :1-149.
- Steyn, J.C. 1996. Die taalklousule in die nuwe Grondwet: Moontlike toepassing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36:272-83.
- Steyn, J.C. 2014. *Ons gaan 'n taal maak: Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal.
- Venter, A.J. 1998. Questions of national identity in post-apartheid South Africa. *Occasional Papers 2*. Johannesburg: Konrad Adenauer Stiftung.
- Venter A.J.2000. Ons het PW-tyd oorleef. *Rapport* 29 Oktober 2000 p. 4.
- Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk: Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Unisa Uitgewery.

Regspraak

- AfriForum and Another v University of the Free State* 2018 (2) SA 185; 2018 (4) BCLR 387 (KH).
- AfriForum NPC v Chairman of the Council of the University of South Africa* (765/2018) [2020] ZASCA 79.
- Daniels v Scribante and Another* 2017 (4) SA 341; 2017 (8) BCLR 949 (KH).
- Department: Mpumalanga Department of Education and Another v Hoërskool Ermelo and Another* 2010 (2) SA 415 2010 (3) BCLR 177 (KH).
- Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995* 1996 (4) BCLR 537; 1996 (3) SA 165 (KH).
- Lourens v President van die Republiek van Suid Afrika en Andere* 2013 (1) SA 499 (GNP).
- Lungisa v S* 2021 1 SACR HHA.
- MEC for Education in Gauteng Province and Other v Governing Body of Rivonia Primary School and Others* 2013 (6) SA 582; 2013 (12) BCLR 1365 (KH).
- S v Julies* 1996 (7) BCLR 899; 1996 (4) SA 313 (KH).

Grondwette en wetgewing

Basic Education Laws Amendment Act, Act 32 of 2024.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 32 van 1961 (Die 1961-Grondwet).

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983 (Die 1983-Grondwet).

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993 (Die tussentydse Grondwet).

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Die 1996-Grondwet).

Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996.

Wet op Landdroshowe, Wet 2 van 1944.

Zuid-Afrikawet / South African Act van 1909.

Ongepubliseerde proefskrifte

Gerber, G.A. 2025. Assessing the beneficiaries of the broad-based Black Economic Empowerment Programme within the normative framework of international law and the Constitution. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Parlementêre toesprake

Mbeki, T. 1998. Reconciliation and nation building. Government Communications (GCIS), 29 Mei 1998.

Koerantberigte

Sunday Times, 16 April 2017. Afrikaans sentenced to death: English now sole official court language. <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/news/2017-04-16-afrikaans-sentenced-to-death-english-now-sole-official-court-language/>.

Onderhoude

Deacon, J. Uitvoerende hoof van FEDSAS. Telefoniese raadpleging en e-poswisseling. Begin Oktober 2025.

Musiek en die verbeelding van kultuur: Afrikaanse en Suid-Afrikaanse perspektiewe¹

Music and the imaging of culture: Afrikaans and South African perspectives

STEPHANUS MULLER

Professor en Direkteur van Africa Open Institute for Music,
Research and Innovation (AOI)

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: smuller@sun.ac.za

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-0306-2683>



Stephanus Muller

STEPHANUS MULLER is professor in musiek en direkteur van die Africa Open Institute for Music, Research and Innovation (AOI) aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het musiekwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika en Oxford Universiteit gestudeer, waar hy in 2001 sy DPhil verwerf het. Ná sy terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n leidende rol gespeel in die transformasie van musieknavorsing deur die stigting van DOMUS (Dokumentasiesentrum vir Musiek) en later AOI, wat hy in 2016 as interdisiplinêre navorsingsinstituut gevestig het. Sy navorsing fokus op die nalatenskap van apartheid, die geskiedskrywing van Suid-Afrikaanse musiek, en dekoloniale estetika. Hy is die outeur van *Nagmusiek* (2014), 'n genre-oorskrydende boek oor die komponis Arnold van Wyk, wat verskeie nasionale letterkundepryse gewen het. Muller publiseer wyd oor Suid-Afrikaanse komposisie, argiewe en musiekfilosofie, en het reeds talle doktorsale studies in musiek, uitvoeringspraktyk en die kunste begelei.

STEPHANUS MULLER is Professor of Music and Director of the Africa Open Institute for Music, Research and Innovation (AOI) at Stellenbosch University. He studied musicology at the University of South Africa and the University of Oxford, where he obtained his DPhil in 2001. After returning to South Africa, he played a leading role in transforming music research through the founding of DOMUS (Documentation Centre for Music) and later AOI, which he established in 2016 as an interdisciplinary research institute. His research focuses on the legacy of apartheid, the historiography of South African music, and decolonial aesthetics. He is the author of *Nagmusiek* (2014), a genre-defying book about the composer Arnold van Wyk, which won several national literary awards. Muller publishes widely on South African composition, archives, and the philosophy of music, and has supervised numerous doctoral studies in music, performance practice, and the arts.

¹ Hierdie inligtingstuk is deur die skrywer as intreerede gelewer op 22 Oktober 2025. Hy het die Leerstoel Suid-Afrika: Tale, Letterkundes, Kultuur en Samelewing aan Universiteit Gent beklee.

ABSTRACT***Music and the imaging of culture: Afrikaans and South African perspectives***

This inaugural lecture for the Chair South Africa: Languages, Literatures, Culture and Society at Ghent University offers a reflective account of a series of seminars and discussions conducted with students during the speaker's tenure in that position. Rather than presenting new research findings, this lecture considers how a long-standing body of musicological work was revisited, tested, and reframed in a pedagogical context shaped by linguistic difference, disciplinary plurality, and geographical distance. The appointment of a musicologist to a chair traditionally associated with language and literary studies provided an opportunity to reflect on how culture might be approached through sonic and oral dimensions alongside written textuality.

A central point of departure in these discussions with students was the question of sound as a constitutive element of social and cultural space. Drawing on Peter Sloterdijk's notion of the phonotope, the seminars explored the idea that locations "sound like" their inhabitants, and that everyday acoustic environments form experiential envelopes perceived as home. Students were encouraged to think of music not simply as an aesthetic object but as part of broader sonic regimes through which communities articulate belonging, distinction, and power. This conceptual framework proved useful in opening conversations about South African cultural history, particularly in contexts where music, language, and ideology intersect.

Within this framework, the lecture reflects on classroom discussions concerning the sonic organisation of apartheid society. Building on earlier collaborative research with Willemien Froneman, the seminars addressed how Afrikaans phonology and sound ideals were mobilised to support racialised notions of civility and Europeaness. Particular attention was paid to how certain sounds were marked as improper or undesirable, and how such judgements extended from speech to music. Students were invited to consider how sonic preferences functioned as instruments of cultural boundary-making rather than as neutral aesthetic choices.

These discussions led to extended engagement with boeremusiek, a genre often dismissed as naive or authentically "folk." In the seminars, boeremusiek was approached as a historically produced sound world emerging in the early twentieth century amid urbanisation, mass media, and the search for a recognisable Afrikaner identity. Drawing on the concept of collective memory, students examined how boeremusiek operates as a site of memory in which nostalgia, parody, hybridity, and unease coexist. Listening closely to archival recordings, the class explored how the genre's dance rhythms and instrumental textures simultaneously evoke longing for a rural past and expose the constructed nature of claims to sonic purity.

The lecture further reflects on how discussions of Die Stem van Suid-Afrika, the former apartheid-era national anthem, allowed students to consider music as a medium of memory, ideology, and national imagination. Rather than analysing the anthem solely as a historical artefact, the seminars examined its changing meanings across time: from a guarded symbol of Afrikaner nationalism to its post-apartheid incorporation into a composite national anthem. Students considered how rituals such as rugby matches helped to embody this sonic compromise, and how literary reworkings of Die Stem in South African fiction reframe it as a sound of loss, irony, or historical closure.

A recurring theme in these pedagogical reflections is the significance of the periphery as a site of knowledge production. Throughout the seminars, the speaker returned to the question of what it means to work with marginal cultural material – whether genres such as boeremusiek or figures such as the composer Arnold van Wyk – without either dismissing or monumentalising them. Discussions of Nagmusiek focused on historiographical strategies such as fragmentation, incompleteness, and genre ambiguity as practical tools for writing

about compromised cultural legacies. These strategies were presented to students not as abstract theory, but as responses to ethical and historical constraints that shape scholarly work in post-apartheid South Africa.

This emphasis on ethical tension was extended in seminar discussions of post-apartheid composition, particularly Hendrik Hofmeyr's *Sinfonia Africana*. Through collective listening and reception history, students reflected on the difficulty of making aesthetically compelling work in the aftermath of historical trauma. The seminars repeatedly returned to the question of whether beauty can offer consolation without neutralising suffering, and how openness or closure in musical form shapes the ethical resonance of a work. These conversations foregrounded listening as a shared analytical practice rather than as the decoding of authorial intention.

In conclusion, the lecture reflects on how these classroom engagements sharpened a broader awareness of academic risk: the risks of language choice, locality, and historical situatedness. Writing and teaching in Afrikaans were discussed with students as forms of disciplinary disobedience that both resist and depend on global academic structures, requiring acts of translation and mediation. Ultimately, the lecture argues that the value of such pedagogical encounters lies not in definitive answers, but in sustaining spaces where sound, memory, and history can be approached as open, contested, and ethically charged dimensions of cultural life.

KEYWORDS: sound and culture, phonotope, music pedagogy, South African music, Afrikaans sound worlds, cultural memory, boeremusiek, apartheid sonosphere, periphery and risk, post-apartheid aesthetics

TREFWOORDE: klank en kultuur, fonotoop, musiekpedagogiek, Suid-Afrikaanse musiek, Afrikaanse klankwêreld, kulturele herinnering, boeremusiek, apartheid-sonosfeer, periferie en risiko, postapartheid estetika

OPSOMMING

In hierdie intreerede vir die *Leerstoel Suid-Afrika: Tale, Letterkundes, Kultuur en Samelewing* aan die Universiteit Gent reflekteer die spreker oor sy musiekwetenskaplike werk binne 'n breër interdisiplinêre raamwerk, met besondere klem op klank as kultuurdraer. Die spreker argumenteer dat kultuur nie slegs deur geskrewe tekste of taal verstaan kan word nie, maar ook deur ourale en soniese praktyke wat sosiale ruimtes vorm. Aansluitend by Peter Sloterdijk se begrip van die *fonotoop* word klank voorgestel as 'n fundamentele dimensie van menslike samelewing: plekke "klink" soos hul inwoners, en hierdie klankruimtes funksioneer as ervarings van tuiste en selfbeskikking.

Die spreker se navorsing fokus veral op Afrikaanse en Suid-Afrikaanse klankverskynsels, insluitend die soniese ordening van apartheid en die rol van musiek in identiteitsvorming. Deur voorbeelde soos boeremusiek en *Die Stem van Suid-Afrika* word aangetoon hoe musiek as herinneringsplek funksioneer waar nasionalisme, nostalgie, ironie en skuld in spanning verkeer. Hierdie klankvorme word nie as outentieke uitdrukkings van 'n vaste identiteit beskou nie, maar as dinamiese kulturele konstruksie wat histories en ideologies belaaie is.

'n Sentrale tema van die rede is die epistemologiese waarde van die periferie. Die spreker voer aan dat kennisproduksie vanuit die Globale Suide en vanuit marginale kulturele verskynsels besondere seggenskrag het juis omdat dit risiko's inhou: estetiek, etiek en historiografies. Hierdie risiko word gesien as noodsaaklik vir oorspronklike en nie-epigoniese akademiese werk. Die rede sluit af met 'n pleidooi vir akademiese en artistieke moed, vir

disziplinêre ongehoorsaamheid, en vir 'n kritiese omgang met geskiedenis waarin klank as draer van herinnering, trauma en moontlikheid ernstig bejeën word.

1. Inleidend

In hierdie intreerede vir die *Leerstoel Suid-Afrika: Tale, Letterkundes, Kultuur en Samelewing* in die Sentrum vir Afrikaans en die Studie van Suid-Afrika, besin ek oor my eie musiek-wetenskaplike werk, hoe dit in verband staan met die take wat ek hier verrig het as dosent, asook met die breë doelwitte van die Leerstoel. My aanstelling as musikoloog is die eerste nie-Afrikaans taalwetenskaplike of literêre aanstelling in hierdie posisie, en as sodanig staan dit dus in die teken van 'n interdisiplinêre erkenning daarvan dat in die beskrywing “tale, letterkundes, kultuur en samelewing” ook 'n breër tekstualiteit – en dan veral 'n ourale tekstualiteit – deur die toekenningskomitee erken is.

Ek begin dan deur in die breedste moontlike raam te besin oor die ourale, nie in die nouer verknooptheid daarvan aan musiek nie, maar as klank. En hierin wil ek my wend tot een van die nege tope van werklikheidsbeleving wat deur Peter Sloterdijk (2016) in die laaste van sy groot sfero-trilogieë, *Schäume* (Skuum), beskryf word.² Sloterdijk postuleer dat menslike bestaan in nege ruimtelike dimensies uitspeel, en dat die sogenaamde antropogeniese “eilande” van ons bestaan deur middel van die interaksie van hierdie dimensies beskryf kan word. Hierdie nege dimensies, of tope, is verantwoordelik vir dít wat ons beleef en verstaan as “kultuur”, en sluit verskeie sfero in soos dié van: hand-funksie, versorging en moederskap, gemak, die erotiese, kollektiewe strewe, waarheidsaansprake, voorvaders en geeste, en tradisie (Sloterdijk, 2016:333-456).

2. Die fonotopiese funksie van musiek

Van belang vir hierdie rede is die enkele toop wat ek nie genoem het nie, naamlik die sfeer van klank (oftewel die *fonotoop*), wat beskryf kan word as die basiese insig dat 'n plek klink soos die inwoners daarvan. Suid-Afrika, soos België, en Stellenbosch, soos Gent, byvoorbeeld, is ruimtes wat gevul word deur die lewende klanke van hul inwoners: die geluide van werk en ontspanning, 'n alledaagse menslike en masjinale geruis. Hierdie verstaan van ruimte as 'n psigosomatiese klankkoepel, of akoestiese tent, word deur die inwoners as “huis” ervaar. Die fonotopiese funksie kan verstaan word as die groep se selfbeskikking via die oor, en dit is 'n ruimte waarbinne musiek as onafhanklike semiotiese stelsel bestaan.

My eie navorsing, wat ontwikkel het uit 'n belangstelling in identiteitsformasie en musiek, idees van buitestaanderskap en ingewydheid en die rol wat musiek speel in hierdie prosesse, het in die afgelope paar jaar onder die invloed van Sloterdijk se idees uitgebrei na die sonosfeer, spesifiek deur navorsing wat ek saam met my kollega, Willemien Froneman, gedoen het oor die argitektoniese ontwerp van die apartheid-sonosfeer, en die manier waarop kundiges gemoeid met die fonologie van Afrikaans die idee van Afrikaners as 'n beskaafde groep, en hul identiteit as 'n Europese identiteit, verstaan het tydens apartheid (Froneman & Muller, 2025). Ter sake in hierdie verband is die historiese vertrekpunte van die fonologie in Afrikaans, en hoe dit aansluit by die idees oor watter klanke in die uitspraak van Afrikaans ongepas en ongewens sou wees, en die skakel van hierdie ras-gebaseerde teoretisering met watter musiek gepas

² Ek het die teks in die Engelse vertaling geraadpleeg.

sou wees vir beluistering en beoefening. Ek dink in die besonder aan die eienaardige geval van die “jodel” wat in die Afrikaanse fonoloog, Pierre de Villiers Pienaar, se werk uitgesonder word as deel van ’n reeks klanke wat buite die normatiewe en aanvaarbare klanke val vir die Afrikanerstem (Froneman & Muller, 2025:198-202). Die breër punt wat ek wil maak, is dat die interdisiplinêre rigting wat deur die *Leerstoel Suid-Afrika* ingeslaan is met my aanstelling heelwat toekomstige potensiaal het in die ondersoek nie net na taalkundige en literêre bestudering van kultuur nie, en ook nie net na teks-gebaseerde media soos bepaalde soorte musiek nie – waarby ek my grootliks in my seminare bepaal het – maar dat daar iets in die uitruil van kennis en ervarings tussen Suid-Afrika en België is wat te doen het met die kartering van klankpatrone en -gewaarwordinge. Kultuur kan ook ten dele verstaan word deur klank in sosiale kontekste te oorweeg en te bestudeer.

3. Boeremusiek

Een van die uitkomstes van De Villiers Pienaar se ras-gebaseerde teorie van hoe Afrikaans behoort te klink, is dat bepaalde soorte musiek as fatsoenlik, en ander soorte as onfatsoenlik, bestempel kon word. Self het De Villiers Pienaar ’n klein boekie oor opera geskryf (1951) – ’n fatsoenlike musiekvorm – en het hy per implikasie die musiek waarin die jodel in Afrikaans voorkom, naamlik boeremusiek, as onfatsoenlik beskou. Hiermee het hy ’n langdurige vooroordeel bevestig teenoor boeremusiek deur die Afrikaner-elite, as sou dit die laagste en mees permissiewe musieksmaak van ’n ongeletterde of werkersklas-Afrikaner bedien.

Onlangs is beduidende werk oor boeremusiek gepubliseer, waarin die genre se affektiewe appèl deur middel van bepaalde modaliteite in kaart gebring is (Froneman, 2024). Tydens my seminare het ek egter met die studente gepraat oor ’n eenvoudiger teoretiese benadering tot boeremusiek, en dit is naamlik hoe hierdie musiek as ’n herinneringsplek funksioneer. Hierdie werk het ek gedoen vir ’n bundel getiteld *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese Opstelle oor Afrikaanse Herinneringsplekke* (Grundlingh & Huigen, 2008), waarin ek jare gelede bydraes gelewer het oor hoe beide boeremusiek en die nasionale volkslied van die Afrikaner Republiek, *Die Stem van Suid-Afrika*, waarvoor die teks deur C.J. Langenhoven en die musiek deur M.L. de Villiers geskryf is, vir Afrikaners nie net van musikale belang is nie, maar ook metafories plekke van herinnering is waaromheen ’n gedeelte verstaan van identiteit en kulturele waarde met die verloop van tyd tot stand gekom het. Hierdie werk is natuurlik onderneem in die vaarwater van die Franse sosioloog, Maurice Halbwachs, in *Les cadres sociaux de la mémoire* van 1925 en *La mémoire collective* van 1950 (Grundlingh & Huigen, 2008:2).

Wat betref Boeremusiek, het ek met die studente die genre ondersoek as ’n klankruimte waarin Afrikaner-identiteit, -nasionalisme en -moderniteit met mekaar in spanning verkeer. Boeremusiek – dikwels beskou as naïef of as outentieke “volksmusiek” – is in werklikheid ’n kulturele konstruk wat aan die begin van die twintigste eeu ontstaan het tydens ’n proses van verstedeliking, opkomende massamedia en die Afrikaner se soeke na ’n herkenbare volksklank (Grundlingh & Huigen, 2008:189-196).

Deur opnames van orkeste soos dié van Japie Laubscher, die Vyf Vastrappers en ander boeremusiek-musikante te bespreek, het ons besin oor hoe die musiek se dansbare ritmes en trekklavierklanke tegelyk nostalgie en parodie beliggaam. Boeremusiek se selfbewuste eenvoud het ’n teken van verlange na ’n landelike verlede geword, terwyl die musikale hibriditeit daarvan – beïnvloed deur slawemusiek, Europese polkas, walse en Amerikaanse country – die ironie van ’n “suiwer” Afrikaanse klank ontbloot.

Boeremusiek is nie bloot 'n uitdrukking van wit identiteit nie, maar 'n voortdurende onderhandeling daarvan – 'n spel tussen parodie, selfbevestiging en skuld. Die genre word só 'n terrein waar die Afrikaner sigself kon herken, maar ook belaglik kon maak: 'n musiek van “self-spot en selfbehoud”. Binne die breër konteks van Afrikaanse populêre kultuur en ander vorme van sogenaamde “wit” vermaak, het Boeremusiek 'n herinneringsplek geword; nie omdat dit 'n outentieke volksklank bewaar nie, maar omdat dit die onvaste, ironiese en soms pynlike klank van Afrikaner-selfherkenning verteenwoordig.

4. *Die Stem van Suid-Afrika*

My navorsing oor *Die Stem van Suid-Afrika* en die nasionale volkslied het ondersoek hoe musiek funksioneer as klankruimte vir geheue, versoening en nasionale verbeelding. In hierdie navorsing, wat tydens my seminare bespreek is, is musiek nie bloot as estetiese verskynsel behandel nie, maar as 'n medium waardeur ideologie, identiteit en emosie sigbaar – of hoorbaar – word. Onder andere het ek saam met die studente besin oor die simboliese samesmelting van *Die Stem* en *Nkosi Sikelel' iAfrika* in die 1990's, en hoe rugby as ritueel die klank van versoening help beliggaam het (Muller, 2001). Die volkslied se politieke transformasie van 'n wit nasionalistiese simbool na 'n inklusiewe, meertalige komposisie is ontleed as 'n kompromis wat estetiese samehang opgeoffer het ter wille van politieke pragmatisme.

Voorts is *Die Stem* beskou as 'n musikale monument waarin die geskiedenis van nasionalisme en uitsluiting opgesluit lê. Vanuit die FAK-argiewe het ek aangetoon hoe kulturele leiers soos Anton Hartman en Con de Villiers oor die “heiligheid” van die lied gewaak het, wat dit verander het in 'n instrument van ideologiese dissipline. In die Afrikaanse letterkunde word *Die Stem* herinterpreteer as ironiese of kritiese klankbeeld: in André P. Brink se *Kennis van die Aand* as martelaarslied, in Coetzee se *Age of Iron* as 'n klank van ondergang, en in Marlene van Niekerk se *Agaat* as 'n begrafnissang vir die ou orde.

Die besinning het dan gehandel oor hoe volksliedere en rituele sang die estetika van herinnering vorm in Suid-Afrika – van die triomfantlike vergestaltung van Afrikaner-nasionalisme tot die onseker klank van 'n veelrassige demokrasie wat steeds na 'n gemeenskaplike stem soek.

5. *Die periferale*

Daar sou natuurlik geargumenteer kon word dat hierdie voorbeelde – boeremusiek en *Die Stem* – heel marginale klankvoorbeelde behels vanuit 'n Suid-Afrikaanse musikale werklikheid wat ryk en geskakeerd is op soveel verskillende maniere. Dit sou inderdaad korrek wees, maar, moet ek toevoeg, 'n deel van my werk as akademikus, en een van die groot temas waaroor ek in gesprek getree het met die studente tydens my verblyf in Gent, het gehandel oor die seggenskrag wat moontlik word vanuit die periferie. Ek is oortuig dat die periferie, of in meer resente dekoloniale terminologie, die kennis wat bestaan in die pluriversum, deur die navorsing en werk van akademici uit die Globale Suide as 'n sentrale lokus van kennis gekonstateer moet word. Wanneer dit gebeur, glo ek dat dit moontlik is om dinge te sê wat nie aan die hand van materiaal in die historiese koloniale sentra gesê kan word nie, en op maniere gesê kan word wat spreek van vernuwende epistemologiese prosesse en ontdekkings. Hierdie verstaan van die periferie word nie volkome uitgesê deur gewoon te let op die spanning tussen die Globale Noorde en die Globale Suide nie, maar is ewe waar vir die fokus op perifere verskynsels binne die Globale Suide self, en dit sluit klankverskynsels in.

Dit is inbegrepe hierdie oortuiging dat ek met die studente my 2014-werk oor die komponis Arnold van Wyk bespreek het (Muller, 2014). Van Wyk was 'n belangrike Suid-Afrikaanse komponis in die twintigste eeu. Gebore in 1916 en oorlede in 1983, het hy soos vele van sy eweknieë nie veel gehou van apartheid nie, maar ook weining gedoen om hom daarvan te distansieer – hetsy deur direkte politieke uisprake, óf deur die geleenthede wat sy wit Afrikanerskap vir hom geskep het, van die hand te wys. Van Wyk was polities gediensig, maar dit het nie gekeer dat hy belangrike werk geskep het, en die Suid-Afrikaanse kunsmusiek verryk het met groot en tydlose werk nie. Desnieteenstaande sou ek hom binne die groter konteks van Suid-Afrikaanse musiek – nie kunsmusiek nie – as 'n marginale figuur moet beskryf weens die feit dat sy werk, en die betekenis daarvan, vandag grootliks vergete is en moontlik slegs verstaan word as bydraes tot die kulturele produksie van apartheid.

Met die studente het ek bespreek hoe 'n mens so 'n dubbelsinnige politieke en estetiese nalatenskap sou benader as musikoloog en historiograaf. As vernaamste uitdaging het ek gewys op hoe dit ondenkbaar sou wees om byvoorbeeld 'n estetiese nalatenskap wat so perifeer staan in die Suid-Afrikaanse kulturele geheel te monumentaliseer op maniere wat daardie konteks ignoreer of geringskat. In my teks, *Nagmusiek*, was dit dus vir my belangrik om te ontdek hoe om 'n belangrike figuur se lewe en werk te boekstaaf sonder om dit te monumentaliseer. Die strategieë wat hiervoor aangewend is – fragmentasie, genre-dubbelsinnigheid, onvolledigheid, historiese relativisering – is uiteindelik strategieë van die periferie. Belangrik is egter dat dit nie net teorieë is nie, maar werklik strategieë om te skryf en akademiese werk te doen. Hierdie onderskeid is belangrik, want dit dui op die verskil tussen spel en risiko. Teorie, in al die wonderlike gestaltes waarin dit as ekspliserende energie of dryfkrag van idees aangewend kan word, is 'n soort intellektuele spel. Die strategieë van die periferie kan ook spel wees, maar dit is altyd ook, en veral, riskant. Dit is hierdie aspek van die periferie wat dit uiteindelik nie-perifeer maak, die verplasing van die swaartepunt van die akademiese projek na die lokus van risiko, waar die gevaar bestaan dat dinge verkeerd kan loop, inderdaad, maar die belofte ook bestaan dat dinge kan gebeur wat oorspronklik en nie-epigonies en vars is.

6. Risiko

Die risiko van die periferie is een van 'n aantal temas wat tydens my seminare met die studente bespreek is. Aan die hand van *Nagmusiek*, het ons ook die geleentheid gehad om te wonder oor hoe 'n mens geskiedenis skryf in die nadraai van 'n mens-onterende en verwoestende ideologie soos apartheid, en hoe nie net kuns nie, maar ook akademiese werk moet worstel met die risiko daarvan om narratiewe te skep wat die verlede neutraliseer in sagte vertellings of slim uitsprake in media wat getuig van tegniese beheer eerder as deurtastende, moeilike, en noodwendige onafgeslote, of oop, historiese verkenning. Hierdie is nie vrae waarvan slegs kunstenaars moet rekenskap gee nie, maar ook akademici in hul skeppende werk en navorsing.

Hierdie vrae was ook aan die orde met die bespreking van die komponis Hendrik Hofmeyr se *Sinfonia Africana*, en die resepsiegeskiedenis van hierdie koorsimfonie goed 20 jaar nádat my resensie van hierdie werk 'n ongekennde polemieë ontekten het in die Kaapse dagblad, *Die Burger* (Muller, 2009). Dit was vir my opvallend dat die studente met die beluistering van hierdie werk baie van dié dinge kon hoor wat die *Sinfonia Africana* vir my 'n soort toetsgeval gemaak het vir die maak van musikale konstrukte in die post-apartheid periode. Dit is nie nodig om oor 'n uitgebreide musikale woordeskat te beskik om dinge te kan hoor soos “digtheid”, “donkerte”, of “diepte” nie – alles dinge wat die studente kon hoor, sonder om noodwendig meer kontekstueel ingelig te wees oor die musikale verwysingspunte van die

werk. Dit was maklik genoeg om vanaf hierdie waarnemings dinge te sê oor die werk se tekstuur, die oorwegend homofone toonsetting vir die koor of die orkestrale toonkleur wat in bepaalde dele deur die laer strykers oorheers word.

Van hierdie waarnemings was dit 'n klein stap om te besin oor hoe musiek betekenis kan skep en oordra, om te wonder oor die mate waartoe 'n komponis – en inderwaarheid enige outeur – se bedoelings in hul skeppings gehoor, gelees en gesoek kan word, en watter tipe greep die outeur – of die komponis in hierdie geval – op hul werk behou ná die bekendstelling daarvan aan die leser of gehoor. Veral in die geval van Hofmeyr se *Sinfonia Africana* het ons die ou vraag herbesoek oor die maak van mooi dinge in die nadraai van groot en verskriklike historiese trauma. Aan die een kant, soos die studente aan my uitgewys het, bring kuns die belofte van die transendering van pyn en verlies, vertroosting deur skoonheid, letterlik deur die bemiddeling daarvan op wyses wat ánder uitkomst as die verskriklike historiese uitkomst voorsien en bewerk. Aan die ander kant bestaan die gevaar dat kuns die werklike verdriet, rou en seer van mense kan nivelleer. In die geval van die *Sinfonia Africana* het ons hierdie kwessie oorweeg aan die hand van die werk se uitgesproke afsluitingsgebare, en weer was die kwessie ter sprake die een van die oop teks, en hoe oop versus geslote tekstualiteit as 'n strategie kan werk wanneer hierdie groot en onbeantwoorbare vraag oordink word.

Ter sake in hierdie geval was dus die wyse waarop die estetiese en die etiese aspekte van bestaan mekaar tegemoet tree in die kunswerk, en die eise wat historiese *sui generis* gebeure stel aan die kunstenaar om hierdie ontmoeting as integraal tot die skeppingsproses te verstaan.

As 'n akademikus wat gedoktoeer is amper 'n dekade ná die beëindiging van formele apartheid, was hierdie intellektuele spanning nog altyd deel van my intellektuele wêreld en die daaglikse imperatiewe om navorsing te doen en kreatiewe werk te maak. Daar is vir my min twyfel dat wat ek hier as imperatief ervaar, 'n generasionele sensitiviteit is, en dat in die werk van my studente, en hulle studente, dit minder dwingend is, of ten minste belangrik is op ander maniere, om die teenswoordige in balans te probeer hou met 'n veelbewoë verlede. Dit beteken nie dat die tyd onverskilligheid in die hand werk nie – ek dink die historiese presedente vir goot historiese trauma bewys die teendeel – maar dat die standpuntinname oor die verlede minder eksistensiël word. Daarmee wil ek dan ook ten volle erkenning gee daaraan dat my eie akademiese werk, waaruit ek perspektiewe gedeel het tydens my lesings hier in Gent, kenmerkend van 'n bepaalde tyd van skepping en denke is in Suid-Afrika, en minder rigtinggewend is vir wat in die toekoms te wagte kan wees, as wat dit rekenskap gee van die eise van die verlede, en my spesifieke posisionering in hierdie gegewe.

Dat dit nie hier handel oor 'n volkome relativering van idees oor die geskiedenis nie, moet egter beklemtoon word. Die *Sinfonia Africana* sal altyd 'n werk wees wat 10 jaar na die politieke beëindiging van apartheid geskryf is, en die historisistiese beskouing van die werk sal altyd, soos die polemiese resepsie duidelik gemaak het, die eties-estetiese koordans van die komponis in die lig van die onmiddellike postapartheid era moet oorweeg. Maar dit is moontlik dat ons met die verloop van tyd ruimer kan dink oor hierdie sake, en dat daar perspektiewe en waarde-oordele ontwikkel wat nie so streng in die ban van die historiese gebeure van die tyd staan nie. Dit is miskien 'n algemene waarheid, wat nie veel meer sê nie as dat ook in die akademiese diskoers, belangstellings en desiderata tydsgebonde is, en aan veranderings onderworpe is.

Hiermee wil ek miskien sê dat die akademikus ook die risiko van haar eie tydsgebondenheid, haar historisistiese greep op die werklikheid, moet erken as 'n soort risiko wat nie vermy kan word nie, en wat in dapperheid aanvaar moet word, maar waarvan daar ook met bewuste beskeidenheid nie teruggedeins moet word nie. Hier wil ek terugkeer na die idee van “risiko”

wat ek vroeër in die lesing in verband gebring het met die skrywersimperatief vanuit die periferie. Akademiese en artistieke risiko is 'n veel groter onderwerp as die oorweging van modusse van vertelling en boekstaving wat historiese onreg bewustelik of onbewustelik neutraliseer. As 'n akademikus wat skryf uit die Globale Suide, waar die koloniale projek uitgespeel het deur die vestiging van 'n handelspos in Suid-Afrika deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en 'n kolonie van die Britse Ryk onderskeidelik, en 'n verwoestende neo-koloniale staat gevestig op kolonialistiese rasse-ideologieë tydens apartheid, is hierdie risiko nie onbenullig nie. Maar dit is ondergeskik aan die groter risiko om die durende magswanbalanse van die koloniale projek te laat voortduur in die gedienselike navorsing en skryfwyses van dissiplines en epistemologieë van die Globale Noorde. Dit is in hierdie opsig dat die eerste stap van dissiplinêre ongehoorsaamheid vir my die gebruik van Afrikaans is, wat in die Suid-Afrikaanse konteks beteken die strategiese benutting van én weerstand teen die gebruik van Engels. Die risiko wat met hierdie strategie gepaard gaan, is natuurlik die beperking van 'n lesersgroep tot Afrikaanssprekendes, en met enkele uitsonderings na tot Suid-Afrika. En die risiko wat hiermee aangegaan word, is uiteraard dat wysigings aan denkpatrone, byvoegings tot kennis, innovasies in navorsing beperk bly tot 'n klein groepie ingewydes, en dat daarmee die geleentheid verspeel word om deel van 'n groter akademiese gesprek te word, en daardie gesprek te beïnvloed. Om hierdie risiko te bestuur, moet die Afrikaanse skrywer altyd ook vertaler van eie werk wees; hetsy deur soms in 'n groter taal te publiseer, óf deur vertaling na te jaag, óf deur te probeer om iets van 'n resepsie buite die klein dampkring van Afrikaans te ontvang. Laasgenoemde impliseer die bestaan van resensente of kritici wat soos spilakkoorde tussen tale kan moduleer, en so verseker dat idees wyer omgang kan geniet.

Dan is daar die risiko om te vertrou op die lokale as voldoende en ryk gegewe vir geesteswetenskaplike navorsing. Dit is om gestalte te gee aan Mignolo se dekoloniale verplasing van die sentrum van intellektuele aktiwiteit weg van die koloniale sentra, en dit behels 'n soeke na en erkenning van materiaal, energie en vrae wat nie op ander plekke gevind, gegenereer en gevra kan word nie. Hiermee word dan 'n eerste bres geslaan vir oorspronklikheid en radikale gesentreerdheid. Natuurlik is hierdie nie 'n voldoende voorwaarde vir belangrike of nuutskeppende werk nie, maar ek sou meen dat dit 'n essensiële voorwaarde is. Die risiko wat hieraan gekoppel is, soos met die gebruik van Afrikaans, is dat werk wat op hierdie manier plaaslik gesentreerd is, parogiaal, en dus anti-intellektueel, kan wees. Hier is dit van die uiterste belang dat kritiese teorie en brontekste, primêr in die Suid-Afrikaanse geval, uit die Anglo-Amerikaanse akademiese industrie, maar ook sekondêr uit Europa, die remedie is vir selfbehepte navorsing en bemoeienisse.

Hierdie risiko's om akademiese en artistieke werk van gehalte te lewer, is myns insiens gering indien dit opgeweeg word teen die heel groot risiko: die klakkelose oorneem van akademiese en kreatiewe formules om 'n gewaande internasionaliteit aan diskursiewe gewoontes en keuses te verleen. "Internasionale erkenning" op hierdie vlak, is die dood in die pot nie net van deurgrodelike werk nie, maar van die produksie van kennis per se.

Binne die groter internasionale konteks beklee Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse akademici, en Afrikaanse akademici en kunstenaars, so 'n onbenullige klein plek in die konstellasie van kennis-generering en artistieke produktiwiteit dat dit ook so is dat risiko in die intellektuele sfeer 'n heel ander betekenis kry. Wat ek hiermee bedoel is dat daar – ten minste in my eie werk as musikoloog – geen groot institusionele kragte inspeel om dissiplinêre gehoorsaamheid te polisieer of af te dwing nie. Alhoewel die dissiplinêre landskap waarin ek werk institusioneel steeds oorwegend konserwatief is – ten spyte van beduidende omwentelings in die organiserings

van die dissipline op nasionale vlak – is daar geen noemenswaardige sanksie verbonde aan die uitdaag van dissiplinêre konvensies nie. In die oorgrote meerderheid van gevalle beteken risiko wat skeefgeloop het nie die beëindiging van loopbane nie, nie die ondermyning van kanons of dissiplines nie, nie die ineenstorting van paradigmas of die grootskeepse vermorsing van geld nie. In perspektief beskou, is die grootste risiko dus wat 'n akademikus of skepper vanuit die Globale Suide loop dat sy haar skik aan die orde van die Globale Noorde, en daarmee al die dinge in stand hou wat haar marginale posisie bevestig.

Een so 'n risiko wat ek met die studente bespreek het, was *Nagmusiek*, wat ek hierbo vermeld. Maar 'n ander, minder ambisieus in omvang maar miskien meer gewaagd as hermeneutiese gebaar, is die bespreking van die spore van fascisme in die Suid-Afrikaanse musiek. Die verbandlegging tussen die Ossewabrandwag-komponis, Olaf Andresen, en die avant-garde werk van die Stellenbosch-komponis, Roelof Temmingh, berus op die kanoniese Afrikaanse teks van die digter, D.J. Opperman, wie se epos, *Joernaal van Jorik*, histories raakpunte toon met die lewe van Andresen aan die een kant, en wie se teks getoonset is in 'n eksperimentele werk deur Roelof Temmingh. Andresen is dus die spil waarom daar gedink kan word oor fascisme in Suid-Afrika, en hoe dit aan die een kant in die banale musiek van Andresen gehoor kan word, en 'n meer onheilspellende, hauntologiese bestaan kon voer in die avant-garde werk van Temmingh.

Daar is geen sweem van 'n aantyging dat Temmingh self fascisties was, of fascistiese musiek gekomponeer het nie. Veel eerder is die implikasie in die wyse waarop Andresen se verhaal in Temmingh se musiek neerslag vind, 'n herinnering dat Suid-Afrikaanse kultuur – en in hierdie geval Witafrikanerkultuurbeoefening – deurweek is met die bespokings van apartheid en die partikuliere fascisme wat dit onderlê het. Die risiko's hier is nie dissiplinêr of prakties nie, maar hermeneuties, en direk eweredig aan die ander groot tema wat met die studente bespreek is en wat hier bo genoem is, naamlik hoe akademiese werk en artistieke produksie in die nadraai van historiese ellende hoegenaamd kan plaasvind. Die risiko in hierdie geval, in ander woorde gestel, is die aanvaarding van hierdie imperatief en die beoefening van die hermeneutiek om iets van die verskrikking van hierdie verlede in ons uitleg van die kulturele op te soek in die verhale wat ons vertel.

7. Ten slotte

Ek sluit af. Die Leerstoel het my in staat gestel om navorsing wat oor 'n lang tyd tot stand gekom het weer van nader te bekyk en in gesprek met die studente te oorweeg. Dit was vir my persoonlik en as akademikus 'n interessante ervaring om so 'n trajek van intellektuele ontwikkeling na te gaan, en die grense van die werk te toets in 'n pedagogiese omgewing waar heel veel van die agtergrond wat deur die werk veronderstel word, eksplisiet gemaak moes word. Hiervoor bedank ek die studente wat heel merkwaardig die taalhindernisse wat daar tussen Afrikaans en Vlaams bestaan oorkom het in lewendige besprekings en deelname. My dank veral ook aan prof. Yves T'Sjoen, in die besonder, wat getrou elke seminaar bygewoon het, en op wie ek by meer as een geleentheid kon staatmaak om verdere toeligting te gee. Prof. T'Sjoen verstaan dikwels meer van Suid-Afrika as ek self. Ten slotte ook my dank aan die Universiteit Gent vir die verrykende ervarings en intellektuele kollegialiteit wat vir my ontsluit is deur die toekenning van hierdie prestigeryke Leerstoel.

BIBLIOGRAFIE

- Brink, A. 1973. *Kennis van die aand*. Kaapstad: Buren.
- Coetzee, J.M. 1990. *Age of iron*. Cape Town: Secker & Warburg.
- Pienaar, D. 1951. *Opera en sanger*. Johannesburg: Afrikaanse Pers.
- Froneman, W. 2024. *The groovology of white affect: boeremusiek and the enregisterment of race in South Africa*. New York: Palgrave.
- Froneman, W. & Muller, S. 2025. Singing cowboys and Alpine goat herds: the passaggio of culture to nature in Afrikaans yodelling. In Muller, S & Walton, C (reds.) 2025:191-204.
- Grundlingh, H.M. & Huigen, S. (reds.). 2008. *Van volksmoeder tot Fokofpoelisiekar: opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: African Sun Media.
- Muller, S. 2001. Exploring the aesthetics of reconciliation: rugby and the South African national anthem. *South African Journal of Musicology*, 21(1):19-37.
- Muller, S. 2009. 'n Blik op die resepsiesgeskiedenis van Hendrik Hofmeyr se *Sinfonia Africana*. *Musicus* 37(1):19-23.
- Muller, S. 2014. *Nagmusiek*. Johannesburg: Fourthwall Books.
- Muller, S. & Walton, C. (eds.). 2025. *Cultural relations between Switzerland and apartheid South Africa*. Basel: Basler Afrika Bibliographien.
- Opperman, D.J. 1949. *Joernaal van Jorik*. Kaapstad: Tafelberg.
- Sloterdijk, P. 2016, 2004 printing. *Foams – Spheres III* (Suid-Pasadena: Semiotext(e)); Translated from the original German by Wieland Hoban. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag, 2004).
- Van Niekerk, M. 2004. *Agaat*. Kaapstad: Tafelberg.

Die beiteljies van Afrikaans 1

Die welbekende metafoor van NP van Wyk Louw wat Afrikaans voorstel as 'n instrument waarmee wondere verrig kan word, word vir die doel van hierdie rubriek met erkenning benut om die storie te vertel van hoe die taal as so 'n instrument kon ontwikkel, en hoe dié instrument onderhou moet en kan word. In die proses wil ek ook affloer by ander tale, en veral hoe tale in dieselfde geografiese ruimte saambestaan, en die gevolge daarvan op die uiteindelijke vorm daarvan. Om die bespreking te struktureer, sal ek telkens 'n vraag of twee aan die orde stel en dit dan probeer beantwoord.

'n Voorvereiste vir die optimale gebruik van enige taal om 'n belangrike rol te speel in die lewens van sy sprekers is die ontwikkeling van 'n standaardvorm. Daarom is dit van belang om onbevange te kyk na Afrikaans as gestandaardiseerde taal, m.a.w. 'n taal wat onder andere ook 'n standaardvorm besit. Maar eers moet daar duidelikheid wees oor die aard en vorming van 'n standaardtaal.

1. Wat is 'n standaardtaal, en hoe kom dit tot stand?

Om dié vraag te beantwoord, net 'n bietjie geskiedkundige agtergrond wat van belang is as ons die begrip reg wil verstaan.

Die bekende Franse outeur Victor Hugo het te midde van 'n stroom wysshede die volgende stelling kwytgeraak in *Les Misérables*, naamlik “*Tout obéit au succès, même la grammaire*” (‘Alles gehoorsaam, of buig voor, sukses, selfs grammatika’). Hugo verwys hier na Horatius se stelling “*Si volet usus*” (‘volgens gebruik’), wat sy siening van gebruik as die arbiter van taal weerspieël. Hierop kan 'n mens stellig vra: Wat is sukses, die soort waarvoor selfs grammatika moet buig? Dit sou enersyds kon beteken dat die spraak van die “suksesvolles” as norm kon dien in die gemeenskap, en dat dié spraak die grammatika van die tot dusver erkende taal kan wysig, of anders gestel, dat sprekers en skrywers hulle taalgebruik aanpas by die taalpatrone, reël of gewaan, van hulle sosiaal meer suksesvolle gespreksgenote, waardeur vasgelegde grammatikale norme (wat by wyse van implikasie ook woordeskat insluit) 'n verandering kan ondergaan.

Beide aspekte van hierdie interpretasie sou, as 'n mens breedweg daarna kyk, betrekking kon hê op die ontstaan van 'n taal met nuwe norme, dus taalverandering as gevolg van sosiopolitieke verandering. As die sprekers van 'n “afwykende” taalvorm byvoorbeeld 'n hoë status in die gemeenskap bereik het, kan dit wat voorheen as afwykend en “niestandaard”, of net eenvoudig vreemd, beskou is, nou die norm word. Dit is, in ooreenvoegde vorm, wat met baie tale op aarde gebeur het.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld: Ná die Normandiese inval in Engeland in 1066, die Battle of Hastings, moes die “suiwer” Germaanse taal van die Angele en Saksers (saam met dié van die Kelte, wat vandag nog deur klein minderhede in die Britse Eilande gepraat word) buig voor die militêre, politieke, en later sosiale sukses van die Romaanse invallers van oorkant die Engelse Kanaal onder leiding van Willem die Veroweraar (Guillaume le Conquérant), wat die koningskap van Engeland ná die dood van sy verlangse neef Edward opgeëis het, en opgevolg is deur sy seun Willem le Roux (Guillaume le Roux). Vir tweehonderd jaar hierna is Engels as kombuistaal slegs deur die laer klasse gepraat, en het Frans die botoon gevoer as

hoëstatustaal in die kringe waar dit saak gemaak het. Deur dié asimmetriese taalkontak moes Engels buig voor Frans. Hierdie verloedering of “verbastering”, waardeur Engels groot happe van sy woordeskat aan Franse ontlennings moes afstaan (en selfs sekere sintaktiese strukture), lê waarskynlik aan die wortel van wat deur baie sprekers van Afrikaans as die Engelse gevaar beskou word, d.w.s. die bedreiging wat Anglisismes inhou. As dit nie vir dié Normandiese Franse was nie, sou ’n mens kon redeneer, was Afrikaans en Engels vandag waarskynlik taalkundig veel nader aan mekaar. Die ander kant van die munt is dat die invloed van Engels op Afrikaans waarskynlik nie so opsigtelik sou gewees het nie en dalk veel groter sou wees as waarvan ons vandag bewus is.

Hier is ’n paar voorbeelde van Oudengelse items wat in gebruik was voor die Normandiese inval (met Moderne Engelse, en hier en daar Afrikaanse, ekwivalente):

ácweorna <i>squirrel</i> (vgl. eekhoring)	hana <i>cock</i> (vgl. haan)
ánfealdlic <i>simple</i> (vgl. eenvoudig)	héafodcyrice <i>cathedral</i> (vgl. hoofkerk)
árful <i>venerable</i> (vgl. eervol)	hengest, hengst <i>m stallion</i> (hings)
æfterfylgend <i>successor</i> (vgl. opvolger)	ingeseted <i>placed in</i> (vgl. vgl. ingesit)
égergelu <i>yolk of egg</i> (vgl. eiergeel)	insittende <i>sitting within</i> (sittende binne-in)
ælmesgifu <i>charity</i> (vgl. aalmoesgewing)	landscape, landstede <i>region</i> (landskap)
æppelwín <i>cider</i> (vgl. appelwyn)	langmóðlice <i>patiently</i> (lankmoedig)
capellan <i>chaplain</i> (vgl. kapelaan)	líc n, lichama <i>corpse</i> (lyk)
ceafor <i>beetle</i> (vgl. kewer)	líchamlic <i>physical</i> (liggaamlik)
cirice <i>church</i> (vgl. kerk)	lof <i>repute</i> (lof)
cnapa <i>child</i> (vgl. knaap)	nama <i>reputation</i> (naam)
coliandre <i>coriander</i> (vgl. koljander)	nemnan <i>mention</i> (noem)
crístendóm <i>Christianity</i>	níwe <i>recent</i> (nuwe)
gaderung <i>council</i> (vgl. raad, vergadering)	persic <i>peach</i> (perske, Ndl. perzik)
gang <i>passage</i>	petersilie <i>parsley</i> (pietersilie)
gástlic <i>spiritual</i> (vgl. geestelik)	ymbgang <i>circumference</i> (omtrek)
gyrdel <i>zone</i> (vgl. gordel)	

Maar, sou ’n mens kon redeneer, Engels het darem nog Engels gebly, al is dit in ’n Franse baadjie. Wat wel waar is, is dat die Franse ekwivalente ’n hoër status as die Germaans-Engelse woordeskatitems geniet het, en dat hierdie eienskap oorgedra is op moderne Engels, en deur sy kontak met Afrikaans, ook na die tegniese woordeskat van Afrikaans.

Tot dusver het ek nog net oor die “magstryd” tussen tale gepraat en niks oor standaardtaal gesê nie. Maar hierdie magstryd is ’n uiters belangrike faktor by die indeling van tale volgens belangrikheid, iets wat uiteindelik ook bepaal of ’n taal eerstens as taal beskou word, en dan as taal gestandaardiseer word. In die eerste plek bepaal die sosiale status van die sprekers van ’n taalvariëteit in die meeste gevalle of dié taalvorm as ’n taal of as ’n dialek beskou gaan word. Sprekers van ’n taalvorm wat hulle sosiopolities in ’n ondergeskikte posisie in die gemeenskap bevind, sal geneig wees om te buig voor die taal van die sosiopolities meer suksesvolle, of dan dominante, sprekers in die gemeenskap. Ons sou dus kon sê dat die skeidslyn tussen ’n taal en ’n dialek bepaal word deur die bril waardeur sprekers daarvan beskou word, en – en dit is belangrik – deur die spieël waarin sprekers na hulleself, as deel van hulle identiteit en selfbeeld, en na hulle eie taalvorm kyk. Dit beteken dat dialekte nie altyd dialekte bly nie, en ook dat tale nie altyd hulle status behou nie. Houdings teenoor taal is van deurslaggewende belang. Van die 6 000 tot 7 000 tale wat in die wêreld onderskei kan word, is ’n groot persentasie

dialekte, wat, afhange van die taalhouding en insette van die sprekers, óf gaan uitsterf, óf mettertyd die status van 'n taal gaan verwerf.

Wat is dan nou die verskil tussen 'n taal en 'n dialek? 'n Taal word anekdoties beskryf as 'n dialek met 'n vloot, "a dialect with a navy" (volgens die Jiddisje linguïst Max Weinreich), dus 'n taalvorm met slaankrag. Hierdie "slaankrag" het te doen met die funksies waarvoor 'n taal gebruik kan word, en die verkryging van hierdie funksies is dan ook terselfdertyd die onderskeidende kenmerk van 'n standaardtaal. In die moderne konteks word hierdie funksies moontlik gemaak deur die **kodifisering**, oftewel **verskrifteliking**, van die taal (dialekte en informele variëteite van 'n taal kom oorwegend in mondelinge vorm voor). By kodifisering word daar eerstens op 'n ortografiese vorm vir die taal besluit. Hier dink 'n mens aan die Slawiese tale soos Pools of Russies, wat óf die Romeinse alfabet, óf die Cyrilliese alfabet gebruik, afhange van die godsdienstige tradisie in die land (Rooms of Ortodoks); aan Urdu in Pakistan en Hindi in Indië, wat prakties dieselfde taal is, maar ook om godsdienstige redes twee verskillende ortografieë gebruik, nl. die Arabiese en Hindi-alfabet, onderskeidelik; en ook aan Afrikaans, waarvan die eerste ortografie van gedrukte publikasies in die Arabiese alfabet geskryf is, omdat daar behoefte aan die funksionele gebruik van 'n skriftelike vorm van Afrikaans vir religieuse onderrig in Islam bestaan het. Kodifisering is dan die eerste voorwaarde vir die totstandkoming van 'n standaardtaal. Natuurlik word vele dialekte ook in geskrewe vorm weergegee, en skriftelikheid is dus nog nie 'n deurslaggewende maatstaf nie. Verskrifteliking is egter 'n noodsaaklike voorwaarde waaraan voldoen moet word voordat die betrokke kode die funksies kan vervul wat daarvan 'n taal maak. Die dokumentering van taal bring ook mee dat die taal self die onderwerp van wetenskaplike studie word, deurdat rekords van die woordeskat en tekste bewaar kan word, en uiteindelik in die vorm van woordelyste, verklarende en vertalende woordeboeke en grammatikas beslag kry.

Hiermee hang ook die feit saam dat daar, om optimale verstaanbaarheid te verseker, tweedens 'n **seleksie** gemaak moet word uit al die wisselvorme (aanvanklik uit die verskillende dialekte, maar ook uit die verskillende vorme wat binne 'n taal self bestaan) om bepaalde begrippe mee te beskryf. Dit is iets wat vanaf die ontstaansperiode van 'n taal teenwoordig is, en voortgaan so lank as wat die taal verander en groei. Dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die bruikbaarheid van 'n *eenheidsdialek*, 'n ander manier om die begrip *taal* (en spesifiek *standaardtaal*) mee te beskryf, om vir al die gebruikers daarvan verstaanbaar te wees. Seleksie is dan seker die hoofkenmerk van 'n standaardtaal, deurdat sekere norme en standaarde aangelê word om uit die wye verskeidenheid van alternatiewe vorme dié uit te kies wat as "korrek" en "aanvaarbaar" beskou word deur die breë taalgemeenskap, en optimale onderlinge begrip verseker.

Die derde belangrike eienskap van 'n standaardtaal is dié van **funksie-uitbreiding**, of **kultivering**, waardeur so 'n eenheidsdialek oor die hele spektrum van taalgebruik, en veral vir die hoër funksies, bruikbaar gemaak word. Standaardtaal word ook genoem kultuurtaal, omdat dit, benewens die "laer" domeine soos die huis, die buurt en die vriendekring, ook aangewend word in die onderwys, die kerk, die kunste, die wetenskap, die media, die reg en administrasie. Om hierdie funksie-uitbreiding moontlik te maak, moet daar natuurlik ook 'n politieke besluit geneem word dat so 'n taal verampelik word, dus erken word vir gebruik deur regeringsinstansies om met die burgers van die staat te kommunikeer. 'n Mens sou dit nie as 'n proses kon beskryf nie, maar as 'n enkele buitetalige gebeurtenis in die proses van standaardisasie.

Funksie-uitbreiding het 'n nuwe-effek, naamlik sprekertaluitbreiding, omdat ook sprekers van ander tale van die bruikbaarheid (dus instrumentele waarde) van hierdie spesifieke taal

bewys word en dit moet en wil verwerf – dus as nie-moedertaal. Die funksionele waarde van 'n taal word in dié opsig dan weerspieël deur die grootte van die aantal nie-moedertaliges (oftewel die sekondêre taalgemeenskap) van daardie taal.

Om saam te vat: Die drie eienskappe wat ek tot dusver genoem het – kodifisering, seleksie en funksie-uitbreiding – is dan die hoofkenmerke van 'n standaardtaal, of die noodsaaklike voorvereistes vir die ontstaan van 'n standaardtaal. Wat ook belangrik is, is dat hierdie eienskappe nie noodwendig chronologies op mekaar volg nie, en voortdurend in wisselwerking is. 'n Standaardtaal is dus nooit finaal vasgelê nie, en verander voortdurend na gelang die woordeskat reageer op veranderings in die leefwêreld van die taalgemeenskap. Dit beteken dat taalnormering 'n voortgaande proses is deurdat die standaardtaal gemoderniseer word en dat taalpraktisyns op hulle tone moet bly om nie agter te raak nie.

2. Wie besluit wat standaardtaal is?

Wanneer 'n taal genormeer (of gestandaardiseer) word, word dié taak gewoonlik opgedra aan verteenwoordigers uit die taalgemeenskap wat vir die doel aangewys word. In die geval van 'n wêreldtaal soos Frans is dit byvoorbeeld die *Académie Française*, en in die geval van Afrikaans, is dié taak by wet opgedra aan die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Taalkommissie. Met die koms van die nuwe politieke bedeling en die promulgering van die PanSAT-wet (Wet 59 van 1995), soos later gewysig, is die voormalige taalrade vervang deur nasionale taalliggame, en is die standaardiseringsfunksie oorgeneem deur sogenaamde tegniese komitees vir standaardisasie van elk van hierdie nasionale taalliggame.

Dit het gegeld ten opsigte van al die inheemse tale, van Afrikaans tot Zulu, terwyl Engels klaarblyklik nie in Suid-Afrika 'n standaardiseringbehoefte het nie (daar word hoofsaaklik aangeleun by Britse Engels). Voor 1994 was daar, benewens die Taalkommissie vir Afrikaans, sogenaamde taalrade vir die ander inheemse tale, maar dié liggame het min legitimiteit geniet en die spellingstandaarde wat deur hulle neergelê is, was oneffektief (gebaseer op tradisionele landelike dialekte, en het nie rekening gehou met die effek van modernisering wat die groot getalle stedelike sprekers ondergaan het nie). Ook die Taalkommissie is deur die nuwe taalbedeling geraak; dit is aanvanklik as geheel opgeneem deur die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans, te wete as Tegniese Komitee vir Standaardisasie. In werklikheid het die Taalkommissie bly voortbestaan onder die vaandel van die Akademie, maar dit sou voortaan twee here dien, die PanSAT-mammon, wat 'n ruime finansiële bydrae sou maak, veral wat betref die koste van sy praktiese werksaamhede, en die Akademie self, wat in vennootskap met PanSAT in noue mate by die publikasie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) betrokke sou bly en ook die Taalkommissie as spreekbuis oor taalsake namens die Akademie sou bly gebruik. Die doeltreffendheid van PanSAT het egter toenemend verminder, en die Taalkommissie moes mettertyd noodgedwonge op eie stoom die wa deur die drif trek.

Om terug te kom na die funksie van standaardisasie, of taalnormering. Dit is belangrik dat die aard van taalnorme goed verstaan word. Omdat taal per definisie 'n konvensionele kode is, geld norme, met ander woorde konvensies oor taalgebruik, taalvorme of variëteite. Daarsonder is onderlinge begrip onmoontlik, selfs wat betref taalgebruik in die gesin, die vriendekring en op die sportveld. (In hierdie geval is die norme ongeskrewe in die onderbewussyn van die sprekers teenwoordig.) Maar dit is veral belangrik wat betref die hoër funksies van taal, byvoorbeeld in die kerk, op die regbank, in die onderwys, wetenskap, tegniek, administrasie, ensovoorts, omdat ondubbelsinnige kommunikasie so belangrik is – indien sulke kommunikasie nie gebeur nie, kan die gevolge plek-plek selfs katastrofies wees,

byvoorbeeld in mediese of regstaal. En anders as by informele normering, is dit noodsaaklik dat die norme vir die hoër funksies van taal gedokumenteerd word (nie net in die onderbewuste vasgelê nie), veral omdat formele kommunikasie oorwegend in geskrewe vorm plaasvind. Daarom is die hoof funksie van standaardiseringliggame soos die Taalkommissie die bereëning van die ortografie van Standaardafrikaans, dus spesifiek van die skriftelike vorm van die woordeskat-elemente. Oor die uitspraak, waar daar veel meer vryheid bestaan, en selfs wat betref sintaktiese variasie wat binne sulke kommunikasie binne Afrikaans voorkom, kan die Taalkommissie hom streng gesproke nie formeel uitspreek nie – hoewel daar dikwels versoeke oor standaarduitspraak aan die Taalkommissie gerig word. Dit sou wel moontlik wees indien die Taalkommissie 'n uitspraakwoordeboek van Afrikaans gepubliseer het (op die patroon van Le Roux en Pienaar se *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*, wat sedert 1945 talle kere hersien en herdruk is) of 'n standaardgrammatika van Afrikaans tot stand gebring het. Tot onlangs was die omvattendste beskrywende grammatika van Afrikaans, ironies genoeg, in Engels, en dit is in die buiteland uitgegee (*A Grammar of Afrikaans*, in 1993 deur Bruce Donaldson by Mouton de Gruyter in Berlyn), terwyl ons in Suid-Afrika aangewese was op skool- en universiteitsgrammatikas, of monografieë wat gedeeltes van die grammatika bestryk, soos Ponelis se *Afrikaanse Sintaksis*, Combrink se *Afrikaanse Morfologie*, Combrink en De Stadler se *Afrikaanse Fonologie*, ensovoorts. Intussen het daar wel 'n oopdoeinggrammatika aanlyn tot stand gekom as deel van 'n samewerkingsprojek waarby Nederlands en Fries ook betrek is, naamlik *Taalportaal* (wel met gebruikmaking van Engels as tegniese beskrywingstaal), met neweprodukte in die vorm van Afrikaanse grammatikas vir verskillende vlakke van onderrig, benewens die beskikbaarheid van 'n omvattende beskrywing vir navorsers.

Omdat die sinsbou en uitspraak van taal grootliks gesistematiseer is en deel vorm van die grammatika en fonologie, gebiede wat tradisioneel deur taalkundiges bestudeer word, is die belangrikste probleemareas vir taalpraktisyne waarskynlik die leksikon en ortografie, en meer spesifiek vakterminologie en spelling. Die keuse van aanvaarbare terminologie en, gepaardgaande daarmee, die “korrekte” spelling van die gekose terme, val ook op die pad van die Taalkommissie, maar dit kan vanselfsprekend nie 'n arbitrêre proses wees nie, aangesien vakkundiges uit bepaalde vakgebiede noodsaaklikerwys geraadpleeg moet word. Die Taalkommissie hou hom besig met algemene reëls wat alle moontlike scenario's op die gebied van spelling en skryfwyse dek, en werk dus eksemplaries met kategorieë, omdat die *Woordelys* slegs kan dien as toepassingsdemonstrasie van die spelreëls, om die aanvaarding van nuwe items in die algemene taalgebruik te sanksioneer en blommetjies te plaas op die graf van afgestorwe woorde by wyse van die skraping van verouderde en uitgediende items.

Die Nederlandse eweknie van die Taalkommissie is die Instituut voor Nederlandse Lexicologie, wat in opdrag van die Nederlandse Taalunie die *Woordenlijst Nederlandse Taal* (oftewel *Het Groene Boekje*) saamstel. In die voorwoord by die Groene Boekje (p. 6) word 'n goeie samevatting gegee van hoe normering op die gebied van spelling plaasvind en hoe standaardisering hier bereik word:

Spelling is een afspraak die wij als taalgemeenschap maken in het belang van een duidelijke schriftelijke communicatie. Voor de taalgebruikers is het belangrijk dat alle hulpmiddelen die ter beschikking staan om goed te spellen deze afspraak erkennen. Daarom heeft de Taalunie rond de herziening van de *Woordenlijst* samenwerking gezocht met de producenten van gezaghebbende woordenboeken, spellinglijsten en programma's voor automatische spellingcontrole. Die samenwerking moet voorkomen dat de betrokken bronnen op spellinggebied gaan afwijken van elkaar.

Spelling is 'n ooreenkoms wat ons as 'n taalgemeenskap maak in belang van duidelike geskrewe kommunikasie. Dit is belangrik vir taalgebruikers dat alle beskikbare hulpmiddels vir korrekte spelling hierdie ooreenkoms erken. Daarom het die Nederlandse Taalunie die samewerking gesoek van die vervaardigers van gesaghebbende woordeboeke, spellyste en outomatiese speltoetsprogramme vir die hersiening van die *Woordenlijst*. Hierdie samewerking is bedoel om te voorkom dat die betrokke bronne van mekaar sal verskil wat spelling betref. (Vertaal EFK)

'n Interessante neweproduk van hierdie samewerking is dat alle bronne, dit wil sê woordeboeke, taalhandleidings en vakwoordelyste byvoorbeeld, wat aan hierdie gelykvormigheid voldoen, die sogenaamde **spellingkeurmerk** van die Nederlandse Taalunie dra – 'n soort taal-SABS-merk. Dit sien soos volg daar uit:



Verskillende naslagwerke die taalgebruikers voor spelling raadplegen, dragen het Keurmerk Spelling van de Nederlandse Taalunie.

Dat merkteken toont aan dat die producten de regels en principes van de officiële spelling van de Nederlandse Taalunie volgen.

Het biedt u de garantie dat u ze met vertrouwen kunt gebruiken voor het volgen of controleren van de officiële spelling.

So 'n formalisering van onderlinge samewerking tussen outeurs en uitgewers van taalhulpmiddels aan die een kant en die amptelike normeringsliggaam vir Afrikaans, te wete die Taalkommissie, aan die ander, is myns insiens iets om ernstig te ondersoek.

Dit bring my by 'n derde vraag wat uit die voorafgaande voortvloei, naamlik die volgende:

3. Wat kan as gesagsbronne vir 'n taal beskou word?

Die uitdrukking “in die land van die blindes is eenoog koning” kan waarskynlik toegepas word op enige situasie waar gesag nodig word, en dit geld helaas ook die gebied van die taalpraktyk. Die behoefte aan gesagsbronne om standarde te vestig is altyd teenwoordig deur die hele ontwikkelingsgang van 'n taal, en wat beskikbaar is, word dikwels aangegryp, ongeag die gehaltepeil. As 'n woord in druk verskyn het, en veral in “die woordeboek”, is dit kosjer. Vir die taalpraktisyn is die gehaltepeil uiteraard van kardinale belang, en daarom is betroubare taalhulpmiddels onmisbare gereedskap.

Dit is egter so dat taalhulpmiddels in baie gevalle eerder 'n optekeningsfunksie vervul, en nie noodwendig 'n standaardiseringsfunksie nie, en in ander gevalle gewoon onvoldoende is. Kom ons kyk na een tipe hulpmiddel, naamlik woordeboeke. 'n Voorbeeld van 'n woordeboek wat so 'n optekeningsfunksie vervul, is die WAT, wat 'n omvattende woordeboek is en poog om die groots moontlike spektrum van skriftelike taalgebruik weer te gee. Dit beteken dat 'n mens nie noodwendig die WAT as standaardbron kan gebruik nie. In die voorwoord by Deel A tot O sê die hoofredakteur byvoorbeeld onder andere:

Omdat die WAT nie slegs 'n woordeboek vir Standaardafrikaans is nie, maar ook vir al die ander variëteite van Afrikaans, van toe tot nou, gee dit 'n oorsig van wat in Afrikaans aangaan, ook in die spreektaal en die streektaal. Almal praat mee in die WAT.

Diegene wat dikwels hierdie bron raadpleeg, sal byvoorbeeld weet dat dit talle voorbeelde van verouderde taalgebruik bevat, deels omdat dit oor so 'n lang periode ontstaan het (en nog in wording is). Maar selfs al is daar reeds in 1925 besluit dat 'n standaardwoordeboek van Afrikaans saamgestel sou word, het die eerste deel van 'n omvattende woordeboek, naamlik die WAT, eers in 1956 verskyn. Die WAT het dus in werklikheid niks tot die vroeë kodifisering van Afrikaans bygedra nie. Maar dan moet 'n mens daarby ook in gedagte hou dat dit die primêre funksie van die WAT is om 'n rekord te verskaf van hoe Afrikaans deur die pen (en deesdae op die skerm) van sy gebruikers daar uitsien, en dat die sitate uit die WAT dus nie noodwendig kwalifiseer vir 'n spellingkeurmerk nie. Volgens Ponelis is die behoefte aan 'n betroubare, wetenskaplik gebaseerde, samevattende naslaanwoordeboek van Standaardafrikaans een van die heel grootste prioriteite wat die voortgesette standaardisasie van Afrikaans betref. Tot op hede is daar egter slegs op die gebied van die spelling en skryfwyse 'n relatief omvattende standaardbron, naamlik die AWS, wat sedert 1917 'n kodifiseringrol in Afrikaans speel, en meer bepaald vanaf 1922, toe ingrypende veranderings van Nederlands na Afrikaans deurgevoer is (byvoorbeeld die vervanging van *ij* deur *y*, soos in *mij*, en van *ai* deur *ê*, soos in *populair*). Maar ook die AWS, hoewel dit sentraal staan in die standaardisering van die Afrikaanse spelling en skryfwyse, is, wat die woordeskat betref, eksemplaries en fragmentaries wat die breë spektrum van registers in die taal betref. Soos die AWS getoets word aan die veranderende taalwerklikheid waarin hy moet funksioneer, moet selfs hierdie bron ook deurlopend verbeter, hersien en bygewerk word, en saamwerk met vakkundiges as termskeppers.

Deel van die antwoord op die vraag oor wat as die gesagsbronne van 'n taal (*in casu* Afrikaans) beskou kan word, is ook die vraag of woordeboeke altyd reg is. Die antwoord is, meen ek, reeds gegee. Terwyl woordeboeke nie altyd die pretensie het (en soms, ten onregte, wel) om die laaste woord te spreek oor dit wat as standaardvorm beskou kan word nie, moet 'n mens bewus wees van die beperkinge van woordeboeke, wat ook meegebring word deur funksionele spesialisasie. Die taalpraktisyn moet bewus wees van die soort inligting wat in omvattende woordeboeke, handwoordeboeke, vertalende woordeboeke en vakwoordeboeke aangebied word en nie aangebied word nie – om nie te praat van noodwoordeboeke, soos sak- en skoolwoordeboeke nie.

Dit is ook belangrik om die onderskeid tussen woordeboeke, glossariums en woordelyste te begryp. In die geval van woordelyste staan inligting oor die vorm van die lemma voorop, terwyl dit by 'n glossarium gaan om 'n woordelys plus semantiese verklaring. 'n Boek wat die naam “woordeboek” werd is, bestaan uit artikels wat 'n veel meer gekompliseerde inligtingsaanbod vir elke lemma bevat as in die geval van woordelyste en glossariums. Die inligtingstipes wat gesamentlik 'n woordeboekartikel uitmaak, sluit, benewens die spelling, ook kategorieë in soos betekenis (sekerlik die hoofinligtingstipe by sowel een- as meertalige woordeboeke), morfologie (byvoorbeeld meervoude, verboë vorme, ensovoorts), sintaksis (woordsoort), soms uitspraak, soos klemplasing en, by uitsondering in Suid-Afrika, fonetiese transkripsie, vertaalekwivalente by meertalige woordeboeke, gebruiksetikette, en so meer. In die geval van vakwoordeboeke is die klem, veral in Suid-Afrika, egter op beide die vorm van die lemma en van die vertaalekwivalente, en het ons inderdaad te doen met 'n hulpmiddel wat 'n standaardiseringsfunksie het. Maar, soos in die geval van die AWS, bly 'n vakwoordeboek ook net aktueel vir 'n beperkte tyd, en uitgelewer aan die tand van die tyd. Hersiening en bywerking bly en word toenemend belangrik vanweë die versnellende tegnologiese ontwikkeling wat 'n mens se kop toenemend laat duisel. Daarbenewens verskil outeurs in dieselfde vakgebied soms oor bepaalde terme, of die spelling daarvan. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n gesentraliseerde standaardiseringsliggaam vir vaktaal, wat 'n moontlike

toekomstige funksie van die Tegniese Komitee vir Standaardisasie of die Taalkommissie kan wees. Een voorbeeld van 'n standaardiseringsbesluit wat die Taalkommissie in oorleg met vakkundiges geneem het, is by wisselvorme wat uitgaan op *-ied* of *-ide* (*romboïed/romboïde, alkaloïed/alkaloïde*, ensovoorts), asook *-ien* of *-ine* (*aspirien/aspirine, proteïen/proteïne*); die oorgrote meerderheid wetenskaplikes het aangedui dat hulle uitsluitlik die vorm met *-ied* en *-ien* gebruik. Dit is dan ook die enigste vorm wat as lemma in die AWS opgeneem is, hoewel die ooreenstemmende spelreël wel voorsiening maak vir die alternatief.

Omdat tegniese terminologie, of vaktaal, grotendeels aanleun by 'n internasionale woordeskat wat op Latynse en/of Griekse etimologie berus en dikwels, of meestal, via Engels op die lessenaar van 'n Afrikaanse vakkundige en ook 'n taalpraktisyn beland, plaas dit die kodifiseerder, wat nuwe terme in Afrikaans moet skep, voor die tweeledige keuse van transliterasie of verinheemsing. Die taalpraktisyn word insgelyks voor die dilemma geplaas om te kies tussen twee terme: die een internasionaal, die ander inheems, wat beide reeds deur vakkundiges gebruik word. Hierdie probleem is natuurlik nie beperk tot vaktaal nie, en deursuur die hele Afrikaanse taalwêreld.

Dit bring my by die turksvy van die vraag:

4. Hoe hanteer 'n mens taalbeïnvloeding – veral deur 'n dominante taal?

Oor hierdie onderwerp hoef ons nie name te noem nie – almal is deur jarelange kondisionering attent gemaak op die Angel-Saksiese gevaar. Frank Hendricks wys byvoorbeeld op FA Poneelis se opmerking dat die hoofokus van Standaardafrikaanse taalnormering (die bekamping van) Engelse invloed is. 'n Opvallende verskil tussen die Afrikaanse omgangstaal en Standaardafrikaans is massale kodewisseling met Engels in eersgenoemde, iets wat swaar gestigmatiseer word in Standaardafrikaans. (Ek beperk my in hierdie gesprek tot Standaardafrikaans, omdat die invloed van Engels op Omgangsafrikaans heeltemal 'n ander *ball-game* is, en soms die indruk wek van taalsamesmelting.)

Dit is inderdaad nodig om die selfstandigheid van Standaardafrikaans te probeer behou – die weerstand teen kolonialisering deur groter of konkurrente tale is 'n universele verskynsel. Die soort purisme wat gerig is op die selfstandigheid van 'n bepaalde standaardtaal kom algemeen voor: Standaardnederlands is byvoorbeeld uiters puristies ten opsigte van Duitse invloed en Standaardfrans ten opsigte van Engelse invloed – eintlik ironies omdat voorsate van die hedendaagse Franse reeds in die elfde eeu die hele Engelse woordeskat gehibridiseer het. (Engels sou dalk kon sê: “We are simply returning the compliment.”) Nietemin, ons is in goeie geselskap as ons uitgangspunt is om nie voor die voet Engelse invloed in Standaardafrikaans te duld nie.

Engelse invloed vind egter op verskillende wyses neerslag in die Afrikaans van Standaardtaalgebruikers: **Eerstens** die opsigtelike leenwoorde, met huidjie en muidjie uit Engels (*garage, speaker, gentleman, jokkie, klub, skrum*, ensovoorts); **tweedens** die transliterasie van Engelse terme van veral Romaanse herkoms (*nasionaal, universiteit, preskriptief, geografies, edukasie, matematies, matematiek, ekspansie, appresieer, artfisiel, burokrasie, regisseur*, ensovoorts – die aanvaarbaarheid van hierdie items is skalêr, en kan dus volgens 'n skaal ingedeel word); **derdens** die leenvertaling van Engelse leksikale items (*tronkvoël, staafkode, familiedokter, opeindig, uitmis, vonkprop, verkeerslig* – hier is daar insgelyks sprake van selektiewe en skalêre aanvaarbaarheid); **vierdens** die oordrag van morfologie (*statistieke, studies, uitvoere*) en sintaksis (*hulle het (mekaar) ontmoet, ek het (my)verslaap, die weermag het (hom) onttrek, hulle moes ontruim/die basis ontruim, hulle groei die ekonomie, of rus die*

spelers); en **laastens** die leenvertaling van fraseologie (*skouer aan die wiel sit teenoor hand aan die ploeg slaan, uit iemand se hand eet teenoor na iemand se pype dans, handig inkom teenoor nuttig te pas kom, jou sterre dank teenoor jou hoed agterna gooi*). Tensy 'n mens bewus gemaak is van die herkoms van sulke uitdrukkings of wel die Engelse ekwivalent ken, is daar dikwels geen aanduiding van “vergiftiging” nie.

Hoe nou gemaak? 'n Paar beginsels (en 'n mens kan daaroor verskil):

- Leenwoorde alleen as dit 'n kulturele eksotisme verteenwoordig waarvoor daar geen direkte Afrikaanse ekwivalent bestaan nie, of dan wel as dit al so ingeburger is dat 'n Afrikaanse skepping geforseerd aandoen.
- Getranslitereerde woorde by nuwe items wat verskillend gebruik word in verskillende kontekste of selfs 'n ander konnotatiewe waarde het – soms is 'n getranslitereerde woord ook nie semanties presies identiek aan die inheemse ekwivalent nie; maar outogtone items indien daar 'n gevestigde Afrikaanse ekwivalent bestaan (vraag: wanneer kan dit as gevestig beskou word?) – sommige dissiplines sondig uitermate in dié opsig, byvoorbeeld in die pedagoëes van opvoedkundiges.
- By leenvertalings van leksikale items geld die beginsel eweneens dat bestaande items nie deur gemaakte, en soms belaglike, leenvertalings vervang moet word nie – aan die ander kant is sommige leenvertalings deursigtig en gepas (byvoorbeeld *verkeerslig*, *ensovoorts*).
- By die oordrag van morfologie en sintaksis word daar onnodig van die idiomatiese aard van Afrikaans afgewyk, hoewel 'n mens soms probeer rasionaliseer deur te onderskei tussen byvoorbeeld *statistiek* en *statistieke*, en dergelike.
- Leenvertaling van fraseologie is een area waar Afrikaans redelik weerloos is, omdat daar taalsgewys nie juis 'n opsigtelike verskil waar te neem is nie (Vergelyk *blaffende honde byt nie, iemand 'n guns doen, op diens wees, op roep/bystand wees, met moord wegkom*, *ensovoorts*) Dis 'n grys area, waar ou strydrosse stadig maar seker in die modder wegsak en bitter moet bes gee voor die “domheidsmag”. Maar ook hier geld die beginsel dat 'n raak segswyse in Afrikaans wat nog redelik algemeen voorkom, nie sito-sito op die altaar geoffer behoort te word nie.
- Samevattend kan 'n mens nou die vraag vra of taalnorme beskou kan word as die gereedskap of instrumente van 'n taalpraktisyn. En om terug te keer na die Van Wyk Louw-metafoer, kan 'n beitel enersyds beskou word as 'n instrument in die hand van 'n beeldhouer om vorm te gee aan waarmee gewerk word, sodat die materiaal 'n voorwerp van nut of skoonheid kan word. Om vorm te gee aan die taal waarmee ons werk, moet daar uiteraard ook voldoen word aan die eise van presisie en doelmatigheid om iets te word waarmee taalhandelinge ten beste uitgevoer kan word.

ERNST KOTZÉ

Antjie en de anderen

De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2025

De oorlog in Oekraïne kent nog geen einde, die in Gaza in feite evenmin. In Nederland heerst gelukkig geen oorlog maar wel groeit en groeit de binnenlandse explosiegolf. In alle delen van het land blijven drugsbendes, afgewezen minnaars en oproerkraaiers huizen en auto's van slachtoffers belagen met vuurwerkbommen of erger. Intussen is de Nederlandse coalitie van vier partijen die in 2024 een regering had gevormd, in 2025 roemloos uiteengevallen. Na nieuwe verkiezingen in oktober zijn de politici begin '26 hard bezig om een nieuw verbond te smeden.

Intussen bloeien de Nederlandse bibliotheken. 20 % van de bevolking was in 2024 lid, waarbij 73 % van de jongeren tot 18 jaar (gratis). Er kwamen meer medewerkers: 8.300 betaalde en 28.000 onbetaalde. Toch werden er minder boeken op papier uitgeleend: 51,5 miljoen. Daarentegen groeiden de modernere categorieën: 5,8 miljoen e-boeken en 2,6 miljoen luisterboeken.

Voor de verkoop van (nieuwe) boeken heeft de Stichting Collectieve Propaganda van het Nederlandse Boek (CPNB) al voorlopige cijfers over 2025. Er blijken "maar" 44 miljoen boeken verkocht, terwijl 2024 uiteindelijk was uitgekomen op 46. Vooral het Nederlandstalige boek (inclusief vertalingen) liep terug, de verkoop van Engelstalige bleef gelijk. Ook het aandeel van de echte boekwinkels (in vergelijking met webwinkels) is iets teruggelopen (54 %).

De Amerikaan Dan Brown schreef met *Het ultieme geheim* (*The secret of secrets*) het bestverkochte boek (234.000); met *Wisselwachter* (non-fictie!) werd de journalist en historicus Geert Mak nummer 1 in de categorie: 'oorspronkelijk Nederlands'. *De camino* van de Nederlandse thrillerschrijfster Anya Niewarra, vorig jaar het meest verkocht, blijft al enkele jaren het meest uitgeleende bibliotheekboek: in 2025 48.000 keer. Cijfers voor vertaalde Afrikaanse boeken worden niet afzonderlijk bijgehouden.

Poëzie

In Nederlandse kranten kom je zelden een dichtregel tegen, laat staan acht. Maar al op de vierde dag van het jaar vergastte de schrijfster Renske Jonkman ons krantenlezers opeens op de poëzie van Elisabeth Eybers. In haar essay 'Ik ging voorbij de ikkigheid' stelt zij de gerichtheid op het ik tegenover de gezamenlijkheidszin en overweegt zij de mogelijkheid van maatschappelijke betrokkenheid in een tijd van individualisme. Daarbij herkent Jonkman zichzelf in het gedicht 'Uitsig op die kade'. Groeiende aandacht voor de vogels langs de kade maakt dat de dichteres oog krijgt voor haar omgeving en 'los komt te staan van het inwendige gewoel'. Bij Eybers: 'as steeds meer buitendinge my gaan boei/dan sintels van inwendige gevoel'. Jonkman bedenkt dat zij ook zelf de draai naar de buitenwereld zou kunnen maken: die buitenwereld 'steeds een beetje meer laten winnen. Jezelf steeds minder missen' (*nrc* 4 en 5 januari).

Ook in de rest van 2025 waren het dichters die in Nederland voor een groot deel het beeld van de Afrikaanse literatuur bepaalden. De dood van Breyten Breytenbach had meteen reacties

van velerlei soort opgeroepen, maar die stroom ging na 31 december door. “'Ek sal sterf en na my vader gaan,/Wellington toe met lang bene,” schreef je/op een rondreis door het paradijs/van de apartheid, van de baobab en vijgenbomen’ - de oude dichter H.C. ten Berge gedenkt zijn collega met een indrukwekkende echo van de klassieke klaagzang over een gestorven vriend: het middeleeuwse Egidiusslied. Ten Berges gedicht is doorspekt met woorden van Breytenbach zelf (‘Laatste woorden, in memoriam Breyten Breytenbach’, *De Gids* 2025/1).

Het Leidse gastdocentschap van de Afrikaanse dichter en geleerde Alwyn Roux, met de Afrikaanse dichters en hun positie in de Nederlandse literaire wereld als onderwerp, vormde ook een ongezochte aanleiding om de figuur Breytenbach extra aandacht te geven. Van het ruime tiental colleges ging er een helemaal over Breytenbach en Roux bood zijn zestien studenten bovendien een (openbaar) ‘Breyten Breytenbach Symposium’ op 27 februari, met Francine Maassen en Yves T’Sjoen. Dit was een mooie avond. Het symposium speelde zich af in een magazijn van de Leidse boekhandel Index, hoorbaar gelegen naast een boksschool, maar het afwisselende programma maakte niettemin indruk, vooral de presentatie van Breytens gedichten door het duo Roux-Maassen.

Op 17 april trok Roux weer voor Breytenbach ten strijde. In een lezingenreeks ‘Letter en Geest: Neerlandistiek in Leiden’ van de Faculteit Geesteswetenschappen verzorgde hij een ‘hybride lezing’: ‘Imagine Africa – Breytenbachs ideeën rondom Afrika.’ Roux schetste in het Engels een ontwikkeling waarbij Breytenbach Afrika eerst van buitenaf ziet, om te eindigen als een poëtische stem van Afrika. Een geanimeerd gesprek van Roux met een van de aanwezige toehoorders (in het Afrikaans) vormde een prachtige afsluiting. Roux had zijn taal overigens al eerder hooggehouden, met een Afrikaanse bijdrage aan een Nijmeegs forum over de internationale neerlandistiek (3 april).

Breytenbach werd niet alleen herdacht in Leiden. De NPO (Nederlandse Publieke Omroep) kwam met een podcast ‘Grote Geesten – Breyten Breytenbach.’ Nathan de Vries praat daar met Conny Braam, Adriaan van Dis, Alfred Schaffer en Amanda Strydom (www.nporadio1.nl/podcasts/wat-blijft). ‘Een herinnering aan Breyten Breytenbach’ heette een bijeenkomst in het bekende Zuid-Afrikahuis in Amsterdam (13 maart), onder leiding van Margriet van der Waal, met zowel sprekers in levenden lijve als “digitaal”. Vanuit Paarl vertelde Laurinda Hofmeyr over haar muzikale bewerkingen van Breytenbachs gedichten; vanuit Stellenbosch ging Louise Viljoen in op haar ervaringen met dat werk als jong studente en later, met als slotsom: ‘de modernistische droom van het kunstwerk als autonoom heeft hij totaal afgebroken.’ Breytens vriend Adriaan van Dis bouwde Van der Waals vraag, hoe Breytenbach het Nederlandse Zuid-Afrikabeeld heeft beïnvloed, om naar een vraag over die invloed op Van Dis zelf: ‘Een geweldige dichter. Als politieke leidsman heb ik ’m een beetje losgelaten maar al met al heeft hij mijn leven totaal veranderd. Bijna alles kwam door hem, door Breyten wilde ik Afrika leren kennen, ging ik de journalistiek in, naar de radio.’ Yves T’Sjoen liet het licht vallen op Breytenbachs voortdurende bemoeienis met het Goree-instituut.

Als iemand veel doet voor de Afrikaanse literatuur in Nederland en Vlaanderen, dan is het wel T’Sjoen. Zuid-Afrika kan van hem vele bijdragen direct volgen via het digitale magazine *Voertaal* (<https://voertaal.nu>). T’Sjoen werkte mee aan de Leidse colleges van Roux, publiceerde een nieuw boek over Breytenbach *De ontdekking van het eiland, breytenbachiana* (Gent, Skribis, € 19,50), voerde een reeks gesprekken met Afrikaanse schrijvers (‘Tweespraak’), plus een extra uitvoerig gesprek met Etienne van Heerden. Inmiddels wisselt hij van gedachten over Breytenbach met Afrikaanse dichters.

Bleef de dood van Breytenbach in het begin van het jaar centraal staan, in het najaar keerde ieders aandacht terug naar een inmiddels zeer bejaarde heikele kwestie rond een andere

beroemde dichter. Ik bedoel de grote nalatenschap van Ingrid Jonker: jaren geleden in veiligheid gebracht door Gerrit Komrij, na diens dood uit zijn huis in Portugal overgebracht naar het Literatuurmuseum in Den Haag, daar ten behoeve van alle lezers gedigitaliseerd en wachtend op een veilige verblijfplaats in Zuid-Afrika. Dankzij Jan Mutton, voorzitter van SASNEV, en Andries Visagie van de Universiteit Stellenbosch is de ideale oplossing gevonden en heeft ook het feitelijke transport plaatsgehad. “De kist van Jonker” is terug in Zuid-Afrika. Haar archief wordt welkom geheten in de Universiteitsbibliotheek Stellenbosch. Kevin van Vliet is hier blij over (‘Eerherstel voor Gerrit Komrij: Jonker-personalia na 25 jaar terug in Zuid-Afrika’, *Trouw* 13 november). Tom Lanoye over de actie van Komrij: ‘Er zijn voor mindere heldendaden monumenten opgericht.’

Ongeveer tegelijkertijd trad Janneke Siebelink, de schrijvende dochter van de beroemde schrijver Jan, met Jonker voor het voetlicht. Haar debuut *Soms sneeuwt het in april* (2022) draagt al als motto: ‘Ik herhaal je/ Zonder begin of einde’ (vertaling van Komrij), maar haar nieuwe roman, *Een verdwaalde zomerdag*, is nadrukkelijk op Jonkers leven geïnspireerd. Een van de hoofdfiguren heeft veel weg van Ingrid Jonker, ook al heet ze Astrid Viljoen (Amsterdam, Ambo Anthos € 24,99).

Klein nieuws over Afrikaanse letteren uit Leiden: de plaatselijke Straatnamencommissie wil vier nieuwe straten bij de Transvaalbuurt noemen naar Zuid-Afrikaanse dichters en schrijfsters: Eybers, Gordimer, Jonker en Schreiner. Een vijfde is bestemd voor Miriam Makeba.

Gelukkig liet ook een levende dichteres van zich horen: Ronelda Kamfer. In *De Gids*, hetzelfde tijdschrift (sinds 1837) waarin Ten Berge Breytenbach herdacht, publiceerde zij samen met Nathan Trantraal – ook een dichter – twee satirische stripverhalen ‘n Kodak Moment’ en ‘Made in Apartheid’ (2025/3 en 6). Met de tekst in onvertaald Kaaps Afrikaans! Het werk van Kamfer is voor Jogchum Zijlstra een ideale opstap bij de vraag: ‘hoe vindt een dichter woorden voor geweld en misbruik?’ Zij ontworstelde zich volgens hem aan een uitzichtloos en gewelddadig bestaan, op basis van poëzie die nuchtere feiten brengt, maar met een ‘ondertoon van grimmige humor’ (*Nederlands Dagblad*, 29 augustus).

En net als Alwyn Roux verbleef er nog een dichter wat langer in Nederland, een zingende dichter nog wel. Jannie du Toit maakte in oktober en november weer een kriskras-tournee door Nederland en Vlaanderen, met optredens in Twijzel en Leeuwarden (Friesland), Delfzijl en Stadskanaal (provincie Groningen), Vreeland en het Herman van Veen Arts Center in Soest (prov. Utrecht), Lunteren (Gelderland), Beek (Limburg), Amsterdam (Zuid-Afrikahuis en Pleintheater) en meer. Lieske Pricker gaf een aankondiging van het Vreelandse optreden (*AD/ Algemeen Dagblad*, 16 oktober).

Vertalingen

Hoewel er in 2025 van geen van de twee nieuw werk verscheen, blijven Irma Joubert en Deon Meyer, gemeten aan hun lezersaantal en oplagen, de ongekroonde koningin en koning van de Afrikaanse literatuur in Nederland. Uitgeverij Mozaïek biedt van Joubert negen romans in drie trilogieën aan en geeft daarbij per boek het aantal drukken: ‘Dochters van Zuid-Afrika’ (9,5,6), ‘Onderweg naar Zuid-Afrika’ (7,11,2), ‘Een veilig thuis’ (11,18,5). A.W. Bruna doet daar nog een schepje bovenop: acht Bennie Griessel-romans, de negende aangekondigd, en daarbij nog zes andere Meyers.

Jaco Jacobs is in Nederland nog niet zo bekend, hoewel uitgeverij Ploegsma in Amsterdam, een specialist in jeugdliteratuur, zijn boeken al een jaar of vijf uitgeeft. In december 2024 kwam het vierde: *Een meisje met vleugels*, vertaald door Tjalling Bos en geïllustreerd door

Sophie Pluim (€ 16,99). Joukje Akveld vindt het verhaal ‘iets te rechtlijnig verteld’ (‘met een opzichtige slechterik’), maar noemt *Een meisje* ook: ‘een fijn boek voor lezers die nog niet toe zijn aan (...) meer doorwrochte verhalen’ en ‘een onbekommerd kinderavontuur’ (*Het Parool* 28 december 2024). Rubén Rodríguez da Silva is een graadje positiever: ‘lees dit boek vooral omdat het erg goed is. Jaco Jacobs schrijft fantastische jeugdboeken waar een volwassen laagje overheen ligt’ (*De Boekenkrant* april 2025).

Nog net in 2025 verzorgde een dappere uitgever in Friesland het Nederlandse debuut: van Joan Kruger met *Wieg*. De vertaler is Rob van der Veer (Gorredijk, Noordboek € 29,90). Ik zag nog geen kritieken.

Antjie Krog

Jogchum Zijlstra (‘Je moet de verminkte wereld bezingen’, *Nederlands Dagblad*, 7 maart) attendeert op *Breuk in de horizon* (Amsterdam, Bezige Bij € 23,99). Al in het najaar van 2024 heeft Antjie Krog voor Nederland een originele poëziebloemlezing van ruim 200 bladzijden samengesteld, op basis van het gemeenschappelijke onderwerp ‘verzet’. Het gaat om gedichten uit de hele wereld. De poëzie uit andere talen is bijna steeds vertaald. In haar inleiding kondigt Krog aan: ‘bekende en minder bekende gedichten, Nederlandse en nog niet eerder vertaalde gedichten, klassieke gedichten en hopelijk ook heerlijke, onverwachte en volkomen onbekende gedichten.’ We vinden hier Afrikaanse dichters als Breytenbach, Eybers (onvertaald), Jonker, Kamfer, Krog zelf, Small en Trantraal, en ook Zuid-Afrikaanse dichters in enkele andere talen.

De Limburger geeft een korte signalering met waarderende woorden: ‘uitmuntende keuze’, ‘prachtige bundel’ (8 december 2024).

De vertaling die in 2025 veruit de meeste aandacht trok, is zonder twijfel een volgend boek van Antjie Krog. Met *Binnenrijm van bloed, autobiografische roman* morrelt Krog volgens de Nederlandse kritiek aan de genregrenzen. Is het inderdaad een roman? Een autobiografie? Een non-fictieroman? Hans Ester karakteriseert het als ‘een bonte mengeling van zeer uiteenlopende teksten’ (vert. Robert Dorsman, Amsterdam, Bezige Bij € 24,99). Er is massaal gereageerd. Niet alleen in de kranten maar ook op veel Nederlandse literatuur-sites en sites van boekwinkels. Tik in: ‘binnenrijm van bloed’, vergeet die derde n niet, en u zult het zelf zien.

In de kop boven de mooie bespreking van Geertjan de Vugt is sprake van ‘haar vreselijke, racistische moeder’. Dat past niet bij het betoog van De Vugt: hij bewondert in zijn kritiek nu juist de schakeringen waarmee Krog in *Binnenrijm* het portret van haar moeder Dot Serfontein heeft getekend. Ja, Krog zegt: ‘weezinwekkend’ maar er staat: ‘bij vlagen weezinwekkend.’ De Vugt heeft het over: ‘zorgvuldig uitgesneden perspectieven’, weliswaar hard maar ‘even hard als liefdevol’ met ‘toch iets van tederheid.’ (*de Volkskrant* 16 augustus).

Ook Jaap Goedegebuure is van het boek onder de indruk. Hij noemt het ‘een veelzijdig, bontgekleurd en dikwijls confronterend en pijnlijk portret van een moeder – en tegelijk een zelfportret van de dochter.’ De twee vrouwen staan vaak tegenover, maar in ander opzicht toch ook wel naast elkaar. Moeder schrijft voor de Afrikaner natie, dochter heeft daarvan niets dan afkeer, maar allebei leveren ze strijd. En daarbij blijven ze altijd moeder en dochter. Het boek ontwikkelt zich volgens Goedegebuure in de richting van ‘een melancholiek, af en toe zelfs bitter gestemd afscheid’. Een afscheid van de moeder, dat tegelijk een afscheid is ‘van een gedeeld en ondanks alles dierbaar verleden.’ Krog’s aankondiging in het nawoord, dat zij niet meer zal schrijven, brengt de criticus tot de bange vraag: ook geen poëzie meer? Hij hoopt: ‘dat ze zich in beide gevallen vergist’ (*Trouw* 30 augustus).

Dieuwertje Mertens schrijft onder meer over de grote brug die de twee vrouwen zo hecht verbindt dat ze er onmogelijk aan voorbij kunnen gaan: de taal, het taalgevoel, het schrijftalent. Serfontein noemt het: hun sterke *woordband*. (*Het Parool* 6 september).

Ook Arie Kok toont zich door de roman diep getroffen: ‘beiden doopten hun pen in een vuur dat hun teksten deed gloeien van leven en hartstocht.’ Zijn bijzonder lovende kritiek eindigt met een waarschuwing: dat *Binnenrijm* geen eenvoudig boek is en dat de lezer wel moet beschikken over ‘enige kennis van Zuid-Afrika’ (*Friesch Dagblad* 6 september). Aan het eind van het jaar riep Kok het boek van Krog uit tot een van ‘de drie beste boeken van 2025’ (*Friesch Dagblad* 27 december).

Hans Ester wijst op de grote plaats die, naast haar schrijfwerk, ook de godsdienst voor Serfontein vertegenwoordigde, nog een gebied waar de wegen van moeder en dochter uiteenliepen. Hij schrijft ook over de aandacht van Krog voor de zorg die haar inmiddels bejaarde moeder nodig heeft en de rol die een zwarte verpleegster daarbij vervult (*Reformatorisch dagblad* 14 november).

Antjie Krog is zelf maar kort in Nederland op bezoek geweest; zij ondernam voor haar boek geen echte “promotietour”, wat de verkoop misschien belemmert. Wel presenteerde de vertaler Robert Dorsman met zijn collega Jan van der Haar op 27 oktober in Luxor in Zutphen een Krog-avond zonder Krog zelf.

Op vrijdag en zaterdag 7 en 8 november deed de schrijfster wel mee aan het literair-muzikale festival ‘Crossing Border’ in Den Haag. De vrijdagavond bracht een gezamenlijke dichterspresentatie in de Koninklijke Schouwburg, op de zaterdagochtend ging Krog in een spiegeltent die was opgezet vóór het Escherpaleis aan het Lange Voorhout, voor zo’n honderd mensen in gesprek met Marijke Schermer. Omdat twee aanwezigen geen Nederlands verstonden, sprak men helaas Engels, al ging Krog als vanzelf af en toe over op het Afrikaans en projecteerde men ook wel Afrikaanse citaten op een scherm. Bezoeker Adriaan van Dis vroeg met de nodige nadruk toestemming om een vraag in het Nederlands te mogen stellen. Dat mocht.

Krog kwam uitgebreid te spreken over de verhouding tot haar moeder: de moeder-dochterrelatie verloopt in het algemeen moeizaam en schrijvers schrijven er dan ook weinig over. Haar moeders familie, Serfontein, tekende zij als oer-Afrikaners, generaties van voortrekkers, alleen al door hun naam helemaal verbonden met het Afrikanerdom. Krog staat daar juist tegenover, wat leidde tot tegenstellingen, tot in het dagelijks leven. Als moeder in een gevaarlijke rivier ging zwemmen, wilde dochter dat nadoen. Krog beklemtoonde het niveau van haar moeders werk: Dot Serfontein was een echte schrijver, een prozaïst, veel meer dan Antjie Krog zelf.

Van het interview is verslag gedaan door Anne Moraal: ‘Fictie, zo vertelt Krog, helpt om de waarheid te vinden. Een fictionele laag kan helpen om echt onder woorden te brengen wat je wilt zeggen’ (*nrc* 10 november). Krog bracht ook haar ervaring naar voren, hoe de romanschrijver in zijn boeken moet doorgeven wat hij heeft leren kennen in andere mensen. Het voelt aan als “roven”, het is voor haar niet prettig. Misschien ligt hier een van de redenen voor haar besluit, niet meer te schrijven.

De *nrc* liet een belangrijk vraaggesprek met Krog door Toef Jaeger volgen (29 en 30 november). Opnieuw werpt Krog de vraag op: ‘mag dit wel (...) mag ik hierover schrijven?’, die extra wringt doordat zij schreef over haar eigen moeder. De Zuid-Afrikaanse Apartheid is een tweede onderwerp. Jaeger noemt Israël en Krog brengt de bekende vergelijking naar voren van het “Gaza” van Israël, als traumatische reactie op de Shoah, met de Apartheid als reactie op de Anglo-Boerenoorlog: Krog: ‘Ik vind de parallellen heftig.’ In Zuid-Afrika komt het

trauma van de Apartheid daar dan nog bij: ‘de enorme criminaliteit, die gepaard gaat met de armoede en de woede’; ‘corruptie komt voort uit het gevoel minderwaardig te zijn, uit onzekerheid, drie eeuwen is verteld: je kan niets, je bent niks en je hebt niks.’ Op de vraag of Krog zich in Zuid-Afrika nog steeds een vreemde voelt, zegt ze: ‘nee. Ik voel me op mijn plek, het is niet gemakkelijk, maar ik hoor er.’

Meer verliezen

Voor twee eerder overledenen kwamen er in 2025 nieuwe “in memoriams”. In het digitale *Spectrum* (maart) schetst Ena Jansen de betekenis van Riet de Jong-Goossens (Sas van Gent 1937- Nijmegen 2024) als vertaalster van vele tientallen Afrikaanse romans en dankt zij haar voor haar, belangeloze, vertaling van de boeken van Jansen zelf. Zij vermeldt de lange reeks welverdiende onderscheidingen die De Jong te beurt zijn gevallen, en geeft meteen uitdrukking aan warme gevoelens van vriendschap. ‘Riet de Jong-Goossens se kreatiewe diens aan die Suid-Afrikaanse én aan die Nederlandse letterkunde is ongekend groot en belangrik.’

In het *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse letterkunde te Leiden 2023-2024* (Leiden, Maatschappij der Nederlandse letterkunde 2025, 72-80) vinden we het ‘Levensbericht’ van Jacques van der Elst (Den Haag 1940 - Pretoria 2022), van de hand van Hein Viljoen. Die geeft een korte schets van de persoonlijkheid van zijn collega; de beschikbare ruimte is nodig voor de ongelooflijk brede reeks activiteiten die Van der Elst in zijn talloze functies voor het Afrikaans en het Nederlands heeft ondernomen. De Akademie benoemde hem tot erelid. Van der Elst kon al die verrichtingen aan dankzij zijn enorme werkkraft en dito vindingrijkheid. Voor mij is hij altijd de man gebleven die in 1992 in Potchefstroom met het eerste Neerlandistiek-congres definitief een eind maakte aan de culturele boycot. Wat Viljoen zegt over de gastvrijheid van Betsie en Jacques van der Elst kan ik persoonlijk bevestigen. En tenslotte was het niemand minder dan Jacques, die mij in 2009 min of meer opdroeg de jaarlijkse artikelreeks te beginnen, waarvan u nu deel achttien leest. Aan zo’n verzoek ga je niet zomaar voorbij. Jacques van der Elst is de stamvader van ‘De Afrikaanse literatuur in Nederland.’

EFP FRANCKEN

Noordwes-Universiteit

E-pos: eepfrancken@planet.nl